# Persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik is vir ’n gesonde huweliksverhouding: ’n Pastorale studie

**Y Harmse**

**orcid.org/0000-0003-2283-8480**

Verhandeling voorgelê ter (gedeeltelike) nakoming vir die graad Magister Artium in Pastorale Studies aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof WC Coetzer

Gradeplegtigheid: Julie 2018

Studentenommer: 11385618

**BEDANKINGS**

Sonder die ondersteuning, eindelose geduld, leiding en gebede van die volgende persone, sou hierdie studie nooit moontlik gewees het nie.

- I Konings 19:3-5 meld hoedat, toe Elia se moed hom begewe het, God twee maal 'n engel na hom gestuur het om hom te bemoedig – anders sal die pad vir jou te lank word. Dank aan my Hemelse Vader omdat Hy my telkens bemoedig het, gesondheid geskenk het, deursettingsvermoë en die voorreg om hierdie studie te kon voltooi.
- Prof Wentzel Coetzer wat onderneem het om ondanks al sy baie ander verpligtinge as my studieleier op te tree. Wat 'n wonderlike voorreg om onder u bekwame leiding hierdie studie te kon voltooi. U kennis, deernis en wysheid was van onskatbare waarde
- Dankie aan Hester Lombard en Bertha Oberholzer van die Teologiese Biblioteek vir julle hulpvaardigheid, professionele en vriendelike diens.
- Dankie aan Prof. Franci Jordaan vir die vriendelike, flinke en noukeurige taalversorging.
- Hannes, my eggenoot, baie dankie dat jy my die tyd gegun het om die studie te voltooi en die klankbord was van baie stres.
- Dankie aan my kinders vir julle hulp en ondersteuning.
- Aan my familie en vriendinne vir julle belangstelling en gebede, innige dank.
- Die voltooiing van hierdie verhandeling was vir my 'n groot uitdaging maar baie betekenisvol.

*Soli Deo Gloria*

*Al die eer aan God*

EDITING & PROOF-READING
DR FRANCI JORDAAN

Hiermee verklaar ek, **Franci Petra Jordaan (ID nommer: 620410 0010 083)**, dat ek die taalversorgingswerk vir **Yvonne Harmse (Studentenommer 11385618)** vir die verhandeling ter verwerwing van die **Magister Artum graad in Pastoraal**, Fakulteit Teologie, gedoen het.

My ondervinding is die volgende:

Taalversorging van:

- 14 PhD proefskrifte
- 23 Meestergraadverhandelings
- Wetenskaplike artikels in verskeie vakgebiede

Vertaling van boeke van Joseph Prince en Joel Osteen vanuit Engels na Afrikaans. Vertaling van Bybelstudie werkstukke vanuit Engels na Afrikaans vir Every Nation Faith City in Potchefstroom.

Skaduskrywer van twee boeke getiteld *Stille Avontuur* en *Wanneer die Onmoontlike Moontlik word.*

**PROF. FP JORDAAN**

# OPSOMMING

Die tema van hierdie studie is: *Persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliksverhouding is: ŉ Pastorale studie.* Die oogmerk van hierdie studie is die uiteindelike formulering van ŉ strategies-teoretiese model met betrekking tot persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliksverhouding is.

Hierdie studie is op Osmer se pastoraal-teologiese model geskoei. Hy maak van vier take gebruik, naamlik, die *interpreterende taak, beskrywende taak, normatiewe taak* en die *pragmatiese taak*.

***Die Interpreterende taak*** kom in hoofstuk 2 aan die orde. Die klem is hier op ŉ literatuurstudie waarin daar op aanvullende riglyne vanuit die aanverwante wetenskappe met betrekking tot die tema van hierdie studie gefokus word. Hier het onder andere geblyk dat die psigologie asook die sosiologie al vir dekades lank navorsing oor persoonlikheidskomponente en profiele asook die sosiale gedrag van die mens doen. Die waarde van sodanige persoonlikheidsprofielmodelle, veral ook met betrekking tot die verhouding binne ‘n huwelik, het sterk na vore gekom. Die kerk in die algemeen sou in die toekoms inderdaad veel meer van sulke uiters bruikbare insigte en perspektiewe ter ondersteuning van bestaande huwelike, asook die begeleiding van jong voornemende huwelikspaartjies gebruik kan maak.

***Die Beskrywende taak*** kom in hoofstuk 3 aan die orde. Met gegewens reeds vanuit die voorafgaande hoofstukke beskikbaar, word daar in hierdie hoofstuk `n voorlopige model geformuleer met betrekking tot persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliksverhouding is.

***Die Normatiewe taak*** word in hoofstuk 4 bespreek. Die klem is hier op die eksegese van `n aantal toepaslike Skriftuurplase met betrekking tot die tema van hierdie studie.

Die betrokke gedeeltes is die volgende: Genesis 2:18-24; Psalm 139:13-18; Romeine 12:3-8; 1 Petrus 3:7; Filippense 2:1-5 en Spreuke 12:4. Verskillende bruikbare riglyne met betrekking tot verhoudings binne die huwelik is geïdentifiseer.

Steeds as deel van die *normatiewe taak* is ook hoofstuk 5 waar op 'n aantal belangrike perspektiewe vanuit pastoraal teologiese literatuur met betrekking tot die tema van hierdie studie gefokus word. In hierdie hoofstuk is daar ook in besonder op die tweede deel van die titel van hierdie studie gefokus naamlik, die unieke verwysingsraamwerk van beide die man en die vrou binne 'n huweliksverhouding.

***Die Pragmatiese taak*** kom in hoofstuk 6 aan die orde. Met behulp van die resultate vanuit al die voorafgaande hoofstukke word daar in hierdie hoofstuk 'n strategies-teoretiese model saamgestel met betrekking tot persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir 'n gesonde huweliksverhouding is. Die voorlopige model, soos in hoofstuk 3 geformuleer, word nou hier met verdiepende aspekte vanuit die eksegese van hoofstuk 4, asook perspektiewe en riglyne vanuit die pastoraal-teologiese literatuur van hoofstuk 5 aangevul en uitgebrei.

Daar is ook in hierdie studie van verskeie vraelyste gebruik gemaak ten einde sekere belangrike momente binne die onderskeie hoofstukke duideliker te kon omlyn. Al die tersaaklike vraelyste is by wyse van Bylaes aangeheg.

Die rol van gebed het ook geblyk van besondere belang in die begeleiding van egpare te wees. Deur gebed bring die berader die egpaar na Jesus Christus vir begrip en herstel van gebroke en verwonde verhoudings.

**SLEUTELTERME**

- Persoonlikheidskomponente
- Gesonde huweliksverhouding
- Karakter
- Pastorale berading
- Gawes

# SUMMARY

The theme of this study is: *Personality components and unique framework that promotes a healthy marital relationship: a Pastoral study*. The aim of this study is the ultimate formulation of a strategic theoretical model with regard to personality components and unique framework that promotes a healthy marital relationship.

This study is based on Osmer's pastoral theological model. He uses four tasks, namely *the interpretative task, descriptive task, normative task* and *the pragmatic task.*

***The Interpretative task*** is discussed in chapter 2. The emphasis is on a literature study focusing on supplementary guidelines from the neighbouring sciences related to the theme of this study. Here, among other things, it was found that psychology and sociology have for decades been researching personality components and profiles as well as the social behavior of humans. The value of such personality profile models, especially in relation to the relationship within a marriage, has come to the fore. The church in general could indeed make much more use of such highly useful insights and perspectives in support of existing marriages as well as the guidance of young prospective marriage couples.

***The descriptive task*** is discussed in chapter 3. With data already available from the previous chapters, this chapter describes a preliminary model with regard to personality components and unique framework that promotes a healthy marital relationship.

***The normative task*** is discussed in chapter 4. The emphasis is on the exegesis of a number of applicable passages from Scripture regarding the theme of this study. The relevant sections are the following: Genesis 2: 18-24; Psalm 139: 13-18; Romans 12: 3-8; 1 Peter 3: 7; Philippians 2: 1-5 and Proverbs 12: 4. A number of useful guidelines regarding relationships within the marriage have been identified.

As part of the *normative task*, chapter 5 also focuses on a number of important perspectives from pastoral theological literature regarding the theme of this study. This chapter also focuses on the second part of the title of this study, namely the unique framework of both the husband and wife in a marital relationship.

***The Pragmatic task*** is discussed in chapter 6. With the help of the results from all the preceding chapters, a strategic theoretical model is compiled with the focus on the personality components and a unique framework that promotes a healthy marital relationship. The preliminary model as formulated in chapter 3 is now supplemented and expanded with extensive aspects from the exegesis of chapter 4, as well as perspectives and guidelines from the pastoral theological literature of chapter 5.

In this study, various questionnaires were used to clarify certain important aspects within the various chapters. All relevant questionnaires are attached by way of Annexures.

The role of prayer also proved to be of particular importance in helping couples. By prayer, the counselor brings the couple to Jesus Christ for understanding and repairing broken and wounded relationships.

**KEY TERMS**

- Personal components
- Healthy marital relationship
- Character
- Pastoral counselling
- Gifts

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1 : INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING


| | | |
|---|---|---|
| **1.1** | **OPSOMMING** | 1 |
| **1.2** | **DEFINISIES EN BEGRIPPE** | 1 |
| 1.2.1 | Persoonlikheid | 1 |
| 1.2.2 | Christelike huwelik | 2 |
| 1.2.3 | Christelike karakter | 3 |
| 1.2.4 | Pastorale berading | 4 |
| 1.2.5 | Gawes | 4 |
| **1.3** | **ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING** | 5 |
| 1.3.1 | Orintering | 5 |
| 1.3.2 | Probleemstelling | 5 |
| **1.4** | **HUIDIGE STAND VAN NAVORSING** | 8 |
| 1.4.1 | Databasisse | 8 |
| 1.4.2 | Sleutelterme | 8 |
| 1.4.3 | Populêr-wetenskaplik of populêr-teologiese bronne | 8 |
| 1.4.4 | Resultate | 9 |
| 1.4.5 | Opsommende samevatting | 14 |
| **1.5** | **NAVORSINGSVRAAG** | 15 |
| 1.5.1 | Die oorkoepelende navorsingsvraag | 15 |
| 1.5.2 | Subvrae wat vanuit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei | 15 |
| **1.6** | **DOELSTELLING EN DOELWITTE** | 15 |
| 1.6.1 | Doelstelling | 15 |
| 1.6.2 | Doelwitte | 16 |
| **1.7** | **SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT** | 16 |
| **1.8.** | **METODOLOGIE** | 16 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.8.1 | Interpreterende taak | 18 |
| 1.8.2 | Beskrywende taak | 18 |
| 1.8.3 | Normatiewe taak | 19 |
| 1.8.4 | Pragmatiese taak | 20 |
| **1.9** | **HOOFSTUKINDELING** | 22 |
| **1.10** | **SKEMATIESE VOORSTELLING** | 23 |


## HOOFSTUK 2 : 'N LITERATUURSTUDIE VANUIT AANVERWANTE WETENSKAPPE


| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **INLEIDING** | 24 |
| **2.2** | **METODOLOGIE** | 24 |
| 2.2.1 | Definiëring van 'n metateoretiese model | 25 |
| 2.2.2 | Die hermeneutiese model | 26 |
| **2.3** | **AANVERWANTE WETENSKAPPE** | 28 |
| 2.3.1 | Sosiologie | 28 |
| 2.3.1.1 | 'n Snit vanuit die sosiologie: Interpersoonlike aangetrokkenheid en hegte verhoudings | 28 |
| 2.3.1.2 | 'n Snit vanuit die Sosiologie : Die huwelik: ewige geluk of nie? | 29 |
| 2.3.1.3 | 'n Snit vanuit die Sosiologie : Faktore wat 'n rol inhuweliksgeluk speel | 30 |
| 2.3.1.4 | Gevolgtrekkings | 31 |
| 2.3.2 | Psigologie | 31 |
| 2.3.2.1 | 'n Snit vanuit die psigologie : persoonlikheid | 32 |
| 2.3.2.2 | Temperament | 35 |
| 2.3.2.3 | Gevolgtrekkings | 41 |
| 2.3.2.4 | Samevattend | 41 |
| **2.4** | **PERSOONLIKHEIDSPROFIELMODELLE** | 41 |
| 2.4.1 | Myers-Briggs Type Indicator MBTI | 42 |

2.4.2 Die DISC Classic meetinstrument 45
2.4.3 Die ‘Life Style’ vraelys 47
2.4.4 Die Keirsey model 49
2.4.4.1 Oorsig van die indeling van die vier temperamente volgens Keirsey 50
2.4.4.2 ŉ Vergelyking van die vier persoonlikhiedsmodelle 51
**2.5 SAMEVATTING** 52

## DIE DESKRIPTIEWE TAAK

## HOOFSTUK 3: KONSEPTUALISERING VAN ‘N VOORLOPIGE MODEL

**3.1 INLEIDING** 55

**3.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING** 56

**3.3 BASIESE VERTREKPUNT VAN DIE NAVORSER** 57

3.3.1 Verskillende benaderings rondom die beoefening van praktiese teologie 58
**3.4 BESPREKING VAN 'N VOORLOPIGE MODEL** 59

3.4.1 Bugbee: What you do best in the body of Christ (2009) 59
3.4.1.1 Identifisering van die individu se geestelike gawes 60
3.4.1.2 Identifisering van die individu se God-gegewe persoonlike styl 63
3.4.1.3 Identifisering van die individu se persoonlike dryf en passie 66
3.4.1.4 Evaluering van die liefdesfaktor in die lewe van die individu 68
3.4.2 Erik Rees : S.H.A.P.E. (2006) 70
3.4.2.1 Identifisering van die individu se geestelike gawes 70
3.4.2.2 Identifisering van die individu se passie 73
3.4.2.3 Identifisering van die individu se natuurlike vermoëns (*abilities*) 75
3.4.2.4 Identifisering van die individu se tipe persoonlikheid 76
3.4.2.5 Fokus op die ervarings van die verlede 78
3.4.3 Formulering van 'n voorlopige model 79
3.4.3.1 Stap 1: Identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes 80

3.4.3.2 Stap 2: Identifisering van die individu se tipe persoonlikheid 82
3.4.3.3 Stap 3: Identifisering van die eie God-gegewe persoonlike styl en vermoëns 85
3.4.3.4 Stap 4: Identifisering van 'n eie dryf en passie 88
3.4.3.5 Stap 5: Identifisering van huweliksmaats se liefdesfaktor 89
3.4.3.6 Stap 6: Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes 90
3.4.3.7 Stap 7: Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees 91
3.4.3.8 Stap 8: Identifisering van 'n aantal deurslaggewende elemente betreffende elke individu se unieke verwysingsraamwerk 93

**3.5 SAMEVATTING** 93

## HOOFSTUK 4: DIE IDENTIFISERING VAN 'N AANTAL BELANGRIKE SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE

**4.1 INLEIDING** 99

**4.2 METODOLOGIE** 100

4.2.1 Die hermeneutiese model 103
4.2.2 Die Skrif as openbaringsbron 106

**4.3 EKSEGESE VAN TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES** 107
4.3.1 God se Skeppingsplan 108
4.3.1.1 Eksegese van Genesis 2:18-24 108
4.3.2 God skape elke mens uniek 116
4.3.2.1 Eksegese van Psalm 139:13-18 116
4.3.3 Enkele Skrifgedeeltes met verwysing na verhoudings 122
4.3.3.1 Eksegese van Romeine 12:4-8 122
4.3.3.2 Eksegese van 1 Petrus 3:1-7 130
4.3.3.3 Eksegese van Filippense 2:1-5 137
4.3.4 Die uitkoms van 'n Skrifgefundeerde verhouding 143
4.3.4.1 Eksegese van Spreuke 12:4 143
**5 SAMEVATTING** 147

## HOOFSTUK 5: BELANGRIKE PERSPEKTIEWE VANUIT PASTORAAL TEOLOGIESE LITERATUUR


**5.1 INLEIDING** 149

**5.2 DOELSTELLINGS** 150

**5.3 VOORHUWELIKSE KATEGESE** 151

5.3.1 Inleiding 151
5.3.2 Iets meer is nodig as bloot verliefdheid en romanse 151
5.3.3 Verhoudingstyle 153
5.3.4 Sentreer prioriteite korrek 154
5.3.5 Drie essensiële bestanddele vir 'n florerende huwelik 155

**5.4 MITES RAKENDE DIE HUWELIK** 155
5.4.1 Beide huweliksmaats het dieselfde verwagtinge 155
5.4.2 Alles wat goed is in die verhouding sal steeds verbeter 156
5.4.3 Die huwelik laat alles wat sleg is in my lewe verdwyn 156
5.4.4 My huweliksmaat sal my seer heel 156

**5.5 FASES EN TALE VAN ROMANRIESE LIEFDE** 157
5.5.1 Die belangrikheid van die vyf liefdestale 157

**5.6 KONFRONTASIE MET DIE WERKLIKHEID NA DIE BRUILOF** 158
5.6.1 Die ses gevaartekens 159
5.6.2 Die verhouding tussen liefde, intimiteit, passie en vriendskap 160
**5.7 PERSOONLIKHEIDSKOMPONENTE BEÏNVOELD GEDRAG** 161

5.7.1 Half vol of half leeg 162
5.7.2 Netjies of slordig 162
5.7.3 Die Dooie See of die borrelende fontein 162
5.7.4 Aggressief en passief 163
5.7.5 Die Professor en die danser 163
5.7.6 Die organiseerder en die vry gees 163

| | | |
|---|---|---|
| **5.8** | **KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE** | 164 |
| 5.8.1 | Die aanleer van kommunikasievaardighede | 164 |
| 5.8.2 | Disfunksionele kommunikasiestyle | 165 |
| 5.8.3 | Boustene vir suksesvolle kommunikasie | 167 |
| **5.9** | **FINANSIES MOET BESTUUR WORD** | 168 |
| **5.10** | **VERSKILLE ESKALEER MAKLIK TOT KONFLIK** | 169 |
| 5.10.1 | Goeie konflikhantering | 170 |
| 5.10.2 | Verskille is nie altyd negatief nie | 171 |
| 5.10.3 | Leer vanuit jou foute | 172 |
| 5.10.4 | Definieer die probleem duidelik | 172 |
| 5.10.5 | Formuleer jou gevoelens duidelik | 173 |
| 5.10.6 | Evalueer die intensiteit van jou gevoelens | 173 |
| 5.10.7 | Vermy daardie uiters sensitiewe areas | 174 |
| 5.10.8 | Apologie impliseer sterkte | 174 |
| 5.10.9 | Dit wat vergifnis is en dit wat dit nie is nie | 175 |
| 5.10.10 | Dit wat vergifnis nie is nie | 176 |
| 5.10.11 | Konfliksnellers | 177 |
| 5.10.12 | Disfunksionele konflikhantering | 177 |
| **5.11** | **ELKEEN HET 'N ROL OM TE VERVUL** | 179 |
| **5.12** | **SEKSUELE VERVULLING NIE 'N VANSELFSPREKENDHEID NIE** | 180 |
| **5.13** | **DIE HUWELIK MAAK MY DEEL VAN 'N UITGEBREIDE FAMILIE** | 181 |
| 5.13.1 | Sleutelaspekte rakende skoonfamilie | 181 |
| **5.14** | **WAAROM DINK ONS NIE DIESELFDE NIE?** | 182 |
| 5.14.1 | Hoe groot is die verskille? | 183 |
| 5.14.2 | Die slaggat van 'n buite-egtelike verhouding | 184 |
| **5.15** | **DIE ROL VAN VREES BINNE DIE HUWELIK** | 185 |
| **5.16** | **DIE INNERLIKE BESLUIT OM GELUKKIG TE WEES** | 185 |

| | | |
|---|---|---|
| **5.17** | **SEWE SLEUTELBEGINSELS VIR DIE HUWELIK** | 186 |
| 5.17.1 | Beginsel 1: Vergroot jou liefdeskaart | 186 |
| 5.17.2 | Beginsel 2: Versorg jou voorkeure en bewondering | 186 |
| 5.17.3 | Beginsel 3: Draai na mekaar in plaas van weg van mekaar | 187 |
| 5.17.4 | Beginsel 4: Laat jou huweliksmaat toe om jou te beïnvloed | 188 |
| 5.17.5 | Beginsel 5: Fokus veral op algemene oplosbare probleme | 189 |
| 5.17.6 | Beginsel 6: Oorkom 'n verkeersknoop | 190 |
| 5.17.7 | Beginsel 7: Skep gedeelde betekenis (c*reate shared meaning*) | 191 |
| **5.18** | **IS JULLE SIELSGENOTE?** | 191 |
| 5.18.1 | Kerkbywoning ewenaar nie spiritualiteit nie | 192 |
| 5.18.2 | Die belangrikheid van spirituele intimiteit | 192 |
| 5.18.3 | God se getrouheid en vergifnis geopenbaar | 193 |
| 5.18.4 | Versorging van die 'siel' van die huwelik | 193 |
| **5.19** | **SAMEVATTING** | 193 |

## HOOFSTUK 6 : DIE FORMULERING VAN 'N STRATEGIES-TEORETIESE MODEL

| | | |
|---|---|---|
| **6.1** | **INLEIDING** | 198 |
| **6.2** | **DOELSTELLING** | 199 |
| **6.3** | **PASTORALE BERADING** | 200 |
| 6.3.1 | Die belangrike rol van pastorale berading | 200 |
| 6.3.2 | Definiëring van die pastoraat | 201 |
| 6.3.3 | Definiëring van die pastorale berading | 202 |
| 6.3.4 | Onderskeidende kenmerke van pastorale berading | 203 |
| 6.3.4.1 | Unieke voorveronderstellings | 203 |
| 6.3.4.2 | Unieke waardes | 203 |
| 6.3.4.3 | Unieke doelwitte | 205 |
| 6.3.4.4 | Unieke metodes | 206 |
| 6.3.5 | Die persoon van die pastorale berader | 206 |

6.3.5.1 Karaktereienskappe 206
6.3.5.2 Die ontwikkeling van 'n persoonlike berading styl 206
6.3.5.3 Die grondliggende basis van pastorale berading 207
6.3.5.4 Introspeksie 207
6.3.6 Die omvang van pastorale berading 208
6.3.7 Pastorale berading as sielesorg 208
6.3.8 Pastorale berading as geestelike leiding 209

**6.4 FORMULERING VAN 'N EIE STRATEGIES-TEORETIESE MODEL** 211
6.4.1 Inleiding 212
6.4.2 Samestelling van 'n model 213
6.4.3 Stap 1: Identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes 214
6.4.4 Stap 2: Identifisering van die individu se tipe persoonlikheid 215
6.4.5 Stap 3: Identifisering van die eie persoonlike styl en vermoëns 218
6.4.6 Stap 4: Identifisering van 'n eie dryf en passie 220
6.4.7 Stap 5: Identifisering van huweliksmaats se liefdesfaktor 221
6.4.8 Stap 6: Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes 222
6.4.9 Stap 7: Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees 223
6.4.10 Stap 8: Identifisering van 'n aantal deurslaggewende elemente betreffende 'n unieke verwysingsraamwerk 225
6.4.11 Stap 9: Algemene praktiese riglyne vanuit die Skrif, rakende verhoudings 229

**6.5 SAMEVATTING** 232

**HOOFSTUK 7: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AAN-BEVELINGS**

**7.1 INLEIDING** 233

**7.2 INTERPRETERENDE TAAK – LITERATUURSTUDIE** 233

Hoofstuk 2. Evaluering van die bydrae vanuit 'n literatuurstudie met betrekking tot aanverwante wetenskappe.

**7.3 BESKRYWENDE TAAK – VOORLOPIGE MODEL** 235

Hoofstuk 3 - Evaluering van die konseptualisering van ŉ voorlopige model.

**7.4 NORMATIEWE TAAK – EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE** 236

Hoofstuk 4 - Evaluering van sekere belangrike en toepaslike eksegetiese perspektiewe.

**7.5 PASTORALE PERSPEKTIEWE** 238

Hoofstuk 5 - Evaluering van belangrike perspektiewe vanuit pastoraal teologiese literatuur.

**7.6 PRAGMATIESE TAAK – STRATEGIES-TEORETIESE MODEL** 239

Hoofstuk 6 - Evaluering van die voorgestelde strategies- teoretiese model

**7.7 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING RAKENDE AANVERWANTE TEMAS** 240

**BYLAAG 1: GEESTELIKE GAWES VRAELYS** 242

**BYLAAG 2: PERSOONLIKE STYL VRAELYS** 251

**BYLAAG 3: PERSOONLIKE PASSIE VRAELYS** 254

**BYLAAG 4: LIEFDESSKAAL** 255

**BYLAAG 5: DIENSBAARHEIDSKAAL** 258

**BYLAAG 6: IDENTIFISEER JOU GEESTELIKE GAWES** 259

**BYLAAG 7: S.H.A.P.E. FOR LIFE PROFILE** 268

**BYLAAG 8: VYFTIG SPESIALE EN NATUURLIKE VERMOËNS** 270

**BYLAAG 9: IDENTIFISEER INDIVIDUELE PERSOONLIKHEID** 273

**BYLAAG 10: ERVARINGS VANUIT DIE VERLEDE** 277

**BYLAAG 11: VERWERKTE HOUTS VRAELYS** 280

**BYLAAG 12: AGTERGROND INVENTARIS VAN BERADENES** 288

**BYLAAG 13: DISC PERSOONLIKHEID VRAELYS** 296

**BYLAAG 14: HUWELIKSAANPASBAARHEIDSTOETS** 303

**BYLAAG 15: EMOSIONELE BEHOEFTE VRAELYS** 308

**BYLAAG 16: WELSTANDPROFIEL VAN JULLE HUWELIK** 324

**BYLAAG 17: LIEFDESTALE VRAELYS** 328

**FIGURE EN TABELLE** 336

**BRONNELYS** 337

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 OPSOMMING

In hierdie studie is die fokus op huwelike gerig wat dikwels gebrekkig is in terme van kwaliteit verhoudings as gevolg van ŉ gebrek aan volle wedersydse begrip ten opsigte van mekaar se gawes, sterkpunte, swakpunte, potensiaal, sinvolle ervarings van die verlede en ryk geskakeerde persoonlikheidskomponente. Vanuit ŉ rekenaarsoektog asook die deurwerk van ŉ aantal bronne, met betrekking tot die huwelik, het dit geblyk dat daar relatief min oorkoepelende en geïntegreerde modelle bestaan waarvolgens die betrokke behoeftes binne die huwelik hanteer kan word. Daar is gevolglik besluit om twee bruikbare modelle wat in hierdie verband geïdentifiseer is, as basiese vertrekpunt te gebruik, en vervolgens aan die hand van ŉ omvattende literatuurstudie ŉ eie tentatiewe model uit te bou en uiteindelik aan die orde te stel. Indien die resultate van ŉ studie soos hierdie deur middel van ŉ populêr-akademiese publikasie aan ŉ groter leserskring beskikbaar gestel kan word, is die verwagting dat so model inderdaad uiteindelik ŉ bydrae tot huwelikspastoraat in die breë sal kan lewer.

## 1.2 DEFINISIES EN BEGRIPPE

### 1.2.1 Persoonlikheid

Die Christelike begrip van die mens spruit vanuit die Bybelse siening van die menslike wese in verhouding met God, geskape op die sesde dag na die beeld van God (Longman 2013:73; vgl. Gen 1:24-31). Vanuit ŉ psigologiese oogpunt kan persoonlikheid soos volg gedefinieer word:

> *Personality is a group of relatively unchanging personal characteristics that are unique to an individual and determine their thoughts, feelings and behaviour in wide range of situations* (Grivas, 2006:103).

### 1.2.2 Christelike huwelik

Die woord 'Christen' word deur Ungeren Harrison (2006:195) beskryf as ŉ gelowige in en volgeling van Christus Jesus, die Messias. Die woord kom drie keer in die Nuwe Testament voor, naamlik in Handelinge 11:26; 26:28 en 1 Petrus 4:16.

Die huwelik word deur Ryken (1998:537) aangedui as die vernaamste menslike verbond in die samelewing en ook die fondament van die sosiale lewe. Voor ŉ gemeenskap is families nodig en voor familie bestaan ŉ huwelik. ŉ Huwelik is ŉ verbond tussen twee persone, ŉ man en ŉ vrou, byvoorbeeld Adam en Eva, Abraham en Sara, Isak en Rebekka.

In Gen 2:23 verklaar God dat die man sy vader en moeder sal verlaat en hulle (man en sy vrou) sal een (*echâd*) word – verenig (Strong, 2012:11, no. 259). In die Christelike huwelik verenig man en vrou dus, in Christus, met mekaar.

Daniël Louw (2012:88) stel dit dat die Bybel nie ŉ duidelike definisie van waaroor die huwelik eintlik gaan, gee nie. Tog is daar volgens hom ŉ aantal rigtingaanduiders (*signposts*) wat met verhoudingskwessies en wedersydse aanspreeklikhede binne ŉ verbondsbeskouing van die verhouding tussen ŉ man en ŉ vrou verband hou. In hierdie verband sê hy byvoorbeeld die volgende:

> *The 'we-space' of the Bible is created by a unique understanding of intimacy. This kind of intimacy is not merely about romantic love – it is essentially ethical. Intimacy implies a choice which represents an acceptance of responsibility for the other. Love is about a "yes" now without the possibility of rejection later on; it describes an unqualified, continuous process and commitment to the notion: partnership for life* (Louw, 2012:89).

Tans word die huwelik in Suid-Afrika volgens Die HAT (2005:434) gedefinieer as die wettige verbintenis tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om lewenslank as man en vrou saam te leef. In die toekoms behoort hierdie definisie in Suid-Afrikaanse woordeboeke verander te word, aangesien huwelike tussen persone van dieselfde geslag op 30 November 2006 in Suid Afrika gewettig is (Nullis, 2006). Binne hierdie

studie verwys "gelowige egpaar", na twee individue binne ŉ heteroseksuele huweliks-verhouding, met ŉ gemeenskaplike geloof in die Drie-enige God.

### 1.2.3 Christelike karakter

As deel van ŉ projek wat in 2004 deur die BIOLA Universiteit in La Mirada, Kalifornië aangepak is om sterker Christelike karakter onder studente te bou, is die klem op ŉ poging geplaas om hulle te help om meer vergewensgesind te wees (Lampton, Oliver, Worthington & Berry, 2005:278). Teen die einde van die projek was 65 studente bereid om ŉ psigo-opvoedkundige, Christelik georiënteerde, ses uur lange werkswinkel by te woon. Besondere klem is dus tydens hierdie projek op die verband tussen Christelike karakter en vergifnis geplaas.

Uit Louw (2012:63) se bespreking van *identiteit* en *etos* is dit duidelik dat dit hier eintlik om ŉ definiëring van die Christelike karakter gaan. Hy stel dit onder andere soos volg:

> *In a theological anthropology 'identity' means that people discover that God calls them to respond to their destiny: to love God and their fellow human beings. People should therefore display the quality of their responsibility and the genuineness and sincerity of their obedience to God in a very specific mode of being, i.e. the mode of unconditional love.*

Cash (2017) definieer die Christelike karakter as dit wat die mens doen wanneer niemand behalwe God hom/haar sien nie. Karakter is dus die ware essensie van wie die mens in die oë van God is. Christelike karakter bevorder die evangelie, die Woord van God en ook God se reputasie tussen mense, familie en vriende. Ware karakter kom vanuit die hart van die mens – die hart bepaal die mens se dade, die mens se denke asook die mens se houding teenoor die lewe. Krejcir (2017) beskryf die Christelike karakter soos volg:

> *Character is not just having integrity or honesty or doing the right thing, it is not one aspect or even a few, it is a living, growing relationship in Christ which produces a synergistic combination of the fruits of the Spirit... Character is aligning our lives so our behaviors are Christ-like. It is the fruit that the vine of our abiding in Christ will produce. Thus, we*

*look to the life of our Lord as our prime example. We seek not so much what Jesus would do, but what would Jesus have me do!*

### 1.2.4 Pastorale berading

Die doelwit van pastorale berading is om die beradene in die rigting van die ewige lewe, wat op Christus fokus, met die berader as fasiliteerder, te begelei (Collins, 2008:32; Clinton, Hart & Ohlschlager, 2005: 523-529; Clinton & Ohlschlager, 2002:67).

Louw (1999:45) beskryf die begrip van pastoraat as 'lewensbediening vanuit die dimensie van die opstandingsoorwinning' in aansluiting tot die 'eskatologiese perspektief'. Volgens hom is die pastoraat daarop gefokus om mense deur die geloof in die hoop sodanig te laat lewe dat die oorwinning van die heil in elke dag se lewe deurbreek, ook daar waar daar moontlik lyding mag wees.

Heitink (1984:15) beskryf pastorale berading as die praktiese demonstrering van hoe die Koninkryk van God, in die bediening van die versoening tot openbaring kom, deur die ontferming in Christus, in die uitreiking na die mens om hom/haar te red.

### 1.2.5 Gawes

Binne die tema van hierdie studie word onder andere na 'persoonlikheidkomponente' verwys. Wat hierdie aspek betref sal daar in hierdie studie onder andere na individue se spesifieke gawes verwys word. In hierdie verband stel Longman *et al*. (2013: 1572) dat deur die uitstorting van Sy Gees sluit God in die Nuwe Testament ŉ nuweverbond (vgl. Hand. 2:1-21). Hierdeur word die kerk bemagtig om met die bediening van Jesus Christus voort te gaan. Geestelike gawes bemagtig gevolglik die Christen as lid van die liggaam van Christus om sodoende hul doel in die raadsplan van God te vervul. Geestelike gawes is nie verdiende kwaliteite nie, maar word vrylik en soewerein deur die Heilige Gees aan die mens gegee. In 1 Korintiërs 2:12 word die mens vermaan dat die Gees wat hy/sy ontvang nie van die wêreld is nie, maar die Gees van God is – [*pnĕuma*] – dus ŉ stroom van lug of ŉ briesie wat op die teenwoordigheid van ŉ buitengewone wese soos ŉ engel, God, Christus se gees of ook die Heilige Gees dui en wat verder impliseer dat lewe, gees en denke hierdeur geraak word.
Hand 2:38 verklaar: "... en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang." Volgens Strong (2011: 38 no. 2416 en 79 no. 5590) hou die woord 'Gees' (*psuchē*; *psoo-khay)* verband

met die aksie om asem te haal (*to breath*). Die uitvoer van die aksie is spontaan en sag of versigtig – 'n blote fluistering (*psithŏs*; *voluntary but gently*). Die Heilige Gees se teenwoordigheid kan egter ook kragdadig wees soos geïmpliseer by die ontvang van die Heilige Gees as gawe. Hier word na die mens se siel (*soul and mind*) as rasioneel en onsterflik verwys en dit verwys verder na *lewe, denke* en *siel.* Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die mens dus die '*totale pakket'* van die Heilige Drie-eenheid ontvang, wat kragdadig is.

## 1.3 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.3.1 Oriëntering

God het in Sy Raadsplan bepaal dat die mens nie alleen behoort te wees nie (Gen 2:18). *"Ook het die Here God gesê: 'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas".* God skep die begeerte na 'n huweliksverhouding in die mens. Matteus 19:5 verwys daarna dat die man sy vader en moeder sal verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees, daarom sal hulle nie meer twee wees nie, maar een.

Louw (2004:138) beskryf die huwelik as die intiemste van alle menslike verhoudings, tog is dit terselfdertyd die mees komplekse maar ook die mees belonende. Dit kan so beskryf word omdat dit op permanente huwelikstrou, wedersydse afronding en aanvulling van mekaar tot 'n liefdeseenheid en die genieting van mekaar met die oog op lewensvreugde, nabyheid en intimiteit gerig is. Romeine 7:2 en Efesiërs 5: 22-23 beklemtoon die aspek van permanente huwelikstrou. Die belangrikheid in terme van verskille tussen talente en gawes binne die huwelik kan uit die menigvuldige misverstande en probleme binne die huwelike van gelowige egpare afgelei word.

### 1.3.2 Probleemstelling

Wat Suid-Afrika betref, neem die egskeidingsyfer toe terwyl die aantal bevestigings van nuwe huwelike vir dieselfde periode afgeneem het (Erasmus, 2016). Die huwelik as sodanig is dus in Suid Afrika in die nood.

Dié onderhawige navorsing is daarop gefokus om te bepaal of 'n vroegtydige bewus-making by huwelikspare, ten opsigte van verskille in persoonlikheidskomponente en

verwysingsraamwerk, positief tot gesonde huweliksverhoudings sou kon bydra sodat minder huwelike in die egskeidingshof eindig en minder gesinne dus verbrokkel.

Die motivering vir hierdie studie het ontstaan na ŉ persoonlike bewuswording van die probleme wat persoonlikheidsverskille binne huwelike oplewer asook die onvermoë om hierdie verskille te herken, te verstaan en te hanteer. Onkunde aangaande individue se sterk- en swakpunte asook verborge potensiaal gee daartoe aanleiding dat verskeie huwelike nie tot hul volle potensiaal ontwikkel nie, of selfs verbrokkel. Die titel van Eggerichs (2007) se boek, *Praat mekaar se taal: ontsyfer jou maat se kommunikasie kode,* dien byvoorbeeld as ŉ gepaste beskrywing van hierdie problematiek.

Misverstande in hierdie verband gee tot wrywing, emosionele seer en verwerping aanleiding aangesien die optrede van persone verkeerdelik geïnterpreteer en hanteer word. Die raad van ŉ gesoute huweliksberader, Van Coller (2014), aan die hand van gevallestudies van bekende Suid-Afrikaanse pare, verwys na verskeie probleme as gevolg van persoonlikheidsverskille. In haar boek verwys sy onder andere na die realiteit van die huidige tydperk wat deur huwelikskonflik, gejaagdheid en ŉ strewe na finansiële oorlewing gekenmerk word – te midde van faktore soos hierdie kan persoonlikheids-verskille ŉ huweliksituasie net soveel te meer kompliseer (Van Coller, 2014:13).

Vanuit die bespreking van die beskrywende taak onder metodologie by punt 1.11 van hierdie navorsingsvoorstel, sal blyk dat '*persoonlikheidskomponente*' (soos in die titel van hierdie studie vervat) uiteindelik aspekte soos die volgende kan insluit:

- Die egpaar se onderskeie geestelike gawes.
- Eie persoonlikheid, styl en vermoëns.
- ŉ Eie passie.
- Elkeen se persoonlike liefdestaal.
- Elkeen se emosionele behoeftes.

Hierteenoor verwys '*verwysingsraamwerk*' in die titel van hierdie studie (wat by elk van die huweliksmaats uiteenlopend sou kon wees) na ervarings uit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees (vgl. punt 1.11).

Beter begrip betreffende byvoorbeeld die kwaliteite van ʼn aspek soos die onderskeie geestelike gawes van elk van die huweliksmaats (om slegs een voorbeeld vanuit die verskillende persoonlikheidskomponente te neem), gee aan die individu insig ten opsigte van die wyse waarop hierdie gawes ʼn invloed met betrekking tot begeertes, motivering en gedrag uitoefen. Hierdie kennis sal tot 'n beter begrip bydra van waarom ander nie dinge sien, beleef en soos jyself reageer nie. Hierdie kennis sal ook help om nie eie gawes of leefstyl op ander af te dwing nie, maar God se individuele roeping vir elke mens te respekteer. Individuele verskille is deel van God se plan omrede die verskillende gawes mekaar komplementeer (Gilbert, 2015:16). Dit is juis wanneer ʼn verhouding nie volgens ʼn individuele voorkeurstyl verloop nie, dat ekstra tyd, energie en sensitiwiteit benodig word (Bugbee, 2005a: 62).

Fortune (2009:26) bied die volgende uiteensetting van die probleem aan: Wanneer ʼn persoon deur ʼn sonbril kyk, is sy/haar visie gekleurd volgens die lense van die sonbril. Motivering gedrewe gawes soos byvoorbeeld bediening, lering, gewer, voorganger of barmhartigheid, soos in Romeine 12:6-8 uiteengesit, beïnvloed persone se lewensvisie. Die persoon met ʼn bedieningsgawe, sal byvoorbeeld voortdurend bedienings-geleenthede raaksien waar hy/sy ander kan help. Die persoon met ʼn gawe van lering sal weer op toerusting en onderrig gefokus wees. Persone met ʼn gawe om te gee, sal daarop ingestel wees om tyd, talente en geld aan te wend om ander persone te ondersteun. Persone met ʼn gawe van barmhartigheid sien geleenthede raak om pyn te verlig, wonde te heel en liefde te betoon. Individueel is sommige mense soms geneig om te dink: Waarom sien die ander persoon nie dinge soos ek dit sien nie? God het egter doelbewus die gawes van die mens beperk en gefokus, en daarom is samewerking en afhanklikheid van mekaar nodig ten einde die waarheid as geheel te kan begryp (Fortune, 2009:26).

Bugbee (2005b:38) wys daarop dat elke mens in so mate rentmeesterskap van sy/haar geestelike gawes behoort te neem, dat ander geestelik daardeur opgebou sal word en God daardeur vereer sal word. Chapman (2010b:127) beklemtoon dat die unieke karaktereienskappe van elke individu binne ʼn huwelik ʼn merkwaardige invloed met betrekking tot daardie huwelik uitoefen.

Met sy boek, *The five love languages*, het Chapman (2011) ook gepoog om iets van hierdie gaping tussen man en vrou in die huwelik te oorbrug deur die volgende vyf tipiese 'liefdestale' te identifiseer wat van persoon tot persoon wissel:

- Kwaliteit tyd
- Woorde van bevestiging
- Geskenke
- Dade van diensbaarheid
- Fisiese aanraking

## 1.4 HUIDIGE STAND VAN NAVORSING

### 1.4.1 Databasisse

'n Uitgebreide elektroniese bibliografiese soektog is met behulp van die Ferdinand Postma Biblioteek en ook die Jan Lion-Cachet Biblioteek uitgevoer deur gebruikmaking van die volgende databasisse: EBSCOhost-koppelvlak (internasionale tydskrifartikels) op die volgende databasisse: Academic Search Premier, Africa-Wide Information, ATLA Religion databasis (American Theological Library Association), eBook Collection (elektroniese boeke), E-Journals, MasterFile Premier, New Testament abstracts, Old Testament abstracts, SocIndex, (databasisse met internasionale tydskrif artikels) PsycARTICLES, Psyc INFO, NEXUS (die NRF databasis van voltooide navorsing asook huidige navorsing wat reeds geregistreer is ("current "and "completed"), SAePublications (Suid-Afrikaanse tydskrifartikels), SABINET (SACat Publication), Biblioteek Katalogus en ProQuest (Internasionale proefskrifte en verhandelinge in volteks).

### 1.4.2 Sleutelterme

Die sleutelterme in hierdie soektog was die volgende: karakter, persoonlikheid, huwelik, pastorale berading, gawes, *character, personality, marriage, pastoral counselling, gifts.*

### 1.4.3 Populêr-wetenskaplik of populêr-teologiese bronne

Vanuit die resultate van die rekenaarsoektog wat na vore gekom het, het geblyk dat daar sekere belangrike bronne is wat as populêr-wetenskaplik of populêr-teologies gekategoriseer sou kon word. Hierdie tipering as sodanig hoef egter nie hierdie bronne te diskwalifiseer nie aangesien daar seker gemaak is dat die basiese uitgangspunte

steeds wetenskaplik verantwoordbaar is. Schoeman (2006:89) beskryf die bruikbaarheid van hierdie kategorie bronne treffend soos volg:

> *When reference is made to 'popular theology', it refers to a specific genre in theological literature that endeavours to convey Biblical norms and values in such a way that the layman can understand and apply these norms and values to his or her life.*

### 1.4.4 Resultate

Vanuit ŉ soektog, soos bovermeld, is daar ŉ groot verskeidenheid van artikels, boeke en verhandelinge/proefskrifte wat na vore kom. Nadat daar noukeurig deur alles gewerk is, het veral die volgende twee bronne baie duidelik bo die res uitgestaan aangesien hulle geheel en al eiesoortig was. In beide hierdie bronne word op ŉ omvattende wyse gepoog om vanuit ŉ Christelike vertrekpunt die gawes, persoonlike styl, passie, ervarings, ens., van die betrokke individu te identifiseer ten einde hierdie persoon beter ten opsigte van sy/haar rol en roeping te kan toerus.

Hierdie twee bronne, waar elk eintlik ŉ spesifieke model verteenwoordig, is die volgende:

- **Bruce Bugbee:** *What you do best in the body of Christ* (2009).

As gegradueerde van Fuller Universiteit doen Bugbee daarna uitgebreide ervaring binne die kerklike milieu op. Hy sluit uiteindelik by die *Willow Creek Community Church* as *Pastoral Care Director, Internship Coordinator,* aan. Hy ontwikkel en vestig die sogenaamde *Network ministry* en publiseer die boek, *Network* (2005), wat later in 14 tale vertaal is.

In bovermelde boek deur Bugbee (2009) val die klem veral op die volgende aspekte:

- Identifisering van die individu se geestelike gawes met behulp van ŉ uitgebreide vraelys.
- Identifisering van die individu se Godgegewe persoonlike styl (riglyne om dit te identifiseer). Misbruik tydens jeugjare kan byvoorbeeld tot ŉ wanvoorstelling betreffende die akkurate siening/persepsie van ŉ persoon se Godgegewe persoonlike styl lei.
- Identifisering van die individu se persoonlike dryf en passie.

- Die liefde faktor (met ŉ skaal waarvolgens elke individu aan riglyne. gebaseer op 1 Kor 13, gemeet kan word).

Hier word byvoorbeeld op die verskil tussen *servanthood* (diensbaarheid) en *servility* (slaafsheid, onderdanigheid) gewys.

- **Erik Rees:** *S.H.A.P.E. Finding and fulfilling your unique purpose for life* (2006)

As medeleraar van Rick Warren van die *Saddleback Church, Lake Forest, CA*, wat bekend geraak het vir sy boek, *The purpose driven life*, het Rees bovermelde boek die lig laat sien. In ŉ sekere sin is dit ŉ opvolg op Warren se boek. Warren het in sy boek reeds na die akroniem, *S.H.A.P.E.* verwys, terwyl Rees dit in sy boek meer in diepte ondersoek. Die akroniem staan vir: ***S**piritual gifts, **H**eart, **A**bilities, **P**ersonality* and ***E**xperiences.*

In Rees se bovermelde boek kom die volgende belangrike aspekte aan die orde:

- Identifiseer jou geestelike gawes (vraelys).
- Identifiseer jou passie, aan die hand van verskillende riglyne.
- Identifiseer jou natuurlike vermoëns (*abilities;* ŉ lys van 50x moontlikhede word gegee).
- Ontdek jou tipe persoonlikheid aan die hand van twee kategorieë:
- Hoe jy in verhouding tot ander staan (*relating to others*).
- Hoe jy op geleenthede reageer (*respond to opportunities*).
- Fokus op jou ervarings van die verlede. Ontdek opnuut waar jy oral reeds was. Hier gaan dit oor ŉ lewensoorsig van laagtepunte en hoogtepunte en areas word ten opsigte waarvan andere weer in die toekoms gehelp sal kan word (ook wat die huwelik betref) geïdentifiseer.

Verdere modelle met aanvullende fasette ten opsigte van bovermelde twee bronne:

- **Les & Leslie Parrott:** *Saving your marriage before it starts: seven questions to ask before and after you marry* (2015).

Les Parrott is ŉ kliniese sielkundige en sy vrou Leslie, ŉ huwelik en gesinsterapeut. In 1991 stig hulle die *Center for Relationship Development* op die kampus van *Seattle Pacific University*. Volgens hulle is die sewe vrae na jare se navorsing met honderde

huwelikspare geïdentifiseer wat in bovermelde publikasie aan die orde gestel word ten einde die mees algemene huweliksproblematiek te ondervang.

Hulle bespreek onder andere agt verskillende persoonlikheidstipes wat normaalweg in die huwelik na vore kom – dit gaan om Godgegewe kwaliteite.

- **Gary Chapman:** *Things I wish I'd known before we got married* (2010)

Chapman het veral na die publisering van sy boek, *The five love languages* (2004) bekend geraak. Dit is die eerste keer in 1992 gepubliseer en daarna in 49 tale vertaal.

Met betrekking tot sy motivering tot die skryf van die bovermelde boek, sê Chapman die volgende (2010:10-11):

> *As I look back over the early years of my marriage, I wish someone had told me what I am about to tell you... I've spent the last thirty-five years of my life counseling with couples whose dreams of a happy marriage have been shattered in the real world of dirty dishes, unpaid bills, conflicting work schedules, and crying babies... It is my conviction that many of these struggles could have been avoided had the couple taken time to prepare more thoroughly for marriage. That is why I am writing this book.*

Teen bovermelde agtergrond formuleer Chapman 12 riglyne wat deurslaggewend met betrekking tot ŉ gesonde huweliksverhouding kan wees. Hy bespreek vervolgens ook ses kontrasterende persoonlikheidstipes in die huwelik aan die hand van sy standpunt dat "... *personality influences behaviour"* (2010:71).

- **David en Jan Stoop**: *Better than ever. Seven secrets to a great marriage* (2007)

Beide David en Jan het PhD grade in psigologie. Jan is ook ŉ geordende leraar en verder ook ŉ professor by Fuller Teologiese Skool waar hy deeltyds klas in vakke aanbied wat verband met gesinsterapie hou. David en Jan werk reeds vir meer as 35 jaar met gesinne en huwelike en hulle het hulself dikwels die volgende vraag afgevra: "Waarom sekere huwelike uiteindelik met die nodige hulp vanuit die 'emosionele loopgrawe' kan uitkom, terwyl ander nie kan nie?" In antwoord op hierdie vraag reageer hulle soos volg:

> *We want to answer that question for you by sharing the secrets we have learned about what can make a bad marriage good and what can make a good marriage truly great (Stoop & Stoop, 2007:6).*

Hulle bespreek vervolgens in hierdie boek die sewe beginsels wat volgens hulle deurslaggewend met betrekking tot ŉ gesonde huweliksverhouding is.

- **David Hawkins:** *Critical mistakes most couples make. Identify the pitfalls and discover God's help* (2005).

David Hawkins is iemand wat reeds verskeie boeke op die terrein van die pastoraat gepubliseer het. Hy is ook op die Raad van die *American Association of Christian Counselors (AACC)*. Met meer as dertig jaar se ervaring in berading identifiseer hy in hierdie boek nege slagysters waarin talle huwelikspare beland en bied hy vervolgens riglyne hoe hulle pastoraal daaruit begelei kan word.

- **John Gottman:** *The seven principles for making marriage work* (2000)

In hul boek, Marriage and family counseling (2009:99), verwys Dr Tim Clinton (voorsitter van die AACC) en Dr John Trent (ervare berader en outeur) na die baanbrekers werk en bydrae van John Gottman. Hy is 'n professor in Psigologie aan die Universiteit van Washington en Mede-direkteur van die Seattle Marital and Family Institute. Hy het reeds meer as 100 akademiese artikels asook verskeie boeke met betrekking tot die huwelik en gesin gepubliseer. Sy metodes van navorsing is besonder uniek en die resultate daarvan ook besonders. Hy fokus onder andere ook op aspekte soos emosionele intelligensie van huweliksmaats en die skepping van ŉ emosionele intelligente verhouding.
Teen hierdie agtergrond formuleer hy vervolgens in bovermelde boek sewe kritiese beginsels ten opsigte van ŉ gesonde huweliksverhouding. Hy verskaf ook ŉ verskeidenheid korter vraelyste aan die hand waarvan egpare hulself kan meet.

- **Bronne met aanvullende vraelyste**

In bovermelde bronne is reeds gewys op ŉ aantal belangrike vraelyste. Aanvullend hiertoe is ook die volgende bruikbare vraelyste geïdentifiseer:

- **Verwerkte Houts vraelys oor geestelike gawes**

Hierdie vraelys is oorspronklik deur Dr. Richard F. Houts, ŉ professor in die *North American Baptist Theological Seminary*, in 1976 ontwerp. Dit is daarna deur Peter Wagner van die *Charles E. Fuller Institute of Evangelism and Church Growth* verwerk en dit word in sy klassieke boek, *Your spiritual gifts can help your church grow* (2012) beskryf.

- ***Marriage Builders* se vraelys betreffende emosionele behoeftes**

Hierdie vraelys is deur Dr Willard F. Harley opgestel wat die organisasie, *Marriage Builders,* gestig het en veral ook vir sy boek, *His needs, her needs: Building an affair-proof marriage,* bekend geraak het*.*

Tien basiese emosionele behoeftes word in bovermelde vraelys geïdentifiseer (daar is ook ruimte vir byvoeging van enkele bykomende emosies). Huwelikspare word vervolgens gevra om elk met behulp van die vraelys hul eie vyf emosionele behoeftes in prioriteitsvolgorde aan te dui en daarna dit ook met mekaar te bespreek (Harley, 2017).

- **Die DiSC persoonlikheid vraelys**

Hierdie vraelys was aanvanklik as ŉ gedragsmodel deur die psigoloog, William Moulton Marston voorgestel. Marston het ŉ PhD by Harvard gedoen en die model is in sy boek, *Emotions of normal people*, in 1928 gepubliseer. In 1956 was die bedryfsielkundige, Walter V. Clarke die eerste om hierdie vraelys in ŉ assesseringsinstrument te omskep waardeur persoonlikheidsprofiele gemeet kon word. Sedertdien is dit deur verskillende persone en instansies meer en meer tot die huidige formaat verfyn (History of DiSC, 2017).

Kerke en pastorale beraders het in die verlede al meer van ŉ vraelys soos hierdie begin gebruik maak ten einde persone se sterkpunte en swakpunte met betrekking tot die samestelling van ŉ bedieningspan asook berading van individue en veral egpare te identifiseer. In hierdie verband het ŉ organisasie soos People Keys byvoorbeeld ŉ webblad (https://peoplekeys.com/solutions/spiritual-gifts/) ontwikkel waar die DiSC program spesifiek onder die tema van *Faith Based Solutions* bemark word*.*

### 1.4.5 Opsommend

Namate die navorser deur die resultate van die rekenaarsoektog gewerk het, het sy meer oortuig geraak van die kritiese behoefte aan ŉ deeglike literatuurstudie met betrekking tot die tema van hierdie studie. Namate bovermelde bronne deurgewerk is, het die kontoere rondom ŉ eie tentatiewe pastorale model al meer begin vorm aanneem en met behulp van ŉ literatuurstudie sal die basis hiervan stewig gevestig kan word. So geïntegreerde model sal inderdaad ŉ bydrae tot die pastoraat kan lewer aangesien dit duidelik vanuit die rekenaarsoektog is dat verskillende outeurs tot dusver op verskillende aspekte van persoonlikheidskomponente en verwysingsraamwerk gefokus het, maar dat daar slegs twee was wat met ŉ meer geïntegreerde model probeer werk het (enersyds Rees (2006), en andersyds Bugbee (2009)). Volgens Louw (2015:75) is ŉ literatuurstudie tesame met kritiese beredenering en bespreking ŉ aanvaarbare navorsingsbenadering binne die terrein van die praktiese teologie.

Met die oog op die uiteindelike samestelling van ŉ eie geïntegreerde model sal die modelle van Bugbee (2009) en Rees (2006) gevolglik as aanvanklike basis en vertrek-punt geneem word vir die identifisering van enersyds persoonlikheidskomponente, en andersyds basiese verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliks-verhouding kan wees.

Aanvullend hiertoe sal, wat persoonlikheidstipes asook unieke verwysingsraamwerk betref, verder uit Les & Leslie Parrott (2015), Chapman (2010b), David & Jan Stoop (2007), Hawkins (2005) en Gottman (2000) se benaderings geput word waarna kortliks reeds verwys is.

Wat vraelyste betref sal daar, afgesien van die lyste wat deur Bugbee (2009) en Rees (2006) aan die orde gestel word, ook op die Verwerkte Houts vraelys oor geestelike gawes (Wagner, 2012), die Marriage Builders se vraelys betreffende emosionele behoeftes (Harley, 2017) asook die DiSC vraelys (2015) gefokus word.

Bovermelde bronne sal as die hoofbronne van ŉ eie model dien. Die onderskeie onderafdelings sal egter in die verdere hoofstukke van hierdie studie telkens deur ŉ verskeidenheid van ander ondersteunende bronne aangevul word.

Onder die bespreking by *metodologie* (punt 9.2) sal, in die lig van bovermelde bespreking, ŉ voorlopige model aan die orde gestel word waaraan dit vervolgens deur ŉ literatuurstudie verder geskaaf sal word.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

### 1.5.1 Die oorkoepelende navorsingsvraag

Hoe kan die identifisering en pastorale hantering en begeleiding van individuele persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk by die onderskeie huweliksmaats, tot ŉ gesonde en geestelik standvastige huweliksverhouding bydra?

### 1.5.2 Subvrae wat vanuit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei

- Watter navorsingsresultate vanuit die aanverwante wetenskappe kan van hulp wees ten einde vas te stel of kennis en begrip van persoonlikheidsverskille en verwysingsraamwerk bydraend tot gesonde huweliksverhoudings kan wees? (Aansluitend by Osmer (2011:4) se interpreterende vraag: *"Waarom het dit gebeur?"*).
- Wat openbaar ŉ deskriptiewe studie aangaande die identifisering van persoonlikheidskomponente en verwysingsraamwerk binne Christelike huwelike? (Aansluitend by Osmer (2011:4) se deskriptiewe vraag: "*Wat is besig om te gebeur"*?).
- Wat is die Skriftuurlike perspektiewe aangaande die huwelik, veral met betrekking tot verskille binne die huwelik? (Aansluitend by Osmer (2011:4) se normatiewe vraag: *"Wat behoort hier te gebeur"?*).
- Watter pastorale riglyne, as strategiese merkers, kan vanuit die navorsing aan gelowige egpare ten opsigte van persoonlikheidsverskille binne die huwelik voorgestel word? (aansluitend by Osmer (2011:4) se pragmatiese vraag: *"Wat behoort te verander?*").

## 1.6 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.6.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om vas te stel hoe die identifisering en pastorale hantering en begeleiding van individuele persoonlikheidskomponente en

unieke verwysingsraamwerk by die onderskeie huweliksmaats, tot ŉ gesonde en geestelik standvastige huweliksverhouding kan bydra.

### 1.6.2 Doelwitte

Ten einde die oorkoepelende doelstellings vir hierdie studie te bereik, word die volgende vier take aan die hand van Osmer (2011:4) se pastorale model voorgestel:

- *Die interpreterende taak*. Om deur ŉ literatuurstudie aan te toon watter perspektiewe aangaande individue se gawes, talente, sterkpunte en swakpunte vanuit die aanverwante wetenskappe geïdentifiseer en vir die samestelling van pastorale riglyne rakende die hantering en begrip vir huweliksmaats se persoonlikheidsverskille benut kan word.
- *Die deskriptiewe taak*. Om deur ŉ deskriptiewe studie die basiese persoonlikheids komponente en unieke verwysingsraamwerk binne Christelike huwelike te identifiseer.
- *Die normatiewe taak*. Om vas te stel watter Skriftuurlike perspektiewe in die hantering van (persoonlikheids)verskille binne die Christelike huwelik gevind en toegepas kan word.
- *Die pragmatiese taak* (strategiese moment). Om deur ŉ kritiese sintese van die voorafgaande navorsing in interaksie met mekaar, pastorale riglyne ten opsigte van verskille in persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk binne die Christelike huwelik voor te stel, vir die begeleiding van egpare wat probleme op hierdie terrein ondervind.

## 1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die identifisering en pastorale hantering en begeleiding van individuele persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk by die onderskeie huweliksmaats, tot ŉ gesonde en geestelik standvastige huweliksverhouding kan bydra.

## 1.8 METODOLOGIE

Die hermeneuties-teologiese metodologie wat in die studie gevolg sal word, berus op die heuristiese navorsingsmetodiek van Richard Osmer (2011:4), soos in sy boek, *Practical Theology: An introduction*, uiteengesit waarin hy die interpretasie van praktiese teologie in vier navorsingstake (of vrae) verdeel. Osmer dui aan dat hierdie

vier take/vrae as riglyne kan dien om die navorser se interpretasie en resultate vanuit ’n praktiese teologiese benadering te bepaal. Wat is besig om te gebeur? Waarom is dit besig om te gebeur? Wat behoort te gebeur? Hoe kan daarop gereageer word? Die antwoord op elk van die vrae lei tot die vier kern take van praktiese teologiese interpretasie.

Mense kyk vanuit verskillende invalshoeke na dieselfde verskynsel en kom tot verskillende gevolgtrekkings. Waarneming is met onderliggende teorieë en voorveronderstellings belaai. Voordat daar enige afleidings ten opsigte van die vier vrae van Osmer gemaak kan word, moet daar oor die verantwoordbaarheid van die metateoretiese onderbou, waarmee deur die bepaalde lense na die werklikheid gekyk word, besin word. De Klerk *et al.* (2013:x) beklemtoon hierdie aspek soos volg:

> *Hierdie onderskeid wat deur Osmer getref word, noodsaak dit om ’n eie metateoretiese vertrekpunt in ’n reformatoriese konteks uit te spel en tot ’n verantwoording te kom van die verantwoordbaarheid, konsekwentheid en toereikendheid daarvan wanneer ’n bepaalde navorsingsprojek konseptualiseer en uitgevoer word.*

Die navorser se lewens- en wêreldbeskouing is op die vertrekpunte van die Gereformeerde tradisie (die *Sola Scriptura*- benadering) gebaseer wat bely dat die Skrif outoriteit as die ewige en altyd geldende geïnspireerde Woord van God het waardeur God sy betrokkenheid in die wêreld tot openbaring bring.

Omdat die klem in die onderhawige studie grootliks op ’n literatuurstudie gefokus is, sal die volgorde van Osmer se eerste twee navorsingstake (beskrywende en interpreterende take) omgeruil word ten einde aan die navorser die geleentheid te bied om eerstens deur middel van ’n in diepte ondersoek van die aanverwante wetenskappe (*interpreterende taak*) ’n deeglike ontleding van persoonlikheidskomponente en algemene verwysingsraamwerk te doen wat bevorderlik vir ’n gesonde huweliksverhouding is. Daarna sal die *beskrywende taak* aan die orde kom waar ’n eie voorlopige model bespreek sal word.

### 1.8.1 Die Interpreterende taak

Die belangrike vraag wat volgens Osmer (2011:4) as deel van die interpreterende taak aan die orde gestel word, is: *Waarom het dit gebeur?* Die interpreterende taak soek na die redes vir die fenomeen waarop gefokus word. Osmer (2011: 20-22) verwys daarna dat verstandige wysheid (*sagely wisdom*) benodig word tydens die soeke na redes. Wysheid sluit drie karaktereienskappe in, naamlik bedagsaamheid, teoretiese interpretasie en wyse oordeel.

Hermeneutiek was tradisioneel met die interpretasie van die antieke teks gemoeid. Osmer (2011:20) dui egter aan dat vanaf die twintigste eeu die interpreterende veld van hermeneutiek verbreed het en tans ook die interpretasie van gewone mense in alledaagse omstandighede insluit. In hierdie verband verwys hy op die feit dat alle interpretasie reeds binne ŉ geïnterpreteerde wêreld begin en met voorveronderstellings vanuit die verlede werk. Binne hierdie selfde verband beklemtoon Osmer (2011:22) die feit dat basiese voorveronderstellings aan die navorser die nodige taal en konseptuele raamwerk bied om met die navorsing te begin. Dit is vervolgens beter om met ŉ bepaalde voorveronderstelling te begin en dit ook as sodanig te verwoord, as om op ŉ sogenaamde 'objektiewe' benadering aanspraak te maak.

Binne hierdie afdeling sal daar vervolgens na die moontlike bydraes vanuit die aanverwante wetenskappe soos byvoorbeeld die psigologie, opvoedkunde en sosiologie met betrekking tot persoonlikheidskomponente binne die huwelik gekyk word. In hierdie opsig word die belangrikheid van ŉ metateoretiese vertrekpunt soos volg deur De Klerk en De Wet (2013:7) verwoord:

Sonder ŉ uitdruklike verantwoording ten opsigte van die metateoretiese onderbou van die werklikheidsbeskoulike vertrekpunte waarmee gewerk word, kan die navorser ten opsigte van invalshoeke en die navorsingsdoel in ankerloosheid ronddryf.

### 1.8.2 Beskrywende taak

Die belangrike vraag wat hier aan die orde is, is die volgende: *Wat is besig om te gebeur?* Osmer (2011:34) grond die beskrywende taak in terme van ŉ *geestelike erns* by die navorser, om te bepaal wat in die lewens van individue gebeur. Hierdie taak is

verder op die versameling van inligting gefokus *"... that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations or contexts"* (Osmer, 2011:4).

Dreyer (2009:23) definieer die beskrywende taak van praktiese teologie as ŉ voortdurende proses van ontwikkeling om werklik by die waarheid van praktiese teologie uit te kom. Hierdie voortdurende leerproses sluit betrokkenheid sowel as distansiëring in terwyl daar ook gereelde interaksie tussen die navorser en die betrokke persoon/persone nodig is.

As deel van die beskrywende taak binne die onderhawige studie sal die uitgangspunt verder wees om die voorgestelde model, soos tentatief vanuit ŉ literatuurstudie (gebaseer op die voorafgaande *interpreterende taak*) geïdentifiseer, te konseptualiseer en te kontekstualiseer (Viljoen, 2016:19).

Voorlopig sou die breë lyne van so tentatiewe model soos volg daar kon uitsien (die navorser besef egter dat die finale uitkoms van hierdie studie die kontoere van hierdie model in verskillende opsigte sou kon verskuif):

- Die identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes aan die hand van ŉ vraelys.
- Die identifisering en beskrywing van die eie persoonlikheid/eie styl/eie vermoëns.
- Identifisering van ŉ eie passie aan die hand van ŉ vraelys.
- Identifisering van elkeen se liefdesfaktor aan die hand van ŉ vraelys gebaseer op 1 Korintiërs 13.
- Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes aan die hand van ŉ vraelys.
- Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees.
- Identifisering van ŉ aantal deurslaggewende persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk met betrekking tot gesonde huweliksverhoudings.

### 1.8.3 Normatiewe taak

Osmer (2011:4) se belangrike vraag in hierdie verband is: *Wat behoort hier te gebeur?* Daar sal gepoog word om vas te stel hoe persoonlikheidsverskille en ook verskille binne die huwelik verstaan en in die lig van die Skrif hanteer behoort te word. Om hierdie onderskeid te kan tref, beklemtoon Osmer dat "profetiese onderskeiding"

benodig word. Hoewel die Ou Testamentiese profete normatief van God gepraat het, was hulle ook interpreteerders van tradisies en huidige gebeure. Profetiese onderskeiding dui op die tussenspel van goddelike openbaring en menslike vorming van God se Woord (Osmer, 2011: 133-135).

As deel van die normatiewe taak gaan daar in hierdie studie op die volgende Skrifgedeeltes gefokus word ten einde riglyne te identifiseer wat van toepassing is op die pastorale begeleiding van egpare wat huweliksprobleme, as gevolg van ŉ gebrek aan begrip vir mekaar se unieke eienskappe en ook verskille, ondervind:

- Genesis 2:18-24: God het die mens as man en vrou geskape.
- Psalm 139:13-14: God skape elke mens uniek.
- Spreuke 12:4: Die bekwame vrou (man) stel haar man (vrou) in staat om sy/haar volle potensiaal te bereik.
- Romeine 12:4-8: Verskille maak eenheid nie ongedaan nie.
- Filippense 2:2-5: Eensgesindheid, die een die ander hoër as homself ag, na mekaar se belange omsien, dieselfde gesindheid as Christus Jesus openbaar.
- 1 Petrus 3:7: Om binne die eenheid verstandig met mekaar saam te leef.

Eksegese sal volgens die grammaties-historiese metode gedoen word, terwyl die Reformatoriese tradisie as vertrekpunt vir hierdie studie sal dien (Coetzee, 1990:17). Vertrekpunte ten opsigte van ŉ eksegetiese verkenning van bovermelde Skrifgedeeltes sal veral op die bundel, Preekgeboorte (De Klerk & Van Rensburg, 2011) berus. Vir woordstudies sal daar van Bybelse woordeboeke en kommentare gebruik gemaak word.

### 1.8.4 Pragmatiese taak

Die belangrike vraag wat volgens Osmer (2011:4) hier aan die orde is, is: *Hoe moet daar reageer word*? Die pragmatiese taak is daarop gefokus om strategieë van optrede te bepaal wat die situasie gunstig sal beïnvloed. Inligting verkry uit die Woord van God, teologiese literatuur asook aanverwante wetenskappe sal saamgevoeg en geïnterpreteer word. Die uiteindelike doel volgens Osmer is dus om verandering of vernuwing tot gevolg te hê en dit alles kan in sy beskrywing van die frase "*dienskneg leierskap*" saamgevat word.

Met betrekking tot die tema van hierdie studie gaan die pragmatiese taak om die formulering van pastorale riglyne ter begeleiding van Christen egpare wat probleme, as gevolg van ŉ gebrek aan kennis en begrip ten opsigte van hul eie sowel as hul huweliksmaat se besondere gawes, persoonlikheidskenmerke, vermoëns, passie, unieke behoeftes, waardevolle ervarings uit die verlede, sterkpunte, swakpunte, ens., ondervind. Die volgende vloeidiagram bied ŉ goeie beeld van die samestelling en wisselwerking van Osmer (2011:11) se model aan:

**Figuur 1. Osmer se model**




Daar is voortdurend interaksie tussen die vier take. Die primêre doel van die vier take model is om pastorale leiers as interpreterende leiers toe te rus (Osmer, 2011:15).

## 1.9 HOOFSTUKINDELING

| | | |
|---|---|---|
| Hfst. | 1 | Inleiding en probleemstelling |
| Hfst. | 2 | ’n Literatuurstudie vanuit die aanverwante wetenskappe |
| Hfst. | 3 | ’n Beskrywing van die voorlopige model soos vanuit die literatuurstudie geïdentifiseer. |
| Hfst. | 4 | Die identifisering van ’n aantal belangrike Skriftuurlike perspektiewe |
| Hfst. | 5 | Belangrike perspektiewe vanuit pastoraal-teologiese literatuur. |
| Hfst. | 6 | Die formulering van ’n strategies-teoretiese model |
| Hfst. | 7 | Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings. |

## 1.10 SKEMATIESE VOORSTELLING

### Tabel 3. Skematiese Voorstelling

| Indeling volgens Osmer | Probleemstelling | Doelstelling en Doelwitte | Metode |
|---|---|---|---|
| **Interpreterende taak**<br><br>*Waarom gebeur dit?* | Watter navorsingsresultate vanuit die aanverwante wetenskappe kan van hulp wees ten einde vas te stel of kennis en begrip van persoonlikheidsverskille en verwysingsraamwerk bydraend kan wees tot gesonde huweliksver-houdings? | Om deur 'n literatuurstudie aan te toon watter perspektiewe aangaande individue se gawes, talente, sterk punte en swak punte vanuit die aanverwante wetenskappe geïdentifiseer en benut kan word vir die samestelling van pastorale riglyne rakende die hantering en begrip vir huweliksmaats se persoonlikheidsverskille. | 'n Literatuurstudie van die beskikbare bronne vanuit aanverwante wetenskappe met die oog op die bestudering en evaluering van die relevante data. |
| **Deskriptiewe taak**<br><br>*Wat is besig om te gebeur?* | Wat openbaar 'n deskriptiewe studie aangaande die identifisering van persoonlikheid komponente en verwysings-raamwerk binne Christelike huwelike? | Om deur 'n deskriptiewe studie die basiese persoonlikheid komponente en verwysingsraamwerk binne die Christelike huwelike te identifiseer. | Om die voorgestelde model soos tentatief geïdentifiseer vanuit 'n literatuurstudie (gebaseer op die vooraf-gaande interpreterende taak), te konseptualiseer en te kontekstualiseer. |
| **Normatiewe taak**<br><br>*Wat behoort te gebeur?* | Wat is die Skriftuurlike perspektiewe aangaande die huwelik, veral met betrekking tot verskille binne die huwelik? | Om vas te stel watter Skriftuurlike perspektiewe gevind en toegepas kan word in die hantering van (persoonlikheid)verskille binne die Christelike huwelik. | Daar sal hoofsaaklik eksegese gedoen word van sekere Skrifgedeeltes volgens die grammaties-historiese benadering. |
| **Pragmatiese taak**<br><br>*Wat behoort te verander?* | Watter pastorale riglyne as strategiese merkers kan vanuit die navorsing voorgestel word aan gelowige egpare ten opsigte van persoonlikheid verskille binne die huwelik? | Om deur 'n kritiese sintese van die voorafgaande navorsing in interaksie met mekaar, pastorale riglyne ten opsigte van verskille in persoonlikheid komponente en unieke verwysings-raamwerk binne die Christelike huwelik voor te stel, vir die begeleiding van egpare wat probleme ondervind op hierdie terrein. | By wyse van 'n hermeneutiese wisselwerking tussen die normatiewe, interpreterende perspektiewe en bevindinge van die deskriptiewe ondersoek sal gepoog word om strategies-teoretiese riglyne te formuleer met die oog op die pastorale begeleiding van egpare wat probleme ondervind met die hantering van persoonlikheids-verskille. |

# HOOFSTUK 2

# ‘N LITERATUURSTUDIE VANUIT AANVERWANTE WETENSKAPPE

## 2.1 INLEIDING

Die primêre doel van hierdie hoofstuk, die interpreterende taak volgens die model van Osmer, is om deur middel van belangrike inligting vanuit die naasliggende wetenskappe, soos die Psigologie en die Sosiologie, vanuit ŉ metateoretiese invalshoek die redes vir die fenomeen verder te ondersoek, te probeer verstaan en te verklaar.

Dit is belangrik om tussen metateoretiese en interdissiplinêre insigte te onderskei. Die metateorie van Praktiese Teologie is die groot verhaal van die Christelike geloof, gevoed deur die Skrif as Woord van God, wat die *bril* is waarmee daar in die ondersoekveld na die werklikheid gekyk word. Wanneer daar van ŉ ander wetenskap se insigte gebruik gemaak word, hoef dit nie as metateorie benoem te word nie, maar eerder as interdissiplinêre insigte (Dreyer, 2013:24; Osmer, 2011: 4; Pieterse 2013:12).

## 2.2 METODOLOGIE

Die versameling van gegewens vanuit die aanverwante wetenskappe met betrekking tot ŉ spesifieke tema hou volgens Osmer verband met die interpreterende taak en dit is gevolglik ook die terrein waarop die fokus in hierdie hoofstuk gerig word. Volgens Osmer hou dit met die reaksie op die vraag, *Waarom het dit gebeur?,* verband Die antwoord op hierdie vraag is aan die aspekte gekoppel wat in bepaalde gebeure, situasies en kontekste geïdentifiseer word ten einde beter begrip te verkry (Osmer, 2011:162).

Verder beklemtoon Osmer (2011:170) dat geen enkele perspektief die volle betekenis bevat nie en daarom is multidissiplinêre perspektiewe nodig vir beter begrip van die onderskeie verskynsels. Wat die tema van die onderhawige studie betref sal daar vervolgens op multidissiplinêre vlak, veral met die Psigologie en die Sosiologie, in gesprek getree word vir beter begrip van persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk. Vir ŉ goeie oordeel en om beter begrip vanuit die aanverwante

wetenskappe te kan verkry, word, volgens Osmer, ook "*sagely wisdom*" benodig (Osmer, 2011: 84-85).

Onderstaande diagram dui vervolgens die vier take aan wat deur Osmer aanbeveel word om tydens ’n ondersoek na ’n fenomeen in die praktyk te volg. Binne hierdie studie word hierdie vier take/stappe gevolg om deur middel van ’n literatuurstudie te poog om meer duidelikheid in verband met persoonlikheidskomponente en unieke verwysings-raamwerk te bekom wat bevorderlik vir ’n gesonde huweliksverhouding is. Hoofstuk 2 verteenwoordig die *interpreterende taak* in die Osmer model.

**Figuur 2.**




### 2.2.1 Definiëring van ’n metateoretiese model

Wanneer die teks begin spreek, ontmoet die lewende Christus die gelowige deur sy lewende Woord en Gees. Hy spreek die mens in sy/haar diepste wese aan. Die hermeneutiese spanning tussen die eie en die vreemde horisonne word dialogies deur die verstaanproses heen verwerk en bewerk ’n horisonsversmelting waarin verstaan van die teks se betekenis vir die eie tyd kan geskied (vgl. Gadamer, 1975:289-290, 356-366;

1979:274-276, 333-341, soos aangehaal deur De Klerk en De Wet, 2012: 20).

Hoewel die insigte uit ŉ ander vakgebied kom, kan dit binne die verstaan van die geloofsbelydenisse in diens geneem word (Pieterse, 2013: 15). Kruis-dissiplinêre denke is ŉ inherente deel van elkeen van die vier take van Praktiese Teologie (Osmer, 2011:240).

Verstaan geskied vir die mens slegs deur taal – veral taal as gesprek (Gadamer, 1975: 344-360; Gadamer, 1979: 325-341). Nuwe insig word verkry en beide horisonne dra iets tot die nuwe "*Einverständnis*" by in die sin dat ons die boodskap in ons eie konteks kan verwoord (De Klerk en De Wet. 2012:57).

Teen laasgemelde agtergrond toon Pieterse, Dreyer en Van der Ven (2003: 130) die volgende onderskeiding aan:

**Tabel 2. Multidissiplinêre-, Interdissiplinere- en Intra-dissiplinêre verhoudings**

| Multidissiplinêre verhouding | Interdissiplinêre verhouding | Intra-dissiplinêre verhouding |
|---|---|---|
| Die sosiale wetenskappe met hul eie teorieë doen die ondersoek terwyl Praktiese Teologie as self-standige wetenskap dan gebruik maak van die resultatek. | Daar is gesprek en samewerking met wetenskappe in ondersoeke. Die metateoretiese verskille bemoeilik die gesprek en die resultate. | Die praktiese teoloog neem die empiriese instrument van die sosiale wetenskappe in diens, leer om dit te gebruik en dan met eie invalshoek en teologiese teorieë die ondersoek te doen en die resultate te interpreteer. |

### 2.2.2 Die hermeneutiese model

Die navorser se lewens- en wêreldbeskouing steun die gereformeerde tradisie. Die Skrif word as die primêre kenbron vir interpretasie bely.

Ten einde die hermeneutiese interaksie tussen die navorser en die navorsingsveld in die uitvoer van die wetenskaplike taak tydens prakties-teologiese wetenskaps-beoefening te illustreer, kan van ŉ basiese model (vgl. Figuur 5), soos dié van De Klerk en De Wet (2012:76), gebruik gemaak word. Hierdie model poog om op ŉ basiese vlak en vanuit die invalshoek van die prakties-teologiese die navorser in sy/haar gerigtheid op die navorsingsterrein te illustreer wat tydens die navorsingsproses op hermeneutiese vlak gebeur.

**Figuur 3. Hermeneutiese model**




Figuur 1

## 2.3 AANVERWANTE WETENSKAPPE

Alvorens die aanverwante wetenskappe se siening aangaande persoonlikheidskomponente en unieke verwysingraamwerke bestudeer word, word eerstens telkens aandag aan die definisie en aard van die twee onderskeie aanverwante wetenskappe geskenk.

### 2.3.1 Sosiologie

Volgens Baron *et al.*(2009:5) is ŉ formele definisie van sosiologie ŉ komplekse taak. Sosiologie fokus op die verstaan van die hoe en waarom van individuele gedrag, denke en gevoelens binne ŉ sosiale konteks – wat die werklike en denkbeeldige teenwoordigheid van ander insluit. Sosiologie word verder as die wetenskaplike veld gedefinieer wat na begrip vir die aard en oorsaak van individuele gedrag, binne sosiale konteks, soek. Sosiologie ondersoek vervolgens die wyses waardeur gedagtes, gevoelens en optredes deur die sosiale omgewing, deur ander mense of slegs deur die gedagtes aan ander beïnvloed word. Aansluitend hierby definieer Grivas (2006:132) sosiologie as die area van psigologie wat spesialiseer in die bestudering van hoe ŉ individu se denke, gevoelens en gedrag deur ander individue, groepe en die gemeenskap beïnvloed word. Die klem is dus op die bestudering van individuele gedrag, wat sosiaal van aard is en faktore wat sosiale gedrag en sosiale lewe beïnvloed.

Met betrekking tot hierdie studie word na die moontlike insigte wat sosiologie mag bied met betrekking tot persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk binne die Christelike huwelik gekyk. Die ondersoek maak egter geensins aanspraak op volledigheid nie aangesien dit ŉ beperkte omvang weens die aard daarvan het.

#### 2.3.1.1 ŉ Snit vanuit die sosiologie: Interpersoonlike aangetrokkenheid en hegte verhoudings

Mense se behoefte tot verbintenis met ander persone verskil. Die mens soek na die optimale hoeveelheid sosiale kontak, met die voorkeur om soms alleen te wees en soms sosiaal te verkeer. Verder verskil mense ook ten opsigte van die wyse van emosionele verbintenis of verbindingstyle asook ten opsigte van die mate waartoe ŉ persoon bereid is om sy/haar diepste gedagtes en gevoelens teenoor ander te ontbloot.

Wat laasgenoemde betref kan daar byvoorbeeld verbintenisangs of ŉ vrees vir verwerping deur ander wees (Neel *et al*., 2016:890; O'Conner & Rosenblood, 1996:513).

**2.3.1.2 ŉ Snit vanuit die Sosiologie: Die huwelik: ewige geluk of nie?**

Binne die meeste kulture word die huwelik as ŉ lewenslange verbintenis tussen twee persone gesien. Hoewel dit nie meer algemeen gebeur nie, is dit steeds die doelwit van die meeste persone wat hierdie stap neem (Baron *et al*., 2009:260).

Sosioloë doen reeds jare navorsing oor menseverhoudings, insluitend die huwelik. Reeds in 1930 het Terman en Buttenwieser studies gedoen om faktore te identifiseer wat tot huweliksgeluk bydra – *Building the Science: Classics of Social Psychology* (Terman & Buttenwieser, 1935a, 1935b).

Die studies deur Terman en Buttenwieser (1935a & 1935b) het die volgende uitkomste gelewer:

- Egpare, gelukkig of ongelukkig getroud, neig om met iemand waarmee daar gemeenskaplike ooreenkomste is, te trou. Dit blyk vanuit die antwoorde op die 500 vrae wat aan hulle deur Terman en Buttenwieser gestel is.
- Geluk word deur die graad van ooreenstemming of verskille beïnvloed. Hoe meer ooreenkomste daar is, byvoorbeeld oor aspekte soos konflikhantering, belewing van ander mense en bydraes tot welsyn van ander, hoe gelukkiger is die verhouding.
- Dit mag wees dat hoe langer egpare getroud is, hoe meer stem hulle ooreen en dat ooreenstemming die resultaat, eerder as die rede van geluk kan wees.
- Baron *et al.* (2009:261) toon egter aan dat meer onlangse navorsing dieselfde uitkomste toon.

Teenoor ŉ samebindingsfaktor soos ooreenstemming in die huwelik is daar uiteraard ander persoonlikheidseienskappe wat gelukkige samesyn nadelig kan beïnvloed, soos byvoorbeeld narsisme. Aansluitend hierby is ook persone wat ŉ verhoudingstyl van vooroordeel en vreesvolle vermyding (*fearful-avoidant)* asook angstigheid en negatiwiteit handhaaf. Persoonlikheidseienskappe soos hierdie word in die algemeen met interpersoonlike negatiwiteit en ongelukkigheid in die huwelik geassosieer (Mynhardt *et al.,* 2009:75).

#### 2.3.1.3 ’n Snit vanuit die Sosiologie: Faktore wat ’n rol in huweliksgeluk speel

Die huwelik is ’n hegte verhouding en word deur wedersydse afhanklikheid gekenmerk – binne hierdie hegte verhouding beïnvloed die twee individue mekaar se lewens, hulle deel gedagtes en emosies en doen gesamentlike aktiwiteite (Baron *et al.,* 2009:267). Binne ’n langtermyn verhouding is daar verskeie probleme wat mag ontstaan, byvoorbeeld finansiële probleme, familieverwante probleme en ook verskille rakende kinderopvoeding. Bo en behalwe sulke probleme wat mag ontstaan, is daar volgens Baron *et al.* (2009: 261), dikwels ook aanduidings van verskille wat reeds voor die huwelik sigbaar is.

Eerstens is daar ooreenkomste en veronderstelde ooreenkomste. Daar is reeds na die navorsing van Terman en Butterwieser (1935a; 1935b) ten opsigte van ooreenkomste verwys. Meer onlangse navorsing plaas die fokus op ’n veelomvattende lys van “stimulus” veranderlikes wat in drie kategorieë groepeer word: agtergrondkenmerke (byvoorbeeld opvoeding, etnisiteit, denominasie), fisiese kenmerke (byvoorbeeld, ouderdom, lengte, gewig, liggaamsmassa-indeks, fisiese oefeninge) en perseptuele kenmerke (fisiese aantreklikheid, gesondheid/lewenslus). Daar is ook twee persoonlike kenmerke bygevoeg, naamlik geestelike waardes en groei-oriëntasie (rolverdeling – *a “role” item*) wat reeds vroeg in die verhouding ’n prominente rol vervul. Hierdie navorsing dui daarop dat ooreenkomste ’n primêre beginsel by die keuse van ’n lewensmaat is en dat individue veral op die ooreenkoms van “stimulus karaktereienskappe” tydens die ontmoeting van ’n potensiële lewensmaat staatmaak en dat dit in talle gevalle uiteindelik die deurslaggewende faktor is (Darren, 2015:126-131).

Dit is nie slegs so dat persone volgens die beginsel van ooreenstemming trou nie, maar binne gelukkige huwelike glo die huweliksmaats dikwels dat hulle selfs meer ooreenstem as wat werklik die geval is (Schul & Vinokur, 2000:987-1001). Werklike sowel as veronderstelde ooreenkoms blyk ’n besondere bydrae tot tevredenheid binne die huwelik te lewer (Byrne & Blaylock, 1963:417-431; Tidwell, Eastwick & Finkel, 2013:199-215; Baron, Branscombe & Byrne, 2009:262).

Sekere persoonlikheidsdisfunksies, soos byvoorbeeld narsisme, dui in die algemeen op

ŉ rooi lig vir ŉ gelukkige huweliksverhouding. Narsisme dui op ŉ individu wat verhewe tot meeste ander persone voel, wat na bewondering streef en ŉ gebrek aan empatie toon. Die tipiese persoonlikheidseienskappe van ŉ narsistiese persoonlikheid bevorder gewoonlik nie goeie verhoudings nie (Murray, Holmes, Griffin, Bellavia & Rose, 2001:423-436).

Verdere disfunksies wat ŉ rol in huweliksgeluk mag speel hou byvoorbeeld met interpersoonlike gedrag en verbindingstyle (*attachment styles*) verband. Individue met byvoorbeeld vooropgestelde (*preoccupied*) of vreesvolle-vermydingsverbindingstyle (*fearful- avoidant*) se kans op geluk is minder as diegene met ŉ stabiele (*secure*) verbindingstyl of ŉ laat-vaar (*dismissing*) verbindingstyl (Murray *et al*., 2001:423-436). Verdere persoonlikheidseienskappe wat ŉ negatiewe uitwerking op huweliksgeluk mag hê, is angstigheid, negatiwiteit en neurotisisme (Huston, Caughlin, Houts, Smith & George, 2001:240).

### 2.3.1.4 Gevolgtrekkings

Uit die navorsing van sommige sosioloë kan afgelei word dat persone in die algemeen meer aangetrokke tot ander persone is met wie hulle byvoorbeeld ten opsigte van konflikhantering of belewing van ander mense ooreenstem. Hoe meer ooreenkomste daar tussen huweliksmaats is, hoe groter is die moontlikheid op huweliksgeluk. Hierdie ooreenkomste kan werklik wees maar kan ook op veronderstellings gebaseer wees.

Sekere persoonlikheidsdisfunksies, byvoorbeeld narsissisme, is in die algemeen nie tot voordeel van ŉ gelukkige huweliksverhouding nie. Die persoonlikheidseienskappe van ŉ narsistiese persoonlikheid bevorder gewoonlik nie goeie verhoudings nie.

Interpersoonlike gedrag asook sekere tipes verbindingstyle kan ook ŉ negatiewe invloed op huweliksgeluk hê.

### 2.3.2 PSIGOLOGIE

Sedert die antieke Griekse tye het mense aangeneem dat persoonlikheidseienskappe, ŉ effek op hegte verhoudings het (Simpson, *et al*., 2006: 231). Die studie van moderne persoonlikheidspsigologie het in die twintigste eeu, gewortel in drie negentiende eeu se intelligensietemas, begin floreer naamlik: ŉ diep geloof in individualisme, ŉ deur-

dringende belangstelling in die irrasionele en onderbewuste en ŉ sterk klem op meetbaarheid (Winter & Barenbaum, 1999:4). Persoonlikheidspsigologie kan verder as die formele wetenskaplike teenstuk van die informele kennis van die menslike natuur beskryf word (Jordaan, 1993:91-102). Cherry (2016) verwys na persoonlikheid as die somtotaal van ŉ kenmerkende denkpatroon, gevoelens en gedrag wat ŉ persoon uniek maak.

Ten opsigte van hierdie studieterrein, werp die Psigologie lig op ondermeer die volgende twee belangrike aspekte:

- Temperamentverskille
- Persoonlikheidsverskille

#### 2.3.2.1 ŉ Snit vanuit die Psigologie: Persoonlikheid

- **Psigoanalitiese teorie van Sigmund Freud (1856-1939)**

Die psigoanalitiese benadering tot persoonlikheid is gemoeid met die diep onderbewuste prosesse, konflik en verdediging, die sogenaamde Oedipus kompleks asook die sentrale rol van seksuele dryfkrag in die ontwikkeling van persoonlikheid en neuroses (Westen & Gabbard, 1999:57). Die fundamentele hipoteses van die psigoanalise is dat die mens se innerlike, subjektiewe bewussyn uit verskillende lae bestaan wat in diepte en die mate waartoe dit bewustelik of onbewustelik is, wissel (Meyer, Moore & Viljoen, 2003:40).

- **Die analitiese teorie van Carl Jung (1875-1961)**

Jung se siening van die mens se psige blyk baie kompleks te wees – dit wil voorkom asof dit terselfdertyd optimisties en pessimisties, deterministies en teleologies is. Volgens Jung is die mens ŉ komplekse dinamiese wese, saamgestel uit teenstrydige faktore wat die mens bewustelik of onbewustelik, tot aksie kan dryf of trek. Na aanleiding van die teenstrydige kragte wat Jung in die psige van die mens onderskei, kan sy teorie van die mens as dialekties gesien word. Volgens Jung is hierdie teenstrydige kragte in alle mense teenwoordig. Gevolglik is niemand net goed of net sleg nie, suiwer introvert of ekstrovert, manlik of vroulik nie, omrede die onderbewuste deur die teenoorgestelde gedomineer word van wat die bewuste domineer. Die mens poog om hierdie teenstrydige neigings binne ŉ harmonieuse geheel, naamlik die self, te integreer (Viljoen, 2003b:95).

- **Die individuele psigologie van Alfred Adler (1870-1937)**

Adler handhaaf ʼn holistiese siening van die mens wat impliseer dat die individu as ʼn geheel funksioneer en dat ʼn behoorlike verstaan van persoonlikheid nie deur 'n studie van afsonderlike komponente kan geskied nie (Meyer *et al.,* 2003:130). Verder sien die outeur persoonlikheid slegs as ʼn geheel wat funksioneer om self-bepalende doelwitte te bereik en die outeur onderskei gevolglik nie tussen spesifieke komponente van persoonlikheid nie. Die outeur beskryf die individu as iemand met sekere *konstitusionele eienskappe* en ʼn *kreatiewe self* – hierdie twee eienskappe tesame met die interaksie van die *sosiale omgewing* bepaal hoe die individu ontwikkel en watter doelwitte nagestreef sal word, met ander woorde dit bepaal hul *lewensstyl* (Meyer *et al.,* 2003:132). Adler beskou ook die strewe tot superioriteit of perfeksie as die oorheersende motivering van die mens. Hierdie strewe manifesteer op tweërlei wyse, naamlik *strewe na mag* en *sosiale belang*. Hierdie strewe word deur *belewing van minderwaardigheid* geaktiveer wat weer tot ʼn poging lei om die minderwaardigheid by wyse van *kompensasie* te oorkom (Meyer *et al.,* 2003:135). Die konteks van Adler se teorie is nou gekoppel aan die ontwikkeling van persoonlikheid, die vraag na hoe die betrokke individu se bepaalde lewenstyl uiteindelik sal ontwikkel (Meyer *et al*., 2003:138).

- **Die Sosiaal-georiënteerde psigoanalitiese teorie**

Karen Horney was ʼn invloedryke psigoanalitiese denker en haar twee belangrikste werke is: *The neurotic personality of our time* (1937) en *New ways in psychoanalysis* (1939). Hierin argumenteer sy dat omgewing en sosiale omstandighede, eerder as biologiese dryfkrag, verskeie elemente van persoonlikheid bepaal en ook help om neuroses te vorm. Die verskillende strategieë wat ʼn kind aanvaar om angs te hanteer, kan gevolglik tot volhardende en irrasionele behoeftes lei wat neuroses en persoonlikheidsteuring tot gevolg mag hê. Horney se invloed het oor dekades in die psigiatriese professie, asook veral by feministe, bly geld.

Horney is in 1885 gebore en in 1952 oorlede. Sy gee nie detail met betrekking tot die struktuur en ontwikkeling van persoonlikheid nie – volgens haar is dit belangriker om die psigodinamika van persoonlikheid, in die besonder die neurotiese persoonlikheid, te verstaan. Waar sy aandag aan die strukturele elemente of beginsels van ontwikkeling skenk, is dit gevolglik altyd as deel van haar teorie rakende die dinamika van

persoonlikheid. Sy tref egter wel 'n onderskeid tussen die geïdealiseerde self, die aktuele self en die werklike self. Volgens Horney is die dinamika van persoonlikheid op konstruktiewe groei en ontwikkeling, te danke aan ŉ inherente groeibeginsel, gerig (vgl. Viljoen, 2003c:157).

- **Sosiaal kognitiewe teorie van persoonlikheid**

Volgens hierdie benadering is die mens ŉ self organiserende wese, proaktief, self-reflekterend en self-regulerend en dus nie slegs ŉ reaktiewe organisme wat deur eksterne gebeure gevorm en beskerm word nie. Bandura (1999:154) beklemtoon dat om *agentic* te wees, dit nodig is om doelbewus ŉ *doener* te wees– iemand wat kies om eie aktiwiteite te konstrueer en met die besef van sekere uitkomste te reguleer.

- **Die postmoderne benadering van James Hillman (1926-2011)**

London (2012) verwys na James Hillman as die vader van "*archetypal*" psigologie, ŉ skool waarvan die denke op "*re-visioning*" of "*reimaging*" psigologie gerig is. Hillman (1992:124) het geargumenteer dat terapie verder as die beperking van wat hy "*nature*" en "*nurture*" teorieë noem, behoort te strek. Hillman se doel was gevolglik om terapie verder as bloot die spreekkamer te neem en dit deel van die werklike lewe te maak.

Een van die grootste raaisels, volgens Hillman, is die vraag na karakter en bestemming. In sy boek, *The Soul Code* (1996), argumenteer Hillman dat die mens se roeping in die lewe aangebore is en dat die lewensdoel van die mens is om die imperatief van hierdie doel te besef en na te jaag. Hy verwys hierna as die "*acorn theory*", naamlik die gedagte dat die mens volgens ŉ bepaalde beeld gevorm is net soos die akkerboom se bestemming in die akker opgesluit lê.

Hillman se basiese vertrekpunt is rondom die konsep van die siel gesentreer en in hierdie verband gebruik hy die Griekse term, *psige,* en die Latynse term, *anima,* afwisselend. Hy ag die siel as moeilik definieerbaar deur middel van ŉ beperkende definisie omrede dit die ganse menslike misterie omvat. Op hierdie wyse word die psigologie onlosmaaklik aan vrae oor godsdiens, liefde, die dood en die uiteindelike bestemming van die mens verbind (vgl. Viljoen, 2003a:235; Moore, 1980:278; Bazzano, 2011:).

Hillman verken verder sekere standaard patrone in ŉ poging om gedrag te verstaan en hy sien gedrag as die produk van verbeelding, wat die primêre aktiwiteit van die psige is. Hy beskou ook elke mens of siel nie as ŉ energieveld nie maar as ŉ veld van interpersoonlike verhoudings met mitologiese gode en godinne (Hillman & Straud, 2015:par. 47; Viljoen, 2003a:237; Stern, 2012:496).

### 2.3.2.2 Temperament

Temperament is ŉ antieke konsep. So vroeg soos die vyfde eeu v.C. het Griekse geneeshere geglo dat gesondheid op die harmonieuse samewerking van vier sogenaamde '*humors*' berus. Galen het in die tweede eeu n.C. op die teorie uitgebrei en voorgestel dat die dominansie deur enige van die vier '*humors*' elk ŉ karakteristieke emosionele styl of temperament tot gevolg het wat vervolgens die kern van vier basiese persoonlikheidstipes vorm (Eysenck & Eysenck, 1985:3).

Furguson (2016) en Cambell (2015) toon beide aan dat die sentrale rol van temperament (afgelei van die Latyn: *tempermentum*) in die verstaan van persoonlikheid in die vroeë twintigste eeu se werk van die psigoloog, Gordon Allport, geartikuleer word. Allport definieer temperament soos volg: *"The dynamic organization within the individual of those Psychophysical systems that determine his unique adjustment to environment."* Later in die twintigste eeu is die teorie van temperament meer toeganklik gemaak deur David Keirsey, ŉ psigiater en outeur van onder andere, *"Please understand me: character and temperament Types* (1984).

Digman (1994) wys ook op die betekenis van die woord, *temperament*, as duidend op die aksie "om te vermeng." Die verskille tussen die verskillende "*humors*" is gevolglik gelykgestel aan die verskille in temperament (vgl. Clark & Watson, 1999:399).
Volgens die antieke beskouing was hierdie vier basiese temperamente of

persoonlikheidstipes die volgende:

- Die sanguiniese of opgeruimde en aktiewe temperament wat ŉ oormaat bloed reflekteer.
- Die melankoliese temperament wat ŉ oormaat swart gal reflekteer.
- Die koleriese of kwaai tipe temperament wat ŉ oormaat geel gal reflekteer.

- Die flegmatiese temperament van die kalm passiewe persoonlikheid en wat ŉ oormaat slym reflekteer.

Twee aspekte van hierdie antieke formulering wat in huidige temperamentteorieë behoue gebly het, is die volgende:

- Biologiese faktore is onderliggend aan waarneembare karaktereienskappe.
- Emosies is die kern en bepalende eienskap van temperament (Clark & Watson, 1999:399).

Clark en Watson (1999:399) haal Allport (1971:54) se definisie van temperament soos volg aan:

> *Temperament refers to the characteristic phenomena of an individual's emotional nature, including his [sic] susceptibility to emotional stimulation, his customary strength and speed of response, the quality of his prevailing mood, and all peculiarities of fluctuation and intensity in mood; these phenomena being regarded as dependent upon constitutional make-up and therefore largely hereditary in origin.*

Die Oxford South African Concise Dictionary (2014:1221) bied die volgende verduideliking van die woord *temperament* aan: *"A person's nature with regard to the effect it has on their behaviour."*

- **Kort geskiedenis van navorsing ten opsigte van temperament**

Volgens Clark en Watson (1999:401) het Amerikaanse psigoloë in hul navorsing rondom die tema van temperament die fokus op struktureleontleding geplaas, met die doel om ŉ uitgebreide beskrywende taksonomie van persoonlikheidstrekke daar te stel, sonder om noodwendig die nodige aandag aan die etiologie van die dimensies wat ondersoek is te skenk.

*Die kern van die debat het oor die volgende twee vrae gehandel:*

- Gaan dit oor kenmerke (*traits*) in enige basiese psigologiese sin of reflekteer kenmerke (*traits*) slegs kognitiewe konstruksies wat mense op die werklikheid projekteer, om hul behoefte aan voorspelbaarheid en kontrole te bevredig?
- Kan tipiese kenmerke (*traits*) as ŉ betroubare aanduiding (*predictors*) van kriteria binne die werklikheid beskou word?

Na twintig jaar se teoretiese en empiriese debat, is die antwoord op albei vrae die volgende: Trekke verteenwoordig werklike entiteite wat gebruik kan word om belangrike werklikheidsvoorstelle te maak (Clark & Watson, 1999: 401).

- **Verskillende modelle ten opsigte van temperament**
  - **Die groot vyf kenmerke – Allport en Odbert**

Allport en Odbert (1936:26) identifiseer vier persoonlikheidskategorieë (vgl. ook John & Srivastava, 1999:103):

- Die eerste kategorie gaan oor persoonlikheidstrekke. Hier gaan dit byvoorbeeld oor sosialisering, aggressie en angs wat hulle as algemene en persoonlike deterministiese tendense en ook as ŉ konstante en stabiele modus van ŉ individu se aanpassing tot sy/haar omgewing definieer.
- Die tweede kategorie sluit tydelike toestande soos byvoorbeeld gemoeds-toestand in, wat emosies soos vrees, trots en blydskap insluit.
- In die derde kategorie gaan dit oor ŉ hoogs evaluerende peiling van persoonlike gedrag en reputasie soos voortreflikheid, waardigheid en vlak van irritasie. Hoewel hierdie eienskappe na sekere individuele trekke verwys, dui dit nie die bepaalde bydraes aan wat aanleiding tot die evaluering van die individu deur ander of die gemeenskap in die algemeen gee nie.
- Die vierde kategorie fokus op fisiese karaktereienskappe soos bekwaamhede en talente asook terme wat nie aan een van die ander kategorieë toegeskryf kan word nie.

Cattell (1943) verkort Allport en Odbert se klassifikasie en vanuit die verkorte lys stel Norman (1963), Borgatta (1964) en Digman en Takemoto-Chock (1981) die volgende faktore saam – later as die groot vyf kenmerke bekend: (vgl. John & Srivastava, 1999:105, Catell, 2009).

- Ekstroversie – spraaksaamheid, daadkragtigheid, energiekheid.
- Genoeglikheid (welgevalligheid) – goedgeaard, samewerkend en betroubaar.
- Pligsgetrouheid (nougesetheid) – ordelikheid, verantwoordelik en betroubaar.
- Emosionele stabiliteit versus neurotisisme – kalmte, nie neuroties nie, nie maklik ontwrig nie.
- Intellek of openheid – intellektueel, verbeeldingryk en onafhanklike denke.

- **Die groot drie model**

Hierdie model het vanuit die pionierwerk van Eysenck (1992:667-673) ontstaan en onderskei basies die volgende drie groot kategorieë:

- ***Neurotisisme-negatief versus emosioneel***

Hierdie kategorie reflekteer individue in die mate waarin die persoon die wêreld as bedreigend, problematies en treurig waarneem. Persone met 'n hoë telling hier beleef verhoogde vlakke van negatiewe emosies en 'n breë spektrum van probleme, terwyl 'n lae telling op kalm, emosioneel stabiele en selftevrede persone dui.

- ***Ekstroversie versus positief-emosioneel***

Hoë tellings hier sou op aktiewe sosiale betrokkenheid dui en iemand wat energiek en aktief aan die lewe deelneem, entoesiasties is, opgewonde en vol van selfvertroue is. Hulle is dus sosiaal. Hierteenoor is die introvert wat nie sosiaal is nie, met laer energievlakke en minder selfvertroue.

- ***Disinhibisie (onbevangenheid) versus bevangenheid (dwang, opsluiting, gedwongenheid****)*

Hierdie kategorie reflekteer individuele gedragsverskille in ongekontroleerde en oorgekontroleerde gevalle. Onbevange individue is meer impulsief en roekeloos en primêr georiënteerd tot gevoelens en sensasies van die onmiddellike oomblik teenoor bevange individue wat behoorlik beplan, nie kanse waag nie en gevare vermy en meer deur die langtermyn implikasies van hul gedrag gekontroleer word (Clark & Watson, 1999: 403).

- **Die strukturele model**

In hierdie model word persoonlikheidstrekke hiërargies georden vir meer aanpas-baarheid by verskillende modelle. Aan die bopunt is die sogenaamde 'groot trekke' soos neurotisisme en ekstroversie. Op die volgende vlak kan die breër disposisies (neigings/ natuur/gesindhede) in verskeie afsonderlike empiries gekor-releerde kategorieë opgebreek word, byvoorbeeld: ekstroversie kan in meer spesifieke fasette van selfbewustheid, geselligheid, opgewektheid en energie opgedeel word. Verdere verdelings kan met betrekking tot spesifieke individuele kenmerke, soos byvoorbeeld baie praterig of spesifieke gedragsgewoontes, gemaak word (Clark & Watson, 1999: 402). Een van die eerste strukturele modelle is deur Thomas en Chess in die boek

*Temperament and Development* saamgestel wat in 1977 uitgegee is. Daarna het Buss en Plomin se werk, *Temperament: Early developing personality traits, onder andere in 1984 verskyn* (vgl. ook Dyson *et al*., 2011).

- **Die prosesmodel**

Simpson, Winterfield en Chen (2006:232) verwys daarna dat sekere persoonlikheids-komponente ŉ aanduiding mag wees van twee biologies gebaseerde sisteme wat persepsie en gedrag binne bepaalde sosiale kontekste, insluitend die huweliksver-houding, reguleer. Hierdie twee sisteme is die volgende:

- Gedragaktivering of die *approach* sisteem – toenadering.
- Gedraginhibering of die *avoidance* sisteem – vermyding/inhibering.

Die aktiveringsisteem (toenadering) word as die psigologiese neiging tot toenadering en die verkryging van positiewe stimuli, uitkomste en doelwitte gesien. Die inhibering-sisteem daarenteen, word as die psigologiese neiging gesien wat na negatiewe stimuli verwys en uitkomste wat in onttrekking en vermyding van verhoudings gereflekteer word.

Hierdie prosesmodel verduidelik hoe verskillende kontekstuele en individuele verskille, gesamentlik die kwaliteit van verhoudings kan beïnvloed. Hierdie twee benaderings (toenadering en vermyding) gaan verskillende belewenisse en ervarings met betrekking

tot die kwaliteit van verhoudings hê. Dit gaan veral in die volgende wyses sigbaar wees:

- Die tipiese situasie waarbinne elk van hierdie twee benaderings sal kies om ŉ verhouding te begin, te verlaat of te vermy.
- Hoe hulle situasies konstrueer en formuleer.
- Hoe hulle hul huweliksmaat se gedrag, doelwitte, intensies en motiewe waarneem.
- Interaksie met eggenoot (Simpson, Winterfield & Chen, 2006: 241).

Die volgende diagram beskryf volgens die prosesmodel van Simpson sekere kontekstuele interaksies met sommige dimensies van die temperament en ook die roete om waarneembare verhoudingskwaliteite te genereer. **Figuur 4. Prosesmodel**




Situasies wat met die persoon se kroniese reguleringsfokus ooreenstem (byvoorbeeld diegene wat op voorkoming gefokus is teenoor diegene wat op bevordering gefokus is), behoort die kognitiewe, emosionele en gedragseffek in die betrokke individu te beklem-toon.

Sodra geprikkel, sal die geaktiveerde fokus bepaal hoe die individu tydens interaksie met die huweliksmaat voel, dink en optree. Hierdie beskrywing is veral op situasies van toepassing wat hoogs diagnosties is van hoe die huweliksmaat mekaar werklik binne die verhouding sien, byvoorbeeld met betrekking tot situasies van vertroue. Sekere roetine-patrone van interaksie, soos tydelike verskuiwing in persepsies van verhoudings- kwaliteit, nabyheid, konflik en/of ondersteuning, mag in hierdie verband positiewe of
negatiewe korttermyn uitkomste tot gevolg hê. Indien sulke patrone uiteindelik sou stabiliseer en sodanige gedrag en emosies kenmerkend van die karakter van die verhouding sou word, kan die herhaalde voorkoms uiteindelik langtermyn veranderinge in die persepsies en evaluerings van die verhouding impliseer – dit sou vervolgens enersyds tot 'n stimulus tot groei of andersyds tot agteruitgang en verswakking kon lei (Simpson *et al*., 2006: 241).

### 2.3.2.3 Gevolgtrekkings

- Die psigologie verwys na persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk as persoonlikheidverskille en temperamentverskille. Hierdie verskille het ŉ invloed op hegte verhoudings en daar is verskeie teorieë met betrekking tot persoonlikheid en temperament.
- Die psigologiese teorie van temperament fokus op die unieke eienskappe van elke individu en mettertyd is ŉ verskeidenheid van psigologiese modelle ten opsigte van temperament ontwikkel.

### 2.3.2.4 Samevattend

Psigologie bied verskeie teorieë aangaande persoonlikheidskomponente en unieke verwysingramwerke. Vanuit hierdie onderskeie teorieë is daar oor jare heen verskeie persoonlikheidsprofielmodelle ontwikkel wat redelik algemeen gebruik word**.**

## 2.4 PERSOONLIKHEIDSPROFIELMODELLE

Navorsing deur meting, waarvan vraelyste deel vorm, is van die oudste navorsingsmetodes. Daar word byvoorbeeld na meting in die Ou Testament in Numeri 26: 1-2 verwys:

> *"En na die plaag het die Here met Moses en met Eleasar, die seun van die priester Aäron, gespreek en gesê: Neem julle die volle getal van die hele vergadering van die kinders van Israel op, van twintig jaar oud en daarbo, volgens hulle families, almal wat op kommando uittrek in Israel".*

Die Antieke Egiptenare, het reeds van sensusopnames vir die administrasie van hul ryk gebruik gemaak. Jesus is weg van Sy tuisdorp gebore omrede Sy ouers op reis was na Josef se geboorteplek vir ŉ Romeinse sensusopname.

ŉ Paar persoonlikheidsprofielmodelle wat redelik populêr is en gereeld gebruik word, is byvoorbeeld die volgende:

### 2.4.1 Myers-Briggs Type Indicator MBTI

Die Myers en Briggs Foundation History webblad (2017) bied die volgende kort geskiedenis van die MBTI aan. Die teorie van psigologiese tipes is in 1921 deur die Switserse psigiater Carl Jung bekendgestel.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het twee Amerikaanse vroue, Isabel Briggs Myers en haar ma, Katharine Cook Briggs, hul beywer om ŉ meer verbruikers-vriendelike weergawe van Jung se akademiese teorie daar te stel. Katherine Cook Briggs en Isabel Briggs Meyers het die behoefte raakgesien om vroue wat vir die eerste keer die werk-mark gedurende die oorlog betree het, te help om deur middel van persoonlikheids-voorkeure, beter keuses ten opsigte van die beskikbare werksgeleenthede te kon maak (Maddalena, 2017). Hulle ontwikkel vervolgens die Myers-Briggs Type Indicator. In 1984 word die *Myers & Briggs Foundation* gestig. In 1985 stel Katharine Myers en Margaret Hartzler die eerste MBTI kwalifikasieprogram saam wat deur uitgewers goedgekeur is. Hierdie was die voorloper van die huidige MBTI Sertifikaat Program. In 2009 stel die C*onsulting Psychologist Press* en die *Centre for Application of Psychological Types* die MBTI stap III handleiding vry. Hierdie handleiding sluit die addisionele skaal vir interpretasie deur gelisensieerde kliniese persone in. Hierdie vrystelling is uiteindelik die vervulling van Isabel Myers se droom.

Vandag word die MBTI vir huweliksberading en die ontwikkeling van leiers binne verskillende beroepe gebruik en is dit die wêreld se bekendste persoonlikheid meet-instrument (Meyers & Briggs History, 2017).

Isabel Briggs Myers en Katharine Cook Briggs, ontwikkel vervolgens die Myers-Briggs Type Indicator. Die volgende is ŉ aanhaling deur Isabel Briggs Myers (Myers & Briggs foundation, 2017):

> *"The understanding of types can make your perceptions clearer, your judgements sounder, and your life closer to your heart's desire."*

Die Meyers & Briggs foundation (2017) bied die volgende tydlyn betreffende die geskiedenis en ontwikkeling van die *Meyers-Briggs Type Indicator (MBTI)* aan:

- 1923 – Die Engelse vertaling van C.G. Jung se "*Psychological Types*" (1921) verskyn in die Verenigde State.

- 1923 – Katharine Briggs en Isabel Myers begin hul studies betreffende Jung se benadering en word gretige aanhangers.
- 1926 – Op 22 Desember publiseer Katharine Briggs 'n pioniersartikel oor persoonlikheidstipes in "*The New Republic*".
- 1941 – 1943: Myers en Briggs begin met persoonlikheidsmeting as hulpmiddel vir geskikte werkskeuses, asook die bekendstelling van die konstruktiewe gebruik van persoonlikheidsverskille.
- 1962 – Isabel Myers publiseer *Introduction to Type* met die doel om inligting te verskaf en mense te help om persoonlikheidstipes in hul daaglikse lewe te integreer.
- 1962 – *Educational Testing Services* publiseer Isabel Myers se MBTI handleiding sowel as die *Form F* instrument, wat hoofsaaklik vir navorsing tot1977 gebruik is.
- 1964 – Isabel Myers bied die volgende seminaar, "*Relation of medical students' psychological type in their specialities twelve years later*", aan.
- 1964 – Mary McCaulley begin met die program, *Typology Laboratory,* aan die Universiteit van Florida en ontwikkel die rekenaartellingprogram.
- 1975 – Myers en McCaully stig die "*entre for Application of Psychological Types* (CAPT) as onafhanklike, nie-winsgewende organisasie.
- 1975 – Myers kontrakteur met C*onsulting Psychologist Press (*CPP) in California as uitgewers van die MBTI Instrument.
- 1979 – Die *Association for Psychological Types* (APT) word as 'n lede organisasie met Katharine Myers as eerste President gestig.
- 1979 – Die publikasie, Gifts Differing, deur Isabel Myers en Peter Myers word gepubliseer. Hierdie boek beklemtoon Isabel se konsep van *constructive use of difference's.*
- 1980 – Isabel Myers sterf op 5 Mei. Die *Centre for Application of Psychological Types* stig die *Isabel Myers Memorial Library*, hierdie biblioteek bevat die grootste versameling van MBTI verwante materiaal ter wêreld.
- 1984 – Die *Myers & Briggs Foundation* word gestig.
- 1984 – Die C*onsulting Psychologist Press* publiseer MBTI Stap II. Voorkeur word aan die verduideliking gebied waarom persone van dieselfde tipe verskillend mag optree.

- 1985 – Katharine Myers en Margaret Hartzler stel die eerste MBTI kwalifikasie Program saam wat deur uitgewers goedgekeur is – hierdie was die voorloper van die huidige MBTI Sertifikaat Program.
- 2003 – Die *Centre for Application of Psychological Types* bring die Isabel's III tot stand. Lewenslange ontwikkeling is die basiese uitgangspunt van hierdie weergawe.
- 2009 – Die *MBTI Master Practitioner Program* word ontwikkel – hierdeur kan MBTI-praktisyns hul kennis verbreed, nuwe bevoegdhede bekom en hul kundigheid bevorder.
- 2009 – Die C*onsulting Psychologist Press* en die *Centre for Application of Psychological Types"* stel die MBTI stap III handleiding vry. Hierdie handleiding sluit die addisionele skaal vir interpretasie deur gelisensieerde kliniese persone in. Hierdie vrystelling is die vervulling van Isabel Myers se droom.
- 2013 – Die *Centre for Application of Psychological Types* stel die *Mary and*
- *Isabel Library Online* bekend – hierdie biblioteek verskaf Internet toegang tot die *Isabel Briggs Myers Memorial Library.*

Tans word die MBTI met betrekking tot situasies so divers as huweliksberading en die ontwikkeling en toerusting van persone in leierskap gebruik en dit het tans tot die wêreld se mees bekende persoonlikheidsinstrument ontwikkel (Meyers & Briggs foundation, 2017). MBTI (2017) bied die volgende inligting aangaande die vergelyking van die MBTI met ander psigologiese meetinstrumente.

Die MBTI is soos ander psigologiese meetinstrumente, 'n pen en papierinstrument wat saamgestel is om sekere persoonlikheidskwaliteite te bepaal. Respondente be-antwoord die vrae volgens persoonlike voorkeure binne bepaalde situasies. Die antwoorde bied 'n aanduiding van 'n bepaalde persoonlikheidstipe. Die MBTI bepaal nie geestesgesondheid, intelligensie of disfunksionele persoonlikheidstipes of patrone nie – dit is inteendeel eerder op selfontdekking gefokus. Die MBTI sorteer persoonlik-heidstipes volgens kwalitatiewe verskille en tref geen vergelyking met ander persone, normale of patologiese standaarde nie. Die persoonlikheidstipe wat die respondent op die MBTI weergee, is 'n hipotese wat deur die respondent geverifieer moet word om te bepaal of hy/sy met die beskrywing ooreenstem, wat tot die gepaste tipe lei.

### 2.4.2 Die DISC Classic meetinstrument

Die History of DISC webblad (2017) bied die volgende kort geskiedenis van die ontwikkeling van die DISC Persoonlikheid Sisteem aan. Die ontwikkeling van DISC word oorspronklik aan William Moulton Marston toegeskryf (William Moulton Marston's legacy, 2017). William Moulton Marston is op 9 Mei 1893 gebore en hy sterf op 2 Mei 1947. Aan die universiteit van Harvard verwerf hy in 1915 'n BA graad, in 1918 ontvang hy 'n LLB graad en in 1921 'n PhD in Psigologie. Sy uitgebreide navorsing en teorie word in sy boek, "*Emotions of Normal People*" vervat, wat in 1928 verskyn het. In hierdie werk fokus hy in besonder op persoonlikheidstyl as die taal van waarneembare gedrag. Sy boek, "*Integrative Psychology,*" verskyn in 1931 (History of DISC, 2017). William Moulton Marston het bevind dat gedragseienskappe in vier hoofindelings groepeer kan word en hy verwys daarna as persoonlikheid style. Persone met dieselfde styl is geneig om dieselfde gedrag te openbaar wat met die tipiese karaktereienskappe gekoppel aan die bepaalde styl, verband hou.

Marston skep vervolgens 'n meetinstrument (DISC) waarvolgens die gemiddelde en relatiewe neiging van individue om in ooreenstemming met een van die vier gedragstyle op te tree, geïdentifiseer kan word (William Moulton Marston's legacy, 2017). Die huidige DISC meetinstrument is in 1940 deur Walter Clark vanuit die teorie van William Moulton Marshall, ontwikkel (DISC test & DISC assessment explained, 2017).

Die DISC-Classic meetinstrument gaan van die veronderstelling uit dat die fondament van persoonlike en professionele sukses in kennis van jouself lê, kennis van ander en 'n besef van wat die impak van jou dade en houding op ander mag hê (Bussinessballs.com, 2017).

**Die akroniem DISC word deur die volgende verteenwoordig**:

- D – (*Drive)* – Opreg, beslis, hoë ego-sterkte, probleemoplossing, waaghalsig en selfaktiverend
- I – (*Influence*) – Entoesiasties, Vertroulik, Optimisties, Oortuigend, Spraaksaam, Impulsief en Emosioneel.
- S – (*Steadiness)* – Goeie luisteraar, spanspeler, besitlik, standvastig, voorspel-baar en verstaanbaar.
- C – *(Compliance*) – Akkuraat, ontleding, konsensieus, feitlik, sistematies en hoë standaarde.

Vir die grootste hoeveelheid mense is daar nie een suiwer styl nie, maar alle mense deel die vier style met variasie in intensiteit. Die webblad van die organisasie wat hierdie program bemark (Disc theory and disc personality traits, 2017) stel dat hoewel dit moontlik is, is dit selde dat ŉ persoon net dominansie *(drive)* as ŉ persoonlikheidstrek sal hê. Dominansie (*drive)* sal eerder die hoogste faktor wees, met standvastigheid (*steadiness*) as sekondêre faktor terwyl ŉ deeltjie van die kenmerk van *invloed (influence*) selfs ook kan voorkom. Hierdie saamgestelde style staan as stylvermenging *(style blend)* bekend, elk met eie karaktereienskappe, voorkeure, vrese, sterktes en beperkings. In geheel word dit dan beskryf as die universele taal van gedrag, omrede die eenvoud en erns van die stelsel. Deur die primêre, sekondêre, tersiêre en selfs afwesige persoonlikheidseienskappe in ag te neem, kan die unieke samestelling van ŉ persoon se DISC-Classic persoonlikheidstyl bepaal word. Hierdie proses help ook om die invloed van hierdie eienskappe met betrekking tot alledaagse optredes, voorkeure in verskillende situasies, kommunikasie met ander, organisasievermoë, reaksie op konflik of die vermyding daarvan, te kan bepaal.

Begrip vir ŉ persoon se DISC-Classic persoonlikheidsamestelling is ŉ nuttig hulpmiddel wanneer proaktiewe stappe geneem word om ŉ persoon in ŉ omgewing te plaas waar hy/sy gemaklik en bemagtig voel – dit ook die regte benadering om te gebruik en te volg. Persone sal gewoonlik positief hierop reageer sowel as ŉ beter begrip hê en meer voorbereid op ander se aksies en reaksies in die algemeen wees. Menslike gedrag is kompleks maar voorspelbaar. Sedert die ontstaan van DISC-Classic is dit deurgaans as betroubaar, geldig en ŉ wetlik verdedigbare instrument bewys (Disc theory and disc personality, 2017).

DISC test & DISC assessment explained (2017) bied die volgende verduideliking van die DISC-Classic persoonlikheidsprofielsisteem.

DISC-Classic skep ŉ metode om gedrag, temperament en persoonlikheid te verstaan en bied ŉ veelomvattende oorsig van die respondent se denkwyse, optree en interaksie met ander. Die DISC-Classic persoonlikheidsprofiel identifiseer gedragspatrone en kan ook aangewend word om die respondent se sterkpunte te versterk en swakpunte te

verminder. Die DISC-Classic meetinstrument word algemeen in besighede, opvoed-kundige instellings, verkope, opleiding en berading gebruik.

Die gebruike van die DISC-Classic meetinstrument sluit onder andere die volgende in:

- Versterking van kommunikasievaardighede.
- Opbou van leierskapsvermoë.
- Ontlonting van interpersoonlike konflik.
- Keuses ten opsigte van volhoubare doelwitte.
- Verbeterde werksverrigting en produktiwiteit.
- Verhoogde motivering.
- Versterking van vaardighede binne werksverband.
- Spanbou.
- Aanleer van produktiewe werk- en studiegewoontes.
- Verbetering van besluitnemingsvermoë.

Die DISC persoonlikheidsprofiel maak geen onderskeid tussen ras, geslag of ouderdom nie en dit bied ŉ onpartydige en konstruktiewe bewoording om denke, aksies, optrede en interaksie te beskryf.

### 2.4.3 Die 'Life Style' vraelys

Peluso, Stolz, Belangee, Frey en Peluso, (2010:153) toon aan dat die volgelinge van Alfred Adler van ŉ gestruktureerde onderhoudprotokol gebruik gemaak het om die elemente van ŉ persoon se lewenstyl te identifiseer. Hierdie assesseringsmetode was ten opsigte van individuele assessering binne die raamwerk van klinieke suksesvol, maar dit was nie geskik om vergelykings tussen individue of groepe te hanteer nie en daarom is die model later verbreed. Wheeler, Kern en Curlette ontwikkel in 1993 die sogenaamde "*BASIS-A Inventory.*" Die basiese vertrekpunt hiervan is dat individue ŉ stel oortuigings (*set of beliefs*) binne ŉ bestendige interpersoonlike verhoudingstyl teenoor ander persone organiseer terwyl dit ook ŉ wyse is waarop die uitdagings van die lewe op die gebied van liefde, werk en sosiale verhoudings hanteer word (vgl. Wheeler, Kern & Curlette, 1993; Kern, Gormley & Curlette, 2008:208).

Daniel Eckstein, professor in mediese psigologie aan die Mediese Skool van die Saba Universiteit in Nederland is die samesteller van die sogenaamde "*Life Style*

*Assessment" wat* op die "*BASIS-A Inventory*" geskoei is (Eckstein, 2003;2012:xx; Peluso*, et al.,* 2010:153*).*

Esterhuyzen (2011:1) toon aan dat die "*Life-Style Quest*" saamgestel is om as objektiewe maatstaf gebruik te word ten einde te bepaal in watter groep van die vyf beskrywende persoonlikheidskaraktergroepe 'n spesifieke persoon behoort. Die vyf groepe is: aggressief (aggressive); konformerend (conforming); verdedigend (defensive); individualisties (individualistic) en weerstandig (resistive) (Esterhuyzen, 2011:1).

Esterhuyzen (2011:19) stel ook dat diername aan die vyf "*lifestyle*" kategorieë toegeken is om moontlike negatiewe stereotipering te verhoed. Die vyf diersoorte word vervolgens as metafoor vir basiese lewenstyle gebruik. Die tier as aggressiewe dier, die verkleur-mannetjie as inskiklik, die skilpad as verdedigend, die arend as individualisties en die salm as weerstandig. 'n Kort beskrywing van die eienskappe van die vyf diersoorte is soos volg:

- ***Tiere:*** Daar word algemeen aanvaar dat tiere aggressief is. Tiere hou daarvan om mag uit te oefen, die middelpunt van aandag te wees en daarop aan te dring om op hul eie manier op te tree. As kind was tiere gewoonlik leiers en handhaaf hierdie rol ook as volwassene. Tiere is ondernemend, energiek en ambisieus.
- ***Verkleurmannetjies*****:** Verkleurmannetjies word in die algemeen as inskiklik gesien. Hulle is buigbaar en geneig om probleme te konfronteer. Verkleurmannetjies vorder dikwels vinnig in besigheid omdat hulle betroubaar, hardwerkend en eerlik is. Verkleurmannetjies is samewerkend, sosiaal, warm, hulpvaardig, prakties en eties korrek.
- ***Skilpaaie*****:** Skilpaaie word in die algemeen as verdedigend gesien. Skilpaaie is ernstig en vindingryk en lei selfgekontroleerde en stabiele lewens. Skilpaaie is ook dikwels alleen mense, met een of twee hegte verhoudings. Verder is hulle intuïtief en sensitief en is dit vir hulle moeilik om te erken dat hulle feilbaar is. Mense mag skilpaaie as koppig ervaar omrede hulle gewoonlik nie belangstel om die *status quo* te verander nie.
- ***Arende*****:** Arende word as individualisties gesien. Publieke opinie is nie vir hulle belangrik nie en hulle mag egoïsties wees en die regte van ander oorskry om hulle sin te kry. Arende is bevoeg, hardwerkend, selfbewus en avontuurlik en

hulle idealiseer vooruitgang. Arende hou van werk waar hulle onafhanklik kan wees en is dikwels entrepreneurs.

- ***Salm*****:** Salms word as weerstandig gesien. Hulle verkies om "stroom op" te swem eerder as om die "instelling" se waardes te onderskryf. Salms mag stappe teen onderdrukking neem en eis dat hulle gehoor word. Salms is lewenskragtig, vooruitstrewend en opstandig en hou nie van wat hulle as sosiale skynheiligheid beskou nie.

Esterhuyzen (2011:34) toon aan dat persoonlikheid en karakter reeds vroeg in die ontwikkelingsfase van alle mense manifesteer en relatief konstant deur die lewenspan van die individu bly. Dit is ook belangrik om faktore soos opvoeding, omgewing, gemeenskap en sosio-ekonomiese status in ag te neem wanneer gepoog word om bepaalde optredes van individue te verduidelik. ʼn Spesifieke situasie ontlok verskillende reaksies en daarom mag individue verskillende gedrag tydens verskillende situasies openbaar.

### 2.4.4 Die Keirsey model

Die ontwikkeling van die "*Keirsey Temperament Theory*" dateer terug na die Tweede Wêreldoorlog terwyl David Keirsey diens in die Amerikaanse weermag gedoen het. Tydens die oorlog het hy ʼn studie van psigologie begin met ʼn besondere belangstelling in die veld van persoonlikheid. Na die oorlog praktiseer David Keirsey as opvoedkundige sielkundige en hy begin sy teorie gedurende die vyftiger jare in die praktyk toepas (Keirsey, 2017). Hy het basies sy teorie en meetinstrument vanuit die psigiater, Carl Jung, se werk ontwikkel met die oog daarop om insigte ten opsigte van individue se temperamente meer toeganklik vir die publiek te maak.

Vroeg in die 1970's stel Keirsey sy teorie in die Departement van Berading as deel van die opvoedkundige curriculum aan die Staat Universiteit van Kalifornië, Fullerton, waar hy verbonde was, bekend. In 1978 publiseer hy sy boek: *Please understand me*, en stel so die Keirsey Temperament Indeling (Sorter) aan die wêreld bekend. In 1996 word die *Keirsey Temperament Sorter* deur Keirsey.com op die web beskikbaar gestel (Keirsey, 2017).

Volgens David Keirsey se webblad, is hy ʼn veteraan “personoloog” (*personology)*, wat in die pragmatisme spesialiseer asook om kinders, ouers en lewensmaats te leer om konflik te verminder en samewerking te bevorder. Hy beklemtoon in hierdie verband dat gesonde passing tussen individue in verhoudings-, skool- en werkverband onnodige konflik tussen mense uit die weg kan ruim (vgl. Struwig, 2006:27). Wêreldwyd word die Keirsey temperament vraelyste deur organisasies onder andere vir spanbousessies, ontwikkeling van werknemers en leiers, konflikhantering, akademiese berading en beroepsbeplanning gebruik (Keirsey, 2017).

**2.4.4.1 Oorsig van die indeling van die vier temperamente volgens Keirsey**

Keirsey gebruik die volgende vier indelings as basis vir mense in die algemeen: die mensdom:

- Ambagsman (*artisan*)
- Beskermer (*guardian*)
- Rasionalis (*rationa*l)
- Idealis (*idealist*)

Elk van die temperamente beskik oor eie unieke kwaliteite en tekortkominge, sterkpunte en uitdagings, waaraan die verskille toegeskryf kan word (Keirsey, 2017). Die vier temperamente spruit uit twee basiese dimensies van menslike gedrag voort naamlik: Wat ons *sê* en wat ons *doen.*

Ons let vervolgens op elk van die vier:

- ***Ambagsman*** (*artisan*): Die ambagsman/vrou se gesprekke handel hoofsaaklik oor dit wat hulle reg voor hulle sien, dit wat hulle kan aanraak. Hierdie persone sal enige werk doen wat onmiddellike bevrediging verskaf, al moet daar sekere reëls gebuig word.
- ***Beskermers*** (*guardians*): Hierdie persone se gesprekke handel hoofsaaklik oor pligte en verantwoordelikhede. Hulle is versigtig om nie die wet te oortree nie, reëls te volg en respek vir ander persone te toon.
- ***Rasionaliste*** (*rationales*): Hulle gesprekke handel hoofsaaklik oor nuwe probleem intriges en nuwe oplossings wat hulle bedink. Hierdie persone is altyd pragmaties, doelgerig en tree so effektief moontlik op om hul doel te bereik. Hulle ignoreer willekeurige reëls, indien nodig.

- ***Idealiste*** (*idealists*): Hulle gesprekke is meestal gefokus op dit waarop hulle hoop en dit wat hulle dink moontlik is. Hulle probeer met ŉ goeie gewete optree, poog voortdurend om hulle doel sonder kompromie ten opsigte van hul persoonlike etiese kodes te bereik (Keirsey, 2017).

#### 2.4.4.2 ŉ Vergelyking van die vier persoonlikheidsmodelle

In die tabel hier onder is ŉ vergelyking van die bovermelde vier persoonlikheidsmodelle (vgl. ook Maddalena, 2017, Bussinessballs.com, 2017 en Billing, 2015).

**Tabel 7. Vergelyking van die vier persoonlikheidsmodelle**

| | ***Myers-Briggs Type Indicator* (MBTI)** | **Die *DISC Classic* meetinstrument** | **Die *Life-Style* Vraelys** | **Die Keirsey Model** |
|---|---|---|---|---|
| Vanuit die psigologiese skool van: | Carl G Jung 1921 | Carl G Jung | Alfred Adler | Carl G Jung |
| Verwerk en bemark deur: | Isabel Briggs Myers & Catherine Cook Briggs | William Moutton Marston | Daniel Eckstein | David Keirsey |
| Indeling | 16 tipes van 4 polariteite:<br>• Ekstrovert<br>• Introvert<br>• Denke<br>• Gevoel | 4 Tipes:<br>• Dryfkrag<br>• Invloed<br>• Standvastigheid<br>• Inskiklikheid | 5 Groepe:<br>• Aggressief<br>• Inskiklik<br>• Verdedigend<br>• Individualisties<br>• Weerstandig | 16 Tipes – groot ooreenstemming met MBTI. Keirsey bied ŉ vollediger beskrywing as die letterkodes van MBTI |
| Fokus | Om mense te help om persoonlikheidstipe in alledaagse lewe te integreer. Gerig op voorkeure en meting nie op trekke, vermoëns of karakter nie. | Meer gerig op gedrag as op voorkeure, die dimensies van gedrag en situasie kom sterk na vore in Marston se idees. | Interpersoonlike verhoudingstyl teenoor ander mense. Betroubare meetinstrument vir komplekse persepsies van individue en begrip vir private logika onderliggend aan individue se gedragkeuses. | Konflikhantering en samewerking bevorder gesonde interpersoonlike verhoudings. |
| Boek gepubliseer. | Jung C.G "*Psychological Types,*" 1921. | Marston, W.M. "*Emotions of Normal People*" 1928. | Wheeler, Kern & Curlette. 1993. *BASIS-A Inventory.* | Keirsy, D. "*Please Understand Me,*" 1978. |
| Gebruike | Huweliksberading en produktiwiteit instrument. | Sedert die ontstaan van DISC is dit deurgaans as betrou-baar en wettiglik verdedigbaar bewys. | Berading en bevordering van interpersoonlike verhoudings. | Konflikhantering, om samewerking en gesonde interpersoonlike ver-houdings te bevorder. |

## 2.5 SAMEVATTING

Binne hierdie hoofstuk is daar deur middel van ŉ literatuurstudie vanuit sommige aanverwante wetenskappe (veral die sosiologie en die psigologie) op perspektiewe aangaande persoonlikheidskomponente en unieke verwysingraamwerk, wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliksverhouding is, gelet. Die interpreterende taak, volgens Osmer, is die ondersoek na waarom sekere fenomene in die praktyk bestaan
en daarom sou die vraag tereg gevra kon word: Waarom is sekere persoonlikheids-komponente en unieke verwysingsraamwerk bevorderlik vir gesonde huweliks-verhoudings terwyl ander persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk huweliksgeluk inhibeer? In die onderhawige hoofstuk is vervolgens gepoog om ŉ antwoord op hierdie vraag te vind.

Sosiologie is die wetenskap wat op die verstaan van, die hoe en die waarom van individuele gedrag, denke en gevoelens binne sosiale konteks, insluitende verhoudings, fokus. Om hierdie rede is daar onder andere op sosiologiese perspektiewe rakende persoonlikheidskomponente en unieke verwysingraamwerk binne sosiale verband gefokus. Volgens hierdie vakgebied het die mens, ondanks verskeie individuele verskille, tog ŉ universele behoefte aan verbintenis. As gevolg hiervan word die huwelik steeds binne die meeste kulture as ŉ lewenslange verbintenis tussen twee persone, man en vrou, gesien en gerespekteer.
Sosiologiese navorsing het aangetoon dat persone neig om met iemand, met wie daar gemeenskaplike ooreenkomste is, te trou. Hoe meer ooreenkomste, byvoorbeeld ten opsigte van konflikhantering, hoe gelukkiger is die verhouding. Hierteenoor is daar ook eienskappe wat gelukkige samesyn inhibeer, soos byvoorbeeld narsisme, vooroordele, vrese, angstigheid en negatiwiteit. Binne hegte verhoudings is daar gevolglik wedersydse afhanklikheid maar tog ook verskille soos byvoorbeeld betreffende konflik-hantering, finansies en familie-aangeleenthede.

Die insette wat die psigologie ten opsigte van persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk bied, is omvattend. Dit het geblyk dat die Psigologie reeds vanaf die antieke Grieke met die bestudering van persoonlikheidseienskappe gemoeid was. Verskeie belangrike rolspelers het vervolgens mettertyd deurslaggewende bydraes met betrekking tot hierdie tema gemaak. Die Oostenrykse neuroloog, Freud (1856-1939), se psigoanalitiese benadering van die diep onderbewuste prosesse van konflik en

verdediging het gedurende later jare ook as 'n belangrike basis gedien. Die Switserse psigiater, Carl Jung (1875 – 1961), verwys na die mens as 'n komplekse dinamiese wese, saamgestel uit teenstrydige faktore, wat die mens bewustelik of onbewustelik tot aksie kan dryf of trek. Die Oostenrykse mediese dokter en psigoterapeut, Alfred Adler (1887-1937), handhaaf 'n holistiese siening van die mens wanneer hy na persoonlikheid as 'n geheel wat funksioneer om self-bepalende doelwitte te bereik, verwys. Die sosiaalgeoriënteerde psigoanalitiese teorie van Karen Horney (1885 – 1952) verskaf nie baie detail met betrekking tot die struktuur van persoonlikheid nie maar sy maak wel onderskeid tussen die geïdealiseerde self, die aktuele self en die werklike self. Volgens die sosiaal kognitiewe teorie van persoonlikheid is die mens 'n self organiserende wese, proaktief, self-reflekterend en self-regulerend en nie bloot 'n reaktiewe organisme wat deur eksterne gebeure gevorm en beskerm word nie.

Volgens die postmoderne benadering van James Hillman (1992) moet terapie verder as bloot net die spreekkamer geneem word en dit moet deel van die werklike lewe gemaak word. Hy argumenteer verder dat die mens se roeping in die lewe aangebore is en dat die lewensdoel van die mens is om hierdie doel na te jaag. Hillman verken ook sekere standaard patrone in 'n poging om gedrag te verstaan en hy sien gedrag as die produk

van verbeelding, wat die hooffunksie van die psige is.

Spesifieke navorsing ten opsigte van menslike temperament het geblyk reeds sover terug as Hippokrates (370 v.C.) te dateer. Twee aspekte van die antieke formulerings wat behoue in die huidige temperamentteorie gebly het, is die volgende:

- Biologiese faktore is onderliggend aan waarneembare karaktereienskappe.
- Emosies is die sentrale en bepalende eienskap van temperament.

Verder het geblyk dat daar mettertyd verskillende temperamentmodelle saamgestel is, byvoorbeeld die Groot Vyf kenmerke van Allport en Odbert (1936). Vervolgens is daar ook Eysenck (1992) se Groot drie modelle, die Strukturele model (Thomas & Chess, 1977) en die Prosesmodel (Simpson, *et al*., 2006). Vanuit hierdie onderskeie teorieë en benaderings is daar oor die jare verskeie persoonlikheidsprofielmodelle ontwikkel. In hierdie verband is daar veral op vier van die bekendste modelle gefokus, naamlik:

- Die *“Myers-Briggs Type Indicator*” (MBTI)
- Die *“DISC Classic”* meetinstrument
- Die “*Life-Style”* vraelys
- Die Keirsey Model.

Daar is ten slotte ook gewys op die toename die afgelope aantal jare ten opsigte van die gebruik van persoonlikheidstoetse. Een van die belangrikste redes blyk te wees die klem op ’n seleksieproses wat wetlike uitdagings kan weerstaan. Dit beklemtoon verder ook ’n al groter bewuswording van die waarde en nut van sulke toetse. In die res van hierdie studie sal die waarde van sulke persoonlikheidstoetse, ook wat betref huweliksberading, verder beklemtoon en begrond word.

## DIE DESKRIPTIEWE TAAK

# HOOFSTUK 3

# KONSEPTUALISERING VAN ‘N VOORLOPIGE MODEL

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n voorlopige model met betrekking tot persoonlikheids-komponente wat bevorderlik vir 'n gesonde huweliksverhouding is, geformuleer.

Soos reeds in hoofstuk 1aangedui, berus die basis hiervan op die gegewens wat enersyds deur middel van 'n rekenaarsoektog aan die hand van toepaslike sleutelterme, en andersyds gegewens vanuit die literatuurstudie in hoofstuk 2 versamel is. Soos die opskrif van hierdie hoofstuk aandui, is dit egter slegs 'n ‘voorlopige’ model aangesien die finale integrering van alle toepaslike gegewens eers in hoofstuk 6 sal geskied. Soos reeds in hoofstuk 2 vermeld, geskied hierdie navorsing aan die hand van die model van Osmer (2011:11). Sy model stel die vier take, soos in die diagram hier onderaangedui, voor vir die ondersoek na sekere *gebeurtenisse* binne die *konteks*van die daaglikse lewe. In hierdie hoofstuk is die fokus op die deskriptiewe of beskrywende taak binne hierdie model**. Figuur 5. Osmer se model**



## 3.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Wat die deskriptiewe taak van prakties-teologiese interpretasie betref, stel Osmer (2011:5-6,12) voor dat dit oor die insameling van inligtinggaan wat kan help om spesifieke episodes, situasies en kontekste byvoorbeeld binne ŉ gemeentelike of kerklike milieu beter te verstaan. ŉ *Gebeurtenis* word as ŉ insident binne die daaglikse omgang van die lewe beskryf, waaraan aandag gegee moet word. ŉ *Situasie* dui op die groter prentjie van gebeure, verhoudings en omstandighede waarin ŉ gebeurtenis sou voorkom. ŉ *Konteks* dui weer op die nog groter raamwerk waarbinne en waarvan verskillende situasies deel mag wees.

Tydens die proses van inligtinginsameling moet daar vervolgens noukeurig geluister word en meer oplettend na patrone en verhoudings, wat in die algemeen as vanselfsprekend aanvaar word, gekyk word. Hierdie insameling van gegewens sal soms op ŉ meer informele wyse geskied en soms sal dit meer sistematies en georden wees. Hierdie aksies wat uitgevoer word, is daarop gerig om ŉ antwoord op die vraag: *"Wat is besig om hier te gebeur?"* te verkry. Hierdie vraag se ontstaan is gewoonlik weer aan probleemsituasies of krisisse of trauma gekoppel en gevolglik is dit belangrik om die probleem te omskryf. Volgens Osmer kring hierdie saak egter ook nog wyer uit aangesien dit ook te doen het met die kwaliteit aandag wat deur kerklike leiers aan mense en die gebeure in hul lewens geskenk word. *"This is helpfully explored in terms of a spirituality of presence"* (Osmer, 2011:33). Hierdie frase van ŉ 'spiritualiteit van teenwoordigheid' word deur Osmer (2011:33) soos volg verduidelik:

> *Here it describes a spiritual orientation of attending to others in their particularity and otherness within the presence of God... It is a matter of attending to what is going on in the lives of individuals, families and communities.*

Aansluitend by die gedagte van ŉ '*spirituality of presence'* stel De Klerk en De Wet (2013:292) dat die gemeenteleier of navorser, wat deur dieselfde Gees as ons Hoë-priester, Jesus Christus, toegerus is, ŉ priesterlike bewoënheid, ŉ nederige gesindheid openbaar en tegelyk dienend luister in ŉ gees van teenwoordig wees; in ŉ gees van entoesiastiese betrokkenheid.

As deel van die deskriptiewe taak word die aspek van 'priesterlike luister' baie sterk deur Osmer beklemtoon. Om in die Woord te delf en antwoorde namens die lidmate/gemeente te soek, word deur hom as ʼn priesterlike daad beskryf:

> *As an exercise of the priestly office, the preacher represents the people before the text as a way of representing them before God* (Osmer, 2011:35).

In antwoord op die vraag waarom dit belangrik is om so op die spesifieke behoeftes en nood van mense gefokus te wees, antwoord Osmer (2011:37) soos volg:

> *... [U]nless preachers attend to the culture of their congregations, as well as the diverse groups in these communities, they are likely to preach abstract sermons to a generic humanity that do not address the real-life situations of their hearers.*

## 3.3 BASIESE VERTREKPUNT VAN DIE NAVORSER

Die literatuur is dit eens dat daar uitdruklike verantwoording gedoen moet word deur navorsers ten opsigte van basiese unieke verwysingsraamwerk- en paradigmatiese keuses. In hierdie verband kan op die volgende uitsprake gewys word:

- De Wet en Pieterse (2013:18) beklemtoon dat indien daar ʼn gebrek aan "*ʼn uitdruklike verantwoording ten opsigte van die metateoretiese onderbou van die werklikheidsbeskoulike unieke verwysingsraamwerk waarmee gewerk word"* is, die navorser dit baie moeilik gaan vind om sy/haar taak doelgerig aan te pak.
- Delport en Fouché (2005:261) stel dat navorsingmetodologie deur die navorser se keuse betreffende ʼn spesifieke paradigma beïnvloed word. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat die navorser duidelik sal aantoon wat sy/haar basiese unieke verwysingsraamwerk is.
- Breed (2013a:2) beklemtoon ook die feit dat die navorser se antropologie en teologie (beskouing van God en die mens) ʼn deurslaggewende invloed op die resultate van die navorsing oor die pastoraat sal hê.

In die lig van bovermelde uitsprake kan die navorser dit stel dat haar basiese unieke verwysingsraamwerkop die Gereformeerde tradisie en Reformatoriese belydenisskrifte gebaseer is. Die Skrif word as die geïnspireerde Woord van God met ewige outoriteit beskou. Die Drie-enige God is steeds aktief by Sy skepping en veral ook by mense wat in nood verkeer – so in besonder ook met die huwelik, betrokke. Iets van hierdie Goddelike betrokkenheid word treffend soos volg deur De Klerk en De Wet (2013:104) verwoord: Wetenskaplike arbeid op die ondersoekterrein van Praktiese Teologie word nie bloot as die ontleding en verklaring van menslike geloofshandelinge en ervaringe op empiriese vlak beskou nie. In die lig van God se openbaring word die waarnemingswydte van die wetenskaplike dimensie pneumatologies verruim om rekening met die Drie-enige God te hou wat handelend teenwoordig in die werklikheid wat ondersoek word.

### *3.3.1 Verskillende benaderings rondom die beoefening van praktiese teologie*

Miller-McLemore (2012:3) beskryf hoedat die Christelike teologie oor eeue heen direk vanuit die pastorale praktykontwikkel het. Dit was die gevolg van die ontstaan van probleme in die praktyk wat besinning met betrekking tot ekklesiologie en ander teologiese kwessies genoodsaak het. Verder is daar ook die afgelope aantal jare al meer pogings aangewend om teologiese praktyk en teorie, soos dit onder andere ook in filosofiese en sosiale wetenskappe gevind word, tot ŉ groter eenheid saam te snoer. Verder blyk dit dat teologiese en religieuse studies ŉ hernude belangstelling in aspekte soos geleefde geloof (*lived religion*), gewone teologie (*ordinary theology*) en ook populêre kultuur (*popular culture*) toon (Miller-McLemore, 2012:4).

Pieterse (2011:720-721) wys op die volgende benaderings en modelle wat die afgelope aantal jare binne die pastoraat sterk op die voorgrond getree het:

- Die hermeneutiese benadering (Dingemans, 1996;Heitink, 1993; Osmer, 2011).
- Die empiriese benadering (Van der Ven, 1993).
- Die bevrydingsteologiese benadering (Cochrane *et al*., 1991).
- ŉ Benadering waarin die beskrywende- en empiriese momente baie prominent is (Browning, 1991).
- Die narratiewe benadering (Demasure & Müller, 2006).

Soos reeds vermeld, sal die metodologie van hierdie studie op die hermeneutiese benadering tot die praktiese teologie, soos deur Richard Osmer in sy boek *Practical*

*Theology an introduction* (2008) beskryf, berus. Babbie (2011:91) benadruk dat elke model oor sterk- en swakpunte beskik. Die navorser se keuse vir die model van Osmer berus egter op Osmer se praktiese benadering van te verklaar, daarna te verstaan, en daarmee saam die formulering van etiese norme waarop verantwoordbare verandering kan volg. Die Priesterlike-, Koninklike- en Profetiese roeping van Christus dien vervolgens as riglyn vir hierdie verandering wat nagestreef behoort te word (vgl. Osmer, 2011:29).

## 3.4 BESPREKING VAN ‘N VOORLOPIGE MODEL

Soos in hoofstuk 1 gemeld, het daar vanuit ŉ soektog met betrekking tot ŉ groot verskeidenheid van artikels, boeke en verhandelinge/proefskrifte uiteindelik veral twee bronne pertinent bo die res uitgestaan aangesien hul benadering besonder uniek en in besonder op die oogmerke van die onderhawige studie toegespits is. Beide hierdie bronne is daarop gefokus om in diepte die sterk- en swakpunte, talente en gawes, persoonlike styl, passie, ervarings, ens., van ŉ spesifieke individu te evalueer en te identifiseer ten einde hierdie persoon beter ten opsigte van sy/haar rol en roeping te kan toerus.

Hierdie twee bronne is enersyds die boek van Bruce Bugbee, *What you do best in the body of Christ* (2009), en andersyds die boek van Erik Rees, *S.H.A.P.E. Finding and fulfilling your unique purpose for life* (2006).
Daar word vervolgens op elk van hierdie bydraes gelet:

### 3.4.1 Bruce Bugbee: What you do best in the body of Christ (2009)

Die breër raamwerk van Bugbee se model kan onder die volgende hofies saamgevat word:

- Identifisering van die individu se geestelike gawes.
- Identifisering van die individu se God-gegewe persoonlikestyl.
- Identifisering van die individu se persoonlike dryf en passie.
- Evaluering van die liefdesfaktor in die individu se lewe.

Vervolgens word meer in detail op elk van bovermelde punte gefokus:

#### 3.4.1.1 Identifisering van die individu se geestelike gawes

Bugbee (2009:15) verwys na, wat volgens sy mening, die twee belangrike aspekte van elke mens se lewe is, naamlik enersyds selfidentifikasie as unieke persoon deur God geskape; en andersyds die ontdekking hoe om vervuld en vrugbaar binne ŉ sinvolle plek van diens te lewe. Galasiërs 5:13 gee aan mense die opdrag om mekaar deur die liefde te dien. Om hierdie diensopdrag te kan vervul, verwys Bugbee (2009;16) na ŉ individu se dienaarsprofiel (*servant profile*) wat deur die volgende drie sleutels saamgestel word:

- Geestelike gawes
- Persoonlikestyl
- God-gegewe bedieningspassie.

Kennis van persoonlike dienaarsprofiel stel die persoon in staat om God se wil vir sy/haar lewe binne hul persoonlike lewensroeping (wat die huwelik insluit) asook binne die sekulêre wêreld te volg (Bugbee, 2009:17).

- **Bugbee se formulering van geestelike gawes**

Vervolgens is dit eerstens belangrik om op Bugbee (2009:38) se formulering van geeste-like gawes te fokus. In hierdie verband bied hy die volgende definisie aan:

> *Spiritual gifts are divine abilities distributed by the Holy Spirit to every believer according to God's design and grace for the common good of the body of Christ*.

- **Die belangrikheid van die identifisering van geestelike gawes**

Bugbee (2009:38) wys op verskeie plekke in die Skrif waar daar onder andere na geestelike gawes verwys word:

- In 1 Korintiërs 12:1 verwys Paulus daarna dat dit nodig is om kennis van die geestelike gawes te dra.
- Paulus skryf aan Timoteus in 1 Timoteus 4:14, om nie die geestelike gawes te verwaarloos nie.

- In 1 Petrus 4:10 word gestel dat, namate elkeen ŉ genadegawe ontvang het, gelowiges mekaar daarmee moet dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.

Die mens is geskape "om te behoort aan", en dit word deur wedersydse bediening-bekragtig asook die gehoorsame interaksie tussen die genade gewers en die genade ontvangers (Bugbee, 2009:37). Die mens behoort dus ŉ rentmeester van geestelike gawes, tot eer van God en tot opbouing van mekaar, te wees (Bugbee, 2009:38). Geestelike gawes in die algemeen dui ook die rol, funksie en bepaalde wyse aan waardeur die mens veronderstel is om mekaar en God te dien. Persoonlike kennis ten opsigte van eie gawes stel die persoon in staat om te kan bepaal; *Wat behoort ek te doen?* (Bugbee. 2009:48).

- **Hoe kan geestelike gawes geïdentifiseer word?**

Bugbee (2009:49) het vanuit die volgende en ook ander Skrifgedeeltes ŉ lys van geestelike gawes asook ŉ beskrywing van elke gawe, saamgestel: Korintiërs 12; Romeine 12; Efesiërs 4 en 1 Petrus 4.Aanvullend tot die lys van gawes en beskrywing, het Bugbee (2009: 145-156) ŉ uitgebreide vraelys saamgestel. Met behulp van die uitgebreide vraelys kan individue self hul geestelike gawes bepaal. Die geestelike gawe vraelys soos deur Bugbee saamgestel, word as **Bylaag 1** aangeheg.

Vervolgens word ŉ oorsig in tabelvorm gegee van Bugbee se beskrywing van die onderskeie geestelike gawes (2009:49-51):

**Tabel 4. Die verskillende geestelike gawes**

| Geestelike Gawe | Beskrywing |
|---|---|
| **Administrasie** | Die Goddelike instaatstelling om die funksionering van ŉ organisasie te verstaan en die spesiale vermoë om binne die betrokke konteks te kan beplan ten einde spesifieke doelwitte te kan bereik. |
| **Apostelskap** | Die Goddelike instaatstelling tot nuwe kerkstigtings. |
| **Vakmanskap** (*Craftsmanship*) | Die Goddelike instaatstelling tot die kreatiewe ontwerp of konstruksie van items benodig vir bediening. |
| **Kreatiewe kommunikasie** | Die Goddelike instaatstelling om geestelike waarhede deur verskeie vorms van kuns te kommunikeer. |

| | |
|---|---|
| **Onderskeiding** | Die Goddelike instaatstelling van onderskeiding tussen waarheid en valsheid, onderskeiding van geeste en ook die onderskeiding tussen goed en kwaad, reg en verkeerd. |
| **Bemoediging** | Die Goddelike instaatstelling om ander in die geloof te versterk, te vertroos en te bemoedig. |
| **Evangelisasie** | Die Goddelike instaatstelling om die evangelie doeltreffend tot ongelowiges te kommunikeer sodat hulle tot geloof kan kom en dus tot dissipelskap beweeg kan word. |
| **Geloof** | Die Goddelike instaatstelling om in geloof al die beloftes van God te kan glo. |
| **Gee** | Die Goddelike instaatstelling om met blymoedigheid geld en ander bronne vir die werk van God te kan gee. |
| **Genesing** | Die Goddelike instaatstelling om die instrument te wees deur wie God mense genees. |
| **Hulp** | Die Goddelike instaatstelling om by praktiese take betrokke te kan wees wat die behoeftes van ander ondersteun en daarin voorsien. |
| **Gasvryheid** | Die Goddelike instaatstelling om vir ander om te gee en hulle gemaklik te laat voel en dit op tasbare wyses te demonstreer. |
| **Intersessie** | Die Goddelike instaatstelling om op 'n gereelde basis vir ander voorbidding te kan doen en gereeld ook resultate te sien. |
| **Interpretasie** | Die Goddelike instaatstelling om sekere uitsprake en situasies korrek te interpreteer. |
| **Kennis** | Die Goddelike instaatstelling om waarhede deur openbaring of Bybelse insig, aan mede-Christene oor te dra. |
| **Leierskap** | Die Goddelike instaatstelling om mense te motiveer en te lei ten einde in harmonie God se doel te bereik. |
| **Genade** (*Mercy*) | Die Goddelike instaatstelling om blymoedig praktiese hulp aan diegene in lyding of nood te verleen. |
| **Wonderwerke** | Die Goddelike instaatstelling om 'n instrument te kan wees tot bonatuurlike intervensie in ander se lewens waardeur Jesus Christus se bediening en boodskap bekragtig word. |
| **Profesie** | Die Goddelike instaatstelling tot tydige en toepaslike verkondiging van waarhede, teregwysings, belydenisse en woorde wat stigtend is. |
| **Herders** | Die Goddelike instaatstelling om met empatie mense tot geestelike volwassenheid te lei. |
| **Onderrig** | Die Goddelike instaatstelling om die Woord van God te kan verduidelik en op die lewens van luisteraars van toepassing te maak. |
| **Tale** | Die Goddelike instaatstelling om in 'n geestelike taal te spreek. |
| **Wysheid** | Die Goddelike instaatstelling om in bepaalde omstandighede basiese waarhede en insigte effektief te kan toepas tot seën vir ander. |

Elke persoon ontvang ten minste een gawe wat baie prominent is, terwyl ander meer kan ontvang. ʼn Kombinasie van gawes stel persone in staat tot unieke vermoëns waardeur hulle op verskeie wyses kan dien. Bugbee (2009:51) verwys in hierdie verband na die volgende voorbeeld: Indien ʼn persoon die gawes van genade, bemoediging en gasvryheid sou hê, sou daardie persoon na eensame en behoeftige mense kon omsien (gawe van genade) en in die proses aan hulle gemeenskap, kos en skuiling bied (gawe van gasvryheid) en hulle ter selfde tyd vertroos, bemoedig en in die geloof versterk (gawe van bemoediging).

#### 3.4.1.2 Identifisering van die individu se God-gegewe persoonlike styl

Die tweede belangrike aspek waarna Bugbee verwys as deel van elke individu se dienaarsprofiel (*servant profile*) is ʼn unieke God-gegewe persoonlikestyl. Persoonlikestyl verwys na die wyse waarop ʼn individu verkies om in verhouding tot die wêreld rondom hom/haar te staan. Persoonlikestyl komplimenteer ook die uitlewing van geestelike gawes en passie. Kennis en insig ten opsigte van persoonlikestyl beantwoord die vraag: *Hoe kan ek die beste diens lewe*r*?* Elke styl is uniek en daarom is daar nie ʼn regte of verkeerde styl nie (Bugbee. 2009:61). Persoonlike styl of persoonlike temperament, soos ook daarna verwys word, beskryf die persoon se mees natuurlike verhoudingstyl. Wanneer ʼn verhouding nie volgens ʼn individu se persoonlike styl verloop nie, verg daardie verhouding ekstra tyd, energie en sensitiwiteit (in besonder ook binne die huweliksverhouding).

- **Persoonlike styl verskaf gewoonlik energie**

Bugbee (2009:62) toon verder aan dat dit persoonlikestyl is wat gewoonlik aan die individu energie verskaf – daarom sal sekere situasies ʼn persoon besiel terwyl ander situasies daardie persoon sal dreineer. Ook in hierdie opsig is daar nie ʼn reg of verkeerd nie, maar dit is bloot verteenwoordigend van primêre en sekondêre wyses waarop mense verhoudings hanteer. God het ʼn variasie van persoonlike style geskep en daarom sal sekere personebyvoorbeeld inspirasieuit menseverhoudingsput terwyl ander weer inspirasie in die voltooiing van take vind. As gevolg van die verskille is dit gevolglik nodig vir elke individu, om te bepaal watter situasie hom/haar besiel of dreineer.

- **Gestruktureerd teenoor ongestruktureerd**

Verdere persoonlike variasie is byvoorbeeld sigbaar in die feit dat daar diegene is wat van struktuur hou en ander wat sonder struktuur funksioneer, daarom is dit belangrik om ook te bepaal op watter wyse ŉ spesifieke persoon innerlike en rasioneel georganiseerd is. In hierdie verband kan persoonlikestyl die beste volgens ŉ kontinuum voorgestel word met taakoriëntering aan die een kant en verhoudingsoriënterings as die ander uiterste – dieselfde geld vir die evaluering van persone se benadering tot struktuur. Individue se posisie op die kontinuum sal ŉ aanduiding van hul gemaksone gee en in hierdie verband kan die nodige kennis ten opsigte vanpersoonlikestyl tot die presiese identifisering van sodanige gemaksone bydrae (Bugbee, 2009:65).

- **Vraelyste rondom organisasie en persoonlike styl**

Bugbee het twee vraelyste saamgestel om persoonlike organisasie en persoonlike styl te bepaal, die vraelyste word as **Bylaag 2** aangeheg. In die begeleiding vanhuwelikspare sal hulle gevra word om die vraelyste te voltooi deur na elke stelling te kyk en te bepaal watter stelling die beste beskrywing van elkeen se persoonlike voorkeure ten opsigte van bepaalde situasies bied. Die gepaste nommer moet op die kontinuum omkring word terwyl drie slegs gebruik moet word wanneer persone glad nie seker van hul persoonlike voorkeur is nie (Bugbee, 2009:65-67).

- **Faktore wat persoonlike styl beïnvloed**

Bugbee (2009:67) verwys na faktore wat identifisering van persoonlike styl beïnvloed. Weens die uniekheid van elke individu se persoonlike styl, is dit een van die redes waarom daar dikwels verskille binne verhoudings is. Daar is reeds op die feit gewys dat indien ŉ verhouding nie volgens ŉ individu se persoonlike styl verloop nie, daardie verhouding ekstra tyd, energie en sensitiwiteit (veral ook binne die huweliksverhouding) verg. Persoonlike styl word ook deur ander persone en omstandighede, soos byvoorbeeld rolmodelle, die voorbeeld wat ouers aan hulle kinders stel, rol en voorbeeld van uitgebreide familie asook geestelike waardes, beïnvloed. Dit is ook so dat persoonlike styl negatief deurfaktore soos disfunksionele omstandighede asook mishandeling beïnvloed word. Weens die kompleksiteit van die lewe is daar gevolglik baie rolspelers wat insette, met betrekking tot aanvaarbare en onaanvaarbare reëls, lewer. Al die insette is nie altyd goed bedoel nie – ŉ voorbeeld van negatiewe insette wat gewoonlik disfunksionaliteit veroorsaak, is voorwaardelike aanvaarding waar

aanvaarding geskied slegs indien die individu gewillig is om vooropgestelde reëls te gehoorsaam. Ouers het dikwels sekere verwagtinge van ŉ kind – die kind se optredes en houdings mag egter teenstrydig met die individuele en persoonlike styl van die ouer wees. In die geval van ŉ kind met ŉ ongestruktureerde persoonlike styl en ouers met ŉ gestruktureerde persoonlike styl, sal die kind moontlik vir ŉ tydperk poog om die styl en wense van die ouers te volg om moontlik op hierdie wyse aanvaar te word en liefde te ervaar.

Bugbee (2009:68) stel dat persone se breër verhoudingskring gewoonlik familie, kerk en sosiale verhoudings insluit. Binne al hierdie verhoudings is daar waardes wat interaksie beïnvloed en beoordeel. Ooreenstemmende style lei gewoonlik tot aanvaarding, terwyl botsende style tot negatiewe veroordeling en disfunksionaliteit lei. Genoemde situasies het gewoonlik tot gevolg dat meeste individue keuses maak om volgens die sogenaamde aanvaarbare standaarde en waardes op te tree, met die gevolg dat hulle in die proses hulle eie persoonlike verhoudingstyl prysgee en sodoende ŉ deel van hulle innerlike self verloor.

- **Die invloed van trauma en verwerping uit die verlede**

Onverwerkte trauma en pyn speel uiteraard ŉ groot rol. ŉ Faktor soos byvoorbeeld mishandeling kan ŉ groot negatiewe invloed op ŉ persoon se persepsie van sy/haar werklike God-gegewe persoonlike styl hê. Mishandeling kom in verskillende vorms voor en dit kan met emosionele-, verbale-, fisiese of seksuele komponente verband hou. Die gevolge en verwarring van mishandeling is traumaties – of dit nou ŉ eenmalige gebeurteniswas of ŉ herhaalde proses oor ŉ lang tydperk is – dit impliseer ŉ diep traumatiese ervaring. ŉ Lewe van vrees verhinder die ontwikkeling van eie persoonlike voorkeure asook die vermoë om die volle liefde en die genade van Jesus Christus te mag ervaar en beleef. Christus het gesterf om die mens vry te maak ten einde hul volle potensiaal in en deur Hom te kan uitleef.

Die Meier Klinieke in die VSA maak van vraelyste gebruik ten einde ŉ volledige prentjie van ŉ persoon se verlede in terme van trauma, skokke, hartseer, verliese, ens., te verkry. Hierdie vraelys word as **Bylaag 12** aangeheg (vgl. Meier & Wise, 2003:134). Die voltooiing van hierdie vraelys sal individue en huwelikspare help om die moontlike invloed van pyn en hartseer en veral onverwerkte prosesse te identifiseer. As deel van

die begeleiding van egpare sal alle belangrike aspekte in hierdie verband saam deurgewerk word. Dit het gewoonlik beter begrip van die persoon self asook betreffende die huweliksmaat tot gevolg.

- **Die belangrikheid van kennis van persoonlike styl**

God is onveranderlik en daarom is dit belangrik om gemaklik te wees met wie jy in Christus is en nie lewe in reaksie op die opinies en gedrag van ander mense nie. Sonde veroorsaak disfunksie en hoe meer disfunksie ŉ persoon ervaar het, hoe moeiliker is dit om sy/haar identiteit en doel in Christus te verstaan. Verwarring en passiwiteit lei ook daartoe dat persoonlike potensiaal afplat. Kennis van persoonlike styl sal egter help om eie optredes binne verhoudings beter te verstaan.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat persoonlike styl wel ŉ individu se gedrag sou kon verduidelik, maar dit dien nogtans nie as verskoning vir die gedrag nie. ŉ Ongestruktureerde persoonlike styl is byvoorbeeld nie ŉ verskoning om pligte te versuim nie, terwyl ŉ gestruktureerde persoonlike styl nie ŉ verskoning is om nie by geleentheid buigbaar en tegemoetkomend te wees nie. Net so sal die interaksie met mense nie die behoefte om ŉ taak te voltooi elimineer nie terwyl die voltooiing van take weer nie toestemming bied om onsensitiefteenoor mense te wees nie, onjuiste gedrag te toon of om jouself van ander te distansieer nie. As deel van ŉ persoon se dienaarsprofiel is dit so dat persoonlike styl die persoon se passie en unieke benadering komplimenteer – dit dui gevolglik die wyse waarop elke individu uitdrukking aan persoonlike geestelike gawes gee, aan (Bugbee, 2009:72).

### 3.4.1.3. Identifisering van die individu se persoonlike dryf en passie

Die volgende kategorie wat vir Bugbee baie belangrik is, is dié van persoonlike passie en dryf. Passie kan gedefinieer word as die God-gegewe begeerte wat die mens dwing om ŉ verskil binne ŉ bepaalde area van die bediening of die lewe te maak en waar God vereer word en die mens gestig en opgebou word (Bugbee, 2009:81). Identifisering van persoonlike passie is volgens Bugbee nie ŉ wetenskap nie, maar eerder ŉ proses.

Daar is ŉ verskeidenheid van passies en sake waardeur individue gedryf word – hierdie verskeidenheid maak dit moontlik dat baie mense by verskillende projekte betrokke is en verskillende behoeftes aangespreek word. Verskillende beskrywings word in hierdie

verband gebruik, soos byvoorbeeld dat ’n persoon oor ’n sekere saak belas voel, ’n ander kan ’n besondere roeping met betrekking tot ’n sekere saak ervaar, ’n ander kan ’n droom oor ’n sekere saak hê of iemand anders sou na sy/haar visie met betrekking tot ’n aangeleentheid kon verwys – die kruks van die saak is egter dat passie die God-gegewe begeerte van die hart is om ’n verskil in die Koninkryk God te maak. God het ’n verskeidenheid dryfkragte en passies aan die mens gegee om sodoende in die verskeidenheid van behoeftes te voldoen. Daar bestaan ook ’n verhouding tussen vertroue en behae in God enersyds, en die vervulling van die mens se persoonlike hartsbegeerte andersyds. In Galasiërs1:15-16verwysPaulus na sy persoonlike passie as die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus aan die heidene.

Kennis van die doel waarvoor God ons geskape het, is nodig alvorens ons verhouding met Hom kan blom. Net soos die geestelike gawes en persoonlike styl verskil, so verskil ook persoonlike dryf en passie – verskille bepaal egter nie die waarde van persoonlike passie nie (Bugbee, 2009:76-78).

Wanneer dit by passie kom, is dit belangrike om te vra hoe ’n persoon tyd, energie en bronne belê sodat daar aan die einde van sy/haar lewe ’n diepe sin van vervulling sal wees. Teleurstellings en verwerping dra daartoe by dat persoonlike passie dikwels onderdruk word maar dit laat nie persoonlike passie verdwyn nie. Aangesien passie nie verdwyn nie, ontstaan die vraag, wie gaan die mens aan die einde van sy/haar lewe blameer omdat hy/sy nooit hul persoonlike lewensdoel bereik het nie: God, familie, of die kerk?

- **Bugbee se sewe passie-aanwysers**

Bugbee (2009:82-86) verwys na die volgende sewe passie-aanwysers:

- Wat is dit wat jou soggens uit die bed sal laat opspring?
- Wat is daardie dieper begeerte van jou hart, dit wat jou opgewonde maak en jou tot aksie dryf? Wat is dit wat dus emosionele energie aan jou verskaf?
- Maak ’n lys van doelwitte wat jy al bereik het, dit wat vir jou belangrik was. Kyk of jy ’n ooreenstemmende tema kan identifiseer.
- Wat is die soort dinge waarmee jy jouself besig hou en so geniet dat jy daarin verlore raak en tyd nie ’n rol speel nie?

- Vervulling van jou passie maak ŉ doelgerigte verskil. Vervulling van persoonlike passie is nie altyd maklik nie maar daar is ŉ innerlike oortuiging dat dit die wil van God is en die manier wat God wil hê die taak uitgevoer moet word.
- Jou passie verskaf aan jou die nodige emosionele en fisiese energie.
- Wat ook al jou passie, onderwerp dit aan ŉ tweevoudige toets: Vereer ek God hierdeur en stig ek ander? Indien dit so is, sal Psalm 37: 3-4 van toepassing wees op dit wat jy doen: *"Vertrou op die Here, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid en verlustig jou in Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart"*

Hersien jou antwoorde en gee ŉ opsomming van jou passie in ŉ woord of frase.

Bugbee (2009:86) verwys ook na sekere aspekte wat ŉ struikelblok in die erkenning van persoonlike passie mag wees. Waardes van diegene rondom jou mag byvoorbeeld so dominant en onbuigsaam wees dat dit ŉ gevoel van verwerping of ŉ gebrek aan goedkeuring meebring. **Bylaag 3** verskaf ŉ indeling van passiekategorieë deur Bugbee (2009:87) wat tot hulp kan wees om persoonlike passie te identifiseer. Hieruit blyk onder andere dat diegene met ŉ sterk oriëntasie om ander te behaag (dikwels as gevolg van onverwerkte pyn en verwerping) in die algemeen probleme ondervind om hulle persoonlike passie te identifiseer en gevolglik nie maklik tussen die kategorieë kan onderskei nie. Sommige persone mag ook die term *passie* vreemd vind en eerder terme soos *visie, droom, las* of *roeping* gebruik.

#### 3.4.1.4 Evaluering van die liefdesfaktor in die lewe van die individu

Die vierde eienskap waarna Bugbee (2009:104) verwys, is die liefdesfaktor. 1 Korintiërs 12-14 bied ŉ volledige bespreking van hoe die kerk behoort te funksionering. Hoofstuk 12 handel hoofsaaklik oor die funksionering van die kerk as deel van die liggaam van Christus en dit begin met die woorde: *"Al sou ek tale van mense en engele spreek en ek het nie die liefde nie, dan het ek ŉ klinkende metaal of ŉ luidende simbaal geword."* Hierdie hoofstuk sluit met vers 31 af: *"Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle nog uitnemender weg."*

Hoe sal die persoon weet of haar/sy individuele geestelike gawes, persoonlike styl asook persoonlike passie aan die liefde faktor voldoen? Die eienskappe van die liefde is in 1 Korintiërs 13:4-8opgeteken en dit dien as die maatstaf:

*Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie maar is bly saam met die waarheid. Die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nimmermeer nie.*

Bugbee (2009:105) het ŉ skaal saamgestel waarvolgens elke individu sy/haar liefdesposisie kan toets. Hierdie skaal word as **Bylaag 4** aangeheg. Bugbee (2009:107) wys op die feit dat dit belangrik is om jou persoonlike passie, individuele geestelike gawes en persoonlike styl in liefde te beoefen. Die taak wat die mens verrig is nie vir God die belangrikste deel nie, maar die gesindheid waarmee die taak uitgevoer word, is eintlik die belangrikste, naamlik in liefde.

- **Identifisering van ŉ dienaargesindheid**

Aansluitend hierby is die motivering met betrekking tot die individu se dade. Wanneer ŉ taak uitgevoer word, kan die persoon ŉ gesindheid van diensbaarheid (*serving with love*) of ŉ gesindheid van gedwonge onderdanigheid *(serving without love*) toon. Uiterlik mag hierdie twee gesindhede dieselfde voorkom, die verskil tussen diensbaarheid (*servanthood)* en onderdanigheid *(servility*) hou egter met die betrokke persoon se innerlike gesindheid verband. Bugbee (2009:108) bespreek uitvoerig die verskil tussen hierdie twee houdings en benaderings. "*Servility serves out of obligation: servanthood serves out of love."*

Hierdie verskil kan verder as ŉ gevoel van verpligting (*servility)* teenoor ŉ gevoel van vrywilligheid (*servanthood*) beskryf word. Onderdanigheid (*servility)* word deur diens wat ander sien gemotiveer, teenoor diensbaarheid (*servanthood)* wat deur wat God sien gemotiveer word en God sien alles. Onderdanigheid doen gewoonlik net die nodigste, diensbaarheid loop die ekstra myl. Die uitgangspunt van onderdanigheid is *ek eerste*, teenoor die uitgangspunt van diensbaarheid wat op dit wat prioriteit in die oë van die Vadergeniet, gefokus is. Onderdanigheid kan ŉ valse nederigheid inhou teenoor die opregte nederigheid van diensbaarheid. Onderdanigheid kan ook ŉ element van

selfsugtig sonder blywende resultate bevat, terwyl diensbaarheid wat opreg is, God vereer en blywende resultate toon.

Die ontwikkeling van persone se dienaargesindheid vloei vanuit hul persoonlike verhouding met Jesus Christus (Bugbee, 2009:111). Sigbare diensbaarheid dien as ŉ getuienis van die werklikheid en teenwoordigheid van God in jou lewe: *"Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het"* (Joh 13:35). Bugbee (2009:110) het ŉ vraelys saamgestel om diensbaarheid te toets. Hierdie vrae word as **Bylaag 5** aangeheg.

### 3.4.2 Erik Rees: S.H.A.P.E. (2006)

Die tweede bron wat besonder as uitvloeisel van ŉ rekenaarsoektog rondom die tema van persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliksverhouding is uitgestaan het, is die boek van Erik Rees waarop vervolgens gefokus word.

Die akroniem in die titel van hierdie boek staan vir: ***S**piritual gifts, **H**eart, **A**bilities, **P**ersonality* en ***E**xperiences.* Die breëre raamwerk van Rees se model kan in die volgende hofies saamgevat word:

- Identifisering van die individu se geestelike gawes.
- Identifisering van die individu se passie.
- Identifisering van die individu se natuurlike vermoëns (*abilities*).
- Identifisering van die individu se tipe persoonlikheid.
- Identifisering van tersaaklike ervarings van die verlede.

Vervolgens word meer in detail op elk van bovermelde punte gefokus:

#### 3.4.2.1 Identifisering van die individu se geestelike gawes

God het elke mens as ŉ meesterstukbeplan en daarom skenk Hy sekere gawes aan elke mens waardeur die mens Sy liefde kan uitdra en sodoende ŉ unieke bydrae tot Sy Koninkryk kan maak. Die implikasie hiervan is dat God sekere geestelike vermoëns in elke mens plaas en wag dat die mens dit sal ontdek. Die Heilige Gees het ŉ bedienings-veld vir elke spesifieke gawe beplan en daarom is elke gawe belangrik. Geestelike

gawes is gevolglik die sleutels tot die vervulling van elke mens se Koninkryksdoel op aarde (Rees, 2006:32).

Rees (2006:34) bespreek geestelike gawes onder die volgende indelings:

- **Wat is geestelike gawes?**

Geestelike gawes is nie dieselfde as persoonlikheidseienskappe nie. Persoonlikheids-eienskappe verskaf ŉ natuurlike 'vervoermiddel' vir die uitlewing van geestelike gawes, byvoorbeeld ŉ ekstrovert sal sy/haar gawes die beste in situasies benut waar ander mense betrokke is. Geestelike gawes en natuurlike talente is nie dieselfde nie (daar mag wel oorvleueling wees). Talente hou met tegnieke en metodes (natuurlike krag) verband terwyl dit by gawes oor geestelike vermoëns gaan aangesien dit oor geestelike geskenke gaan (Flynn, 2004:17-18).

Geestelike gawes en die vrug van die Gees is ook nie dieselfde nie. Die vrug van die Gees, volgens Galasiërs 5: 22-23, verwys na dit wat God tot die mens se karakter toegevoeg het. Wat die geestelike gawes betref, is die fokus meer op die individu (wat met hul gawes woeker) se bydrae tot die Koninkryk van God deur God se genade.

- **Definiëring van ŉ geestelike gawe**

Rees (2006:34) definieer ŉ geestelike gawe soos volg: *"A God-given special ability, given to every believer at conversion by the Holy Spirit, to share his love and strengthen the body of Christ."*

Guinness (2003:45) beskryf die rol van gawes as rentmeesterskap en dienslewering, nie selfsugtigheid nie – dit funksioneer ook op geestelike wyses en word deur die Heilige Gees bemagtig.

- **Waarom gee God geestelike gawes?**

Geestelike gawes is nie tot die uitsluitlike voordeel van die ontvanger nie, maar die hooffokus daarvan is eintlik om tot seën, in die Liggaam van Christus, aangewend te word.

- **Ontvang elkeen ʼn gawe?**

1 Korintiërs 7:7b gee die versekering dat elkeen sy/haar eie genadegawe van God ontvang het, die een so en die ander weer anders. Elke Christen beskik oor ten minste een gawe. Wanneer die genadegawes wat deur God aan die mens geskenk is gebruik word, word ander gehelp, God word vereer en die persoon ervaar geestelike vervulling.

- **Identifiseer jou geestelike gawes**

Raak betrokke en probeer in verskeie rolle dien en ontdek sodoende watter rol jou die meeste vervullingbied en lewer vervolgens sodoende die beste resultate vir God.

Rees (2006:36) verwys daarna dat voltooiing van vraelyste nie die plek van praktiese ervaring kan vervang nie – dit kan wel ʼn aanduiding gee in watter rigting om te beweeg.

Rees (2006:36) verwys na vyf Skrifgedeeltes wat op die verskeidenheid van gawes dui, naamlik: Romeine 12: 6-8; 1 Korintiërs 12: 8-10; 1 Korintiërs 12:28; Efesiërs 4:11 en 1 Petrus 4: 9-10. Vanuit hierdie Skrifgedeeltes stel hy vervolgens ʼn lys van die volgende 20 gawes saam:

**Tabel 5. Twintig geestelike gawes**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Administrasie<br>*Administration* | Geloof<br>*Faith* | Uitleg<br>*Interpretation* | Leraar<br>*Pastoring* |
| Apostelskap<br>*Apostleship* | Gee<br>*Giving* | Kennis<br>*Knowledge* | Profesie<br>*Prophecy* |
| Onderskeiding<br>*Discernment* | Genesing<br>*Healing* | Leierskap<br>*Leadership* | Lering<br>*Teaching* |
| Bemoediging<br>*Encouragement* | Hulp verleen<br>*Help* | Genade<br>*Mercy* | Tale<br>*Tongues* |
| Evangelisasie<br>*Evangelism* | Gasvryheid<br>*Hospitality* | Wonderwerke<br>*Miracles* | Wysheid<br>*Wisdom* |

Rees (2006:38-45) beskryf die twintig gawes, elk met ʼn verduideliking wat die persoon kan help om sy/haar geestelike gawes te herken. Hierdie verduideliking word as **Bylaag 6** (Identifiseer jou geestelike gawes) aangeheg.

- **Hoe word geestelike gawes met ander gedeel?**

Deur mekaar met die geestelike gawes wat God aan elkeen gegee het te bedien, word elkeen se gawe ook met ander gedeel. Hierdie bediening bring vervulling en vrugbaarheid vir God. Pogings en aksies wat egter nie met persoonlike gawes verband hou nie lei dikwels tot frustrasie en vermoeienis. In 1 Korintiërs 13: 1-3 stel Paulus dit duidelik dat gawes in liefde bedien moet word.

- **Vier algemene gevare betreffende gawes**

Rees (2006:47) verwys na vier algemene gevare met betrekking tot gawes, naamlik, vergelyking, projeksie, verwerping en misleiding. Vergelyking is wanneer daar meer klem op die sigbare gawes geplaas word. Projeksie is wanneer ŉ persoon verwag ander moet dieselfde gawes as hy/sy hê. Verwerping is wanneer ŉ persoon nie wil erken dat hulle ŉ sekere gawe ontvang het nie. Misleiding is wanneer Satan ŉ persoon in verband met gawes mislei – hy kan byvoorbeeld sekere mense manipuleer om te glo dat hulle sekere gawes het, wat nie noodwendig die geval is nie.

- **Versterk jou geestelike gawes**

Watter gawes jy ook al ontvang het, jy kan dit verbeter en ontwikkel deur dit in die praktyk prakties toe te pas en geestelik daarmee te woeker (Warren, 2002:255).

#### 3.4.2.2 Identifisering van die individu se passie

Net soos elke persoon ŉ fisiese hartklop het, het elke persoon ook ŉ emosionele hartklop en dit hou met die betrokke persoon se individuele passie verband (Warren, 2002:238). In hierdie verband wys Rees (2006:56) op die volgende vyf beginsels waarvolgens individuele passie geïdentifiseer kan word:

- **Identifiseer jou motivering**

Dit gaan hier om die ontdekking van die sleutel wat die Skepper diep in elke persoon se binneste geplaas het. In elke persoon se lewe is daar sekere onderwerpe, aktiwiteite en omstandighede wat instinktief belangrik is. Sekere dinge is net meer belangrik as ander en dit is die saak of sake wat jou hart aanraak en wat vervolgens ook die aard van jou hart openbaar. Hierdie saak of sake is ook ŉ goeie aanduiding van waar jy behoort te dien (Rees, 2006:56).

Rees (2006:61) bied die volgende lys van moontlike sake wat as motivering kan dien: Aborsie, geweld, alkholisme, kinderverwaarlosing, hulp aan gestremdes, egskeiding, omgewingsake, etiese kwessies, finansiële bestuur, gesondheid en oefening, HIV, hawelose mense, geregtigheid, huwelik- en familiekwessies, politiek, hongersnood, heilige lewenswandel, seksuele en geslagskwessies en spiritualiteit (Rees, 2006:61).

- **Identifiseer die teikengroep**

Beantwoord hierdie vraag deur die volgende vrae:

- Wie kan ek die beste vir God beïnvloed?
- Is daar ʼn sekere ouderdomsgroep tot wie ek aangetrokke voel?
- Watter tipe fokusgroep voel ek gelei om te dien? Op watter wyse kan ek die beste impak maak sodat my gawes optimaal benut word?
- Die teikengroep waartoe jy aangetrokke voel, sal verskil van persoon tot persoon en sal deur dit wat jou basies motiveer beïnvloed word (vgl. die lys van moontlikhede onder motivering).

- **Identifiseer die behoeftes wat jy wil aanspreek**

Na die identifisering van die teikengroep moet jy die behoeftes wat jy wil aanspreek, identifiseer. Dit is raadsaam om by die behoeftes wat God en ander reeds in jou eie lewe aangespreek het, te begin. God kan ons lyding, swakhede en mislukkings sowel as sterkpunte en passies gebruik om ander te help. Die beste persoon om iemand te help, is diegene wat reeds deur dieselfde probleme gewerk het.

Identifiseer vervolgens primêre kategorieë waar hulp nodig is – dit sou met geestelike, fisiese, verhoudings-, emosionele, opvoedkundige of beroepsbehoeftes verband kan hou.

Verder sal dit voordelig wees om die volgende onderskeie gawes, tesame met die spesifieke behoeftes wat gewoonlik parallel daarmee gaan, in gedagte te hou:

- Persone wie aangetrokke tot hulpverlening by geestelike probleme is, beskik gewoonlik oor sommige van die volgende gawes: lering, wysheid, evangelisasie, kennis en profesie.

- Persone wie aangetrokke tot hulpverlening by fisiese behoeftes is, beskik gewoonlik oor die volgende gawes: om te kan gee, hulpverlening, genesing, administrasie, gasvryheid, onderrig en genade.
- Persone wie aangetrokke tot hulpverlening by verhoudingsprobleme is, beskik gewoonlik oor die volgende gawes: bemoediging, wysheid, gasvryheid, genade, onderskeiding en onderrig.
- Persone wie aangetrokke tot hulpverlening by emosioneleprobleme is, beskik gewoonlik oor die volgende gawes: bemoediging, wysheid, gasvryheid, genade, onderskeiding en onderrig.
- Persone wie aangetrokketot hulpverlening by opvoedkundige behoeftes is, beskik gewoonlik oor die volgende gawes: lering, onderrig, kennis en profesie.
- Persone wie aangetrokke tot hulpverlening by beroepsprobleme is, beskik gewoonlik oor die volgende gawes: wysheid, leierskap, onderrig, bemoediging en onderskeiding.

- **Identifiseer die saak**

Vertrou God om aan jou innerlike leiding en sensitiwiteit ten opsigte van die saak waarvoor Hy jou wil gebruik te gee.

- **Identifiseer jou uitsluitlike droom vir God se Koninkryk**

"*Our goal here is to recover that adventure God wrote on your heart when he made you*" (Elredge, 2002:248).

### 3.4.2.3 Identifisering van die individu se natuurlike vermoëns (***abilities***)

Paulus stel in Romeine 12:6 dat die gelowiges genadegawes besit *"...wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is".* Op grond hiervan is Rees (2006:71) van mening dat die vermoëns waaroor die gelowige beskik, gewoonlik 'n sterk aanduiding is van wat God wil hê dat hy/sy met hul lewe moet doen. Dit is ook so dat God die individu se roeping en vermoëns by mekaar laat pas (Warren, 2002:244). 'n Belangrike vraag is die volgende: Waarin blink ek uit? Gebruik gevolglik die individuele vermoëns wat God aan jou toevertrou het, in die lig van Sy ewigheidsplan binne jou bepaalde lewensituasie (Rees, 2006:71). Praktiese riglyne in hierdie verband is die volgende:

- **Gryp die dinge aan wat jy graag wil doen**

Rees gee ŉ voorbeeld van vyftig spesiale vermoëns. Hierdie lys word as **Bylaag 8** aangeheg (Rees, 2006:74-75). Merk op hierdie lys dit wat jy baie graag wil doen of nie sonder kan lewe nie. Die doel is dat jy die dinge wat jy graag wil doen sal aangryp bo en behalwe die dinge wat jy wel tot dusver kon doen (Rees, 2006:72).

Die volgende drie vrae behoort te help om jou natuurlike vermoëns te bepaal.

- *Wat is dit wat ek baie graag wil doen?*
  Verwys na daardie dinge waarsonder jy nie kan lewe nie en dit wat jy graag ook voltyds sal wil doen.
- *Watter is dié waarvan ek hou om te doen*
  Verwys na die dinge wat ek nie op ŉ gereelde basis wil doen nie.
- *Watter is dié waarsonder ek kan lewe?*
  Verwys na die dinge wat jy nie regtig graag wil doen nie.

### 3.4.2.4 Identifisering van die individu se tipe persoonlikheid

Net soos God aan elke mens unieke gawes, passies en vermoëns gegee het, het Hy aan elke mens ook ŉ unieke persoonlikheid gegee, ŉ persoonlikheid om Hom te eer. Verskeie modelle en kategorieë het mettertyd ontwikkel met die doel om persoonlik-heidverskille te verklaar en te verstaan.[1]Hierdie verskeidenheid van vraelyste en meetinstrumente dui op die soeke na die verstaan van persoonlikheidsverskille.

Beter begrip en kennis van die persoonlikheid, deur God aan jou geskenk, dra tot 'n effektiewe uitlewing van geestelike gawes, persoonlike vermoëns en persoonlike passie by.Webster (2017) bied die volgende definisie van persoonlikheid aan:

> *The complex of characteristics that distinguishes an individual or a nation or group; "*especially*" the totality of an individual's behavioral and emotional characteristics.*

[1] Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld die volgende: MBTI(1921); DISC persoonlikheidsprofiel(1928); Keirsey Vraelys(1978); Life Style Vraelys(1993); Houts Vraelys(2017); Your Spriitual Gift Surevy – Bugbee(2009); Discover your God-given gifts, Fortune(2009); S.H.A.P.E, Rees(2006); Meier Klinieke vraelys; Collins & Collins Vraelys (vgl. bronnelys vir meer detail gegewens).

Vanuit hierdie definisie kan die afleiding gemaak word dat persoonlikheid ŉ komplekse samestelling is. Rees (2006:83) verwys na twee aspekte wat tot beter begrip van individuele persoonlikheid bydra, naamlik:

- Hoe jy in verhouding tot ander staan (*relating to others*).
- Hoe jy op geleenthede reageer (*respond to opportunities*).

Aangesien die mens se koninkryksdoel op aarde rondom mense en verhoudings sentreer, is dit belangrik om te bepaal hoe jy in verhouding tot ander staan en hoe jy op geleenthede reageer.

Persoonlikheid beïnvloed denke, gevoelens, optrede, besluitneming, konflikhantering en verhoudings – jou persoonlikheid het dus ŉ totale invloed op jou lewe. Persoonlikheidsverskille dra ook tot verhoudingsverskille by. Kise, Stark en Hirch (2005:140) verwys na die verskille as God-gegewe aspekte van persoonlikheid. Verskille was God se bedoeling en verskille maak die lewe interessant. Stel jou die lewe met ŉ paar biljoen mense voor wat almal dieselfde gawes en tekortkominge het.

**Bylaag 9** bied ŉ aantal stellings waarvolgens die mate waarin ŉ individu in verhouding tot ander staan, geëvalueer kan word. **Bylaag 7** bied ŉ aantal stellings waarvolgens jou reaksie op geleenthede (*respond to opportunities*) geëvalueer kan word.

- **Wees getrou aan wie God jou geskape het**

Bly getrou aan wie God jou geskape het om te wees. Indien jy iemand is wat byvoorbeeld beter binne ŉ korporatiewe milieu funksioneer moet jy nie probeer om kompeterend op individuele vlakte wees nie – net so moet gereserveerde persone nie hulself onnatuurlik dwing om meer uitgesproke te wees nie.
Pogings om persoonlikheid buite die persoon se natuurlike profiel te verander, druis in teen alles wat God die mens van hom-/haarself wil leer.

Dit is belangrik om te onthou dat persoonlikheidstipes nie die alfa en omega is nie – dit is wel ŉ goeie hulpmiddel tot beter begrip van jouself, waardering vir ander, kennis van die mees geskikte werk of geleenthede tot diens. Kennis aangaande persoonlikheidstipes kan ook tot insig, met betrekking tot sekere lewenskeuses, bydra.

### 3.4.2.5 Fokus op die ervarings van die verlede

Daar is ŉ doel met jou verlede. Hierdie doel word soos volg deur die 19de eeu se Deense filosoof, Soren Kierkegaard, saamgevat: *"Life can only be understood backwards, But it must be lived forwards"* (AZ Quotes:2017). Die somtotaal van ervarings, vreugdevol sowel as pynlik, vorm die meesterstuk van God vir elke lewe. Die huidige persoon se totale menswees berus op die totale reis vanuit die verlede tot in die hede. Hier gaan dit oor alle ervarings vanuit die kinderjare waarin seer en vreugde opgesluit is, adolessente jare met sy pyn en opwinding asook die stryd en vervulling van jong volwassenheid en uiteindelik die volwasse lewe self met al sy uitdagings.

ŉ Ontdekkingsreis ten opsigte van hierdie reis vanuit die verlede is dus hier nodig. Dit impliseer ŉ besoek aan die kunsgalery van jou lewe, daar waar die goeie sowel as slegte
ervarings opgeteken en uitgestal is. Omstandighede soos ŉ disfunksionele huis asook blootstelling aan emosionele en/of fisiese misbruik en verwaarlosing het gewoonlik ŉ geweldige impak op enige persoon. Sonde maak mense disfunksioneel en hoe meer van hierdie disfunksionele ervarings ŉ individu beleef het, hoe meer is die pyn en verwonding ten opsigte van die verlede (Bugbee, 2009:67).

Rees (2006:98) verdeel die ervarings van die verlede in die volgende vyf areas:

- Persoonlike prestasies, byvoorbeeld een of ander toekenning wat jy ontvang het, wat vir jou persoonlik betekenis inhou.
- Beroepsprestasies, byvoorbeeld toekennings vir produktiwiteit, verkope of leierskap.
- Verhoudingsprestasies, byvoorbeeld ŉ gelukkige huwelik, ŉ ware vriend/vriendin of ŉ vriendskap wat groot uitdagings bied.
- Opvoedkundige prestasies, byvoorbeeld akademiese grade, opleiding sertifikate of ontwikkeling op gebiede van spesiale belang.
- Geestelike prestasies, byvoorbeeld om jou geloof met ander te deel, om dieper insig aan medegelowiges te bied en selfs ook jou eie geestelike groei.

Net soos die prestasies is daar vir elke mens ook die pynlike ervarings van die verlede – byvoorbeeld egskeiding in gesinne, drankmisbruik, alkoholisme en alle vorms van mishandeling. Fisiese wonde kan genees, maar verbale en emosionele wonde se littekens lê in die siel – sommige van die uitvloeisels hiervan is emosionele intimidasie en ŉ gebrek aan sekerheid. Diegene wat hierdie tipe pyn en seer in hulle eie lewensbeleef het, kan heel dikwels met deernis en empatie ander help wat dieselfde tipe situasies beleef.

In die lig van bovermelde sal daar dus met egpare ook deur hierdie verhaal vanuit hul verlede gewerk word. Dit sal ook belangrik wees om op hierdie wyse seker te maak dat daar nie moontlik nog emosionele bagasie vanuit die verlede met hulle saamgesleep word nie – dit sou groot struikelblokke in hul verhouding en kommunikasie met mekaar kon veroorsaak.

### 3.4.3 Formulering van ŉ voorlopige model

In die lig van die voorafgaande bespreking van Bugbee (2009) en Rees (2006) se modelle asook enkele ander modelle en vraelyste waarna reeds in hoofstuk 1 verwys is, gaan daar vervolgens met die formulering van ŉ voorlopige model begin word. Met hierdie model gaan daar gepoog word om vanuit al die verskillende benaderings dié aspekte te identifiseer wat in ŉ besondere mate op die tema van hierdie studie van toepassing sal wees en dit vervolgens later finaal in ŉ eie model in hoofstuk 6 te integreer.

In hoofstuk 1 is die breë kontoere van so tentatiewe model reeds genoem en dit lyk soos volg:

- Stap 1: Die identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes.
- Stap 2: Ontdekking van die individu se tipe persoonlikheid.
- Stap 3: Die identifisering van die eie God-gegewe persoonlike styl en vermoëns.
- Stap 4: Identifisering van ŉ eie dryf en passie.
- Stap 5: Identifisering van elkeen se liefdesfaktor.
- Stap 6: Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes.
- Stap 7: Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees.

- Stap 8: Identifisering van ŉ aantal deurslaggewende elemente betreffende elke individu se unieke verwysingsraamwerk.

Vervolgens gaan elk van bovermelde stappe meer in detail bespreek word:

**3.4.3.1 Stap 1: Identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes**

Die kerk is uit verskeie individue saamgestel, elk met sy/haar individuele gawes wat met mekaar in ŉ sekere verhouding staan – so is ookhuweliksmaatsbinne die huwelik in ŉ verhouding saam. Die eerste stap in die formulering van ŉ voorlopige model betreffende persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat vir ŉ gesonde huweliksverhouding bevorderlik is, is die identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes. Van die bronne wat in die voorlopige navorsing geïdentifiseer is en reeds kortliks bespreek is, is die volgende:

- **Bugbee se vraelys**

Bugbee, (2009: 145-155) het ŉ vraelys, bestaande uit 133 vrae, saamgestel om persone se onderskeie geestelike gawes te kan bepaal – dit is as **Bylaag 1**aangeheg**.** Hierdie vraelys maak van ŉ skaaltelling met die volgende aanduidings gebruik: 0-3; 3 = altyd/beslis waar; 2 = meeste van die tyd/gewoonlik waar; 1 = soms/nou en dan; 0 = nooit nie/baie selde. Verder is daar vervolgens ook verder vier alfabetiese vrae wat op die antwoordblad by die gepaste letter beantwoord moet word.

Bugbee stel vanuit die Skrif, naamlik 1 Korintiërs 12; Romeine 12; Efesiërs 4; en 1 Petrus 4, ŉ lys van 23 geestelike gawes saam. Bugbee bied ŉ kort beskrywing van elke gawe en hierdie lys is onder 4.1.1 van hierdie hoofstuk ingesluit (Bugbee, 2009:49). Na voltooiing van die vraelys en die verwerking van die antwoorde kom hierdie lys handig te pas om die onderskeie geestelike gawes (met elkeen se beskrywing) te identifiseer.

Met die oog op die keuse van ŉ spesifieke vraelys wat in ŉ eie model ingesluit kan word, moet vermeld word dat Bugbee se vraelys baie lank is en dit neem ook heelwat tyd om die vrae te beantwoord. Persone is in die algemeen traag om lang vraelyste in te vul en dit sou ŉ negatiewe faktor kon wees. Die verwerking van die antwoorde neem ook tyd met so lang vraelys, hetsy vir die berader of die persoon wat die verwerking daarvan moet doen.

- **Rees se vraelys**

Rees stel vanuit die volgende Skrifgedeeltes ŉ lys van twintig geestelike gawes saam: Romeine 12; 1 Korintiërs 12; Efesiërs 4 en 1 Petrus 4. Rees se geestelike gawe vraelys is as **Bylaag 6** aangeheg. Hy behandel elk van die 20 gawes, waarna hy verwys, afsonderlik – daarna volg ŉ kort beskrywing van die eienskappe waaroor persone wat die bepaalde gawe ontvang het, beskik. Met betrekking tot elk van die 20 punte op die vraelys (20 gawes) word die betrokke antwoord in die gepaste blokkie ingevul, naamlik, ja, miskien of nee. Die lys van gawes wat vervolgens op hierdie wyse geïdentifiseer word, word in **Bylaag 7** ingevul. Die persoon se voltooide profiel sal geestelike gawe/gawes, individuele passie, individuele natuurlike vermoëns (*abilities*), persoon-likheid eienskappe en ontleding van ervarings van die verlede insluit. Hierdie ontleding bied ŉ goeie globale beeld van die persoon se gawes, passie, vermoëns, persoonlikheid asook agtergrondinligting. Omdat Rees se metode heelwat tyd in beslag neem, kan dit deur die persoon self ingevul word.

- **Die Houts vraelys**

ŉ Verdere hulpmiddel wat vir die identifisering van ŉ egpaar se individuele geestelike gawes gebruik kan word, is die Houts Vraelys, wat as **Bylaag 11** aangeheg word. Hierdie vraelys is in 1976 deur Dr. Richard F. Houts, Professor aan die Noord Amerikaanse Baptiste Seminarium, opgestel. Dit is later deur Peter Wagner van die Fuller Instituut vir Evangelisasie en Kerkgroei verwerk en in sy boek, *Your spiritual gifts can help your church grow,* ingesluit (Wagner 2012:245).

Die verwerkte vraelys bestaan uit 90 vrae wat aansienlik minder is as die 133 van Bugbee se vraelys. Die vrae word beantwoord deur een van die volgende keuses in die gepaste spasie in te vul: *dikwels, soms, min* of *nooit nie*. Die numeriese waardes word op die opsommingsbladsy ingevul en verwerk. Spesifieke gawes word deur die totale bepaal. Wagner verwys na 18 gawes en bied ŉ lys ter verduideliking van die verskillende gawes (vgl. **Bylaag 11**).

Binne die formulering van ŉ voorlopige model is ŉ keuse ten gunste van die Houts Vraelys gemaak ten opsigte van die identifisering van ŉ egpaar se individuele geestelike gawes. Die benadering en formulerings pas besonder goed binne die Gereformeerde tradisie, wat die basiese vertrekpunt van hierdie studie as geheel is.

.

#### 3.4.3.2 Stap 2: Identifisering van die individu se tipe persoonlikheid

Die tweede stap in die formulering van ŉ voorlopige model is die identifisering van die egpaar se individuele persoonlikheidstipes. Die twee modelle wat hier gebruik gaan word, is die van Rees (2006) asook die DISC profiel ontleder (2017).

- **Rees se model**

Rees (2006:83) ondersoek individuele persoonlikheidstipes aan die hand van twee aspekte:

- Hoe jy in verhouding tot ander staan (*relating to others*).

- Hoe jy op geleenthede reageer (*responding to opportunities*).

Beter begrip van ŉ persoon se persoonlikheidseienskappe lei tot beter begrip van die huweliksmaat, omrede persoonlikheidseienskappe ŉ persoon se ganse lewe, denke, gevoelens en optrede beïnvloed. Persoonlikheidseienskappe beïnvloed ook die ganse spektrum van verhoudings soos onder andere, besluitneming, hantering van veranderings, probleemoplossing, konflikhantering, uitdrukking aan gevoelens gee, die wyse waarop gekompeteer en ook saamgewerk word.

- **Hoe jy in verhouding tot ander staan (*relating to others*)**

Binne die huwelik staan twee mense in ŉ besondere verhouding tot mekaar. Die wyse waarop elkeen in verhouding tot ander staan, kan verskil en daarom is dit belangrik om elkeen se voorkeure te bepaal.

Die wyse waarop mense in verhouding tot ander staan, kan in sekere kategorieë ingedeel word. In hierdie verband kan verhouding tot ander op ŉ kontinuum voorgestel word met telkens twee pole wat soos volg beskryf kan word:

- ***Is jy spontaan of gereserveerd?***
- Spontane persone of ekstroverte hou daarvan om tussen ander mense te wees terwyl gereserveerde persone of introverte daarvan hou om op hulle eie te wees.
- ***Gee jy maklik uitdrukking aan jou gevoelens of is jy selfbeheers?***
- Spontane persone gee maklik verbale uitdrukking aan hulle gevoelens, gedagtes en opinies terwyl die selfbeheersde persoon nie hul gedagtes en opinies maklik teenoor ander uitspreek nie.

- ***Is jy samewerkend of kompeterend?***
  Persone wat maklik saamwerk aanvaar die opinies van ander sonder teenkanting en vermy konflik sover moontlik, terwyl die kompeterende persoon weer daarvan hou om te wen, om struikelblokke te oorkom en uitdagings te aanvaar.

Persone kan ook oor ŉ kombinasie van eienskappe beskik. Hierdie ontleding kan aan die hand van **Bylaag 9** gedoen word**.**

- **Hoe jy reageer op geleenthede (*respond to opportunities*)**

Net soos persone ten opsigte van verhoudingstyl verskil, verskil hulle reaksie op geleenthede ook. Die volgende kategorieë kan ŉ aanduiding van verskille, ook binne ŉ huweliksverhouding, gee:

- *Hou jy van hoë risiko of lae risiko uitdagings?*
- Sommige persone vind hoë risiko ŉ uitdaging en ander vermy risiko ten alle tye.
- *Hou jy van menslike interaksie of voltooiing van projekte?*
  Sekere persone verkies mens georiënteerde situasies terwyl ander verkies om agter die skerms projekte te voltooi.
- *Is jy ŉ volgeling of ŉ leier?*
  Daar is nie ŉ regte of verkeerde manier nie – jou tipe persoonlikheid bepaal die deurslag, of jy ŉ leier volg en of jy eerder self as leier optree.
- *Hou jy van spanwerk of doen jy eerder dinge op jou eie?*
- *Hou jy van verskeidenheid of roetine?*

Bovermelde ontleding kan aan die hand van **Bylaag 9** gedoen word**.**

- **DISC profiel ontleder**

Die DISC profielontleder (2017) is die tweede model wat gebruik gaan word (as deel van ŉ voorlopige model) met betrekking tot die identifisering van egpare se individuele persoonlikheidstipes. In Bylaag 13 word hierdie model aan die orde gestel. Hierdie model leen dit ideaal daartoe om persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk, wat vir ŉ gesonde huwelik bevorderlik is, te bepaal. Die vraelys is aanvanklik deur die psigoloog, William Marston, opgestel en word as ŉ gedragsmodel gebruik. Marston publiseer in 1928 die boek, "*Emotions of Normal People,* waarin hierdie model

ingesluit is. In 1931 publiseer hy "*DISC, Integrative Psychology"*. Die bevindinge in gemelde twee boeke opgeteken, met verwysing na menslike gedrag en bewustheid, het uiteindelik tot die teorie gelei waaruit latere verwerkings voortgespruit het. Die bedryfsielkundige, Walter Vernon Clarke, het ook 'n prominente rol in die proses vervul. Uiteindelik is dit deur verskillende persone en instansies tot die huidige formaat verfyn en afgerond.

Die akroniem DISC staan vir "*Dominance; Influence, Compliance*en*Steadiness".* DISC is 'n metode om voorspelbare optrede en persoonlikheidstipes binne menslike gedrag te bepaal. Menslike gedrag bestaan in die algemeen uit 'n kombinasie van DISC persoonlikheidstyle. Die vier prominente style is die volgende:

- **Dominansie (*dominance*)**

Persone met hierdie tipe persoonlikheid tree direk, beslis en soms dominerend op. Hulle is gewoonlik goeie leiers. Hulle beskik gewoonlik oor goeie selfvertroue, neem soms risiko's en los probleme op. Hierdie eienskappe dra daartoe by dat ander persone na hierdie persoonlikheidstipes opsien.

- **Invloedryk (*influential*)**

Persone met hierdie tipe persoonlikheid is graag die middelpunt van belangstelling. Hulle is entoesiasties, optimisties, spraaksaam, oortuigend, impulsief en emosioneel. Hierdie tipe persone vertrou ander maklik, geniet die geselskap van ander, funksioneer die beste tussen ander mense en werk graag in spanverband.

- **Standvastigheid (*steadiness*)**

Persone met hierdie tipe persoonlikheid is vir stabiliteit, standvastigheid en voorspelbaarheid bekend. Hulle beskik oor 'n gematigde temperament, simpatiek teenoor ander en ruimhartig teenoor geliefdes. Hulle toon begrip, is goeie luisteraars en verkies hegte vriendskappe. Hulle is openhartig teenoor geliefdes maar kan ook besitlik wees.

- **Konsensieus (*conscientious*)**

Persone met hierdie tipe persoonlikheid is baie akkuraat, presies en gesteld op besonderhede. Hierdie persone is analities en sistematies en besluitneming volg gewoonlik na deeglike navorsing en voldoende inligting bekom is. Hulle stel hoë

standaarde aan hulself en ander. Aangesien hulle so gesteld op besonderhede is, sien hulle dikwels dinge raak wat ander nie raaksien nie – daarom is hulle goed met probleemoplossing en dikwels ook kreatief (Rohm, 1998:21-24).

- **Agt persoonlikheid tipes deur Les en Leslie Parrott**

ŉ Verdere bron wat meer lig op die onderwerp van persoonlikheidstipes werp, is die boek van Drs. Les en Leslie Parrott, "*Saving your marriage before it starts"* (2006:178-180). Hulle beklemtoon dat God elke persoon uniek geskape het en vandaar die verskille – om hierdie uniekheid te ontken, lei tot toneelspel (*pretence*) en nie tot vennootskap (*partnership)* nie (Parrott & Parrott, 2006:138).

Die SYMBIS (*Save your marriage before it starts*) evaluering wat deur die Parrotts saamgestel is, dui op die volgende agt persoonlikheidstipes (selfs waar egpare in die algemeen redelik dieselfde persoonlikheidstipe het, sal daar steeds verskille voorkom (Parrott, 2006:178-180):

- Presterende eggenoot: Feitelik, effektief en logies.
- Baanbreker eggenoot: Resultaatgeoriënteerde, onbeskroomd en innoverend.
- Besielende eggenoot: Oortuigend, uitgaande en entoesiasties.
- Verklarende eggenoot: Optimisties, bemoedigend en verbaal.
- Meewerkende eggenoot: Diensgeoriënteerd, vredemaker en geduldig.
- Standvastige eggenoot: Lojaal. ernstig en ywerig.
- Bedagsame eggenoot: Toegewyd, akkuraat en gedissiplineerd.
- Ontledende eggenoot: Ordelik, konsensieus en versigtig.

Een tipe persoonlikheid is nie beter of slegter as die ander nie en dit is waar baie egpare struikel. Baie egpare verstaan nie persoonlikheidsverskille nie, hoeveel te meer nog om verskille te kan waardeer.

### 3.4.3.3 Stap 3: Identifisering van die eie God-gegewe persoonlike styl en vermoëns

Die derde stap in die formulering van ŉ voorlopige model is die identifisering van die egpaar se individuele God-gegewe persoonlike styl en vermoëns. Wat hierdie aspek betref gaan riglyne vanuit die volgende vier bronne aan die orde kom:

- Erik Rees (2006)
- Bruce Bugbee (2009)

- **Erik Rees**

Rees (2006:73) dui daarop dat natuurlike vermoëns (*abilities*) aan die hand van drie vrae geïdentifiseer kan word:

- Wat is dit wat ek graag wil doen?
- Wat is dit waarvan ek hou om te doen?
- Wat is die dinge waarsonder ek kan lewe?

Romeine 12:6 stel dit duidelik dat gelowiges genadegawes besit wat volgens die genade wat aan hulle gegee is verskil. Dit is hieruit dus duidelik dat individue in terme van genadegawes sal verskil en daarom is die belangrike vraag wat hieruit voortspruit die volgende: "*Wat is my natuurlike vermoëns of genadegawes?"* In hierdie verband formuleer Rees (2006:74-75) 'n lys van vyftig gespesialiseerde vermoëns, as **Bylaag 8** aangeheg**.** Hierdie lys kan individue help om hulle besondere vermoëns te herken, en sodoende meer in besonder op die dinge wat hulle graag doen te fokus. Dit is goed indien egpare gevra word om saam hierdie ontdekking te doen deur ook deur hierdie lys te werk om sodoende van mekaar se sterkpunte asook van mekaar se verskille kennis te neem. **Bylaag 9,**deur Rees saamgestel, dien as verdere hulpmiddel vir egpare met die bepaling van individuele persoonlikhede.

- **Bruce Bugbee**

Bugbee(2006:62) verwys na persoonlike styl as die wyse waarop elke persoon met die wêreld rondom hom/haar in verband staan. Elke individu het sekere voorkeure en keuses wat tydens interaksie en verbinding met ander uitgeoefen word. Verhoudings wat nie jou voorkeur styl toelaat nie verg ekstra tyd, energie en sensitiwiteit. Die vraag is dus: *"Wat verskaf aan my energie en wat dreineer my energie? "*As illustrasie maak Bugbee (2006:63) van die voorbeeld van 'n battery gebruik: dit is nodig om 'n battery te laai voordat dit self krag kan uitgee.

Energie moet toegevoeg word ten einde energie te kan uitgee. Sekere bronne wat aan 'n battery gekoppel word, verskaf krag terwyl ander weer krag gebruik. Mense verskil in die opsig dat een persoon energie sal ontvang deur betrokkenheid by ander mense terwyl 'n ander persoon eerder take sal voltooi om energie te ontvang. Bugbee

(2006:64) verwys na persoonlike verskille wat met die kenmerk van gestruktureerd of ongestruk-tureerd verband hou. Die gestruktureerde persoon verkies 'n lys van prioriteite terwyl die ongestruktureerde persoon eerder verskillende opsies verkies.

**Bylaag 2** wat oor persoonlike styl handel, bevat vrae rakende dit wat aan jou energie verskaf en hoe jy georganiseerd is. Die antwoorde word volgens 'n kontinuum ingevul met die genoemde eienskappe aan die teenoorgestelde pole, byvoorbeeld, gestruk-tureerd en ongestruktureerd. Dit is belangrik dat elke persoon sy/haar vlak van intensiteit sal bepaal aangesien elke mens gemaklikbinne 'n bepaalde area funksioneer. Voortdurende beweging buite die gemaksone van persoonlike styl en voorkeur het verveling of uitbranding tot gevolg (Bugbee, 2006:65).

Uit die bespreking tot dusver is dit duidelik dat persoonlike styl 'n belangrike rol in verhoudings speel en daarom is dit nodig dat huweliksmaats met mekaar se persoonlike style bekend sal wees. Die aantal vrae soos in **Bylaag 2** geformuleer (Bugbee, 2009: 65-67) dien as handige hulpmiddel om persoonlike styl te identifiseer. Gebeure beïnvloed mense se lewens en bemoeilik die taak van identifisering van persoonlike styl. In hierdie verband meld Bugbee (2009:67) onder andere faktore soos familielede, waardes, disfunksionele omstandighede of omstandighede van misbruik. Die lewe is kompleks en baie mense en reëls oefen gewoonlik 'n invloed uit ten opsigte wat elke individu as toepaslik of nie toepaslik nie beskou. Persone is ook dikwels van mening dat indien hulle volgens sekere reëls sou optree, hulle aanvaarding sal geniet – dit mag egter gedrag wees wat nie noodwendig met hul persoonlike styl verenigbaar is nie. Mishandeling versteur ook die persepsie van persoonlike styl- dit kan aan emosionele-, verbale- of fisiese verwaarlosinggekoppel wees. Die verwarring wat eenmalige mishandeling of mishandeling oor 'n lang tydperk tot gevolg het, is 'n werklikheiden kan diep traumaties wees. Vrees inhibeer gewoonlik so persoon se potensiaal. Hoe meer intens die disfunksionaliteit, hoe moeiliker die identifikasie van persoonlike styl.

In die Skrif is voorbeelde van verskillende persoonlike style, byvoorbeeld: Lukas 1:1-4 waar na Lukas as 'n gestruktureerde persoonverwys word. Johannes daarenteen, toon meer diepte en gevoel eerder as logika – vgl. Johannes 1:14; 3: 16-17; 10:11-18: 11:35; 14:16-18.

Bugbee (2006:72) beklemtoon dat kennis van jou persoonlike styl jou sal help om ook jou persoonlike verhoudingstyl te verstaan en daarom is hierdie tipe insig so belangrik ook vir die huweliksverhouding.

**3.4.3.4 Stap 4: Identifisering van 'n eie dryf en passie**

Die vierde stap in die formulering van 'n voorlopige model is die identifisering van die egpaar se individuele God-gegewe persoonlike dryf en passie. Passie is die God-gegewe begeerte wat jou dwing om op 'n bepaalde gebied 'n verskil te maak (Bugbee, 2009:81). Daar is nie 'n regte of verkeerde passie nie want egte en positiewe passie is God-gegewe.

Rees (2006:56) stel dat elke egpaar hul individuele dryfkrag en passiedeur riglyne soos die volgendekan ontdek:

- Weet wat is jou dryfveer.
- Weet vir wie jy omgee.
- Weet in watter behoefte jy wil voorsien.
- Ken die saak wat jy wil oorwin.
- Ken jou uitsluitlike droom vir die Koninkryk van God.

Tydens die begeleidingsproses sal bovermelde vrae met egpare deurgewerk word.
Daar is baie sake wat aandag benodig en daarom is dit belangrik dat daar met betrekking tot dryf en passie, bepaal word watter saak jou die naaste aan die hart lê – daardie saak waarvoor jy 'n persoonlike passie het. Passie kan ook as die saak beskryf word waarmee jy belas voel, dit waarvoor jy geroepe voel, dit waaroor jy droom of waarvoor jy 'n sekere visie het. Egpare kan dieselfde passie of verskillende passies hê, die hoofsaak is egter ondersteuning, erkenning en begrip vir mekaar se passie.

Bugbee (2009: 82-85) verwys na die volgende sewe passie-aanduiders:

- Wat is dit wat jou opgewonde maak om oor te gesels?
- Waaroor droom en visualiseer jy?
- Maak 'n lys van jou prestasies, slegs dit wat jy baie geniet het.
- Wat is dit wat jy graag doen?
- Waar maak jy 'n sinvolle verskil?

- Wat is dit wat aan jou energie verskaf?
- Onderwerp jou passie aan die volgende twee vrae:
  - Word God daardeur vereer?
  - Bou of voed dit ander mense op?

Passie kan volgens Bugbee in kategorieë verdeel word en dit word as **Bylaag 3** aangeheg (Bugbee, 2009:87).

ʼn Kombinasie van die vrae deur enersyds Rees en andersyds Bugbee, met betrekking tot passie, sal in die voorlopige model gebruik word. Bugbee (2006:77) beskryf passie as die God-gegewe begeerte wat die mens dwing om ʼn verskil te maak en terselfdertyd God te vereer. ʼn Duidelike doel lei tot motivering en motivering lei tot passie. Bugbee (2006:82) verwys na hierdie doel as jou passie, dit wat jy bereid is om tyd, energie en bronne aan te spandeer. Passie kan ook as jou visie, jou droom, dit waarmee jy belas voel of jou persoonlike roepingbeskryf word.

ʼn Kombinasie van die vrae met betrekking tot passie deur Rees en Bugbee sien soos volg daar uit:

- Wat motiveer jou? Dit wat jou hart aanraak en waarin jy graag deur jou bydrae ʼn verskil wil maak. Daardie diepe begeerte wat aan jou emosionele en fisiese energie verskaf.
- Wat is die saak of behoefte wat jy wil aanspreek? Dit wat vir jou instinktief belangrik is – die doelwitte wat jy graag in daardie bepaalde saak wil bereik. Die saak of behoefte bepaal in ʼn groot mate die teikengroep.
- Wat is die struikelblokke in die uitleef van jou passie? Dit kan byvoorbeeld met die dominante waardes van diegene rondom jou verband hou, byvoorbeeld gebrek aan goedkeuring asook persone wat verwerping ervaar.

#### 3.4.3.5 Stap 5: Identifisering van huweliksmaats se liefdesfaktor

Die vyfde stap in die formulering van ʼn voorlopige model is die identifisering van huweliksmaats se liefdesfaktor – hier gaan dit in besonder oor die motivering ten opsigte van jou daaglikse optredes teenoor God, jou medemens en in besonder jou huweliks-maat. 1 Korintiërs 13:1-3verwys na die alles oorweldigende rol van die liefde. Bugbee het op grond van hierdie eienskappe van die liefde ʼn vraelys saamgestel wat

deur individue beantwoord kan word. Hierdie vraelys word as **Bylaag 4** aangeheg (Bugbee, 2009: 105-107) en dit help egpare om mekaar se diepere hartsmotiewe te leer ken. Binne die Christen huwelik word faktore soos passie, geestelike gawes en persoonlike styl voortdurend gereflekteer en die belangrikste is dat dit in liefde sal geskied.

In hierdie verband stel Bugbee (2009:108) dat daar sekere dinge is wat oënskynlik baie dieselfde lyk maar die verskil lê gewoonlik diep in die hart van die mens. Slaafse onderdanigheid dien uit plig, terwyl ŉ dienaar uit vreugdevolle gehoorsaamheid dien. Onderdanigheid word deur wat ander siengemotiveer terwyl dienaars deur wat God siengemotiveer word. Onderdanigheid sê, *"Dit is nie my werk nie"*, terwyl dienaars sê *"Wat dit ook al verg".* Onderdanigheid stel die 'ek' eerste terwyl dienaars God eerste stel. Onderdanigheid toon ŉ valse nederigheid, selfs arrogansie, terwyl dienaars ŉ opregte nederigheid en Goddelike trots vertoon. Valse onderdanigheid is selfge sentreerd sonder blywende resultate terwyl dienaars die eer aan God gee met blywende resultate.

Bugbee het ook rondom hierdie aspek ŉ vraelys opgestel waarvolgens individue hul motivering tot diensbaarheid aan God en aan mekaar kan bepaal – hierdie vraelys word in **Bylaag 5** vervat (Bugbee, 2009:110).

#### 3.4.3.6 Stap 6: Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes

Die sesde stap in die formulering van ŉ voorlopige model is die identifisering van huweliksmaats se emosionele behoeftes. Wat hierdie aspek betref gaan daar van die volgende bronne en hulpmiddele gebruik gemaak word:

- Eerstens word hier van die *Emosionele vraelys* van Dr. F. Harley, stigter van die organisasie "*Marriage Builders*", soos weergee in sy boek "*His needs, her needs, building an affair proof marriage"* gebruik gemaak (2011:213-229). Die vraelys word as **Bylaag 15** aangeheg. In sy boek verduidelik Dr Harley sy soeke na die regte antwoorde vir persone met huweliksprobleme. Hy het gevolglik begin vra en luister na talle huwelikspare en een van die belangrikste aspekte wat hy geïdentifiseer het, was die vervulling van mekaar se emosionele behoeftes – hy

verwys hierna as die herstel van romantiese liefde vir mekaar (Harley, 2011:13-15).

- Die tweede hulpmiddel wat in hierdie stap gebruik kan word, is die *Welstand profiel van julle verhouding* (ANON 2017; as **Bylaag 16** aangeheg).
- Die derde hulpmiddel in hierdie stap is die *Liefdestale vraelys*van Gary Chapman (2004:176-178;182-184; as **Bylaag 17**aangeheg).

Daar sal dus van egpare verwag word om bovermelde drie vraelyste deur te werk en die interpretering van die resultate sal vervolgens saam met hulle deurgewerk word.

#### 3.4.3.7 Stap 7: Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees

Hier gaan dit oor die identifisering van spesifieke ervarings vanuit die verlede waar daar trauma, hartseer, verliese en moeilike omstandighede asook groot uitdagings was om te hanteer. Enersyds moet op hierdie punt saam met die egpaar op moontlike onverwerkte emosies, gekoppel aan die verlede, gefokus word waarmee hulle steeds mag worstel en wat ʼn negatiewe impak op hul verhouding mag hê. Andersyds gaan daar ook op emosionele en geestelike groei asook belangrike lewenslesse gelet word wat uit sulke ervarings kon voortspruit en wat in die toekoms toegepas kan word binne hul eie verhouding asook in hul betrokkenheid by ander persone wat met dieselfde tipe emosionele krisisse mag worstel.

Die vraelyste wat hier van toepassing is, is dieselfde as wat reeds by die derde staphanteer is en wat oor *Die Identifisering van die eie God-gegewe persoonlike styl en vermoëns*gehandel het. By hierdie sewende stap sal daar weer op die resultate van die vier vraelyste wat tydens die derde stap voltooi is gelet word. Hierdie lyste was die volgende:

- Erik Rees – **Bylaag 8**
- Meier Klinieke – **Bylaag 12**
- Collins en Collins – **Bylaag 14**

▪ **Meier Klinieke se vraelys**

Aanvullend tot die inligting bekom deur die identifisering van persoonlike styl met behulp van Bugbee se vraelys (**Bylaag 2**) sal daar in die voorlopige model ook van die Meier Klinieke (2017) se omvattende agtergrondinventaris (**Bylaag 12**) gebruik gemaak word- egpare sal gevra word om ook hierdie vraelys te voltooi. Hierdie vraelys is deur die Meier Kliniekesaamgestel wat onder die leiding van die Christen psigiater, Dr. Paul Meier, staan. Hierdie klinieke bied reeds vanaf 1976 Christelike berading aan families en individue (vgl. meierclinics.com, 2017). Die agtergrondinventaris help om beter self-kennis te bekom en tegelykertyd ŉ volledige agtergrondgeskiedenis te verkry.

Die onderafdelings van die inventaris is die volgende (**Bylaag 12**):

- Ontmoet die innerlike ek.
- Wat van die ander kinders?
- Wat van God?
- Wat van die negatiewe situasies in jou verlede?
- ŉ Kykie na jou emosionele geskiedenis.

▪ **Collins en Collins se vraelys**

ŉ Verdere hulpmiddel tot identifisering van ŉ eie God-gegewe persoonlike styl is die vraelys van Collins en Collins (2017). Hierdie webtuiste is deel van die *Nehemiah Family Ministries*wat beradingstoerusting aan egpare voorsien wat begeer om hul huweliks-verbond te verstewig. Hierdie vraelys bestaan uit 25 vrae wat die terreine van die huwelik, egskeiding en die seksuele insluit. Die vrae en antwoorde word in **Bylaag 14** vervat (Huwelikaanpasbaarheidstoets, Collins & Collins, 2017). Die antwoorde van so vraelys bevat dikwels ŉ versteekte boodskap en in die geval van egpare kan dit byvoorbeeld ŉ duidelike aanduiding van die verskille rakende persoonlikestyl en vermoënswees. Indien so toets optimaal benut word, verskaf die antwoorde waardevolle insigte en kennis met betrekking tot persoonlikheidskomponente en unieke verwysings-raamwerk waarop vervolgens sinvol in die begeleiding van die betrokke egpaar gefokus kan word.

Indien hierdie drie vraelyste volledig ingevul is, behoort al die stof wat op hierdie sewende stap van toepassing is ook reeds voorhande te wees. Daar sal vervolgens weer saam met die egpaar deur die resultate van hierdie vier lyste gewerk word ten einde alle verwysings en vermeldings van trauma, pyn, verliese, ens., te identifiseer

### 3.4.3.8 Stap 8: Identifisering van ʼn aantal deurslaggewende elemente betreffende elke individu se unieke verwysingsraamwerk

Alles wat nou reeds in die voorafgaande gedeeltes bespreek en uitgelig is, is basies op die eerste belangrike komponent binne die titel van hierdie studie, naamlik *persoon-likheidskomponente* van toepassing. Op hierdie punt verskuif die fokus egter nou na die tweede belangrike komponent, naamlik *deurslaggewende elemente betreffende elke individu se unieke verwysingsraamwerk* met betrekking tot gesonde huweliks-verhoudings.

Soos reeds genoem sal daar in hierdie verband in hoofstuk 5 op belangrike perspektiewe vanuit pastoraal teologiese literatuur gefokus word ten einde sodanige deurslaggewende elemente te identifiseer. ʼn Hele aantal bronne waarna slegs terloops in hoofstuk 1 verwys is, sal meer in diepte geëvalueer word. Die kern van die bespreking rondom sulke *deurslaggewende elemente* sal gevolglik in daardie hoofstuk aan die orde kom.

By die uiteindelike formulering van ʼn finale model in hoofstuk 6 sal die inhoud van die bovermelde voorlopige model vanuit die resultate van die literatuurstudie (hfst. 2; *die interpreterende taak*), alle tersaaklike aspekte vanuit die eksegese (hfst. 4; *die normatiewe taak*) asook belangrike perspektiewe vanuit die pastoraal-teologiese literatuur (hfst. 5; as ʼn onderafdeling van *die normatiewe taak;* elke individu se unieke verwysingsraamwerk) aangevul (en moontlik op sekere punte aangepas) word. Alle tersaaklike stof sal vervolgens tot die finale formulering van ʼn strategies-teoretiese model geïntegreer word.

## 3.5 SAMEVATTING

Binne hierdie hoofstuk is daar deur middel van ʼn literatuurstudie op die konseptualisering van ʼn voorlopige model rakende persoonlikheidskomponente wat bevorderlik vir ʼn gesonde huweliksverhouding is, gefokus. Soos reeds in hoofstuk 2vermeld, geskied hierdie navorsing aan die hand van die model van Osmer (2011:11) en hou hierdie hoofstuk met Osmer se deskriptiewe of beskrywende taakverband.

Vanuit die aanvanklike verwerking van ʼn groot aantal tersaaklike bronne het veral twee

outeurs se bydraes pertinent uitgestaan aangesien hulle benadering in die besonder met die oogmerk van hierdie studieverband hou. Hierdie twee bronne is die boek van Bruce Bugbee, *What you do best in the body of Christ* (2009), asook die boek van Erik Rees, *S.H.A.P.E. Finding and fulfilling your unique purpose for life* (2006).

Die breër raamwerk van hierdie bydraes deur Bugbee en Rees is vervolgens in hierdie hoofstuk aan die orde gestel. Daarna is die belangrikste winspunte vanuit elk van hierdie twee benaderings gekombineer tesame met verdere toepaslike insette van ander outeurs, in die formulering van ’n voorlopige model met die oog op die pastorale begeleiding van egpare.

Die breër raamwerk van Bugbee (2009) kan onder die volgende hofies saamgevat word:

- Identifisering van die individu se geestelike gawes.
- Identifisering van die individu se God-gegewe dryf en passie.
- Evaluering van die liefdesfaktor in die individu se lewe.

Bugbee verwys ook na die individu se dienaarsprofiel (*servant profile*) wat saamgestel word deur:

- Geestelike gawes
- God-gegewe persoonlike styl.
- God-gegewe passie.

Die vraelys deur Bugbee saamgestel, waardeur die individu sy/haar persoonlike geestelike gawes kan ontdek, is as **Bylaag 1** aangeheg**.** Wat die individu se God-gegewe persoonlike stylbetref, toon Bugbee aan dat dit verband hou met dit wat energie aan individue verskaf deur hul belangstelling in bepaalde sake. Persoonlike styl verskil in die opsig dat daar diegene is wat gestruktureerd funksioneer en gesteld op gestruktureerde voltooiing van take is teenoor ander persone wat ongestruktureerd funksioneer en meer gesteld op menslike verhoudingsis. **Bylaag 2** sluit die vraelys deur Bugbee in waardeur persone hul persoonlike styl kan bepaal.
Verder word daar ook op faktore gelet wat persoonlike styl kan beïnvloed en hier verwys Bugbee byvoorbeeld na trauma en verwerping uit die verlede.

Kennis van persoonlike styl is belangrik omdat dit persoonlike passie en dryf bepaal. In hierdie verband verskaf **Bylaag 3** ŉ indeling van passiekategorieë deur Bugbee (2009:87).

Vervolgens is daar op die tweede hoofbron gefokus wat van belang vir hierdie studie is, naamlik die boek van Erik Rees, S.H.A.P.E *Finding and fulfilling your unique purpose for life* (2006). Die akroniem in die titel van hierdie boek staan vir ***S****piritual Gifts;* ***H****eart;* ***A****bilities;* ***P****ersonality en* ***E****xperience.*

Die breër raamwerk van Rees se model kan onder die volgende hofies saamgevat word:

- Identifisering van individuele gawes.
- Identifisering van individuele passie.
- Identifisering van individu se natuurlike vermoëns (*abilities*).
- Identifisering van individu se tipe persoonlikheid.
- Identifisering van tersaaklike ervarings vanuit die verlede.

Rees behandel geestelike gawes volgens die volgende indeling:

- Wat is geestelike gawes?
- Definiëring van geestelike gawes
- Waarom gee God geestelike gawes?
- Ontvang elkeen ŉ gawe?
- Identifiseer jou persoonlike geestelike gawe.

Rees stel ŉ vraelys saam waardeur Geestelike gawes bepaal kan word, aangeheg as **Bylaag 6.**

Verdere vrae waaraan Rees aandag skenk is die volgende:

- Word geestelike gawes met ander gedeel?
- Vier algemene gevare betreffende geestelike gawes.
- Versterk jou geestelike gawes.

Rees wys verder op vyf beginsels verwys waarvolgens individuele passie bepaal kan word:

- Identifisering van jou motivering.

- Identifisering van die teikengroep.
- Identifiseer behoefte wat jy wil aanspreek.
- Identifiseer die saak.
- Identifiseer jou uitsluitlike droom vir God se Koninkryk

Rees verwys verder na die identifisering van eie natuurlike vermoëns (*abilities*) – vraelys as **Bylaag 8** aangeheg. Die belangrike vrae met betrekking tot natuurlike vermoëns is die volgende:

- Wat is dit wat ek graag wil doen?
- Wat is die dinge waarvan ek hou om te doen?
- Wat is die dinge waarsonder ek kan klaarkom?

Volgende volg die identifisering van die individu se tipe persoonlikheid. Aansluitend hierby bied **Bylaag 9** 'n aantal stellings waarvolgens individue in verhouding tot ander staan terwyl **Bylaag 7** 'n aantal stellings bevat waarvolgens die individu se reaksie op geleenthede (*response to opportunities*) geëvalueer kan word. Verder beklemtoon Rees dat dit belangrik is dat elke persoon getrou behoort te wees aan wie God hom/haar geskape het. Laastens val die klem volgens Rees op belangrike ervarings vanuit die verlede.

Vanuit bovermelde is die volgende voorlopige model geformuleer rakende persoonlikheidskomponente wat bevorderlik vir 'n gesonde huweliksverhouding is. Die stappe van die model is die volgende:

- Stap 1: Die identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes.
- Stap 2: Ontdekking van elke individu se tipe persoonlikheid.
- Stap 3: Die identifisering van die eie God-gegewe persoonlike styl en vermoëns.
- Stap 4: Identifisering van 'n eie dryf en passie.
- Stap 5: Identifisering van elkeen se liefdesfaktor.
- Stap 6: Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes.
- Stap 7: Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees.
- Stap 8: Identifisering van 'n aantal deurslaggewende aspekte vanuit elke individu se unieke verwysingsraamwerk. Hierdie aspek sal in hoofstuk 4 aan die orde kom waar daar op die identifisering van Skriftuurlike perspektiewe met betrekking

tot die hantering van verskille in persoonlikheidskomponente en verwysingsraamwerk binne die huwelik gefokus word.

Die inhoud van die voorlopige model is die volgende:

**Stap 1: Die identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes**.

Binne die formulering van 'n voorlopige model gaan die Houts Vraelys vir die identifisering van egpare se individuele geestelike gawesgebruik word.

**Stap 2: Ontdekking van die individu se tipe persoonlikheid*.***

Rees se vraelys in hierdie verband soos in **Bylaag 7** vervat waarin die samevatting van **Bylaag 6, 8 en 9** ingesluit is as die S.H.A.P.E. profiel van die persoon, tesame met die DISC profielontleder (2017) soos in **Bylaag 13** weergee, gaan hier aan die orde wees. Deel van hierdie tweede stap is om die kwaliteit van die verhoudings te bepaal waarbinne die individu tot ander staan (*relating to others*) asook hoe die individu op geleenthede (*respond to opportunities*) reageer. Hierdie twee kwaliteite word in **Bylaag 7** weergegee en wel in 4.1 en 4.2.

**Stap 3**: **Die identifisering van die eie God-gegewe persoonlike styl en vermoëns*.***

Riglyne in hierdie verband vanuit die volgende vier bronne word gebruik: Rees (2006), **Bylaag 9**;Bugbee, 2009, **Bylaag 2**; Meier Klinieke agtergrondinventaris,(2017), **Bylaag 12**; Collins en Collins, Huwelikaanpasbaarheidstoets (2017), **Bylaag 14**.

**Stap 4: Identifisering van 'n eie dryf en passie.**

Hier word 'n kombinasie van die stappe van Rees asook die stappe van Bugbee gebruik.

**Stap 5: Identifisering van elkeen se liefdesfaktor**

Die Liefdesskaal van Bugbee, **Bylaag 4** (Bugbee, 2009:105-107), asook die diensbaarheidskaal van Bugbee, **Bylaag 5** (2009:110), word hier gebruik.

**Stap 6**: **Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes**

Die volgende drie vraelyste word hier gebruik:

- Emosionele Behoefte Vraelys van Harley, **Bylaag 15** (Harley, 2011, 213-229).
- Welstandprofiel van die verhouding, **Bylaag 16** (Anon, 2017).

- Liefdestale, Chapman, **Bylaag 17** (Chapman, 2010a:182-184)

**Stap 7**: **Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees.**

By stap sewe sal daar weer op die resultate van die vier vraelyste gelet word wat tydens die derde stap ingevul is ten einde ter saaklike ervarings te identifiseer. Die vier vraelyste is die volgende:

- Rees, Vyftig gespesialiseerde vermoëns, **Bylaag 8**.
- Bugbee, Persoonlike styl vraelys, **Bylaag 2**.
- Meier Klinieke, Agtergrondinventaris, **Bylaag 12**.
- Collins en Collins, Huwelikaanpasbaarheidstoets, **Bylaag 14.**

**Stap 8: Identifisering van 'n aantal deurslaggewende aspekte vanuit elke individu se unieke verwysingsraamwerk.**

Soos reeds genoem sal daar in hierdie verband in hoofstuk 4op belangrike perspektiewe vanuit pastoraal teologiese literatuur gefokus word en sal daar in hierdie verband in diepte op die kwessie rondom die *unieke verwysingsraamwerk* van elke huweliksmaat met betrekking tot gesonde huweliksverhoudings gefokus word.

# HOOFSTUK 4

# DIE IDENTIFISERING VAN 'N AANTAL BELANGRIKE SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE

## 4.1 INLEIDING

Soos reeds in die inleidende hoofstuk vermeld, word daar in hierdie studie van die prakties-teologiese model van Osmer (2011:4) gebruik gemaak. In hoofstuk 2, is die interpreterende taak van Osmer (2011:4) aangewend om deur middel van 'n literatuur studie perspektiewe vanuit die aanverwante wetenskappe aangaande persoonlikheids komponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir 'n gesonde huweliks verhouding is, te ondersoek. In Hoofstuk 3 is die beskrywende taak van Osmer aan gewend om met behulp van die gegewens vanuit hoofstukke 2 en 3 'n voorlopige model, met betrekking tot riglyne vir 'n gesonde huweliksverhouding, te formuleer.

Die primêre doel van hoofstuk 4, waar die klem op die normatiewe taak, volgens die model van Osmer, val, is om Skriftuurlike perspektiewe te identifiseer wat toepaslik met betrekking tot die tema van hierdie studie is. Breed (2013b:6) toon aan dat, in prakties-teologiese navorsing die probleem wat ter sprake is, verstaan moet word. In hierdie verband moet Bybelse beginsels wat op die probleem van toepassing is, ontgin word en daar moet tot 'n moontlike oplossing van die probleem gekom word.

Die diagram van Osmer (2011:4) wat in hierdie studie gebruik word, toon vervolgens duidelik aan waar die normatiewe taak binne die groter geheel van Osmer se benadering inpas:

**Figuur 6. Osmer se model**




## 4.2 METODOLOGIE

Met betrekking tot die Normatiewe taak verwys Osmer (2011: 133-135) na die konsep van "profetiese onderskeiding." Hy stel dit dat die normatiewe taak 'n poging is om God se wil vir die situasie, soos in die interpreterende en beskrywende take geïdentifiseer, te soek. As deel van die normatiewe taak vind daar 'n teologiese interpretasie van die Bybelse teks plaas terwyl daar uiteindelik op teleologiese konsepte van die huidige gebeure, situasies of omstandighede gefokus word. Die normatiewe taak maak ook van 'n omvangryke teorie van Goddelike en menslike optredes gebruik wat tot 'n meer gefokusde vorm van teologiese interpretasie lei (Osmer, 2011: 147).

Verder verwys Osmer (2011:152) ook na *etiese besinning*, die gebruik van etiese norme, beginsels, reëls en riglyne om die mens se keuses en gedrag in gebeure en situasies tot morele optrede te rig. Aansluitend hierby word goeie prakties-normatiewe riglyne ontwikkel deur die aanwending van modelle van goeie praktyk uit die verlede of hede. Dit alles dra daartoe by om positiewe verandering in 'n situasie te bewerkstellig of om 'n nuwe begrip van God, die Christelike lewe en sosiale waardes te genereer. Binne hierdie

selfde konteks verwys Osmer (2011: 133 -135) na profetiese onderskeiding wat ook in hierdie proses ŉ rol speel en wat op die tussenspel van goddelike openbaring en menslike interpretering van God se Woord dui.

As deel van die normatiewe taak gaan daar in hierdie studie op die volgende Skrifgedeeltes gefokus word ten einde riglyne te identifiseer wat op die pastorale begeleiding van egpare van toepassing is wat huweliksprobleme, as gevolg van ŉ gebrek aan begrip vir mekaar se Godgegewe verskille, ondervind.

Daar sal op die volgende gedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament gefokus word:

**God se skeppingsplan**

- Genesis2:18-24: God het die mens as man en vrou geskape.
- Psalm 139:13-18: God skape elke mens uniek.

**Enkele Skrifgedeeltes met verwysing na verhoudings**

Romeine 12:3-8: Verskille maak eenheid nie ongedaan nie.

> *13 Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. 4 Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. 5 Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. 6ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het*

- 1 Petrus3:1-7: Om binne die eenheid verstandig met mekaar saam te leef.
- Filippense 2:1-5: Eensgesindheid, die een die ander hoër as hom/haarself ag, na mekaar se belange omsien, dieselfde gesindheid as Christus Jesus openbaar.
- Die uitkoms van ŉ Skrifgefundeerde verhouding
- Spreuke 12:4: Die bekwame vrou (man) stel haar man (sy vrou) in staat om haar/sy volle potensiaal te bereik.

Eksegese sal volgens die grammaties-historiese metode gedoen word, terwyl die Gereformeerde tradisie as vertrekpunt vir hierdie studie sal dien (Coetzee, 1990:17).

Vertrekpunte ten opsigte van ŉ eksegetiese verkenning van bovermelde Skrifgedeeltes sal veral op die bundel, Preekgeboorte (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005) berus. Vir woordstudies sal daar, afgesien van stof uit kommentare, ook van die gegewens van Louw en Nida (1989; Nuwe Testament) asook Van Gemeren (1997; Ou Testament) gebruik gemaak word.

De Klerk en Janse van Rensburg (2005) maak van ŉ verskeidenheid van stappe gebruik as deel van die eksegetiese proses. Sommige van die stappe is spesifiek op die samestelling van ŉ preek gerig en val dus nie binne die fokus van die onderhawige studie nie. Verder is sommige van die stappe gekombineer sodat die volgende nege stappe uiteindelik as van toepassing op die eksegese van die onderskeie perikope binne hierdie verhandeling, geïdentifiseer is:

**Tabel 6. Nege stappe van die eksegetiese proses**

| | |
|---|---|
| A. Tekstuele konteks van die perikoop. | ŉ Perikoop dui gewoonlik op ŉ vers of aantal verse en daarom is dit belangrik dat die kontekstuele konteks hiervan bepaal sal word. |
| B. Genre van die peri-koop en die boek waarin die perikoop voorkom | Die genre van die perikoop asook die boek waarbinne dit voorkom kan ŉ deurslaggewende faktor ten opsigte van die interpretasie van die perikoop wees. |
| C. Ontleding van die gedagtebou van die perikoop. | Die gedagtebou van die perikoop word uiteengesit om die korrekte betekenis en logiese gang van denke binne die perikoop te verkry. |
| D. Sosiohistoriese konteks van die peri-koop | Bepaling van die sosiohistoriese konteks waarbinne die perikoop geskryf is, bied insig rondom die destydse kulturele en sosiale omstandighede tydens die skryf van die perikoop. |
| E. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop. | ŉ Openbaringshistoriese benadering impliseer dat daar gekyk word na waar die perikoop binne die breër raamwerk van God se plan vir sy volk inpas. |
| F. Openbaring van God in die perikoop. | Hier word gekyk na watter aspekte in die perikoop met betrekking tot God die Vader, die Seun en die Heilige Gees aan die orde kom. |
| G. Verlossingsfeite en vermanings in die peri-koop. | Hier word gefokus op dit wat moontlik binne hierdie perikoop aan die orde kom ten opsigte van God en sy wil in verband met die skepping, sondeval, verlossing, veroordeling en voleindiging. |
| H. Kommunikatiewe doel van die perikoop | Hier word gepoog om te bepaal wat die eerste lesers van die perikoop oorspronklik verstaan het of vir watter doel die perikoop geskryf is. |
| I. Eietydse sosiohistoriese konteks | Die resultate van die eksegese word hier op die moontlike betekenis wat die perikoop vir die hedendaagse leser mag hê, toegepas. |

Deur middel van die aanpak van die normatiewe taak sal daar in hierdie hoofstuk gepoog word om die volgende navorsingsvraag te beantwoord:

*Watter skriftuurlike perspektiewe bied die Skrif ten opsigte van die hantering van persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliksverhouding is?*

### 4.2.1 Die hermeneutiese model

Soos reeds in hoofstuk 3 genoem, steun die navorser se lewens- en wêreldbeskouing die Gereformeerde tradisie en gevolglik word die Skrif as die primêre kenbron vir interpretasie bely.

Ten einde die hermeneutiese interaksie tussen die navorser en die navorsingsveld in die uitvoer van die wetenskaplike taak tydens prakties-teologiese wetenskaps-beoefening te illustreer, kan van ŉ basiese model (vgl. Fig. 7) soos dié van De Klerk en De Wet (2012:76) gebruik gemaak word.

Hierdie model, soos reeds in hoofstuk 3 genoem, maar ook hier van toepassing, probeer om op ŉ basiese vlak en vanuit die invalshoek van die prakties-teologiese die navorser in sy/haar gerigtheid op die navorsingsterrein te illustreer wat tydens die navorsings-proses op hermeneutiese vlak gebeur.




**Figuur 7. Hermeneutiese model**

Die hermeneutiese model wat die praktiese teoloog se benadering tot die navorsingsterrein illustreer, kan soos volg verwerk word (vgl. Fig. 8), wanneer die metateoretiese onderbou van die Reformatoriese benadering daarin verreken sou word (De Klerk, 2012:82)

**Figuur 8. Reformatoriese benadering verreken binne ‘n hermeneutiese model**


1
Die handelende God wat mense
deur sy Woord en Gees roep om
in sy diens te handel
2
Navorser gerig en bepaal
deur voorveronderstellings
(verhelder en verskerp
3
Hermeneutiese lense
met nederige gebruik
van die Skrif as
primêre gesagsbron
4
Deskriptief-
analities
(priesterlik
Interpretatief-
normatief
(profeties)
strategies
(koninklik)
5
Die gebeurlikheids-
dimensie van die
werklikheid geanker
in skepping,
verlossing en
voleindiging

Met ons geloofsbelydenisse in ons menswees as raamwerk geïnternaliseer, ontmoet ons die Skrifwoord in 'n verstaansworsteling. Wanneer die teks begin spreek ontmoet die lewende Christus ons deur sy lewende Woord en Gees. Hy spreek ons in ons diepste wese aan. Calvyn praat van Christus wat uit die bladsye van die Skrif ons tegemoet tree. Verstaan geskied vir die mens alleen deur taal – en veral taal as gesprek (Gadamer, 1979: 325-341). Die hermeneutiese spanning tussen die eie en die vreemde horisonne, dialekties deur die verstaanproses heen verwerk, bewerk 'n *horison-versmelting* waarin verstaan van die teks se betekenis vir die eie tyd kan geskied (Gadamer 1979:274-276,333-341). Nuwe insig word gevolglik verkry en beide horisonne dra iets tot die nuwe *Einverständnis* by in die sin dat ons die boodskap in ons eie konteks kan verwoord (De Klerk *et a*l., 2012:57**).**

### 4.2.2 Die Skrif as openbaringsbron

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die Bybel outoritêr en normatief is. In hierdie verband gee Zukeran, (2014:1) die volgende sinvolle uiteensetting:

***Interne bewyse:***

- Self-proklamasie, soos in 2 Timoteus 3:16 gevind: "*Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek*" (Bybel, 1983).
- Bevestiging deur die Heilige Gees dat dit die Woord van God is, soos in Johannes 16:13 gevind:" Wanneer Hy kom, *die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig*" (Bybel, 1983).
- Die vermoë om verandering teweeg te bring, meer spesifiek, om lewens te kan verander, soos in Hebreërs 4:12 gevind: "D*ie Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante, en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.*" (Bybel, 1983).
- Die eenheid van die Bybel. Alhoewel die Bybel geweldig baie onderwerpe dek, weerspreek die Bybel homself nooit nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die Bybel oor 'n tydperk van meer as 'n duisend jaar ontstaan het, deur verskillende outeurs geskryf is, op verskillende plekke, onder verskillende

omstandighede en vir verskeie redes. Ten spyte van al bogenoemde faktore weerspreek die Bybel homself nooit nie maar een sentrale tema loop soos ŉ goue draad deur die Skrif: God die Verlosser van die mens (Zukeran, 2014:1).

***Eksterne bewyse:***

- Die Skrif is onverganklik en argeologies korrek. Bybelse profesieë kom in vervulling (Zukeran, 2014: 1).
- Die Bybel het die mag om tot prediking te motiveer, as riglyn in berading, as bron van bemoediging en as getuienis van die groot dade van God te dien (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:3).
- Die Bybel is die Woord van God in ŉ menslike taal. Die belofte van die instaatstelling deur die Heilige Gees is die rede waarom dit moontlik is om die Bybel te interpreteer, te verduidelik en toe te pas (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:3)

## 4.3 EKSEGESE VAN TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES

As deel van die normatiewe taak gaan daar aan die hand van die Skrifgedeeltes, waarna reeds in par. 4.2 verwys is, na die man en vrou as deel van God se Skeppingsplan gekyk word. Elke mens is uniek geskape met verskillende persoonlikheidskomponente en sterk- en swakpunte. Dit is so dat verskille nie noodwendig die eenheid binne die huwelik ongedaan maak nie en dit is gevolglik moontlik om met verstandigheid in die huwelik saam te kan leef en die eenheid, ondanks verskille, te kan handhaaf. Eensgesindheid binne verhoudings openbaar die gesindheid van Jesus Christus. Die toepassing van hierdie riglyne soos vanuit die eksegese van die onderskeie Skrifgedeeltes ontwikkel, sou onder andere daartoe kan bydra dat beide die man en vrou tot hul volle potensiaal ontwikkel.

Bybelse gegewens in verband met die huwelik word ondersoek om in die eerste plek die huwelik in die lig van die skepping (De Klerk, 1997:11) te bestudeer. Vertrekpunte ten opsigte van ŉ eksegetiese verkenning van die tersaaklike Skrifgedeeltes sal veral op die bundel, Preekgeboorte (De Klerk & Janse Van Rensburg, 2005), berus. Die eerste stap by die keuse van elke perikoop en ook die navorsing as geheel, is gebed vir leiding,

wysheid en insig deur die Heilige Gees om die Skrif te open (vgl. Hand 4:31). Perikope en direkte aanhalings is vanuit Die Bybel (1983) geneem, tensy anders vermeld.

### 4.3.1 God se Skeppingsplan

#### 4.3.1.1 Eksegese van Genesis 2:18-24

**God het die mens as man en vrou geskape**

> [18] *"Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."* [19] *Die Here God het toe uit die grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees.* [20] *Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper nie, 'n gelyke, gekry nie.* [21] *Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op,* [22] *en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe.* [23] *Toe se die mens: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy vrou genoem word; sy is uit die man geneem,"* [24] *Daarom sal die man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word."*

**A. Tekstuele konteks van die perikoop**

Vir die doeleindes van hierdie studie is Genesis 2:18-24 geneem as een van die perikope.

- **Sentrale gedagte van Genesis 2:18-24**

Die sentrale gedagte van Genesis 2:18-24 is die skepping van die vrou as hulp vir die man. In hierdie verband stel Farmer (1998: 363) dat God nog 'n daad van skepping geïnisieer het. Deur die mens in 'n diepe slaap te plaas, verseker God aan die vrou dieselfde outonomie as aan die man – sy is direk van God vir haar bestaan afhanklik.

- **Hooftema van Genesis 2:18-24**

Die hooftema van hierdie perikoop is: God skep die man uit stof (Genesis 2:7) en die vrou vanuit die man (Genesis 2:21).

- **Die plek van die perikoop in die boek**

Hierdie perikoop is deel van die tweede hoofstuk van Genesis, die eerste boek van die Ou testament en van die Bybel.

- **Aanhef**

Hierdie perikoop vorm deel van die Skeppingsverhaal. Vir die doeleindes van hierdie studie word verse 18-24 as ŉ selfstandige perikoop beskou.

In die Hebreeuse tradisie word die boek Genesis deur die eerste frase, "*be-resbit",* "in die begin" gekenmerk – die Engelse titel "*Genesis*" kom van die Griekse woord wat "*origens*" beteken. Genesis bied ŉ beskrywing van die oorsprong van die heelal, die aarde, dierelewe in die algemeen sowel as die oorsprong van Israel, die mense deur wie God gekies het om die wêreld te seën (Longman, 2005:14). Die sentrale gedagte van hierdie perikoop vorm deel van die Skeppingsverhaal. Op die sesde dag het God lewende wesens geskape, vee, kruipende en wilde diere. God het gesien dat dit goed was. En God het gesê: *"Kom Ons maak die mens as ons verteen-woordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip"*, Genesis 1: 24-26. God het die mens geskape, maar die mens was alleen. Vir die eerste keer, word deur God self na iets in die Skepping verwys wat nie goed was nie. God het gesê dit is nie goed dat die mens alleen is nie, Genesis 2:18 (Arnold, 2009:59).

- **Inhoud van Genesis2:18-24**

Genesis voorsien die basis vir die res van die Bybel. Genesis handel oor die begin van die aarde, die mens, sonde, verlossing, God se volk, Verbond, huwelik die Sabbat en nog meer (Longman, 2013:650). Die bepaalde perikoop, Genesis 2:18-24, handel oor die skepping van die vrou, as hulp vir die man.

- **Slot**

Die slot van hierdie perikoop dui op die unieke verhouding tussen die man en die vrou, *“Daarom sal die man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word”.* Genesis 2:24.

- **Die plek van die perikoop in die Bybel**

Genesis is die eerste boek van die Ou Testament, en moet in die lig daarvan gesien word dat dit die eerste hoofstuk van die *Torah* en die *Pentateug* is. Die boek Genesis dien as vertrekpunt vir die res van die Ou Testament sowel as die Bybel as geheel, insluitend die Nuwe Testament (Longman, 2005:14).

### B. Die genre van die perikoop

Die literatuurkunde onderskei verskeie genres en dit word algemeen aanvaar dat elke genre sy eie interpretasiereëls het. Die literêre genre van Genesis is geskiedenis-beskrywing. Genesis 1 en 2 skets die begin van die heelal en die sondeval en sonde wat tot elke verhouding deurdring (De Klerk & Van Rensburg, 2005:19). As deel van die Kanon reflekteer Genesis besliste Goddelike outoriteit. In die proses maak God van menslike outeurs gebruik terwyl Hyself die beslissende outeur is (Longman, 2005:18).

Daar word algemeen aanvaar dat Genesis nie op ŉ bepaalde moment geskryf is nie maar eerder oor ŉ lang tydperk (Longman, 2005:26) en dat dit in Hebreeuse prosa met ŉ hoë literêre styl geskryf is (Longman 2013:652). Deur verhale en gedigte word aan die leser van God se betrokkenheid in hierdie wêreld vertel. Genesis is vir die grootste deel prosa, nie gedigte nie (Longman, 2005:28; Flemming, 2005:1).

### C. Ontleding van gedagtebou van die perikoop

God skep die vrou uit ŉ deel van die man om daarmee aan te dui dat sy nie anders as die man is nie, maar van dieselfde bloed is. God het die huwelik as geskenk aan Adam en Eva gegee. Adam en Eva se huwelik, Genesis 2:23-25, word as die paradigma vir alle toekomstige huwelike geneem. Hierdie stelling is programmaties vir menslike lewe, die man sal sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle sal een vlees wees (Collins, 2011:60; Arnold, 2009:61).

Die huwelik het nie uit enige kultuur ontstaan het nie, maar is deur God ingestel. Die "een word" in die huwelik is allereers ŉ geestelike eenwording terwyl die seksuele intiemheid as ŉ versterking van die eenheid tussen man en vrou dien. ŉ Huwelik waarin daar gebrekkige geestelike, emosionele en intellektuele intimiteit is, loop gewoonlik ook op liggaamlike vervreemding uit. Arnold (2009: 61) stel dat dit in die huwelik nie slegs oor romanse of oor die opvoeding van ŉ gesin gaan nie, maar die goddelike samevoeging van twee dele van ŉ seksuele eenheid.

## D. Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

In ŉ sekere sin weerspieël die inhoud van Genesis die kern van al die waarheid soos deur die res van die Skrif ontvou. Kennis van Genesis impliseer kennis van God se plan en seën vir die mens. Bo alles handel Genesis oor die aard en werk van God (Keil & Delitzsch, 2017).

Genesis kan nie as ŉ hedendaagse verhaal gelees word nie. Die Genesis outeur en kultuur is ver van vandag verwyder aangesien die boek eeue gelede in ŉ taal geskryf is wat sedertdien in onbruik geraak het (Longman, 2005:21; Flemming, 2005:1). Soos die res van die Bybel, is Genesis egter in die taal van die mense van daardie tyd geskryf (Flemming, 2005:1).

## E. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop

- **Uiteensetting**

Die God van Genesis is een wat homself aan die mens binne ŉ gegewe tydgleuf (geskiedenis) openbaar (teologie) (Longman, 2005:28; Flemming, 2005:1). Matthews (1996:212) beklemtoon Goddelike voorsiening wat in hierdie perikoop na vore kom. God voorsien aan die mens ŉ hulp wat by hom pas (vers 18). In hierdie perikoop maak God ŉ unieke verklaring, Hy gebruik dieselfde woorde as waarmee Hy geskep het, "toe het God gesê", om ŉ leemte te verklaar, naamlik, dat dit nie goed is dat die man alleen is nie. God neem hierdie leemte waar wanneer Hy, Sy andersins volmaakte Skepping, aanskou. Hierdie waarneming beklemtoon die belangrikheid van die vrou in die gedagte van God. Matthews (1996:212) verwys verder na die Goddelike inisiatief wat sentraal in hierdie perikoop is. God het gesê (v.18), God het geformeer (v.19), God het ŉ diepe slaap oor die mens laat val (v.21) en God bou die rib wat Hy van die man geneem het tot ŉ vrou (v.22). Die vrou is vanuit ŉ lewende wese, die man (Gen 1:26) geskape. Die

vrou is die enigste komponent van die skepping in Genesis 2 wat nie uit stof geskape is nie (Arnold, 2009:6). God het die mens na Sy beeld, na Sy gelykenis geskape en die mens oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde laat heers. Isolasie is nie ŉ goddelike norm nie maar gemeenskap is deel van God se Skepping. Gemeenskap sluit veel meer as net seksuele gemeenskap in – dit sluit die geestelike, intellektuele en emosionele dimensies ook in. Die vrou is as ŉ hulp vir die man gereken, wat op ŉ ooreenstemming dui (Mathews, 1996: 213; Arnold, 2009;61). Arnold (2009:60) stel dat die frase, "iemand maak wat hom kan help" net in Genesis 2 voorkom en na iemand ooreenkomstig (*corresponding*) met die mens en as sy teëbeeld (*counterpart*) verwys. Arnold wys ook op die feit dat die vertaling "help" die indruk van ondergeskiktheid mag skep, wat nie die geval is nie. Die vrou is nie deel van die dierlike orde, waaroor die man aangestel is om te heers nie, sy deel egter die verant-woordelikheid om oor die diere te heers (Mathews, 1996:216). Die man het sy behae in die vrou uitgespreek en ŉ vreugde by die ontmoeting van ŉ geskikte metgesel, onderskeidend van die diere, openbaar. Die man en vrou behoort op ŉ unieke wyse aan mekaar, wat ook definieer wat dit beteken om mens te wees en tegelykertyd die mens van die dier onderskei (Arnold, 2009:61).

Die vrou maak dit vir die man moontlik om die seën te ontvang wat hy nie alleen sou kon ontvang nie en die vrou ontvang die seën wat sy nie sonder die man sou ontvang nie. Die vrou is die voorsiener van Goddelike hulp vir die man sodat God hulle kan seën as hulle Sy mandaat handhaaf (Mathews, 1996:214). Dit sluit aan by die uitspraak van Spreuke 12:4: *"ŉ Knap vrou gee haar man hoë aansien; een wat haar man in die skande steek, is vir hom soos ŉ vretende kanker."* Die knap vrou (man) stel sy/haar man (vrou) in staat om sy/haar volle potensiaal te bereik.

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Die inhoud en onderwerp wat in Genesis 2:18-24 aangeraak word, staan nie alleen nie maar word gestaaf en ook in ander dele van die Bybel na verwys. Collins (2011:67) verwys byvoorbeeld na die volgende Skrifgedeeltes wat ook na die Skepping verwys:

Psalm 8, Psalm 104 en ook die huwelik in Maleagi 2:15.

Met behulp van die New *Chain Reference Bible* (1964) *Strong's Exhaustive Concordance* (2017) asook *Encyclopaedia of the Bible Concordance* (2017) is die onderstaande skrifgedeeltes geïdentifiseer as bewys dat Genesis 2:18-24 nie alleen staan nie, maar in ander dele van die Bybel (1983) gestaaf word. 'n Aantal Skrifgedeeltes vanuit Genesis word vervolgens aan die orde gestel en telkens daarna volg ooreen-stemmende verwysings vanuit die res van die Bybel.

Genesis 2:18**:** *"Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."*
God self het gesê dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie en God het die vrou uit die man geskape. In 1 Korintiërs 11 bespreek Paulus die gedrag van die vrou in die gemeente en bied aan hulle praktiese raad. In vers 11 verwys Hy na Genesis 2:18 en spesifiek die gedagte dat God die vrou ter wille van die man geskape het.

In die volgende gedeeltes kom die belangrikheid van die vrou binne die konteks van die huwelik telkens aan die orde:

- Psalm 128:3: *"Jou vrou is in jou huis soos 'n vrugbare wingerdstok".*
- Spreuke 12:4: *"'n Knap vrou gee haar man hoë aansien; een wat haar man in die skande steek, is vir hom soos vretende kanker."*
- Spreuke 18:22: "Wie 'n vrou kry, vind geluk en geniet die goedheid van die Here."
- Spreuke 19:14: *"Van sy ouer kan iemand 'n huis en besittings erf, maar 'n verstandige vrou is 'n geskenk van die Here."*
- Strong's (2017) en Encyclopaedia gee die volgende ooreenstemmende verwysings aan:
- Genesis 2:18; Spreuke 31:11; 1 Korintiërs 11:9; 1 Timoteus 2:13.
- Genesis 2:19-20: *"Die Here God het toe uit die grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees.* 20 D*ie mens gee toename vir al die mak diere, die voëls en die wilde, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie."*
- Psalm 8:6-7: *"U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon. U laat hom heers oor die werk van u hande; U het alles aan hom onderwerp."*

- Strong's (2017) en die *Encyclopaedia of the Bible* (2017) verwys na die volgende ooreenstemmende verwysings:
- Genesis 2:19; Psalm 8:7; Genesis 1:5; 1:20; 1:24; 3:20 en 4:1.
- Genesis 2:21: *"Toe het die Here God 'n diepe slaap oor die mens laat kom; sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op,*
- 1 Samuel 26:12: *"Dawid het die spies en die waterkruik by Saul se koppenent gevat en weggegaan sonder dat iemand iets gesien of gehoor het of wakker geword het, want almal het geslaap. Die Here het hulle vas laat slaap."*
- Strong's (2017) en die *Encyclopaedia of the Bible* (2017) verwys na die volgende ooreenstemmende verwysings;
- Genesis 2:21 – Genesis 15:12; 1Sameul 26:12 en Job 33:15.
- Genesis 2:22: "*En die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe."*
- Paulus verwys in 1 Korintiërs 11:12 na die feit dat soos die vrou uit die man geneem is, so kom die man weer deur die vrou in die wêreld, maar alles is uit God.
- Genesis 2:23: *"Toe sê die mens: Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy vrou genoem word; sy is uit die man geneem."*
- Paulus verwys hierna in 1 Korintiërs 11:8 as hy konstateer dat die man nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man geneem is.
- Strong's (2017) en die *Encyclopaedia of the Bible* (2017) verwys na die volgende ooreenstemmende verwysings:
- Genesis 2:23 – Genesis 29:14; Efesiërs 5:28-30; 1 Korintiërs 11:8.
- Genesis 2:24: *"Daarom sal die man sy pa en sy ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word."*
- Paulus verwys in Efesiërs 5:31na die feit dat die man sy pa en sy ma sal verlaat en saam met sy vrou sal lewe, en hulle twee sal een wees (Genesis 2:24).
- Strong's (2017) en die *Encyclopaedia of the Bible* (2017) verwys na die volgende ooreenstemmende verwysings:
- Genesis 2:24; Maleagi 2:15; Matteus 19:5; Markus 10:7-8; 1 Korintiërs 6:16; en Efesiërs 5:31.

**F. Die openbaring van God in die perikoop**

God se betrokkenheid in die wêreld word deur verhale en gedigte openbaar. Genesis leer ons van God as ŉ persoon en nie bloot ŉ krag nie. Dit gaan dus om ŉ Persoon wat skep en wie betrokke by Sy skepping is (Longman, 2005:28; Flemming, 2005:1). Longman (2013:652) beskryf die sentrale tema van Genesis as die verhouding van God en die mens. God word aan die leser as die Skepper, Onderhouer, Regter en Verlosser geopenbaar en die mens as die kroon van die skepping, geskape na die beeld van God, ŉ wese wat met God geestelike gemeenskap voer.

**G. Verlossingfeite en vermanings in die perikoop**

Binne hierdie perikoop is daar nog geen vermaning of verlossingsfeite opgeteken nie.

**H. Die kommunikatiewe doel van die perikoop**

Binne hierdie perikoop word die Skeppingsverhaal van God gekommunikeer en in besonder die skepping van die mens, as man en vrou.

**I. Eietydse sosiohistoriese konteks**

Longman (2005:36) gee die volgende toeligting met betrekking tot die eietydse historiese konteks van Genesis: Die heelal is van God, wie die Skepper is en wie dit alles goed geskape het, afhanklik. Die mens is nie die belangrikste in die kosmos nie, God is. Die mens het ŉ spesiale verhouding met God, die mens is na die Beeld van God geskape en dit verleen waardigheid aan die mens. Hierdie waarhede word in Genesis openbaar en is belangrik in terme van die mens se denke oor en optrede in die wêreld. Genesis verskaf ook meer as bloot ŉ wêreldsiening – dit sluit inteendeel ook ŉ gedragskode in. Adam en Eva, Kain, Noag, Abraham, Jakob en Josef se verhale is almal illustratief rakende morele beginsels. Abraham se verhaal illustreer byvoorbeeld geloof terwyl Josef se verhaal ŉ illustrering van oorwinning oor versoeking bied.

Verder verskaf Genesis fundamentele lering wat basies aan die mens ŉ lens bied waardeur sy/haar ervarings van die wêreld geïnterpreteer kan word (Longman, 2005:35). Genesis stel God as die Skepper van die heelal. God het die mens geskape en gesien dat dit nie goed was dat die mens alleen is nie, daarom het God besluit om vir die mens ŉ hulp te maak, een wat by hom pas. Hedendaags is daar soveel aanslae op die huwelik, maar die huwelik is ŉ instelling van God.

Binne die konteks van hierdie studie, dui hierdie perikoop daarop dat God van die begin af man en vrou as hulp vir mekaar geskape het en gesamentlik vorm hulle ŉ nuwe eenheid. Dit blyk ook duidelik dat God die vrou nie as ondergeskik of minderwaardig geskape het nie, maar dat sy ten volle deel van God se skeppingplan, net soos die man, is.

### 4.3.2 God skep elke mens uniek

#### 4.3.2.1 Eksegese van Psalm 139:13-18

U omsluit my van alle kante.

> *[13] U het my gevorm. Aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. [14] Ek wil U loof, want U het my op ŉ wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: [15] geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot. [16] U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal!" [18] As ek hulle sou wou opnoem – hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê."*

**A Tekstuele konteks van die perikoop**

Vir die doeleindes van hierdie studie is Psalm 139:13-18 as een van die perikope geneem.

- **Die sentrale gedagte van die perikoop**

Die Goddelike alwetendheid.

- **Hooftema van Psalm 139**

McCann (1996:336) dui die sleutelwoord in Psalm 139 aan as "ken" – God ken die mens volkome. Aansluitend hierby vleg die gedagte van God se alwetendheid soos ŉ goue draad deur hierdie Psalm. Clifford (2003:279) dui daarop dat die werkwoord "om te ken" ses keer verskyn en die selfstandige naamwoord vir "kennis" eenkeer, wat ŉ totaal van sewe keer gee wat die woord "ken" in die Psalm voorkom. Die sentrale gedagte van alwetendheid word dus regdeur die Psalm sterk beklemtoon.

- **Die plek van die perikoop in die boek**

Die Psalmboek word in vyf boeke verdeel – Psalm 139 is deel van die vyfde boek wat vanaf Psalm 107:1 -150:6 saamgestel is (Longman 2013:1374). Meeste van die Psalms in die vyfde boek is lof- en dankliedere tot God en sy Woord. Die meeste van die Psalms het oorspronklik ook musiek by gehad. Psalm 139 is deel van die finale versameling van die Psalms, die vyfde boek, geskryf deur Dawid (Brueggeman & Bellinger, 2014:582).

Aan Dawid word 73 psalms toegeskryf; aan Asaf 12, hoofsaaklik in die derde boek van die psalms opgeteken, naamlik Psalm 73:1-89:53; aan die Koragiete nege, hierdie psalms is in die tweede boek van die psalms opgeteken, naamlik Psalm 42:1-72:20; aan Salomo twee en aan Heman (saam met die Koragiete), Etan en Moses elk een (Bybel in Praktyk, 2007:752).

- **Aanhef**

Die titel van die Psalm dui dikwels die outeur aan en soms ook die geleentheid en omstandighede wat aanleiding tot die skryf van die Psalm gegee het (Longman, 2013:1374). Die aanhef van Psalm 139 is: U omsluit my van alle kante. Vir die koorleier. Van Dawid. ʼn Psalm (Bybel, 1983:657).

- **Inhoud**

In Verse 13-18 beaam die Psalmis die ewige teenwoordigheid van die Here. Vers 13 lei die poëtiese deel in met die bevestiging dat God van die begin af in die lewe van die Psalmis teenwoordig was. God het die Psalmis geskape en van die begin af sy liggaam uiters "wonderbaarlik" gevorm (Brueggeman & Bellinger, 2014:583).
Met volle oorgawe kan elke mens saam met die Psalmis in ʼn loflied God se kennis van die mens, Sy nabyheid aan die mens en Sy bemoeienis met mense besing (Farmer, 1998:856).

- **Slot**

Na die lof wat Dawid aan God vir Sy omsluiting bring, sluit hy in vers 19-23 ʼn petisie tot God in om die goddelose uit die weg te ruim, hulle wat bose planne teen U smee (Brueggeman & Bellinger, 2014:5830). Dawid sluit die psalm af met ʼn versoek om hom te deurgrond en sy hart te ondersoek en hom op die beproefde pad te lei.

- **Plek van die perikoop in die Bybel**

Die perikoop is deel van Psalm 139, opgeteken in die Ou Testament.

## B. Die genre van die perikoop

Literêre genres in die Ou Testament sluit in: vertellings (narratief) geskiedenis-beskrywing, wysheidsliteratuur, poësie, profetiese literatuur, wettiese literatuur en kultiese literatuur. Psalms is ŉ versameling van honderd en vyftig gedigte en vorm deel van die liederekuns van die Ou Testament (Longman, 2013:1373). Psalm 139:1-18, is ŉ poësievorm van ŉ lofgesang tot God (De Klerk & Van Rensburg, 2005:19-21). Vers 1-18 bevat ŉ aantal eienskappe van ŉ lofsang, met ŉ peinsende toon, ŉ lofsang aan die Skepper, wat ewig teenwoordig is – hierdie lofsang is in verhewe poëtiese taal (Bruggeman *et al*., 2014:581).

## C. Ontleding van die gedagtebou van die perikoop

Daar is drie dinge wat opvallend in die inhoud van hierdie Psalm is – eerstens die hoogs persoonlike gesprek met God; tweedens die twyfelagtige (*ambiguous*) gevoel van die Psalmis, veral aan die begin, met betrekking tot die goddelike teenwoordigheid; en derdens, in vers 19-22, die skerp petisie tot God om die goddelose uit die weg te ruim (Clifford, 2003:280). Die gedagtebou van die perikoop ter sprake, naamlik vers 13-18, handel oor die omsluiting van alle kante.

Clifford (2003:278) beklemtoon die uniekheid van Psalm 139. Volgens hom is daar geen ooreenkomste met die omliggende Psalms nie en pas dit ook nie heeltemal in die tradisionele Psalm genre nie.

## D. Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

In die tyd van die Psalmis is sekere sake na die priester gebring, soos byvoorbeeld in Numeri 5:11-31 vermeld. Hierdie tipe sake is hanteer wanneer daar ŉ gebrek aan getuienis was. Die beskuldigde is, volgens Numeri 5:16, voor God gebring en die priester het 'bitter water van smart' aan die persoon gegee om te drink. Onder eed moes die beskuldigde sy/haar onskuld verklaar, indien die water geen effek op die persoon het nie, is dit as bewys van onskuld aanvaar, maar indien die persoon siek word was dit ŉ bewys van skuld (Clifford, 2003:279).

Clifford (2003:179) wys teen hierdie agtergrond op sekere navorsers se standpunt dat Psalm 139 die gebed van iemand is wat verhoorafwagtend is, soos in Numeri 5:11-31 beskryf. Psalm 139:1 en 24 vra na ŉ goddelike ondersoek en in vers 19-20 vra die Psalmis God om die goddelose uit die weg te ruim. Alhoewel dit volgens Clifford aanvaarbaar sou wees dat Psalm 139 indirek deur sodanige verhoor beïnvloed sou kon wees, maak die individualiteit en subtiliteit van die inhoud dit onwaarskynlik.

## E. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop

- **Uiteensetting**

Die Psalmis staan as sondige mens, maar ook as gelowige en vrome bidder voor God die groot Regter. Hy is diep onder die indruk dat God hom deur en deur ken, dat Hy alles weet en oral teenwoordig is. Die psalmis sing ŉ loflied tot God vir Sy alwetendheid, alomteenwoordigheid en dat Hy bemoeienis met hom gemaak het reeds voor sy geboorte (Bybel in Praktyk, 2007:877).

Aansluitend by die beskrywing van die wonderbare wyse waarop die Psalmis in die moederskoot geweef is, is uiteraard die persoonlike en unieke situasie van elke ander mens. Op hierdie selfde wyse word elke mens reeds in die moederskoot met sekere persoonlikheidskomponente, as deel van die weefstuk, aanmekaargeweef. Soos wat God die mens van die begin af as man en vrou geskape het, so skep God ook elke mens

as ŉ unieke wese, elkeen met sy/haar eie unieke verwysingsraamwerk.

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Met behulp van die New *Chain Reference Bible* (1964) *Strong's Exhaustive Concordance* (2017) asook *Encyclopaedia of the Bible – Concordance* (2017) is die onderstaande skrifgedeeltes geïdentifiseer as bewys dat Psalm 139:13-18 nie alleen staan nie maar in ander dele van die Bybel (1983) gestaaf word. ŉ Aantal Skrifgedeeltes word vervolgens aan die orde gestel.

- Genesis 28:15**:** "*Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat ek jou beloof het*."

- Prediker 11:5: *"Net so min as wat jy kan verstaan hoe gees en liggaam by mekaar uitkom in die skoot van 'n swanger vrou, net so min kan jy die werk van God verstaan. Hy doen dit alles."*
- Jesaja 44:2: *"So sê die Here wat jou gemaak het, Hy wat jou gevorm het in die moederskoot en jou nog help:"*
- Jesaja 44:24: *"So sê die Here, jou Verlosser, wat jou in die moederskoot gevorm het:..."*

Strong's (2017) en die *Encyclopaedia of the Bible* (2017) verwys na die volgende ooreenstemmende verwysings:

- Psalm 139:13 – Psalm 119:73; Job 10:11; Jesaja 44:2,24; 46 ;3; 495; Jeremia 1:5. Psalm 139:14 – Psalm 119:164; Psalm 145:10; Psalm 40:5;
- Psalm 139:15 – Prediker 11:5; Job 10:11; Psalm 63:9.
- Psalm 139:16 – Job 33:29-30; Psalm 90:12
- Psalm 139:17 – Psalm 92:5; Job 5:9; Psalm 40:5
- Psalm 139:18 – Psalm 40:5; Job 29:18; Psalm 3:5.

## F. Openbaring van God in die perikoop

Psalm 139 gee ʼn verslag van hoe God aan die Psalmis geopenbaar word. Eerstens ervaar die Psalmis God as almagtig en alomteenwoordig. Vervolgens volg ʼn ervaring aanvullend hiertoe, naamlik die grasieuse werk van God reeds in die moederskoot, waar die mens wonderbaarlik gevorm word. Psalm 139 gee op hierdie wyse nuwe betekenis aan die frase "*the reign of God*" in die sin dat Hy nie in ʼn oogwink begryp kan word nie. Dit is egter nodig om herhaaldelik na God, wat so groot en liefdevol is, terug te gaan. Al die lewensdae van die mens is ook reeds aan God bekend vanaf die moederskoot (Clifford, 2003:253; Mays, 1994:427).

## G. Verlossingsfeite en vermanings in die perikoop

Die belofte wat Psalm 139 inhou, skets die hele menslike bestaan, in al sy dimensies, in terme van God se kennis, teenwoordigheid en mag. Dit reflekteer ʼn begrip van menslike bestaan as omsluit in die goddelike werklikheid (Mays, 1994:425).

## H. Kommunikatiewe doel van die perikoop

Psalm 139 bied ŉ besondere verwoording van die Ou-Testamentiese monoteïsme. Dit is dogmaties klassiek omrede dit die menslike bestaan in alle dimensies, in terme van God se kennis, teenwoordigheid en mag, uitbeeld. Dit reflekteer ŉ begrip van die mens wat in goddelike werklikheid omsluit is. Hierdie Psalm is verder godsdienstig (*devotional*) klassiek en wanneer dit as gebed gebruik word, verleen die Psalm ŉ bewustheid van God as deel van die totale omgewingsmilieu (Mays, 1996:425).

Vanaf vers 1-18 is hierdie Psalm ŉ lofprysing. Dit blyk onder andere vanuit die verklaring in vers 14, "Ek wil U loof," en die karakterisering van God se dade en werke as "wonderbaarlik" en in die algemeen onbeperk. Drie verwysings dui daarop dat die Psalmis se bestaan totaal deur God omvat word:

- *God weet alles wat die Psalmis dink, verse 1-6.*
- *God is alomteenwoordig, verse 7-12*
- God was selfs teenwoordig toe hy gevorm is, verse 13-16.

Hierdie Psalm is ŉ gesprek tot God wie die mens ondersoek en ken (Mays, 1996:425).

## I. Eietydse sosiohistoriese konteks

Binne eietydse sosiohistoriese konteks bied Psalm 139 ŉ wye spektrum van nuttige,

bruikbare en leersame inligting. Mays (1994:1) verwys in hierdie verband na aspekte soos die volgende:

- Die wonderbaarlike werk van God in die skepping, oordeel en verlossing.
- Die verhaal van Israel.
- Die wette van die lewe.
- Waarskuwings teen boosheid en vermaning tot regverdigheid.
- Die wonder maar ook die tragedie van die menslike toestand.
- Die ewige, teenwoordige en komende koninkryk van God.

Die Psalmboek was nog altyd ŉ bron vir gebed en lof in sinagoges en kerke. Die invloed en effek van die Psalms speel ook ŉ besondere rol in die aanbidding van Christene. Verder word die Psalms op ŉ gereelde basis vir opvoeding, lering, persoonlike oor-

denking en godsdiensbeoefening gebruik. Christene gebruik ook die Psalms as riglyne vir persoonlike gebede, as riglyne om te leer bid, as teks vir selfkennis en om God beter te leer ken. As gevolg van hul karakter en gehalte het die Psalms ook nog altyd deur die kerkgeskiedenis heen ŉ besondere rol met betrekking tot refleksie, ten opsigte van die Christelike geloof, gespeel (Mays, 1994:2).

### 4.3.3. Enkele Skrifgedeeltes met verwysing na verhoudings

#### 4.3.3.1. Eksegese van Romeine 12:4-8

**Verskille maak eenheid nie ongedaan nie**

> *[13] Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. [4] Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. [5] Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. [6]ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe is om God se boodskap te verkondig, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. [7] As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. [8] As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid."*

**A. Tekstuele konteks van die perikoop**

Met betrekking tot verhoudings word daar vervolgens op Romeine 12:4-8 gefokus.

- **Die sentrale gedagte van die perikoop**

  Paulus verwys na die belangrikheid van die gemeenskap van Christene. God voeg hierdie gemeenskap van Christene tot een liggaam in Christus saam – deur geloof word almal in Christus Jesus ingelyf. Soos die menslike liggaam uit baie dele saamgestel is, elk met ŉ eie funksie tot een liggaam, so ook die gelowiges, elkeen uniek en verskillend, as een liggaam in Christus (Van Bruggen, 2010:185).

Binne so eenheid word die gelowiges mekaar se hande en voete. Dit beteken dat gelowigwes mekaar moet dien met die genadegawes aan elkeen geskenk. Almal ontvang nie dieselfde gawe nie (Van Bruggen, 2010:185). Paulus verwys na die verskillende genadegawes wat volgens die genade verskil wat aan elkeen gegee is (Romeine 12:6).

- **Hooftema van Romeine 12:4-8**

Die hooftema van die perikoop is eenheid binne die liggaam van Christus. Lede van Christus se gemeente word met die beeld van die ledemate van 'n liggaam beskryf. Ons is mekaar se ledemate deur die uiteenlopende geskenke wat elkeen ontvang (12:6a) waarmee ons mekaar op uiteenlopende maniere kan ondersteun (12:6b). Dit is opmerklik dat die eerste saak wat Paulus in verband met praktiese Christenskap aantoon, met gelowiges se onderlinge verpligtinge teenoor mekaar te doen het (Van Bruggen, 2010:187).

- **Die plek van die perikoop in die boek**

Hierdie perikoop is deel van die brief Romeine, deur Paulus aan die Christene in Rome geskryf.

- **Aanhef**

Die aanhef van die perikoop fokus op die nuwe lewe in Christus, toewyding aan God en ook ootmoed en getrouheid in die gebruik van die gawes (Bybel, 1983:211).

- **Inhoud**

Die sentrale gedagte van die perikoop is die gelowige se roeping teenoor medegelowiges. Hierdie riglyne is op alle verhoudings, binne en buite die gemeente, asook die verhouding binne die huwelik van toepassing (Dunn, 1988:726). Paulus verwys na 'n gesonde selfbeeld gebaseer op die vermoëns en gawes wat God aan die gelowige gee. Die gelowige moet gevolglik besef dat die persoonlikheidsgawes waaroor hy/sy beskik, eintlik geskenke van God is en dat Sy opdragte in die eerste plek daarmee uitgevoer moet word (Rom 12:6-8).

Paulus gebruik verder ook die menslike liggaam as beeld om aan sy lesers te verduidelik hoe Christene saam moet leef en werk (Rom 12:4-6). Die verskillende lede van die liggaam het verskillende funksies en die liggaam funksioneer slegs

doelmatig indien elke lid sy eie funksie goed verrig. Dit impliseer onder andere dat wedersydse ondersteuning gegee en ontvang word sonder ŉ oormatige afhanklikheid van enige persoon teenoor die ander (Dunn, 1988:733).

God gee ook aan individuele gelowiges die gawes wat in ŉ gemeente nodig is om reg te kan funksioneer (Rom 12:6-8). Die funksionering van ŉ gemeente is gevolglik baie sterk op interpersoonlike verhoudings gebou vir doeltreffende funksionering. God gee aan elke individu unieke persoonlikheidskomponente en ŉ unieke verwysingsraamwerk.

- **Slot**

Paulus fokus in besonder op die funksionering van die gemeente as liggaam van Jesus Christus en ook tot die beswil van almal. Wat opvallend volgens Van Bruggen (2010:189) is, is die funksionele sirkel binne die gemeente met betrekking tot onderrig en diensbaarheid aan mekaar.

Dit is dus belangrik om te besef dat jou gawes deel van ŉ liggaam van gawes vorm en dat dit net effektief kan funksioneer indien elkeen sy/haar gawes ken, ontwikkel en gebruik. Binne die huwelik is hierdie beginsel uiteraard van kardinale belang.

- **Die plek van die perikoop in die Bybel**

Die brief aan die Romeine is deel van die Nuwe Testament. Dit is die eerste sendbrief van Paulus, gerig aan die Christene in Rome.

**B. Die genre van die perikoop**

Die brief aan die Romeine is volgens die destydse briefgenre geskryf. Grieks-Romeinse en ook Joodse briewe het ŉ bepaalde vorm aangeneem. Soms het verskille voorgekom, maar die algemene patroon het die volgende vier basiese elemente bevat:

- Openingsgroet – hierdie groet het gewoonlik die skrywer se naam, die ontvanger se naam en ook die groet ingesluit.
- ŉ Gebed, seën of danksegging.
- Die inhoud van die brief – die inhoud bevat die basiese boodskap wat die skrywer wil oordra.

- Finale groet en afskeid (Bratcher, 2017).

**C. Ontleding van die gedagtebou van die perikoop**

Met betrekking tot Romeine 12:4-8 verwys Paulus na die diversiteit van die liggaam van Christus waardeur die individuele behoeftes van lidmate aangespreek word. Die bose word deur die goeie oorwin en ŉ beroep word op lesers gedoen om wraak te vermy, hulp aan vyande te verleen en onderdanig aan die Romeinse wet te wees. Liefde is die sleutel tot ŉ lewe van opoffering, waarin die gelowige die regverdigheid van Christus soos ŉ wapenrusting dra met die wete dat die dag van verlossing naby is (Longman, 2013:1446). Tot die aanbreek van daardie dag behoort gelowiges mekaar te aanvaar soos Christus hulle aanvaar het en op hierdie wyse eer aan God te bring.

Na aanleiding van die gedagte van eenheid in vers 4 stel Schreiner (1998:654) dat gelowiges verenig is omrede hulle in Christus verenig is. Schreiner (1998:651) beklemtoon ook die feit dat Paulus in vers 3 elke lidmaat aanspreek en geen uitsondering maak nie, omdat elke gelowige ŉ maat van geloof ontvang het. Paulus waarsku ook teen hoogmoed – dit word geëlimineer wanneer die persoon erken dat geloof ŉ gawe van God is en nie uit eie toedoen nie. ŉ Sober evaluering van sigself lei gewoonlik tot die erkenning van geloof as ŉ gawe van God en gevolglik kan daar geen ruimte vir hoogmoed wees nie (Schreiner, 1998:653).

**D. Die sosiohistoriese konteks van die perikoop**

Rome, wat in 753 v.C. gestig is, was in Paulus se tyd die grootste stad in die wêreld en is ook as die middelpunt van die wêreld beskou. Rome het verder as die hoofstad van die Romeinse Ryk gedien, wat die grootste deel van Europa, Noord-Afrika en die nabye Ooste ingesluit het. In Paulus se tyd het die Ryk sy beste jare beleef en die stad is deur voorspoed en ook talle intellektuele en kunsbedrywighede gekenmerk.

Rome was ŉ belangrike kulturele sentrum maar terselfdertyd ook korrup en vol sedelike verval en ook vir afgodediens bekend. Die grootste deel van die bevolking het uit slawe bestaan en die verskynsels van oorvloed en ellende het in hierdie stad naas mekaar voorgekom (Van den Brink, Bette & Zwiep, 2006:3).

Om die sosiohistoriese konteks van daardie tyd beter te verstaan kan onder andere na die wetgewing gekyk word. In Karakter was Romeinse wetgewing hoofsaaklik privaat, met die klem op menseverhoudings. Vaders van gesinne en families was belangrike figure in die Romeinse wetgewing en gebruike. Vaders het groot mag oor hul vroue, kinders en slawe uitgeoefen. Daarom is die vryheid wat die kerk aan vroue verleen het moeilik aanvaar (Longman, 2013:1440). Binne Romeinse wetgewing is geskille dikwels met die hulp van ŉ arbiter hanteer en daar is slegs van die hulp van regters gebruik gemaak in kontraktuele en meer ernstige sake. Romeinse burgerskap en voorregte het volgens die klas en stand van die persoon gevarieer. Verder was dit so dat Romeinse burgerskap sekere voordele in terme van wetgewing, besit van eiendom en regering ingehou het – vreemdelinge het nie hierdie voorregte geniet nie (Longman, 2013:1439). Paulus was ŉ Romeinse burger van geboorte (Hand 22:28) en hy het hierdie voorregte tydens sy sendingreise benut vir byvoorbeeld die minimum straf oplegging en ook by geleentheid deur sy beroep om deur die Keiser verhoor te word (vgl. Hand 22:24-29; 25:10-12).

Die ontstaan van die kerk en groei van die Christendom het in die breër sosiaal-religieuse en kulturele konteks van die Grieks-Romeinse wêreld plaasgevind – die politiek en mag van die Romeinse Ryk het dus die agtergrond milieu verskaf. Die Romeinse geskiedenis verteenwoordig gevolglik ŉ belangrike komponent vir die literatuur en kultuur van die Nuwe Testament (Longman, 2013:1451).
Paulus skryf die brief aan die Romeine in 55 n.C., tydens sy drie maande verblyf in Griekeland (Hand 20:3-6), teen die einde van sy derde sendingsreis (Hand 18:23 tot 21:14; Rom 15:19). Hy het in die stad Korinte, by Gajus gewoon (Rom 16:23; 1 Kor 1:14) (Van den Brink, 2006:4). Paulus stuur gevolglik die brief vanaf Korinte aan die huiskerke in Rome.

In die stadium toe Paulus hierdie brief aan die gelowiges in Rome geskryf het, was hyself of geen van die ander apostels reeds in Rome nie (Van Bruggen, 2010:12).Van den Brink *et al*. (2006:3) verwys daarna dat die gelowiges in Rome waarskynlik van elders gekom waar hulle tot bekering gekom het en toe na Rome gereis het om hulle daar te vestig. Dit kan wees dat sommige van die gelowiges ook onder diegene was wat op Pinksterdag in Jerusalem tot bekering gekom het (vgl. Hand 2:10).

## E. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop

- **Uiteensetting**

Wanneer die denke van die mens deur die Heilige Gees vernuwe is, sal die persoon nie ŉ oordrewe selfbeeld toon nie, maar in nederigheid die genadegawes wat hy/sy ontvang het aanwend om medegelowiges te dien. Paulus verwys na die genade wat aan hom bewys is en moontlik is dit ŉ verwysing na sy ervaring op die Damaskuspad (Hand 9; Osborne, Briscoe & Robinson, 2004:322). In vers 6 stel Paulus dat *"... ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het."* Volgens Osborne *et al.* (2004:322) dui dit onder andere op die feit dat, deur selfondersoek, gelowiges die nodige begrip sal hê vir die feit dat die gawes deur God geskenk is, dat almal ewe belangrik vir God is en dat daar nie ruimte is om meer van jouself as van ander te dink nie. Vir die metafoor van die kerk gebruik Paulus die menslike liggaam – hierdie liggaam is uit baie lede saamgestel en die lede het nie almal dieselfde werking nie. Osborne *et al.* (2004:324) beklemtoon vervolgens dat indien ledemate buite hul aangewese funksie sou probeer funksioneer, die liggaam kruppel sal wees. Ook wanneer een ledemaat nie sou funksioneer nie, laat dit die liggaam ook kruppel. Daar is dus eenheid en verskeidenheid binne die kerk.

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Met behulp van die New *Chain Reference Bible* (1964) *Strong's Exhaustive Concordance* (2017) asook *Encyclopaedia of the Bible – Concordance* (2017) is die onderstaande skrifgedeeltes geïdentifiseer as bewys dat Romeine 12:3-8 nie alleen staan nie maar in ander dele van die Bybel (1983) gestaaf word. ŉ Aantal Skrifgedeeltes word vervolgens aan die orde gestel.

In Romeine 12:3 verwys Paulus na die genade wat aan hom gegee is. Daar word ook weer na hierdie selfde konsep in 1 Korintiërs 15:10 verwys.

In Romeine 12:4 verwys Paulus na die verskillende lede van een liggaam, asook in 1 Korintiërs 12:12-14; Efesiërs 4:16; 1 Korintiërs 6:15; 1 Korintiërs 10:17.

In Romeine 12:5 word na die gedagte verwys dat almal saam een liggaam in Christus is en elkeen afsonderlike lede van mekaar, dieselfde verwysing word ook in 1 Korintiërs 12:12,20; Kolossense 3:15; 1 Korintiërs 12:12,20-26 en Kolossense 3:15 gevind.

In Romeine 12:6 word na die gedagte verwys dat ons genadegawes besit wat volgens die genade wat aan ons gegee is verskil. Efesiërs 4:11 asook 1 Korintiërs 12:4, 8-10 verwys ook na die verskillende genadegawes en word hierdie selfde basiese standpunt telkens aan die orde gestel.

In Romeine 12:7 verwys Paulus na die verskillende genadegawes: ‘As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee’ – daar word ook na hierdie genadegawes in Efesiërs 4:11-16 verwys.

In Romeine 12:8 gaan Paulus verder om die genadegawes te benoem: As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedig-heid – vergelyk ook 2 Korintiërs 9: 5-13.

Schreiner (1998:655) wys ook na 1 Korintiërs 12:14-28 waar daar ook verwysings na die gawes is, soos in Romeine 12:7-8 vermeld.
Strong’s (2017) en die *Encyclopaedia of the Bible* (2017) verwys na die volgende ooreenstemmende verwysings:

- Romeine 12:3 – Romeine 15:15; 1 Korintiërs 15:10; Galasiërs 2:9; Efesiërs 3:7, 4:7; 1 Petrus 4:10,11.
- Romeine 12:4 Korintiërs 12:12-14; Efesiërs 4:16.
- Romeine 12:5 – 1 Korintiërs 6:15, 1 Korintiërs 10:17; 1 Korintiërs 12:12, 20, 27; Efesiërs 5:30; Kolossense 3:115.
- Romeine 12:6 – 1 Korintiërs 7:7; 1 Korintiërs 12; 1 Korintiërs8-10; 1 Korintiërs 12:6; Efesiërs 4:11; 1 Petrus 4:10,11.
- Romeine 12:7 – Efesiërs 4:11.
- Romeine 12:8 – Handelinge 11:23; Handelinge 13:15; Handelinge 15:32; 2 Korintiërs 8:2; 2 Korintiërs 9:5-13.

### F. Die openbaring van God in die perikoop

Vanaf hoofstuk 12 gee Paulus riglyne vir Christenskap in praktyk en wys hy ook in besonder op die groot ontferming van God oor die mens. God verkies ŉ gelowige hart

ver bo offerhande, dieselfde word in Psalm 40:7 en ook in 1 Samuel 15:22 gevind. God aktiveer alle aktiwiteite in die lewe van die Christen (Farmer, 1997:1622).

**G. Verlossingsfeite en vermanings in die perikoop**

In die indrukwekkende voorstelling van God se verlossingsplan in Romeine 12-16 beweeg Paulus se betoog van veroordeling tot verheerliking en van leerstellige formulerings tot praktiese waarhede. Verder vermaan hy ook die Christene dat verskille nie eenheid ongedaan maak nie (Van den Brink *et al.,* 2006:4).

**H. Kommunikatiewe doel van die perikoop**

Die kommunikasie doelwit van Romeine 12:4 is om te illustreer dat gelowiges die een nie hoër as die ander mag ag nie. Paulus gebruik die illustrasie van die menslike liggaam deur te beklemtoon dat soos die liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde funksie het nie, so is die gelowiges almal saam een liggaam in Christus en vervul elkeen 'n afsonderlike rol met betrekking tot die geestelike liggaam as geheel (Van den Brink *et al.,* 2006:339).

**I Eietydse sosiohistoriese konteks**

Van den Brink *et al*. (2006:339) dui aan dat die illustrasie wat Paulus in Romeine 12:4 gebruik, "Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie', in die eietydse sosiohistoriese konteks van toepassing binne verhoudings was. Dieselfde gemeenskaplike verbondenheid wat ten opsigte van Christus van toepassing is, geld ook ten opsigte van mekaar. Daarmee word duidelik gestel dat die gelowiges op mekaar aangewese is, afhanklik van mekaar is, vir mekaar behoort te sorg en mekaar behoort te respekteer (Van den Brink *et al.*, 2006:338). Dieselfde beginsel is op verhoudings buite die gemeente asook binne die huwelik van toepassing.

Dit is in die alledaagse lewe dat Christene God die Vader moet prys en aanbid. Gemeentes behoort 'n duidelike verklaring van 'n gemeenskap te maak wat op nederigheid en liefdadigheid gebaseer is. Die lewens van alle Christene behoort so te wees dat die talente en geestelike gawes wat hulle ontvang het, onselfsugtig tot voordeel van die hele gemeente sal wees. Verder is dit ook belangrik dat elke Christen vergenoegd sal wees met die funksie en rol wat hy/sy in die gemeente vervul asook om die rol en funksie van ander in die gemeente te respekteer – deur sulke optredes bewys Christene

die nodige respek teenoor God en ook ten opsigte van die gawes wat Hy aan elkeen toevertrou het (Fritzmyer, 1992:644).

#### 4.3.3.2. Eksegese van 1 Petrus 3:1-7

**Om binne die eenheid verstandig met mekaar saam te leef**

> [1]*Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle, julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie.* [3] *Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie.* [4] *Nee julle skoonheid moet die van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde.* [5] *In die ou dae het die gelowige vrouens wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig.* [6] *Sara, byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie, is julle dapper dogters.* [7] *Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder."*

**A. Die tekstuele konteks van die perikoop**

Rondom die gedagte van eenheid binne die liggaam van Christus en in besonder ook binne die huwelik, word vervolgens op die perikoop van 1 Petrus 3:1-7 gefokus.

- **Die sentrale gedagte van 1 Petrus 3:1-7**

  Die sentrale gedagte van die perikoop is dat God se opdrag aan huweliksmaats bly geld, ook in 'n samelewing waar dit mode en aanvaarbaar is om in die huwelik teen die vrou te diskrimineer (Vosloo & Janse van Rensburg, 1999:1723).

- **Hooftema van 1 Petrus 3:1-7**

  Michaels (1988:171) verwys daarna dat die raad wat Petrus gee, eerstens binne die raamwerk van die sosiale struktuur van daardie tyd gelees moet word. Onderdanig-

heid impliseer dat die persoon eerstens gewillig sal wees om met iemand anders, uit liefde en respek vir God, en tweedens uit respek vir die ander persoon saam te werk. Onderdanigheid is moontlik deur die krag van die Heilige Gees.

Michaels (1988:157) stel dat die uitspraak in 1 Petrus 3:1, 'V*roue julle moet aan julle mans onderdanig wees."* spesifiek op die huweliksverhouding dui en nie op die verhouding van vroue en mans in die algemeen nie.

- **Die plek van die perikoop in die brief**

1 Petrus 3:1-7 is deel van die eerste brief deur Petrus aan die gemeentes in Klein Asië. Hierdie betrokke perikoop handel oor die pligte van die vroue en mans en fokus veral op die verhouding binne die huwelik.

- **Aanhef**

Die aanhef van 1 Petrus 3:1-7 is: Die gedrag van die man en die vrou teenoor mekaar (Bybel, 1983:310).

- **Inhoud**

Die volgende onderwerpe word in die perikoop behandel:

- Die pligte van die vrou – 1 Petrus 3:1-7.
- Die gedrag van die Christenvrou behoort van so aard te wees, dat die ongelowige man tot die Christelike geloof aangetrokke sal wees op grond van die gedrag wat hy by sy vrou waarneem – 1 Petrus 3:1-2.
- Die versiering van vroue moet nie die hoofklem op die uiterlike plaas nie maar eerder op die innerlike – 1 Petrus 3:3-4.
- Petrus haal Sara, die vrou van Abraham aan, as voorbeeld om deur vroue nagevolg te word – 1 Petrus 3:5-6.
- Die pligte van mans impliseer onder andere om verstandig met hulle vroue saam te lewe. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder – 1 Petrus 3:7 (Barnes, 2017).

Gedrag binne ŉ verhouding wat nie God se goedkeuring wegdra nie, affekteer die mens se verhouding met God (Michaels, 1988:171).

- **Slot**

Die perikoop sluit met 'n opdrag aan die mans af om verstandig met hul vroue saam te leef en om aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer te bewys, omdat hulle mede-erfgename van die genade van die lewe is – dit sal ook die verhoring van die mans se gebede bevorder.

- **Die plek van die perikoop in die Bybel**

1 Petrus is deel van die Nuwe Testament terwyl die perikoop, 1 Pet 3:1-7, deel van Petrus se eerste Sendbrief is. 1 Petrus is gerig aan die gemeentes in Klein Asië wat vervolging as gevolg van hulle Christelike geloof beleef het. Hierdie brief spreek direk tot die situasie van daardie gemeentes en bied vertroosting, bemoedig en praktiese riglyne (Jobes, 2005:1).

**B. Die genre van die perikoop**

1 Petrus voldoen aan die standaard kenmerke van 'n destydse brief, wat geskryf is om die lesers te bemoedig en ook aan te moedig om volgens die genade van God te getuig (Green, 2007:4).

Die openingsgroet en naam van die outeur. Vers 1 van Petrus, 'n apostel van Jesus Christus. Petrus adresseer sy brief aan die uitverkorenes en vreemdelinge in die wêreld, wat verspreid in die provinsies Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië woon (1:1).

Gebed en seën: Vers 1. Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees.
Inhoud: Die perikoop maak deel van die gelowige se gedrag uit, veral in lyding 2:11 – 4:19.

Finale groet: Vanaf die gemeente in Babilon, dit verwys na Rome, 'n uitverkore gemeente net soos julle, asook Markus, my seun, stuur vir julle groete. Groet mekaar met 'n soen van Christelike liefde. Vrede vir julle almal wat in Christus is.

**C. Ontleding van gedagtebou van die perikoop**

Michaels (1988:171) gee die volgende samevattende weergawe ten opsigte van die struktuur van hierdie perikoop:

- Die man en die vrou moet uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig wees – selfs al is eensydige onderdanigheid nodig, soos in die geval van die ongelowige man.
- Innerlike verandering is belangriker as uiterlike skoonheid.
- Wanneer jy werklik kind van God is, is jy tot eensydige onderdanigheid bereid.
- ’n Man wat sy vrou domineer, plaas ’n vraagteken oor sy eie geestelikheid.
- Laat God jou gedrag bepaal.
- Voor God is die man en vrou gelyk en dit hoort ook so in die huwelik te wees.
- Die gelykheid voor God moet in die verhouding sigbaar wees.
- Jou verhouding met jou huweliksmaat weerspieël jou verhouding met God.

**D. Die sosiohistoriese konteks van die perikoop**

Die gedeelte 1 Petrus 2:18 tot 1 Petrus 3:12 handel oor sosiale Christelike gedrag, binne die Nuwe Testamentiese wêreld. Verskeie Nuwe Testamentiese geskrifte dui daarop dat die vroeë Christene op die korrekte optrede teenoor die regering, ook binne slaaf-meester konteks asook binne die familiekring gesteld was. Indien hierby ook die gedrag binne die religieuse lewe gevoeg sou word, sou dit die totale verhoudingswêreld van die meeste lesers van die brief insluit. Vir baie mense van die eerste eeu het familie, geloof, werk en regering al die menslike verhoudings waarmee hulle tydens hul leeftyd te doen sou kry, ingesluit (Hahn, 2017).

Herhaalde verwysing na die heidense karakter van hulle agtergrond dui sterk daarop dat die meeste van die lesers van heidense afkoms was (vgl. 1:14, 18; 2:10, 25; 4:2-4). Die verwysing dat hulle voor hulle bekering geen geloof of hoop gehad het nie, dui ook op hul identifikasie as Heidene (1:21). Hierdie oorwegings verwys gunstig na die identifisering van die eerste lesers van 1 Petrus as ’n gemeenskap van Christene wat vanuit ’n heidense agtergrond tot bekering gekom het – dit beteken egter nie dat daar geen Jode was nie (Green 2007:5)

As gevolg van hulle Christelike geloof, was hierdie Christene in Klein Asië deur vervolging bedreig. Die vervolging was wyd verspreid (5:9) maar sporadies (1:6; 5:10)

en hoofsaaklik verbaal (2:12; 3:9). Hierdie vervolging was nie vanaf die Romeinse owerhede nie, maar eerder rondom kulturele verskille. Daar is van alle Romeinse burgers verwag om die Romeinse afgodsfeeste van daardie tyd by te woon en Christene was nie gediend hiermee nie (Sakenfeld 2009:465).

Die opdragte van Petrus aan die vroue is verder ook in die besonder op Christenvroue met ongelowige mans gerig. 1 Petrus 3:1 verwys daarna dat hierdie vroue deur hulle wandel, sonder woorde, hulle mans vir Christus mag wen (Michaels, 1988:157).

### E. Die openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop

- **Uiteensetting**

1 Petrus dui op ʼn verskeidenheid temas, wat aan hierdie brief ʼn teologiese rykheid verleen. Dit wil voorkom asof werklike en potensiële lyding een van die sentrale temas is en ook as basis vir vermaning aan diegene dien wat lyding verduur om getrou aan Christus te bly. Diegene wat lyding verduur, vind ook die versekering dat hulle nie deur Christus verlaat is nie. Die tema van lyding bied ook aan Christengemeenskappe die kennis om hulle in staat te stel om vervolging en lyding deur geloof te oorleef. ʼn Tweede pertinente tema is hoop wat as teenmiddel vir lyding beskou kan word. Hoop verwys ook na ʼn toekoms waarin huidige lyding oorkom is en hierdie toekomshoop dien as die eskatologiese onderbou van die brief (Shakenfeld, 2009:466).

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Met behulp van die New *Chain Reference Bible* (1964) *Strong's Exhaustive Concordance* (2017) asook *Encyclopaedia of the Bible – Concordance* (2017) is die onderstaande skrifgedeeltes geïdentifiseer as bewys dat 1 Petrus 3:1-7 nie alleen staan nie maar in ander dele van die Bybel (1983) gestaaf word. ʼn Aantal Skrifgedeeltes word vervolgens aan die orde gestel.
Met behulp van die *Chain Reference Bible* (1964) asook die kruisverwysings in die Naslaan Bybel (1994) is die onderstaande parallelle Skrifgedeeltes geïdentifiseer.

In 1 Korintiërs 7:16 skryf Petrus aan die gelowiges in Klein Asië dat die man deur die gedrag van die vrou gered kan word sonder dat woorde nodig mag wees. Dit is dus dieselfde gedagte as in die onderhawige perikoop in 1 Petrus 3:1.

Paulus noem in Korintiërs 9:19 ŉ gedagte wat grootliks hierby aansluit: *"Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen."*

In aansluiting by 1 Petrus 3:3 vermaan Jesaja 3:16-24 ook teen oormatige klem op uiterlike versiering van die vroue ten koste van ŉ persoonlike verhouding met God. Dieselfde vermaning aan vroue word ook in 1 Timoteus 2:9 aangetref.

In aansluiting by 1 Petrus 3:7 waar Petrus die manne vermaan om verstandig met hulle vroue saam te lewe en ook in vers 8 waar hy onder andere na ŉ wedersydse liefdevolle gesindheid verwys, vermaan Paulus in Efesiërs 5:25 die manne om hul eie vroue lief te hê soos Christus die gemeente liefgehad het en Sy lewe daarvoor afgelê het.

In Efesiërs 4:2 en 32 word voorskrifte vir suksesvolle verhoudings gegee en vervolgens word na aspekte soos nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid, verdraagsaamheid, vriendelikheid, ontferming en vergifnis verwys. Hierdie aspekte bied ŉ goeie samevatting van die inhoud van 1 Petrus 3:7.

Strong's (2017) en die *Encyclopaedia of the Bible* (2017) verwys na die volgende ooreenstemmende verwysings:

- 1 Petrus 3:1 – 1 Petrus 2:18; Efesiërs 5:22; 1 Korintiërs 7:16; 1 Korintiërs 9:19.
- 1 Petrus 3:3 – Jesaja 3;18-23; 1 Timoteus 2:9.
- 1 Petrus 3:4 – Romeine 7:22; Efesiërs 3:16; Romeine 2:29.
- 1 Petrus 3:5 – 1 Timoteus 5:5; Ester 2:15.
- 1 Petrus 3:6 – Genesis 18:12.
- 1 Petrus 3:7 – Efesiërs 5:25-33; Kolossense 3:19.

### F. Die openbaring van God in die perikoop

Onderliggend aan beide die temas van lyding en hoop is Christus se lyding en opstanding. Sy passie, dood en opstanding dien gevolglik as motivering vir die lesers betreffende hul eie lyding in die lig van die hoop op toekomstige glorie. Hierdie brief verskaf ook aan die lesers ŉ model vir ŉ geloofslewe te midde van ŉ vyandige gemeenskap (Sakenfeld, 2009:466).

**G. Verlossingsfeite en vermanings in die perikoop**

Die opdrag binne1 Pet 3:1-7 is eerstens aan die Christenvroue gerig om onderdanig aan
hulle eie mans te wees. Dieselfde Griekse woord vir 'onderdanigheid' wat in 1 Petrus 3:1 gebruik word, kom ook in 1 Petrus 2:13 voor met verwysing na 'onderdanigheid' aan owerhede – so ook in 1 Petrus 2:18 met verwysing na Christenslawe se gedrag teenoor hul eienaars (Hahn, 2017).

Die waarskuwings aan Christenvroue in hierdie perikoop is teen uitspattige uiterlike versierings (v.3) gerig asook ŉ vermaning aan die vroue om goed te doen en nie in vrees te lewe nie (v.6) (Hahn, 2017).

Tweedens word mans binne hierdie perikoop vermaan om net soos die vroue op te tree met betrekking tot die beginsel van innerlike skoonheid en onderdanigheid. Die man dra die verantwoordelikheid om insig in die dinge te verkry wat beide die man en die vrou tot ŉ sinvolle huweliksverhouding sal help (Hahn, 2017).

**H. Kommunikatiewe doel van die perikoop**

Die universele toepaslikheid van die brief het betrekking op die feit dat die Evangelie van Jesus Christus die fundamentele beginsel is waardeur die Christelike lewe binne die groter ongelowige gemeenskap uitgelewe moet word. Die lewe van Jesus Christus en die lewe van die gelowige is binne Petrus se denke onskeibaar. In 1 Petrus is Jesus Christus nie alleen die werklikheid van die Christelike geloof nie, Hy is ook die kern van Christelike bestemming (Jobes, 2005:1).

Wat die kommunikatiewe doel van vers 7 van die onderhawige perikoop betref, word die mans slegs binne hierdie vers vermaan, waarskynlik omdat Petrus op diegene gefokus het wat verdrukking vanaf owerhede, heersers, werkgewers of eggenotes verduur, eerder as diegene in gesagsposisies. Die gedrag van die onderdruktes het as voorbeeld vir al die gemeentes gedien. Die man wat volgens God se voorskrifte lewe, betoon respek vir sy vrou (en so ook alle vroue). Die verwysing na die vrou as die swakkere is ŉ verwysing na fisiese krag. God seën nie diegene in gesagsposisies wat diegene onder hulle gesag mishandel nie (Schreiner, 2003:159). Petrus wil hê dat sy lesers sal

verstaan wie hulle voor God is, sodat hulle kan wees wie hulle veronderstel is om binne die gemeenskap te wees (McKnight, 1996:36).

**I. Eietydse sosiohistoriese konteks**

Die oorspronklike lesers aan wie Petrus die brief geskryf het, was deur hul gemeenskappe gemarginaliseer, in hul verhoudings vervreemd en met verlies, ten opsigte van eer en sosio-ekonomiese stand, gedreig. Baie Christene reg oor die wêreld het die afgelope 2000 jaar dieselfde negatiewe reaksie binne hul gemeenskappe, as gevolg van hulle geloof, beleef (Jobes, 2005:1).

Die beginsels waarop Petrus aan die eerste lesers vertroosting, bemoediging en riglyne verskaf, is op alle Christene ten alle tye toepaslik (Jobes, 2005:2). Die belang van Petrus se boodskap binne eietydse sosiohistoriese konteks, lê daarin dat Christene in hulle denke verander behoort te word omtrent wie hulle in Christus is en ook ten opsigte van verhoudings met ander gelowe en gemeenskappe, ongeag jou historiese moment of geografiese ligging. Binne eietydse sosiohistoriese konteks verhoog die konsep van "vreemdelingskap" vir Christene indien hulle waardes sou aanvaar en beginsels sou toepas wat teenstrydig met die Evangelie van Jesus Christus is (Jobes, 2005:3).

#### 4.3.3.3 Eksegese van Filippense 2:1-5

**Die een die ander hoër as hom/haarself ag, na mekaar se belange omsien en dieselfde gesindheid as Christus Jesus openbaar**

> *1 Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2 maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3 Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4 Jule moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die ander. 5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:"*

**A. Tekstuele konteks van die perikoop**

Wat Paulus se Brief aan die Filippense betref, word vervolgens in besonder op die perikoop van 2:1-5 gefokus.

- **Die sentrale gedagte van die perikoop**

Die sentrale gedagte van die perikoop is ŉ oproep tot eensgesindheid.

- **Hooftema van Filippense 2:1-5**

Die hooftema kan as die gevaar beskryf word wat die gemeente in Filippi bedreig het, naamlik onenigheid. In ŉ sin is dit ŉ gevaar vir elke gemeente en ook vir elke verhouding (Barclay, 2003:38).

- **Plek van die perikoop in die brief**

Aan die hand van die volgende uiteensetting van die struktuur van die Brief aan die Filippense (Constable, 2010:4) blyk dit duidelik waar die onderhawige perikoop (3:1-7) inpas:

1. Groet 1:1-1-2
2. Voorwoord 1:3-26
    - Dankbetuiging – 1:3-8
    - Gebed – 1:9:11
    - Vorderingsverslag – 1:12-26
3. Vennootskap binne die Evangelie – 1:27-4:9
    - Waardige lewenswandel – 1:27-30
    - Eenheid en standvastigheid – 2:1-4:1
      Eenheid – hoofstuk 2
      Standvastigheid – 3:1 -4:1
    - Bepaalde take
      Herstel eenheid – 4:2-3
      Behou gemoedsrus – 4:4-9
4. Slotrede – 4:10-20
5. Groete en seën – 4:21-23

Filippense 3:1-5 vorm dus ŉ onderafdeling van Paulus se boodskap rondom eenheid en standvastigheid aan hierdie die gemeente.

- **Aanhef**

Die aanhef van die perikoop is die oproep tot eengesindheid binne die gemeente. Barclay (2003:38) verwys daarna dat onenigheid ŉ bedreiging vir elke gemeente inhou.

- **Inhoud**

Paulus het tydens sy tweede sendingreis hierdie brief aan die gemeente in Filippi, ongeveer 52 AD, geskryf (Barclay, 2003:5). Die brief aan die Filippense gee ŉ gunstige beeld van die gemeente. Die vermanings is aansienlik minder en nie so ernstig soos in Paulus se ander briewe nie. Hierdie brief het meer die karakter van bemoediging en aanmoediging (Floor, 2009:14 en Constable, 2010:3). Daar word ook na die brief aan die Filippense as die "*Epistle of Excellent Things"* of "*The Epistle of Joy*" verwys. Die woorde verbly en blydskap word verskeie keer gebruik (Barclay, 2003:9).

- **Slot**

Die slotgedeelte van die perikoop doen ŉ beroep op die gelowiges om dieselfde gesindheid te openbaar wat daar in Christus Jesus is**.**

- **Die plek van die perikoop in die Bybel**

Die onderhawige perikoop vorm deel van Paulus se boodskap rondom eenheid en standvastigheid aan hierdie gemeente en verder is die Brief aan die gemeente in Filippi deel van die *Corpus Paulinum*. Dit is ŉ brief deur Paulus aan die gelowiges in Filippi.

**B. Die genre van die perikoop**

Die perikoop is deel van die brief, deur Paulus, aan die gemeente in Filippi. Kommentators is dit eens dat Paulus die brief as bedankingsbrief geskryf het vir materiële hulpverlening wat hy van die gemeente deur Epafroditos ontvang het. Hierdie bydrae is ŉ bewys van die vriendskapsband tussen Paulus en die gemeente in Filippi (Snyman, 2005:784 en Constable, 2010:3).

**C. Ontleding van gedagtebou van die perikoop**

Constable (2010:30) gee die volgende uiteensetting van die gedagtebou van die perikoop, Filippense 2:1-5.

- Die eerste rede waarom Christene aan God en mekaar onderdanig moet wees, is die feit dat dit ŉ opdrag van Christus is. Christus se lering terwyl hy op aarde

was en die van sy volgelinge, in die besonder Paulus, nadat Hy na die hemel opgevaar het, is ŉ boodskap van nederigheid. (Vers 1: "*Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing tot die liefde, die gemeenskep deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing"* (Bybel, 1983:258).

Dieselfde vers in die Nuwe Testament en Psalms, ŉ direkte vertaling, (2014;330) is soos volg: " *Daarom, as daar enige troos in Christus is, enige gemeenskap deur die Gees, enige toegeneentheid en ontferming".)*

- Tweedens, Paulus se liefde vir die Filippense gemeente was ŉ bemoedigende gawe van God en het as aanmoediging vir hulle gedien om positief op Paulus se versoek te reageer. (Vers 2. "*Maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe"*.)
- Derdens, die gemeenskap wat die Heilige Gees bewerkstellig, behoort Christene onderdanig te maak. (Vers 3. "*Moet niks tot selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself".)*
- Vierdens, as gevolg van die liefde en ontferming (*compassion*) van God deur Christus vir die Filippense gemeente, behoort eenheid onder hulle die norm te wees en word daar van hulle verwag om in eenheid te lewe. (Vers 4. "*Julle moenie net aan elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander*".)
- Paulus doen ŉ beroep op die lesers om eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een in liefde, een van hart, een in strewe, om God se doel vir hulle lewens te vervul, individueel sowel as vir die gemeente. Sulke optredes sal ook Paulus se blydskap volkome maak. (Vers 1-5)
- Verder moet die een die ander hoër as homself ag en nie iets uit selfsug of eersug

  doen nie maar in nederigheid. Die punt wat Paulus hier maak is dat ons ander waardig sal ag en meer as onsself in ag sal neem (vgl. ook Filippense 1:15; Romeine 12:10 en 1 Petrus 5:5-6).
- Elkeen moet ook nie slegs na sy/haar eie belange omsien nie maar ook na die ander s'n. Vers 3 handel oor hoe ons ander mense beskou en vers 4 oor hoe ons met ander in verhouding staan.
- Christus se gesindheid moet ook in die gelowiges wees – dit is die voorbeeld by uitnemendheid. (Vers. 5).

**D. Die sosiohistoriese konteks van die perikoop**

Die stad Filippi was in die Romeinse provinsie Macedonië, geleë. Daarom het Filippi die volledige status van ŉ Romeinse stad geniet. Romeinse status het sekere voorregte rakende bestuur en belasting gebied. Handelinge 16:19-40 werp meer lig op die Romeinse karakter van hierdie stad. Daar word na die owerhede (v.19) en regters (v.22) en geregsdienaars (v.35) verwys. Die spreektaal was hoofsaaklik Grieks, die amptelike taal Latyn en die regeringsvorm Romeins. Filippi was aan die groot handels roete deur Macedonië, die *via ignatia,* geleë wat Rome met Bisantyn verbind het. Ondanks die oorwegend Romeins-hellenistiese karakter van die stad, het hier ook Jode gewoon (Floor, 2009:12). Kenmerkend van die Romeinse Ryk was klasse verskille, wat ook binne hierdie gemeente weerspieël is. Die gemeentelede in Filippi was oorspronklik hoofsaaklik van heidense afkoms. Die swakpunt binne hierdie gemeente was onderlinge verskille (Floor, 2009:14).

**E. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die perikoop**

- **Uiteensetting**

Paulus vermaan die gemeente oor die interne onenigheid en hulle selfgesentreerde lewens en hy doen ŉ beroep op eensgesindheid en nederigheid (Snyman, 2005:791).

Volgens Barclay (2003:38) dui Filippense 2:3-4 op die drie grootste redes vir die onenigheid tussen gemeentelede binne hierdie gemeente:

- *Selfambisie.* Die gevaar bestaan altyd dat mense nie vir die voordeel van ŉ saak sal werk nie, maar vir eie voordeel.
- *Eie aansien.* Aansien is vir baie mense ŉ groter versoeking as rykdom. Bewondering, respek, posisie, eie opinie, persoonlik erkenning en selfs om gevlei te word, is vir baie mense begeerlik. Die doelwit van ŉ Christen behoort nie selfvertoon te wees nie maar eerder selfverloëning. Die doel van goeie dade moet ook nie wees om eer te ontvang nie maar om God te verheerlik.
- *Eiebelang.* Eiebelang bring die mens in konflik met ander – eiebelang elimineer in ŉ sekere sin ander mense (Barclay, 2003:38).

Paulus pleit gevolglik by die gemeentelede van Filippense om in harmonie saam te lewe, verskille eenkant te plaas, persoonlike ambisie prys te gee en om met nederige harte ŉ

onselfsugtige begeerte om te dien, soos Jesus Christus, uit te lewe (Barclay, 2003:41).

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Met behulp van die New *Chain Reference Bible* (1964) *Strong's Exhaustive Concordance* (2017) asook *Encyclopaedia of the Bible – Concordance* (2017) is die onderstaande skrifgedeeltes geïdentifiseer as bewys dat Filippense 2:1-5 nie alleen staan nie maar in ander dele van die Bybel (1983) gestaaf word. ʼn Aantal Skrifgedeeltes word vervolgens aan die orde gestel.

Filippense 2:2 asook die volgende Skriftuurverwysings doen ʼn beroep op ʼn benadering van eensgesindheid: Efesiërs 4:2; 1 Korintiërs 10:24 en Romeine 15:1-2. Mattheus 11:29 verwys na sagmoedigheid en nederigheid, asook Johannes 13:12-17,34. Filippense 2:4-5. Filippense 2:5. Wees ʼn navolger van Jesus, soos Paulus was, 1 Korintiërs 11:1; 1 Tessalonisense 1:6 (Snyman 2005:796).

Strong's (2017) en die *Encyclopaedia of the Bible* (2017) verwys na die volgende ooreenstemmende verwysings:

- Filippense 2:1 – Kolossense 3:12.
- Filippense 2:2 – Johannes 3:29. Filippense 4:2; Romeine 12:16; Romeine 15:5.
- Filippense 2:3 – Galasiërs 5:26; Romeine 12:10; 1 Petrus 5:5.
- Filippense 2:4 – 1 Korintiërs 10:24
- Filippense 2:5 – Matteus 11:29.

### F. Die openbaring van God in die perikoop

Die gesindheid van Jesus Christus word aan hierdie gemeente in Filippi voorgehou wanneer daar in Filippense 2:5 gestel word dat dieselfde gesindheid by die lesers moet wees as wat ook in Christus Jesus was – ʼn gesindheid van nederigheid (Constable, 2010:30).

### G. Verlossingsfeite en vermanings in die perikoop

Paulus rig ʼn vermaning tot eensgesindheid. Snyman (2005:796) stel dat die natuurlike uitvloeisel van vernedering verhoging is. Soos die gelowiges van Filippi Jesus Christus in Sy vernedering en gehoorsaamheid volg, so sal hulle Hom ook in Sy verhoging volg.

Daar is ŉ eskatologiese beloning vir diegene wat in die evangelie volhard volgens die voorbeeld van Jesus Christus (Snyman, 2005:796).

**H. Kommunikatiewe doel van die perikoop**

Paulus leer en motiveer die gemeente in Filippi om eensgesind en nederig te lewe.

**I. Eietydse sosiohistoriese konteks**

Die basiese tema van die brief aan die Filippense hou grootliks met die deelname aan die evangelie verband – die hele brief hanteer op een of ander wyse hierdie onderwerp. Deelname aan die evangelie verwys na die eenheid wat daar tussen Paulus en die gemeente van Filippi was met betrekking tot die gesamentlike verspreiding van die evangelie. Paulus, die Filippense en elke ander Christen behoort gevolglik deel van die verspreiding van die evangelie te wees. Die sleutel tot suksesvolle samewerking ten opsigte van die verspreiding van die evangelie is om *"... dieselfde gesindheid te hê wat ook in Jesus Christus was"* Filippense 2:5. (Constable, 2010:4).

Die strewe van elke Christen behoort te wees om die uiteindelike oorwinning te behaal en nie om hom/haarself te verheerlik nie. Die lewe word gewoonlik deur dit wat mense in die middel van hul lewens plaas, bepaal – Paulus het vir Christus in die middel van sy lewe geplaas (Constable, 2010:7).

Dieselfde basiese vereistes geld uiteraard ook ten opsigte van die verhouding binne die huwelik, naamlik om nie eiebelang voorop te plaas nie maar dat die een die ander se belange sal respekteer en mekaar in nederigheid sal dien.

### 4.3.4. Die uitkoms van ŉ Skrifgefundeerde verhouding

#### 4.3.4.1. Eksegese van Spreuke 12:4

Spreuke 12:4. "*ŉ Knap vrou gee haar man hoë aansien; een wat haar man in die skande steek, is vir hom soos ŉ vretende kanker"* (Bybel, 1983:675).

Spreuke 12:4. "*ŉ Deugsame vrou is die kroon van haar man, maar een wat skande maak, is soos ŉ verrotting in sy gebeente"* (Bybel, 1953:618).

Proverbs 12:4. “*A wife of noble character is her husband’s crown, but a disgraceful wife is like a decay in his bones”* (NIV, 2017).
Proverbs 12:4. “*A virtuous and worthy wife [earnest and strong in character] is a crowning joy to her husband, but she who makes him ashamed is rottenness in his bones* (Amplified Bible, 1987:710).

**A. Tekstuele konteks van die vers**
Die bekwame vrou (man) stel haar man (sy vrou) in staat om haar/sy volle potensiaal te bereik

- **Die sentrale gedagte van die vers**

Longman III (2006:271) wys daarop dat die boek Spreuke dikwels na die deugsame vrou verwys. Hierdie boek is ook daarop gerig om aan jongmense wysheid te leer en daarom is dit so belangrik om die jongmanne aangaande die eienskappe van ’n deugsame vrou te onderrig. Die boek Spreuke sluit ook met ’n uitgebreide beskrywing van ’n deugsame vrou af (Spr 31:10-31).

Treier (2011:110) toon aan dat 31 verse binne die Spreuke boek oor die kontensieuse vrou handel. Volgens hom het die skrywer geweet dat ’n gebrek aan eensgesindheid binne ’n huwelik tot groot probleme lei.

Aangesien dit hier slegs om een vers gaan, is die hoofgedagte dat ’n knap vrou haar man hoë aansien gee; een wat haar man in die skande steek, is vir hom soos ’n vretende kanker.

- **Plek van die vers in die boek**

Hoofdele van die boek Spreuke:
- Die voordeel van wysheid 1-9
- Verskillende versamelingsspreuke 10-30.
- ’n Vermaning aan ’n koning 31:1-9
- Lof aan ’n knap vrou 31:10-32.

Hierdie vers vorm deel van die verskillende versamelingsspreuke soos in Spreuke 10-30 opgeteken (Bybel, 1983:664).

- **Die plek van die vers in die Bybel**

Hierdie vers is deel van die wysheidspreuke binne die Ou-Testamentiese boek, Spreuke, in hoofstuk 12.

**B. Die genre van die perikoop**

ŉ Spreuk is ŉ bondige gesegde, gewoonlik in poëtiese vorm, wat uitdrukking aan algemene waarnemings van die lewe en soos deur Bybelse openbaring 'gefiltreer', gee (McCabe, 2017).

Die boek Spreuke vorm ook deel van die wysheidsliteratuur van die Ou Testament. Die inhoud handel hoofsaaklik oor die lewe, beginsels, goeie oordeel en persepsies. Daar word ook dikwels ŉ vergelyking tussen ŉ wyse en dwase persoon getref. Spreuke 10-24, waarvan die onderhawige deel vorm, is wysheid wat op alle mense van toepassing is aan die hand van ŉ verskeidenheid onderwerpe (Smith, 2017).

**C. Ontleding van die gedagtebou van die perikoop**

Treier (2011:110) vra die vraag: Waarom was die wysheidspreuke wat na twisgierige vroue verwys so belangrik? Die groot aantal verwysings, na die onderwerp, dui op die belangrikheid daarvan vir die wysgere, 31 verwysings in totaal. Hulle het geweet dat disharmonie binne ŉ huwelik afbrekend is terwyl harmonie kosbaar is.

Persone met ŉ diensbare karakter is nodig om binne ŉ gesin voortdurende "*shalom"* te laat realiseer – hierdie eienskap is slegs moontlik as gevolg van ŉ goddelike toerusting. Die godvresende vrou as ŉ gawe van God word in Spreuke 12:4 bevestig: "*ŉ Knap vrou gee haar man hoë aansien; een wat haar man in die skande steek, is vir hom soos ŉ vretende kanker*". (Treier, 2011:110).

**D. Die sosiohistoriese konteks van die perikoop**

Perdue (2000:169) verwys na die feit dat ŉ huishouding in die antieke Israel en latere Judaïsme basies ŉ verlengde sosiale eenheid was wat liniêr verskeie generasies ingesluit het, naamlik grootouers, ouers, kinders, kleinkinders asook verdere familie.

Sulke families het in die algemeen ook grond besit waarop daar geboer is, diere aangehou is, huise gebou is en waardeur die families onderhou is. Grond was uiteraard ŉ belangrike besitting en die huwelik was vervolgens ook ŉ integrale deel van hierdie bestaan. Die huwelik het nie alleen kameraadskap voorsien nie maar kinders is ook gebore. Teen hierdie agtergrond was dit dus uiters belangrik om ŉ goeie vrou te vind.

## E. Openbaringshistoriese plasing en betekenis van die teks

- **Uiteensetting**

Hierdie vers verwys na ŉ vrou met ŉ sterk karakter, dieselfde frase wat die slotdeel van Spreuke 31:10-31 inlei. Binne die konteks van Spreuke 12 is dit waarskynlik meer as raad aan jongmanne in die keuse van ŉ vrou bedoel, as raad aan vroue om ŉ keuse rakende die beloop van hul lewens te maak. ŉ Vrou wat skande maak sal waarskynlik nie bekommerd wees oor die invloed van haar optrede in die lewe van haar man nie en daarom sal hierdie vers volgens Steinmann (2009:305) nie veel betekenis vir haar inhou nie. Hierdie vers kan wel as onderrig aan die Christenman in die keuse van die regte vrou dien en ook van toepassing wees op die Christenvrou wat ŉ suksesvolle huwelik begeer. Hierdie spreuk saam met die ander spreuke wat na die waarde van ŉ goeie vrou verwys dien ter herinnering aan die feit dat die heilige staat van die huwelik vir die wedersydse voordeel van die man en die vrou bedoel is (vgl. In hierdie verband Spr 31:11, 28-31; 5:1-23; 6:20-35; 7:1-27 asook 1 Kor 7 en Ef 5:21-33 (Steinmann, 2009:305).

Die kontras tussen die regte en die verkeerde keuse van ŉ vrou is volgens Tremper Longman III (2006:271) die hooftema van die Spreuke boek, aangesine die onderwerp so belangrik vir die jongmanne is aan wie die boek oorspronklik geadresseer is. Hierdie spreuk in 12:4 gee as't ware ŉ waarneming, waarskynlik op ondervinding gebaseer – daar kan gespekuleer word dat die doel is om die leser te motiveer om ŉ swak keuses van ŉ huweliksmaat te vermy. ŉ Godvresende vrou verryk die lewe van haar man en is ŉ beloning vir sy wyse gedrag terwyl die vrou wat skande maak, lyding in die man se lewe bring. Die vrou wat skande maak is soos ŉ vretende kanker, wat daarop dui hoe diep die effek van ŉ swak keuse op die lewe van ŉ man kan wees (Tremper Longman III, 2006:271).

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Soos reeds genoem, is daar ŉ belangrike parallelle gedeelte in Spreuke 31:23 waar melding van die voortreflike vrou gemaak word wie se man welbekend by die stads-poorte is waar hy saam met die leiers beraadslaag. Ook 1 Korintiërs 11:7 verwys na die vrou as die heerlikheid van die man.

### F. Openbaring van God in die perikoop

Binne hierdie enkele vers is daar nie ŉ direkte verwysing na God nie.

### G. Verlossingsfeite en vermanings in die teks

Die enigste waarskuwing wat Spreuke 12:4 insluit, is teen die keuse van ŉ vrou wat skande maak.

### H. Kommunikatiewe doel van die perikoop

God leer die vrou dat deugsaamheid tot versterking en opbou van ŉ gesonde huwelik lei.

### I. Eietydse sosiohistoriese konteks

McCabe (2017) dui soos volg na die sosiohistoriese konteks van Spreuke – Spreuke bied aan die Christen wyse raad van hoe om binne ŉ humanistiese en hedonistiese samelewing wys te kan lewe. In hierdie verband bied Spreuke aan die Christen riglyne vir wyse optrede binne die alledaagse lewe. Die term wat met 'wysheid' in Spreuke vertaal word, kan ook as Bybelse vaardighede vir die lewe verstaan word wat verder impliseer dat wysheid ŉ persoon tot ŉ suksesvolle goddelike lewe bemagtig.

Verder kan gestel word dat die boek Spreuke, ook die wysheid van vroue by die onderrig van kinders en ander, buite die huishouding, bevestig. Dit moet egter ook duidelik gekonstateer word dat hierdie Bybelse boek geensins ontken dat gesegdes soos by-voorbeeld dié van die twisgierige vrou, nie ook op die man van toepassing kan wees nie (Treier, 2011:113).

Die bekwame vrou (man) stel haar man (sy vrou) in staat om haar/sy volle potensiaal te bereik.

## 5. SAMEVATTING

Die primêre doel van die normatiewe taak betreffende die onderhawige studie is om Skriftuurlike perspektiewe te identifiseer met betrekking tot die hantering van verskillende persoonlikheidskomponente en unieke verwysingraamwerk binne die Christelike huwelik. Daar is verder ook op die ontginning van Bybelse beginsels gefokus wat op die probleem van toepassing is en wat tot moontlike oplossings kan lei.

Die Skrif toon in Genesis 2:18-24 aan dat God van die begin af die mens as man en vrou geskape het. Na die sondeval is hierdie volmaakte verhouding deur die sonde besoedel.

Elke mens is ŉ unieke skepping van God en daarom ontvang mense ook verskillende persoonlikheidkomponente van God (vgl. Psalm 139:13-18). Binne verhoudings en veral ook binne die huwelik kan ŉ gebrek aan begrip vir die uniekheid waarmee elke mens toegerus is, tot verskille en misverstande lei.

In Romeine 12:3-8 verwys Paulus na die verskillende ledemate van een liggaam en verduidelik dat verskille nie eenheid ongedaan maak nie. Wedersydse goeie begrip en samewerking lei inteendeel tot versterking en hegter eenheid.

1 Petrus 3:7 bied ŉ belangrike praktiese riglyn, naamlik, om binne die eenheid van die huwelik, ondanks verskille, verstandig met mekaar saam te lewe. Beter begrip ten opsigte van die verskillende persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk kan tot die verbetering, opbouing en versterking van verhoudings bydra.

Filippense 2:1-5 stel dat eensgesindheid, wedersydse agting, wedersydse omsien na mekaar se belange en dieselfde gesindheid as dié van Jesus Christus binne verhoudings daartoe bydra dat verskillende persoonlikheidskomponente en unieke verwysingraamwerk gebruik kan word om ŉ verhouding te verryk, eerder as om skade te berokken.

Spreuke 12:4 beklemtoon die basiese gedagte dat ŉ bekwame vrou (man) haar man (vrou) in staat stel om sy/haar volle potensiaal te bereik. Dit het verder ook geblyk dat talle vroue nie besef hoe belangrike rol God aan die vrou binne die huwelik toevertrou het nie.

# HOOFSTUK 5

## BELANGRIKE PERSPEKTIEWE VANUIT PASTORAAL TEOLOGIESE LITERATUUR

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word in besonder op die tweede deel van die titel van hierdie studie gefokus, naamlik, die unieke verwysingsraamwerk van beide die man en die vrou binne ŉ huweliksverhouding. Vanuit ŉ studie van ŉ verskeidenheid van pastorale bronne is ŉ aantal belangrike riglyne en merkers geïdentifiseer wat op die onderhawige tema van toepassing is. Die klem is dus hier op outeurs wat oor die huwelik geskryf het, maar met ŉ baie duidelike Christelike vertrekpunt. Hierdie bespreking vorm steeds deel van die Normatiewe taak (basisteorie) van (Osmer, 2011:15) soos in die diagram hier onder uitgebeeld.



Wat ʼn basisteorie ten opsigte van ʼn pastorale model betref, gaan dit om interpretering van Bybelse norme, waardes en kriteria van mense se optredes betreffende ʼn spesifieke studieveld, binne die konteks van pastorale berading (Schoeman, 2006:14). Venter (1996:247) beskryf die formulering van teologiese vertrekpunte vanuit die Skrif as basis-teorie. Hierdie Skrifondersoek geniet gewoonlik prioriteit aangesien dit as basis-teorie dien vir die noukeurige beskrywing van die wese en doel van die selfondersoekende en reflek-terende aksie vanuit die Skrif. Volgens Heitink (1999:6-9) word praktiese teologie as ʼn teologie van aksie deur empiries georiënteerde teologiese teorieë betreffende die bemiddeling van die Christelike geloof beskryf – dit vind plaas te midde van die praktyk van die moderne samelewing. Ballard en Pritchard (2006:1) beskryf die taak van praktiese teologie soos volg:

> *"... to enable the community of faith critically to understand the faith and to express answers to the questions: Who is God? Where is God to be found today and what does this God require of us here and now?"*

## 5.2 DOELSTELLING

Die basiese vertrekpunt van hierdie hoofstuk sluit by Osmer (2011:4) se beskrywing van die normatiewe taak aan:

> *"Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our response, and learning from good practice."*

Insigte wat vanuit hierdie hoofstuk na vore mag kom, tesame met perspektiewe vanuit die eksegese (hoofstuk 4) sowel as die gevolgtrekkings vanuit die aanverwante wetenskappe (hoofstuk 2), en ook die literatuurstudie in hoofstuk 3, sal uiteindelik as ʼn gesamentlike basis dien tot die formulering van ʼn strategies-teoretiese model vir die hantering van persoonlik-heidskomponente en unieke verwysingsraamwerk binne die huwelik.

Aspekte wat vanuit die pastorale literatuur na vore gekom het en wat verder in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word, is die volgende:

- Voorhuwelikse kategese

- Mites rakende die huwelik
- Fases en tale van romantiese liefde
- Konfrontasie met die werklikheid na die bruilof
- Persoonlikheidskomponente beïnvloed gedrag
- Kommunikasievaardighede
- Finansies moet bestuur word
- Verskille eskaleer maklik tot konflik
- Elkeen het ŉ rol om te vervul
- Seksuele vervulling nie ŉ vanselfsprekendheid nie
- Waarom dink ons nie dieselfde nie?
- Die rol van vrees binne die huwelik
- Die innerlike besluit om gelukkig te wees
- Sewe sleutelbeginsels vir die huwelik
- Is julle sielsgenote?

Ons let vervolgens op elk van bovermelde aspekte.

## 5.3 VOORHUWELIKSE KATEGESE

### 5.3.1 Inleiding

Les en Leslie Parrottt (2015:14) wys op die feit dat ŉ voorhuwelikse kursus nie normaalweg deel van egpare se voorbereiding tot ŉ huwelik is nie. Daar word baie geld, tyd en energie daarin belê om die perfekte huwelikseremonie te beplan, maar min tyd en geld word aan die voorbereiding en toerusting met betrekking tot die huwelik as sodanig spandeer. Voorhuwelikse kategese sou egter in meeste gevalle latere probleme kon uitskakel. In hierdie selfde verband stel Chapman (2010b:10) dat paartjies wat trou nie aanvanklik beplan om te skei nie – egskeiding is egter die resultaat van swak voorbereiding asook die gebrek aan vaardighede om as spanmaats binne die huweliksverhouding saam te werk. Egpare ontdek gevolglik spoedig dat blote verliefdheid en romanse op sigself nie ŉ genoegsame fondament vir ŉ suksesvolle huwelik bied nie.

### 5.3.2 Iets meer is nodig as bloot verliefdheid en romanse

Wanneer ŉ paartjie verlief is, word daar in die algemeen minder op aspekte gefokus wat

met sosiale-, spirituele- en intellektuele toerusting en groei verband hou – waardesisteme
en langtermyn doelwitte geniet ook nie altyd die nodige prioriteit nie (Chapman, 2010b:17). Verliefdheid is ŉ emosionele en obsessiewe ervaring wat mettertyd geneig is om te verander en te vervaag. Navorsing dui daarop dat die gemiddelde romantiese fase ongeveer twee jaar duur waarna verskille al meer begin kopuitsteek. In die lig hiervan is dit krities belangrik om van die begin af sulke pare te help om die groter prentjie raak te sien (Chapman, 2010b:18).

Stoop en Stoop (2007:53) toon aan dat die huweliksverhouding twee spanningspole verteenwoordig, naamlik: eenheid en afsonderlikheid. In diagram 1 is ŉ voorstelling van die verhouding voor en aan die begin van die huwelik. Daar is baie van die 'ons' eenheid teenwoordig.

**Figuur 10. Twee spanningspole binne die huweliksverhouding**

**Diagram 1**




Volgens hierdie eerste diagram is daar aanvanklik ŉ strewe na afsonderlikheid en onafhank-likheid, daarom beweeg huweliksmaats gaandeweg al verder van mekaar af.

**Diagram 2**



Hierdie diagram bied ŉ voorstelling van ŉ huweliksverhouding na verloop van tyd. Dit toon
egter te veel outonomie en te min eenheid. Huweliksmaats beweeg voortdurend tussen hierdie twee diagramme en die sukses van die dans van intimiteit word deur die mate van veiligheid bepaal wat hulle in mekaar se verhoudingstyl ervaar (Stoop & Stoop, 2007:53).

### 5.3.3 Verhoudingstyle

Verhoudingstyle by huweliksmaats kan dramaties verskil. Chapman (2010b: 33-38) toon aan dat gedrag van seuns en dogters sterk deur die voorbeeld van die ouerhuis beïnvloed word. Wat die invloed ook al mag wees, negatief of positief, die verhoudingstyl van ouers is vir die kind "normaal". Gespreksvoering, onderhandeling en fasilitering is gevolglik reeds voor die huwelik nodig om die herhaling van disfunksionele verhoudingstyle vanuit die gesin van oorsprong te voorkom. ŉ Positiewe verhoudingstyl is ŉ geborge verhoudingstyl (Stoop & Stoop, 2007:56). ŉ Onseker of negatiewe verhoudingstyl kom na vore wanneer kinders binne ŉ disfunksionele huisgesin opgroei en gevolglik onseker van hulself voel. Die uitkoms van ŉ onseker verhouding kan een van drie moontlikhede wees: ŉ vermydingsverhouding, ŉ angstige verhouding of ŉ vreesagtige verhoudingstyl (Stoop & Stoop, 2007:56). ŉ Vermydingsverhoudingstyl kan byvoorbeeld ontstaan wanneer ŉ ouer vroeg sterf of een van die ouers die huis verlaat, of wanneer ŉ kind geen emosionele ondersteuning ontvang nie. Hierdie kind se vertroue in mense is dikwels geskend en hulle kan nabyheid as ŉ vorm van kontrolering beleef (Stoop & Stoop, 2007:57). Kinders met so agtergrond is dikwels op soek na sekerheid en gevolglik kan hulle baie veeleisend wees. Vrees vir verwerping is ook geneig om ŉ belangrike rol in hierdie kinders se volwasse verhoudingstyl te speel.

Hierdie tipe agtergrond kan vervolgens ook maklik aanleiding tot ŉ angstige verhoudingstyl gee waar die huweliksmaat dikwels gekritiseer word om sodoende hulle eie onsekerheid te verberg (Stoop & Stoop, 2007:58).

ŉ Vreesagtige verhoudingstyl spruit gewoonlik voort vanuit ŉ ouerhuis waar geen sekuriteit aan die kind gebied is nie. Verbale, emosionele en fisiese mishandeling is dikwels deel van hierdie kind se opvoeding. Hulle het ŉ diepgewortelde gevoel van onwaardigheid, waarvan die basis vrees en verwerping is. Dikwels kies hierdie persone

ŉ huweliksmaat wat meer behoeftig *(needier)* is as hy/sy self, byvoorbeeld, ŉ verslaafde, ŉ alkoholis of ŉ onverant-woordelike persoon (Stoop & Stoop, 2007:58, Vernick, 2013:53).

God het die mens geskape om in afhanklikheid van Hom te lewe – die sondeval het hierdie volgorde egter omgekeer, wat impliseer dat die mens eerder geneig is om sy/haar afhank-likheid op ander mense en dinge te fokus. Ook binne die huwelik eis hierdie omgekeerde orde sy tol en dit lei gewoonlik tot een van twee destruktiewe afhanklikheids-patrone: Enersyds: *Ek benodig jou liefde om te kan funksioneer* – dit plaas die ander persoon in die plek van God. Andersyds: *Ek het nodig, dat jy my nodig het, om te kan funksioneer* – hier is die klem op "ek" in die sin dat hierdie persoon geneig is om soos ŉ redder, held, hersteller of die een wat tot meer in staat is te funksioneer, maar in werklikheid is hy/sy onbewustelik behoeftig (Vernick, 2013:18).

Omdat talle verliefdes gedurende die romantiese fase nie werklik op voorhuwelikse toerusting gefokus is nie – ook die feit dat romanse as sodanig nie ŉ genoegsame fondament vir ŉ suksesvolle huwelik bied nie – en ook vanweë verskillende verhoudingstyle, is dit nodig dat sekere prioriteite van die begin af korrek gesentreerd moet wees (Vernick, 2013:50).

### 5.3.4 Sentreer prioriteite korrek

Na 35 jaar ervaring in huweliksberading, stel Stoop en Stoop (2007:14) dat die algemene eienskappe van ŉ swak huwelik redelik universeel is. Hierdie gegewe maak dit gevolglik moontlik dat, wanneer prioriteite korrek gesentreer word, ŉ swak huwelik radikaal kan verbeter, en ŉ goeie huwelik die beste gemaak kan word.

Dikwels word huwelike rondom kinders gesentreer waar die ouers slegs met mekaar kommunikeer wanneer reëlings rondom die kinders se aktiwiteite bespreek word. So verhouding bied geen kwaliteit verhouding met mekaar nie. Ander huwelike is weer meer beroepgesentreerd en hierdie egpare offer dikwels die voorreg van om kinders te hê op, tot voordeel van hulle onderskeie beroepe. Die kommunikasie binne sulke huwelike is meer beroepgesentreerd. Dit sou ook kon wees dat een van die huweliksmaats meer op sy/haar beroep gefokus is, terwyl die ander een meer op diens aan die gemeenskap gefokus is (Stoop & Stoop, 2007:15).

Daar is ook die huwelike met net een rolspeler. Ongeag of dit die vrou of die man is wat in

beheer is, daar is ŉ bepaalde hiërargie binne sulke huwelike. Binne so huwelik is daar ŉ leegheid as gevolg van die gebrek aan interaksie (Stoop & Stoop, 2007:16). Die Bybelse lering is dat outoriteit altyd in liefde uitgeoefen moet word en daarom moet die toepassing van leierskap en onderdanigheid altyd binne die groter verantwoordelikheid van liefde funksioneer (Smith, 2010:200).

### 5.3.5 Drie essensiële bestanddele vir ŉ florerende huwelik

Vernick (2013:29) verwys na die drie essensiële bestanddele vir ŉ florerende huwelik naamlik, wederkerigheid, wisselwerking en vryheid.

- *Wederkerigheid* – Dit dui op die wederkerige bydraes van albei huweliksmaats met betrekking tot sekere kwaliteite wat noodsaaklik vir die versorging, instandhouding en herstel van die verhouding is. Hierdie kwaliteite is eerlikheid, sorg, respek, verantwoordelikheid en berou.
- *Wisselwerking* – Dit verwys na die feit dat albei huwelikmaats ontvang en gee. Mag en verantwoordelikheid word ook gedeel.
- *Vryheid* – Dit verwys na die vryheid van elkeen binne die huwelik om sonder vrees, keuses te kan maak en insette te mag lewer, sonder om afgeransel, gemanipuleer of gestraf te word, en sodoende uitdrukking aan elkeen se gevoelens te mag gee (Vernick, 2013:23).

## 5.4 MITES RAKENDE DIE HUWELIK

### 5.4.1 Beide huweliksmaats het dieselfde verwagtinge

Die stelling binne hierdie opskrif is ŉ mite aangesien elke huweliksmaat bewustelik en onbewustelik verwagtinge het waaraan ŉ huwelik nie noodwendig altyd 100% voldoen nie (Parrott & Parrott, 2015:20). Mense se denke word onder andere deur die huweliksmodel van die ouers, boeke, TV-programme en rolprente beïnvloed. Verliefdes aanvaar dat hulle verwagting van die huwelik dieselfde sal wees maar die huwelik bewys die teendeel (Chapman, 2010b:13). Misplaaste verwagtinge val in twee kategorieë naamlik: onuit-gesproke reëls en onbewuste rolle.

- ***Onuitgesproke reëls* –** Voorbeelde hiervan is die volgende:

- Moenie die botter in die yskas bêre nie;

- Wees altyd betyds;
- Moenie oor jou gevoelens praat nie.

- ***Onbewuste rolle*** – Dit word normaalweg deur ŉ samestelling van basiese verwagtinge (dikwels onbewustelik) beïnvloed, byvoorbeeld familie-agtergrond en huweliksverwag-tinge. ŉ Paar voorbeelde van sulke onbewuste verwagtinge hou dikwels met die antwoorde op die volgende vrae verband:

    - Wie was die beplanner binne die ouers se huwelik?
    - Wie was die bestuurder?
    - Wie was die kok?
    - Wie was die skoonmaker binne die ouers se huwelik?

Afhangende van die rol wat die pa/ma vertolk het sal die huweliksmaat dieselfde verwagting ten opsigte van mekaar hê. Verwagtinge waarmee ŉ persoon die huwelik benader kan so verhouding uiteraard bou of breek (Parrott & Parrott, 2015:25).

### 5.4.2 Alles wat goed is in die verhouding sal steeds verbeter

Daar is wel aspekte binne ŉ verhouding wat gaandeweg sou kon verbeter maar daar is ook aspekte wat gaandeweg meer gekompliseerd raak. ŉ Huwelik hou byvoorbeeld sekere verliese in, soos om by geleentheid bloot kind te kan wees, ŉ lewenstyl met nuwe perke, die geïdealiseerde beeld van jou huweliksmaat wat mettertyd negatief kan verander (Parrott & Parrott, 2015: 25-27).

### 5.4.3 Die huwelik laat alles wat sleg is in my lewe verdwyn

Hierdie is ŉ storieboek mite. Die huwelik is nie ŉ plaasvervanger vir die moeilike taak van innerlike geestelike genesing nie en die huwelik wis ook nie persoonlike pyn van die verlede uit nie (Parrott & Parrott, 2015:28).

### 5.4.4 My huweliksmaat sal my seer heel

Die uiteindelik sukses van ŉ huwelik hou nie primêr met die vind van die ‘regte’ persoon verband nie, maar wel met die vermoë van beide huwelikmaats om gaandeweg by die

werklike ander persoon, met wie hulle getroud is, aan te pas (Parrott & Parrott, 2015:31).

## 5.5 FASES EN TALE VAN ROMANTIESE LIEFDE

Volgens (Chapman, 2010b:18) verg die eerste fase van romantiese liefde gewoonlik nie veel inspanning nie aangesien dit ŉ staat van euforie is waar geen skaafwerk nodig is nie. Soos reeds genoem duur hierdie fase nie onbepaald nie – dit duur ongeveer twee jaar. Die tweede fase van romantiese liefde lê op ŉ dieper vlak en hierdie fase verg harde werk, vaardighede en kennis ten einde te kan oorleef.

Powlison (2003:225) verwys daarna dat liefde baie verskillende tale vlot praat. Dikwels hang dit af of die taal waarin gekommunikeer word die taal is wat deur die hoorder verstaan word – hierdie *taal* bepaal of die poging om liefde te toon, suksesvol gaan wees of misluk. Die poging gaan misluk wanneer jy nie bekend met die ander persoon se liefdestaal is nie en slegs jou eie liefdestaal op jou huweliksmaat van toepassing maak.

### 5.5.1 Die belangrikheid van die vyf liefdestale

Chapman (2010a:25) verwys na vyf liefdestale en elke individu toon in die algemeen ŉ bepaalde voorkeur vir een van die vyf liefdes tale. Hierdie tale is die volgende:

- ***Opbouende woorde***

  Een manier om liefde emosioneel uit te druk, is deur middel van opbouende woorde. Verbale komplimente of woorde van waardering is kragtige kommunikeerders van liefde (Chapman, 2010a:25).

  - ***Kwaliteit tyd***

    Dit impliseer om aan die ander persoon jou onverdeelde aandag te gee. Kwaliteit-tyd laat mense geliefd voel (Chapman, 2010a:27).

- ***Geskenke***

  Die ontvang van ’n geskenk kommunikeer aan talle persone die uitdrukking van liefde. Dit is belangrik om gepaste geskenke te gee, iets wat vir die persoon betekenis het en waarvan hy/sy hou (Chapman, 2010a:26).

- ***Diensbaarheid***

  Vir die persoon by wie hierdie liefdestaal prominent is, spreek dade duideliker
  as woorde. Daadwerklike hulp is vir hierdie persone belangrik (Chapman, 2010a:26).

- ***Fisieke aanraking***

  Ook op hierdie wyse kan emosionele liefde en huweliksliefde gekommunikeer
  word.

Vir die persoon vir wie fisieke aanraking sy/haar primêre liefdes taal is, is daar niks wat dieper spreek as fisieke aanraking nie (Chapman, 2010a:27).
Dit verg inspanning om ’n liefdestaal, anders as jou, eie aan te leer. Om romantiese liefde binne die huwelik lewend te hou, is dit nodig om ’n suksesvolle oorgang van fase een, euforiese liefde, na fase twee, ’n dieper romantiese liefde te maak (Chapman, 2010a:29).

## 5.6 KONFRONTASIE MET DIE WERKLIKHEID NA DIE BRUILOF

Vernick (2013:15) vra ’n interessante vraag; Indien die mure van jou woning die verhaal van jou huwelik kon vertel, wat sou alles daar aangeteken wees? Hoe sou die volgende hoofstukke in die verhaal daar uitgesien het?

- Finansiële situasie
- Seksuele verhouding
- Verhouding met skoonfamilie
- Kommunikasie
- Konflikhantering en woede.

Paartjies wat nie voorhuwelikse kategese ontvang nie, is volgens Stoop en Stoop (2007:25) geneig om dikwels kort na die huwelik oor hulle aanpasbaarheid met mekaar te begin twyfel.

### 5.6.1 Die ses gevaartekens

Volgens Gottman en Silver (2011:3) wat bekend vir sy deeglike navorsing rondom die huwelik is, toon navorsing dat die volgende ses gevaartekens aanduidings van probleme kan wees wat hanteer moet word:

- ***Eerste teken***

  *Harde woorde* - Wanneer ŉ bespreking met harde woorde, kritiek, sarkasme en minagting begin, word daarna as ŉ "harde wegspring" (*harsh start-up)* verwys*.* Die stemtoon plus die negatiewe krag van woorde dra ŉ hardheid oor (Gottman en Silver, 2011:26).

- ***Tweede teken***

  *Disfunksionele konflikhantering* - Hierdie saak impliseer aspekte soos kritiek, minagting, verdediging en mure bou.

- ***Derde teken***

  *ŉ Negatiewe vloed (flooding) van woorde en emosies wat na die huweliksmaat uitgaan* - Dit dui op ŉ huweliksmaat se algemene negatiwiteit wat met kritiek, minagting of verdediging verband kan hou. Dit is gewoonlik oorweldigend en skielik en daarom beleef die ander persoon dit as ŉ onkeerbare vloed. Die algemene reaksie op ŉ vloed is om mure vir emosionele beskerming rondom jouself te bou. Elkeen van die genoemde faktore is ernstig genoeg vir die mislukking van ŉ verhouding (Gottman & Silver, 2011:33). Vernick (2013:39) verwys na die vloedreaksie as reaktiewe mishandeling wanneer albei huwelikmaats nie in staat is om hulle negatiewe gemoedstoestande, frustrasies en humeur te kan beheer nie. Tydens prikkelende situasies of wanneer stres teenwoordig is, vind ŉ ontploffing plaas. Reaktiewe mishandeling laat nie ruimte vir deeglike besinning en nadenke nie, maar slegs vir reaksie (Vernick, 2013:39).

- ***Die vierde teken***

  *Lyftaal* - Gottman en Silver (2011:35) verwys na die fisiologiese tekens wat tydens ŉ gesprek waargeneem word, as versnelde hartklop, verhoogde bloeddruk, hormoon-veranderinge en adrenalien afskeiding, hierna tree die veg of vlug reaksie in. Hierdie negatiewe tekens maak produktiewe probleemoplossing onmoontlik.

- ***Die vyfde teken***

  *Herhaalde herstelpogings wat faal* – herstelpoging verwys na die poginge wat egpare aanwend om spanning tydens besprekings te verlaag, om sodoende ŉ vloed te voorkom. Herstelpogings verlaag spanning en verhoed dat stresvlakke tot ŉ vloed oorgaan. Persone wat die gevoel van ŉ vloed ervaar, is nie in staat om die verbale
  wit vlag te hoor nie (Gottman & Silver, 2011:40).

- ***Die sesde teken***

  *Slegte herinneringe* – In hierdie verband stel Gottman en Silver (2011:41) dat egpare wie diep rondom negatiewe sieninge van hulle lewensmaats vasgeval het, dikwels die verlede herskryf asof dit slegs uit slegte ervarings en gebeure bestaan het. Binne gelukkige huwelike is die terugblik van die egpaar in die algemeen positief. Volgens Gottman en Silver (2011:44) dien ŉ buite egtelike verhouding gewoonlik as die simptoom van ŉ mislukte huwelik en nie as die primêre oorsaak van die mislukte huwelik nie. Die sleutel tot ŉ goeie huwelik hou gevolglik nie soseer verband met hoe verskille hanteer word nie, maar wel hoe die egpaar teenoor mekaar optree wanneer daar ŉ verskil is (hantering van emosies, lyftaal, stemtoon, ens.)

### 5.6.2 Die verhouding tussen liefde, intimiteit, passie en vriendskap

Liefde is een van die mees intense en begeerlike menslike emosies (Stoop & Stoop, 2007:85). Die anatomie van liefde, word nie maklik verklaar nie. Liefde is in ŉ sekere sin ŉ samestelling van teenoorgesteldes soos toegeneentheid en woede, opgewondenheid en verveling, stabiliteit en verandering, beperking en vryheid. Die grootste paradoks van die liefde is die feit dat twee persone een word, maar tog bly hulle ook twee persone (Parrott & Parrott, 2015:36). Intimiteit kan beskryf word as die gevoel wat jou naby aan

jou huweliksmaat laat voel en wat jou verbind en gebind aan mekaar laat voel – dit sluit ook in om van mekaar te hou (Stoop & Stoop, 2007:88).

Parrott (2015:39) beskryf passie, intimiteit en verbintenis as die ‘driehoek’ van liefde en dit figureer soos volg:

- ***Passie*** is die biologiese deel van liefde en begin met hormone. Passie is sensueel en seksueel, gekenmerk deur ŉ fisiologiese opwekking en ŉ intense begeerte tot fisiese toegeneentheid (Parrott &Parrott, 2015:37).
- ***Intimiteit*** is die emosionele deel van die liefde en bevat die kwaliteit van ŉ sielsgenoot.
- ***Verbintenis*** is die kognitiewe sy van liefde en dit skep ŉ klein eiland van sekuriteit binne onsekerheid. Die ware uitleef van liefde asook die gesonde kwaliteit van ŉ huwelik leun swaar op die sterkte van verbintenis.

Aansluitend tot bovermelde ‘driehoek’ is ook Gottmann en Silver (2011:19) se stelling dat gelukkige huwelike op hegte vriendskap gebaseer is. Hegte vriendskap sluit wedersydse respek vir en genot van mekaar se teenwoordigheid in. Hulle is bekend met mekaar se voorkeure en afkeure, persoonlikheidskomponente, hoop en drome. Hegte vriendskap toon ook verdraagsaamheid teenoor mekaar en spreek gereeld waardering teenoor mekaar uit, nie slegs vir groot dinge nie maar ook vir die kleinste. Vriendskap laat die vlam van romanse brand, omrede vriendskap beskerming teen enige vyandige gevoelens tenoor jou huweliks-maat bied.

Die volgende werklikheid waarmee huweliksmaats na die bruilof gekonfronteer word, is dat persoonlikheidskomponente gedrag beïnvloed.

## 5.7 PERSOONLIKHEIDSKOMPONENTE BEÏNVOELD GEDRAG

Persoonlikheidskomponente, daardie unieke karaktereienskappe van elke individu, het ŉ diepgaande invloed op gedrag. In hoofstuk 3 is die volgende twee bydraes reeds aan die orde gestel:

- Bruce Bugbee, *What you do best in the body of Christ* (2009).
- Erik Rees, *S.H.A.P.E. Finding and fulfilling your unique purpose for life* (2006).

Dit het geblyk dat beide hierdie bronne sterk op die sterkpunte en swak punte, talente en gawes, persoonlike styl, passie, ervarings, ens., van ŉ spesifieke individu gefokus is. By elk van die huweliksmaat moet hierdie onderskeie aspekte geëvalueer en geïdentifiseer word ten einde die persoon beter ten opsigte van sy/haar rol en roeping te kan toerus.

Aansluitend hierby gaan daar vervolgens kortliks op ŉ aantal teenoorstaande persoonlik-heidskomponente, soos deur Chapman (2010b:129-142) beskryf, gefokus word. Elkeen hiervan word in die bespreking wat volg agtereenvolgens aan die orde gestel.

### 5.7.1 Half vol of half leeg

Die pessimis en die optimis is dikwels tot mekaar aangetrokke. Die optimis sien die glas as half vol en die pessimis sien dit as half leeg. Die optimis sien die moontlikheid terwyl die pessimis die probleem raaksien. Meeste persone leun onbewustelik na een van die twee kante. Die antwoord vir hantering van hierdie verskille lê in begrip en aanvaarding vir mekaar se verskille (Chapman, 2010b:129).

### 5.7.2 Netjies of slordig

Almal is nie ewe netjies nie en dit is nie altyd vir die ander persoon maklik om te verstaan waarom hulle so verskil nie. Dit is makliker wanneer albei in dieselfde kategorie van of netjies of slordig val. Dit is wel moontlik om oor ŉ oplossing te onderhandel en die beste is wanneer die onderhandeling reeds voor die huwelik begin (Chapman, 2010b:132).

### 5.7.3 Die Dooie See of die borrelende fontein

Nog ŉ persoonlikheidskomponent waarin daar verskil voorkom is die kwessie rondom praat. Sommige persone kan maklik en spontaan gesels terwyl ander dinge meer oordink en nie maklik hulle gevoelens deel nie. Chapman (2010b:134) verwys metafories na die spontane persoon as die "borrelende fontein" en die stil nadenkende persoon as die "Dooie See" Die persoonlikheid waarna Chapman metafories as die Dooie See verwys, neem baie soos gedagtes, gevoelens en ondervindinge in en hierdie

inligting word vervolgens gestoor terwyl hulle gelukkig is sonder om dit met ander te deel.

Die borrelende fontein daarenteen is die persoon wat oor alles wat hy/sy sien of hoor, praat. Hulle stoor niks nie en wat hulle ook al ervaar borrel uit en hulle deel alles met almal. Wanneer hierdie twee persoonlikhede sou trou raak die situasie na die troue gewoonlik meer gekompliseerd en die verskille manifesteer in argumente en beskuldigings.

### 5.7.4 Aggressief en passief

Die aggressiewe persoon is geneig om tot uiterstes toe te gaan en alles menslik moontlik te doen ten einde hulle doelwitte te bereik. Hierteenoor sal die passiewe persoon tyd spandeer om dinge te oordink, daaroor te wonder en dinge te ontleed. Binne die huwelik is die aggressiewe persoon geneig om druk op die passiewe persoon uit te oefen en sulke
verskille hou die potensiaal vir argumente en konflik in. Indien hierdie twee persoonlikhede egter kan leer hoe om mekaar te komplimenteer, kan hulle saam baie bereik (Chapman, 2010b:138).

### 5.7.5 Die professor en die danser

Sommige persone is uiters logies in hul denke en redenasies. Hulle werk deur rasionele stappe tot ʼn logiese gevolgtrekking. Ander volg geen stappe nie en neem intuïtiewe besluite.
Chapman (2010b:138) verwys na die logiese denker as die ‘professor’, omrede hulle alles beredeneer, en na die intuïtiewe persoon as die ‘danser’. Na die bruilof word die ‘professor’ stadig tot waansin gedryf deur die ‘onlogiese’ gedrag van die ‘danser’, terwyl die ‘danser’ weer wonder hoe om die res van sy/haar lewe saam met iemand te deel wat so obsessief oor rede is. Die intuïtiewe persoon sal nooit die lewe met die logika van die professor kan prosesseer nie – die kuns tot ʼn suksesvolle huwelik lê egter in die hantering van die verskille (Chapman, 2010b:139).

### 5.7.6 Die organiseerder en die vry gees

Die ‘organiseerder’ is gesteld op detail, terwyl dit geensins van belang vir die ‘vry gees’ is nie. Die ‘organiseerder’ doen deeglike beplanning van alles, terwyl die ‘vry gees’ alles

impulsief doen. Hierdie persoonlikheidsverskille hou die potensiaal vir hewige konflik binne ŉ huwelik in. Chapman (2010b:141) beveel in hierdie verband aan dat elke egpaar voor die huwelik ŉ persoonlikheidstoets sal voltooi ten einde sodanige verskille vroegtydig te identifiseer en met die nodige begeleiding aan die proses van kommunikasie begin werk.

Dit lei vervolgens ook tot die volgende werklikheid waarmee huweliksmaats na die bruilof gekonfronteer word, naamlik die noodsaaklikheid van kommunikasie-vaardighede.

## 5.8 KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE

ŉ Algemene probleem by egpare hou verband met gebrekkige kommunikasie. Die sukses van ŉ huwelik hang grootliks af van hoe goed egpare boodskappe na mekaar uitstuur en ontvang. Navorsing het bevind dat die gehalte kommunikasie tydens die verlowingfase, goed met die gehalte kommunikasie, ses jaar later in die huwelik, vergelyk. Volgens Parrott (2015:78) bewys dit dat effektiewe vaardighede wat reeds tydens ŉ vroeë stadium van die verhouding aangeleer is, die kans tot sukses binne die huwelik verhoog.

### 5.8.1 Die aanleer van kommunikasievaardighede

Beide huweliksmaats vind dit moeilik om hul behoeftes te kommunikeer, sonder dat hulle die gevoel kry dat die ander persoon nie hul behoefte verstaan nie. Om teleurstelling te voorkom word daar gaandeweg verdedigings teen mekaar opgebou. As deel van hierdie proses word vaste grense in plek geplaas asook emosionele onttrekking. Later vind kommunikasie deur beskuldigings plaas terwyl hulle mekaar nie meer werklik hoor nie – in hierdie verband word daar soms na so situasie as emosionele egskeiding verwys (Parrott & Parrott, 2015:78).

Parrott en Parrott (2015:79) wys op navorsing waaruit geblyk het dat 97% van diegene wat kommunikasie met hul huweliksmaat as uitstekend aangedui het, gelukkig getroud is, in vergelyking met sleg 56% van diegene wat aangedui het dat hulle kommunikasie swak is. Die gevolgtrekking vanuit hierdie studie: Binne ŉ era van toenemende broos huwelike word egpare se kommunikasievermoë uitgewys as die enkele mees belangrike bydrae tot ŉ stabiele en bevredigende huwelik. In hierdie opsig is dit dus belangrik dat beide huwelik-maats ten opsigte van ŉ stel unieke kommunikasiereëls

onderrig sal word wat baie in besonder op hulle huwelik van toepassing is (en nie noodwendig altyd dieselfde as dié van die ouerhuise waarbinne elkeen opgegroei het nie) (Parrott & Parrott, 2015:79).

Stoop en Stoop (2007:39) beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat huweliksmaats die kuns sal aanleer om na mekaar te luister op so wyse dat hulle sal verstaan wat elkeen sê. Deur ŉ gebrek aan verstaan en luister, ontstaan misverstande en leer hulle nooit om mekaar se kommunikasiestyle te ken en te verstaan nie. Sommiges kommunikeer volgens die letterlike woorde en sinne wat gebruik is; ander kommunikeer meer op die basis van afleidings. Die letterlike kommunikeerder is geneig om te aanvaar dat ander ook letterlike kommunikeer; die persoon wat volgens afleidings kommunikeer is ook geneig om te dink dat almal dit op hierdie wyse doen. Die letterlike kommunikeerder fokus gevolglik sterk op die huweliksmaat se konkrete woorde en frases en dit veroorsaak dikwels spanning; net so is die ander persoon soms weer van mening dat die letterlike kommunikeerder minder sê as wat hy/sy werklik bedoel en dit lei ook weer tot spanning (Stoop & Stoop, 2007:41).

### 5.8.2 Disfunksionele kommunikasiestyle

Wanneer persone die emosionele pyn van ŉ minderwaardigheidsgevoel wil vermy, weer-
loos voel of vrees beleef lei dit, volgens Parrott (2015:81), dikwels daartoe dat kommuni-kasie verbreek word. In hierdie verband word daar na die volgende vier disfunksionele kommunikasiestyle verwys wanneer ŉ persoon bedreig voel:

- Om te paai
- Om te beskuldig
- Om berekend te wees (*computing*)
- Om verstrooid en ontwykend te wees (*distracting*)
- Om krities en verdedigend te wees

Hierdie disfunksionele style is reaksies op potensiële pyn en belemmer die pogings om te verstaan wat die ander persoon wil hê en wat die ander persoon bedoel. Kom ons let vervolgens op elk van hierdie style:

- ***Die een wat paai***

  Persone wat ten alle tye vrede wil bewaar sal ander paai – die prys wat so persoon betaal is ʼn gevoel van waardeloosheid omrede hulle baie gevoelens opkrop en maklik depressief voel.

- ***Die een wat beskuldig***

  Die persoon wat ander beskuldig, vind met alles fout, kritiseer baie en veralgemeen maar in werklikheid voel hierdie persone self onwaardig of nie geliefd nie. Wanneer hierdie persone met ʼn probleem gekonfronteer word, is hulle beste verdediging ʼn belediging omdat hulle nie in staat is om die probleem te hanteer nie of omrede hulle nie uitdrukking aan pyn of vrees kan gee nie (Parrott & Parrott, 2015:82). Beskuldigings is ʼn swak gewoonte en dit is beter om vanaf ʼn beskuldiging weg te beweeg en eerder te luister (Stoop & Stoop, 2007:34).

- ***Die een wat berekend is***

  Die berekende persoon is hoogs beredeneerd, kalm en analities, erken nie maklik ʼn

  fout nie en verwag van ander om in te stem en te presteer. Hierdie persoon is bang

  vir emosies en verkies om eerder op feite en statistieke te fokus.

- ***Die een wat verstrooid en ontwykend is***

  Hierdie tipe persoon neem gewoonlik hul toevlug tot ontoepaslike dinge wanneer hulle onder druk verkeer, hulle vermy direkte oogkontak sowel as direkte antwoorde. Hulle verander maklik die onderwerp. Hierdie persone het nodig om te weet hulle is veilig, nie hulpeloos nie en dat probleme opgelos en konflik vermy kan word (Parrott & Parrott, 2015:82). Ontwyking is ʼn algemene verdedigingsmeganisme by mans (Stoop & Stoop, 2007:35).

- ***Die een wat krities en verdedigend is***

  Kritiek en verdediging blokkeer wedersydse begrip. Verdediging volg gewoonlik op

wat hierdie persoon as kritiek beleef (Stoop & Stoop, 2007:35). Verdediging verhoed ook dat ons die ander persoon se standpunt kan insien aangesien verdedig oormatig op die eie standpunt gefokus is. Verdediging blokkeer verder ook kommunikasie oor sensitiewe onderwerpe en lei tot disfunksionele kommunikasie (Hawkins, 2005:70-71). Konflik word maklik aangevuur wanneer brose emosionele sake aangeraak word en ŉ persoon se ego geskend word. Verdediging vererger gewoonlik so tipe konflik (Hawkins, 2005:33).

### 5.8.3 Boustene vir suksesvolle kommunikasie

Goeie kommunikasie word eerstens op wie jy is en tweedens op jou optredes gebou. Elke persoon se houding is fundamenteel tydens kommunikasie en daarom is jou kwaliteite as huweliksmaat belangriker as bloot aangeleerde kommunikasievaardighede (Stoop & Stoop, 2007:36). Die volgende drie kwaliteite word deur Parrott (2015:83) as bydraend tot ryke kommunikasie beskryf:

- Warmte
- Opregtheid
- Empatie

Daar word vervolgens op elk van hierdie drie gefokus:

- ***Warmte***

Hier gaan dit oor die vermoë om foute mis te kyk ter wille van die mooi daar agter. Warmte
is dit wat jou huweliksmaat nooi om te wees wie hy/sy is – gemaklik, vry en tevrede. Onvoorwaardelike warmte nooi God se genade in ŉ huwelik in (Parrott & Parrott, 2015:83) en daarom kan ons ook sê dat die sleutel tot persoonlike warmte aan aanvaarding gekoppel is. Die waarde van opregtheid lê nie bloot in woorde nie maar in die wyse waarop jy dinge sê. Parrott (2015:84) dui die volgende persentasies aan met betrekking tot die kommuni-kering van ŉ boodskap:

- Stemtoon: 30%
- Nieverbaal (liggaamstaal): 60%
- Verbaal (woorde): 10%

Woorde dra dus slegs 10% van die boodskap oor, terwyl ons liggaam en stemtoon die werklike kern van die boodskap kommunikeer.

- ***Opregtheid***

Hierdie kwaliteit hou met jou integriteit as persoon verband – wie jy in jou diepste menswees is en daarna wat jy doen en hoe jy dit doen (Parrott & Parrott, 2015:85).

- ***Empatie***

Hierdie kwaliteit stel jou in staat om die wêreld vanuit jou huweliksmaat se perspektief te sien. Om die huweliksmaat ten volle te verstaan vereis ŉ kombinasie van empatie, simpatie en analitiese vermoëns van beide die hart en die verstand (Parrott & Parrott, 2015:85).

Werklike kommunikasie verg ook ŉ sin vir wedersydse begrip (Stoop & Stoop, 2007:32). Jakobus 1:19 verwoord iets van hierdie kwaliteit soos volg:

> "*My liewe broers, dit moet julle ingedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie, en nie te gou kwaad word nie".*

## 5.9 FINANSIES MOET BESTUUR WORD

Die volgende werklikheid waarmee huweliksmaats na die bruilof gekonfronteer word, is die feit dat finansies bestuur moet word. Die finansiële arena impliseer vir baie egpare ŉ oorlogsveld. Rondom hierdie tema doen Chapman (2010b:85) die volgende praktiese riglyne aan die hand:

- ***Ons geld***

Binne die huwelik is dit nie jou geld en my geld nie maar ons geld. Die konsep van "ons geld" bou eenheid en eenheid is basies die hart van ŉ huwelik. Huweliksmaats behoort hulle inkomste te deel en saam hulle uitgawes te beplan en te betaal. Die nadeel is dat elkeen se skuld ook die ander se skuld word en daarom gaan dit oor ŉ gesamentlike verantwoor-delikheid. Verder beteken dit ook dat sy en haar spaargeld ons spaargeld

word. Stoop en Stoop (2007:48) maak die stelling dat egpare wie hulle geld streng apart hou, blootgestel kan wees aan verdeeldheid en ŉ gebrek aan eenheid binne ŉ huwelik.

- ***Spaar, skenk en spandeer***

Hierdie is die enigste drie maniere waarop geld hanteer kan word. Huweliksmaats moet ooreenkom oor die persentasie van hul inkomste wat gespaar, geskenk en spandeer sal word. Chapman (2010b:85) stel die 10-10-80 plan voor. Spaar 10% en skenk 10% van jou netto inkomste. Die 10% wat geskenk word, is die tiende waarna word in Maleagi 3:10 verwys. Die oorblywende 80% moet tussen huispaaiemente, verbruikersartikels, ver-sekering, klerasie, vervoer, ontspanning ensovoorts verdeel word. Hierdie verdeling is elke egpaar se eie keuse. Wysheid word egter benodig by die beplanning van ŉ begroting en aankope. Kredietaankope is een van die rooi vlae binne ŉ huwelik aangesien dit ŉ voorreg is waarvoor duur betaal word met die rente wat gehef word.

- ***Besluite in spanverband geneem***

Dit werk in die algemeen die beste wanneer finansiële besluite gesamentlik as span geneem word terwyl een persoon egter die boekhouding doen en ook verantwoordelik vir die betalings van die egpaar se verpligtinge is.

## 5.10 VERSKILLE ESKALEER MAKLIK TOT KONFLIK

Die volgende werklikheid waarmee huweliksmaats na die huwelik gekonfronteer word, is verskille wat baie maklik tot hewige konflik kan eskaleer. Verskille binne ŉ huwelik is onafwendbaar omrede ŉ huwelik uit twee individue met verskillende begeertes, voorkeure
en afkeure asook verskillende dinge wat hulle irriteer en behaag saamgestel is (Chapman, 2010b:42). Waarom eskaleer verskille binne die huwelik so maklik tot konflik? In antwoord op hierdie vraag bied Hawkins (2005:23) die volgende verklaring: Agter geslote deure en in die skaduwee van jou eie woning val maskers baie maklik af – huwelikmaats verloor hulle humeur en vir sommiges kan dit in een of ander verslawing kulmineer ter ontvlugting van onhanteerbare emosies. Die diepste kern van hierdie probleem hou volgens die Skrif met die mans se hart as bron van konflik verband. Jakobus 4:1-2 verwoord hierdie saak soos volg:

> "*Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusie onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? Julle wil dinge hê maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op ŉ man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle".*

In plaas daarvan om op alles te fokus wat jou huweliksmaat verkeerd doen of die dinge wat jy glo hy/sy behoort te doen moet jy eerder na die motiewe in jou eie hart kyk (Hawkins, 2005:20; Smith, 2010:144).

Geen huwelik is sonder konflik nie en ŉ sogenaamde 'konflikvrye huwelik' kan ook ŉ aanduiding van diep verborge pyn en verwonding wees (Stoop & Stoop, 2007:28). Konflik het enersyds die potensiaal om dit wat mooi is te vernietig. Andersyds het dit ook die potensiaal om persone te leer hoe om mekaar lief te hê, te ondersteun en te bemoedig. Die groot uitdaging lê in die hantering van die konflik (Chapman, 2010b:43, Stoop & Stoop, 2007:18).

### 5.10.1 Goeie konflikhantering

Goeie konflikhantering volg ŉ gestruktureerde patroon waar elkeen se mening gelewer word

en daar op die verskille gefokus word. Die belangrikste bestanddeel van ŉ oplossing is om ŉ punt van ontmoeting tussen teenoorstaande standpunte te probeer vind en daarna tot ŉ vergelyking te kom (*compromise*). Dit beteken dat elkeen bereid moet wees om ŉ deel van dit waaraan jy vasgehou het, terwille van harmonie binne die huwelik, prys te gee. Hawkins

(2005:39) verwys na hierdie proses as ŉ regverdige kans vir albei die huweliksmaats. Hierdie is nie die maklikste weg om te volg nie, want tydens konflik is min persone redelik en indien nie een bes wil gee nie, raak die argument soms net hewiger.

Binne die huwelik is die kern ook nie "om telkens my sin te kry nie", maar dit is eerder om "ons manier" te ontdek (Chapman, 2010b: 45). Die regte houding teenoor die huweliksmaat speel gevolglik ŉ belangrike rol in konflikhantering (Stoop & Stoop, 2007:21). Soms kan ŉ huweliksmaat nie op ŉ bepaalde tydstip die maat se standpunt insien nie en gevolglik ook nie in staat wees om in die middel te ontmoet nie. Hulle kan

in so geval eerder ooreenkom om die saak, waaroor hulle verskil, later weer te bespreek en na ŉ oplossing te soek – intussen bly hulle lief vir mekaar, geniet mekaar en ondersteun mekaar (Chapman, 2010b:47). Soms kan dit ook gebeur dat, nadat albei partye hul saak gestel het, een van die twee besluit dat in die bepaalde situasie dit die beste sal wees om volgens wat die ander voorgestel het te handel. Hierdie is ŉ totale toegewing van die een party, maar met ŉ positiewe benadering (Chapman, 2010b:46).

Stoop en Stoop (2007:32) verwys na die belangrike rol van luister – dit het byna ŉ verlore kuns in die hedendaagse lewe geword. Luister is nie maklik nie want dit impliseer harde werk. Werklike luister sluit jouself uit en plaas die fokus op die ander persoon. Wanneer huweliksmaats die vermoë kan aanleer om te kan luister, kan ŉ huwelik getransformeer word (Stoop & Stoop, 2007:32).

### 5.10.2 Verskille is nie altyd negatief nie

Konflik, veral aan die begin van die huwelik, kan ook gesond vir die huwelik wees (Stoop & Stoop, 2007:26). Konflik is nie noodwendig ŉ teken dat jy met die verkeerde persoon getroud is nie. In hierdie opsig is daar navorsing wat aandui dat konflikvrye huwelike se lewensduur ongeveer 15 tot 20 jaar is, omrede sulke huwelike emosioneel dood is – binne so konflikvrye huwelik is daar dikwels nie meer passie nie en die liefde verflou (Stoop & Stoop, 2007:28). Huwelikskonflik is ŉ natuurlike uitdaging wat hanteer moet word, eerder as om dit te vermy. Wanneer konflik in hierdie lig gesien word, is konflik nie meer ŉ krisis nie maar ŉ geleentheid tot groei (Parrott & Parrott, 2015:126). Smith (2010:138) verwys daarna dat konflik ŉ teken is dat God werksaam is en nie noodwendig ŉ teken van

mislukking is nie, want God gebruik konflik in die lewe van Sy kinders om die goeie te bereik, deur sonde te vernietig en vrede te bewerkstellig (vgl. Luk 12:49-53). Dit is vervolgens belangrik dat egpare op tipies herhalende patrone van konflik binne hul huwelik sal let. Wanneer dit geïdentifiseer is, moet God gevra word om hulle te help om hierdie patroon te breek (Hawkins, 2005:41).

Sommige huweliksmaats sal na ŉ paar maande moontlik hewige verskille ervaar en daarna geneig wees om konflik so ver moontlik te probeer vermy, dikwels omrede hulle konflik as mislukking van die huwelik sien (Stoop & Stoop, 2007:25). In die lig hiervan is dit belangrik dat aspekte wat irritasie veroorsaak nie onderdruk moet word nie

aangesien onderdrukte irritasie die potensiaal het om later maklik na die oppervlakte te skiet, soms met vernietigende gevolge (Parrott & Parrott, 2015:127).

### 5.10.3 Leer vanuit jou foute

Daar kan waardevolle lesse geleer word vanuit die foute wat mettertyd gemaak word, al is dit gewoonlik ʼn pynlike proses. Net om jou foute te kan identifiseer is al van groot hulp. Hawkins (2005:14) wys in hierdie verband op die volgende lesse wat geleer kan word vanuit die foute wat ons maak:

- ***Nederigheid***

Foute binne verhoudings raak ander persone en die foute wat jy maak beklemtoon die feit dat jy by geleentheid ʼn aandeel in die seer van ander het. Jy ontvang vervolgens die geleentheid om jouself duideliker te kan sien en daardie refleksie bring jou tot nederigheid.

- ***Geleenthede vir emosionele groei***

Wanneer persone hul foute erken kan hulle emosioneel groei. Foute wys dikwels aan ons uit daardie dinge wat werklik belangrik is. Deur dieper te kyk na die werklike rede van jou optrede, dui op jou verborge motiewe en waardes. Indien jou motiewe en waardes nie suiwer is nie, is dit nodig om daaraan te werk.

- ***God kommunikeer met ons op hierdie wyse***

Dit mag wees dat God met ons deur ons foute kommunikeer. God gebruik foute om ons

aandag te verkry. Foute bring die mens terug na sy/haar afhanklikheid van God.

- ***Leer om die regte keuses te maak***

Selfondersoek rondom ons foute help ons om die belangrike dinge te verander terwyl ons ook leer om dit wat van minder belang is te aanvaar (Parrott & Parrott, 2015:127).

### 5.10.4 Definieer die probleem duidelik

Huwelikskonflik kan ʼn gewoonte word en daarom is dit nodig om die probleem waaroor die onenigheid gaan, te identifiseer. Dikwels sorteer ʼn goed gedefinieerde verskil vanself uit, sonder verdere konflik (Parrott & Parrott, 2015:128).

### 5.10.5 Formuleer jou gevoelens duidelik

In hierdie verband stel Parrott (2015:129) die XYZ formule voor. Binne hierdie formule moet jyself die oop spasies met jou eie probleem in gedagte invul:

*In situasie X, wanneer jy Y doen, voel ek Z.*

Byvoorbeeld: Wanneer jy so baie weg van die huis af is (X), en jy nie vir my sê dat jy my mis nie (Y), voel ek nie geliefd nie en voel ek alleen (Z).

Deur hierdie formule word persoonlike- en karakterbeledigings uitgeskakel, en word slegs die invloed van die huweliksmaat se *gedrag* op jou gevoelens geverbaliseer en oorgedra (Parrott & Parrott, 2015:129).

### 5.10.6 Evalueer die intensiteit van jou gevoelens

ʼn Handige hulpmiddel by die evaluering van gevoelens is die intensiteitskaal wat deur Les en Leslie Parrott (2015:132) opgestel. Hierdie skaal bevat die volgende tien stellings:

- Ek is nie entoesiasties nie, maar dit is nie so belangrik vir my nie.
- Ek sien dit nie soos jy nie, maar ek mag verkeerd wees.
- Ek stem nie saam nie maar ek kan daarmee saamlewe.
- Ek stem nie saam nie maar ek sal aan jou, jou sin gee.
- Ek stem nie saam nie en kan nie daaroor stilbly nie.
- Ek keur dit nie goed nie en het meer tyd nodig om daaroor na te dink.
- Ek keur dit sterk af en kan nie daarmee saamgaan nie.
- Ek sal baie ontsteld wees en kan nie my reaksie voorspel nie.

- Geen moontlike manier nie – indien jy dit doen, gee ek op.
- Oor my dooie liggaam.

Wanneer ʼn verskil ontstaan, kyk na die lys en evalueer die intensiteit van jou gevoelens met betrekking tot die spesifieke kwessie van verskil. Neem vervolgens ʼn besluit, byvoorbeeld: Vir my is hierdie saak ʼn drie (3) of dit kan hoër wees soos byvoorbeeld ʼn ses (6.) Wanneer albei huweliksmaats dieselfde aangeleentheid evalueer met sewe (7) en hoër, is dit raadsaam om die hulp van ʼn objektiewe buitestander, byvoorbeeld ʼn berader of leraar, in te roep.

#### 5.10.7 Vermy daardie uiters sensitiewe areas

Vermy kwesbare aanmerkings. Die twee grootste sondebokke op hierdie gebied is seksuele sake en die ander persoon se ouers. Navorsing het bewys dat verkeerde op- en aanmerkings tot ŉ sensitiewe area, ure se goeie dade ongedaan kan maak – daarom is dit die heel beste om hierdie areas so ver moontlik te vermy (Parrott & Parrott, 2015:132).

#### 5.10.8 Apologie impliseer sterkte

Om verskoning te kan vra dui gewoonlik op ŉ sterk karaktereienskap. Vergifnis hou enersyds met mense se woorde en dade verband; andersyds gaan dit om ŉ bonatuurlike daad van God. God is die Skepper van vergifnis en Sy liefde is die fondament van vergifnis (Smith, 2010:164). Harde woorde en liefdelose optredes skep emosionele skanse tussen huweliksmaats en tyd breek nie noodwendig hierdie skanse af nie – hulle word slegs afgebreek deur verskoning te vra en vergifnis te ontvang.

Chapman (2010b:52-57) stel dat individue hulle 'verskoningstaal' in hul ouerhuise aanleer en neem dit vervolgens saam met hulle uiteindelik in hul huwelik in. Die volgende voorbeelde van 'verskoningstaal' word in hierdie verband uitgewys:

- ***Ek is jammer***

Om spyt uit te spreek is die woorde "*Ek is jammer*" nie altyd voldoende nie – voeg daarby

egter ook die rede waarom jy jammer is. 'Verskoningstaal' is ŉ emosionele taal omrede die taal uitdrukking aan emosionele pyn moet bied wat jou woorde of gedrag veroorsaak het

(Chapman, 2010b:54; Smith, 2010b:168).

- ***Ek was verkeerd***

Aanvaar verantwoordelikheid deur te begin met die woorde: "*Ek was verkeerd,*" gevolg deur die rede waarom jy voel jy verkeerd was (Chapman, 2010b:55). Hawkins (2005:33) verwys hierna as die gewilligheid van een van die partye om die wit vlag te hys. Ongelukkig word die wit vlag dikwels eers gehys nadat emosionele wonde toegedien is. Beledigings laat letsels en sulke pyn kan ŉ leeftyd duur.

- ***Om reg te maak***

Die behoefte om die skade te herstel, impliseer ʼn strewe "*om reg te maak.*" Dit gee ook aan die ander persoon die geleentheid om te kan sê wat van jou verwag word ten einde die verkeerde wat plaasgevind het, te kan herstel.

- ***ʼn Toegewyde besluit***

Opregte uitdrukking van jou begeerte om jou gedrag te verander verg ʼn duidelike toegewyde besluit en daarmee saam ʼn gewilligheid om te verander. Opregte berou is slegs moontlik deur jouself ten volle onder die kragtige werking van God te stel. Verandering vereis gevolglik eerlikheid, moed en gesonde oordeel en daarom is dit nodig om die probleem voluit in die oë te kyk (Hawkins, 2005:21). Die begeerte om te verander kommunikeer ook aan die ander persoon die erns van die verskoning (Chapman, 2010b:57; Smith, 2010:173).

- ***Sal jy my asseblief vergewe***

Hierdie woorde is noodsaaklik vir die persoon wie se 'verskoningstaal' vergifnis is.
Dit is belangrik om mekaar se 'verskoningstaal' te ken aangesien dit vergifnis soveel mak-liker maak (Chapman, 2010b:57). Die enigste gesonde reaksie op ʼn opregte verskoning is vergifnis.

### 5.10.9 Dit wat vergifnis is en dit wat dit nie is nie

Die voorveronderstelling ten opsigte van vergifnis is dat iets verkeerds gedoen is, of die oortreding klein of groot was – die proses wat moet volg bly dieselfde. ʼn Oortreding teenoor die huweliksmaat plaas ʼn emosionele skans tussen hulle en tyd breek nie emosionele skanse af nie. Skanse word afgebreek deur opregte verskonings en ware vergifnis (Chapman, 2010b:57).

Die mees basiese idee agter vergifnis is "om te vergewe" of "om weg te neem". Psalm 103:12 verwoord dit treffend: "*So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af*". Net so moet mense mekaar ook vergewe. Hierdie vergifnis begin gewoonlik nie met ʼn gevoel nie, maar ʼn besluit wat ʼn konkrete daad tot gevolg het.

### 5.10.10 Dit wat vergifnis nie is nie

- ***Vergifnis wis nie geheue uit nie***

Die menslike brein lê alle gebeure vas, die goeie en die slegte, die aangename en die onaangename. Psigiaters verduidelik dat die verstand twee kompartemente bevat, een is die bewustelike brein (*conscious)* en die ander die onderbewuste brein *(subconscious*). Sommige gebeure word diep in die onderbewuste gestoor en word moeilik onttrek. Soms

gebeur die proses egter spontaan soos wat dikwels die geval met emosionele pyn na aanleiding van sekere snellers is. Selfs al het jy êrens gekies om te vergewe en die skanse af te breek, kom die herinnering aan die gebeure by geleentheid in die bewuste brein terug en kan dan opnuut emosies van pyn en woede tot gevolg hê. Hierdie tipe onthou impliseer egter nie dat jy nie vergewe het nie – dit beteken slegs dat jy menslik is en by geleentheid wel die seer onthou. Hoe hanteer ŉ mens die onthou? Neem dit in gebed na God (Chapman, 2010b:68).

- ***Vergifnis verwyder nie gevolge van die verkeerde nie***

Vergifnis verwyder nie die gevolge van die verkeerde nie. ŉ Voorbeeld sou wees ŉ man wat sy gesin verlaat en twintig jaar later terugkom en vergifnis vra. Die aanbied van vergifnis aan hom herstel egter nie die twintig jaar se afwesigheid en skade nie. Alle gedrag het gevolge, positiewe gedrag het positiewe gevolge en negatiewe gedrag het negatiewe gevolge (Chapman, 2010b:69).

- ***Vergifnis herbou nie vertroue nie***

Die ontroue huweliksmaat kan vergifnis vra, maar vergifnis herstel nie onmiddellik die vertroue van die ander persoon nie – vertroue word deur ontrouheid geskend. Hoe word vertroue herstel? Deur veranderde gedrag, opregtheid en openheid wat ŉ konstante patroon oor ŉ tydperk heen vorm, word vertroue herstel. Vergifnis maak egter aanvanklik die deur vir die moontlikheid oop dat vertroue herstel kan word (Chapman, 2010b:70).

- ***Die resultaat van vergifnis is nie altyd rekonsiliasie nie***

Rekonsiliasie beteken "*om harmonie te herstel*". Na ŉ vertrouensbreuk vereis rekonsiliasie binne die huwelik dat verskille deurgewerk sal word, nuwe maniere gevind word om dinge te doen, konflik van die verlede opgelos word en om te leer hoe om as ŉ

span saam te werk. Vergifnis bring nie vanself harmonie terug nie, maar dit berei wel die pad vir rekonsiliasie voor. Binne sekere omstandighede sal vergifnis uitgeoefen kan word, maar weens praktiese implikasies sou daar nie noodwendig altyd by die stap van rekonsiliasie uitgekom kan word nie (byvoorbeeld waar ŉ oortreder weier om seksuele misbruik te erken). Indien jy leer hoe om verskoning te vra en hoe om te vergewe, het jy twee hoof elemente vir die bou van ŉ suksesvolle huwelik bemeester (Chapman, 2010b:71)

### 5.10.11 Konfliksnellers

Hawkins (2005:35) verwys na die behoefte na mag en dominering as ŉ konfliksneller. ŉ Magspel dryf liefde en toegeneentheid uit ŉ huwelik uit. Die uitoefen van mag oor ŉ huweliksmaat maak hulle gees en selfbeeld dood en daarom kan magsbeheptheid met emosionele moord vergelyk word. So ŉ magspel hou dikwels met geld verband. Geld – ongeag die inkomstevlak van die egpaar word geld as een van die grootste konfliksnellers binne die huwelik aangedui (Parrott & Parrott, 2015:120).

### 5.10.12 Disfunksionele konflikhantering

Gottman en Silver (2011:27-32) wys op die volgende aantal aspekte van disfunksionele konflikhantering:

- ***Kritiseer***

Dit gaan oor ŉ aanslag of beskuldiging op die ander persoon se persoonlikheid, eerder as

op sy/haar gedrag. ŉ Beswaar begin gewoonlik met die woord, “Ek’, terwyl ŉ beskuldiging met die woord “Jy” begin. Laasgenoemde is gewoonlik makliker hanteerbaar as eersgenoemde (Parrott & Parrott, 2015:122).

- ***Beskuldigings***

Dit vorm gewoonlik ŉ basiese komponent van konflik. Beskuldigings kan ŉ poging wees om die probleem te probeer oplos maar dit lewer gewoonlik min sukses. Die oorsprong van beskuldigings is soms vrees en/of ŉ swak selfbeeld. Op die mees basiese vlak is hierdie gedrag soms ŉ poging om angs, wat uit kinderjare dateer, te verberg (Hawkins, 2005:37).

- ***Minagting***

Die bedoeling is om te beledig en psigologiese mishandeling van jou huweliksmaat toe te pas. Minagting is gerig op die hart van die persoon en gevolglik destabiliseer dit ŉ verhouding en veroorsaak pyn (Parrott & Parrott, 2015:123).

- ***Verdediging***

Wanneer ŉ persoon met beskuldigings gebombardeer word, is verdediging ŉ natuurlike uitvloeisel. Die gevaar van verdediging is dat dit gaandeweg ŉ refleks reaksie word wat konflik laat eskaleer, eerder as om konflik te hanteer (Parrott & Parrott, 2015:123).

- ***ŉ Muur bou***

Diegene wat deur negatiewe emosies oorweldig word, is geneig om mure rondom hulself te bou. Gottman en Silver (2011:33) verwys na emosionele oorweldiging as ŉ kragtige vloed wat alles innerlik platstoot. Persone wat ŉ muur om hulle bou, toon geen gesigsuitdrukking nie, vermy oogkontak, hou hulle kop regop en vermy enige aanduiding dat hulle luister. Die persoon wat so optree voel dat hulle nie ŉ situasie wil vererger nie – deur egter mure te bou, kommunikeer afkeuring, yskoue afstand en selfgenoegsaamheid. Die groot gevaar lê daarin wanneer sulke optrede ŉ gewoonte word (Parrott & Parrott, 2015:121-125).

- ***Ontkenning***

Ontkenning blokkeer genesing en versoening – byvoorbeeld in die geval van ŉ buite-egtelike verhouding. Die werklikheid breek egter uiteindelik deur die mure van ontkenning. ŉ Ander vorm van ontkenning is om daarin te volhard om van heuwels molshope te maak (Hawkins, 2005:56).

- ***Leuens***

Dit is wanneer jy belangrike inligting weerhou wat die potensiaal het om later in pyn en op

ŉ krisis uit te loop. Leuens kan ook as opsetlike verskonings of stories, inligting wat misleidend, verwarrend en bedrieglik is of jou huweliksmaat seermaak beskryf word. Sulke gedrag is vernietigend omrede dit vertroue verbreek.

- ***Bedrieëry***

Hierdie aspek is deel van die mens vanaf die tyd van die tuin van Eden. Slegs diegene wat onvoorwaardelik vir mekaar omgee, kan eerlik wees. Die mens praat die waarheid wanneer die krag van God in sy/haar lewe werkend is (Hawkins, 2005:57).

Die volgende werklikheid waarmee huweliksmaats gekonfronteer word na die huwelik is dat elkeen ŉ rol het om te vervul.

## 5.11 ELKEEN HET 'N ROL OM TE VERVUL

Hierdie is nog een van die baie aspekte waaraan paartjies nie voor die huwelik dink nie. Chapman (2010b:76) gebruik die metafoor: Toilette word nie vanself skoon nie, toilette moet skoongemaak word. Hierdie voorbeeld is die inleiding tot ŉ veel belangriker konsep, naamlik "rolle binne die huwelik". In die algemeen is daar verwarring oor die rolle van huweliksmaats. Verskeie faktore beïnvloed persepsies rakende rolle binne die huwelik, onder andere kultuur, opvoeding en persoonlike ervaring (Smith, 2010:196).

- ***Beide in voltydse beroepe***

Onsekerheid oor rolle binne die huwelik is een van die mees stresvolle aspekte van hedendaagse huwelike, veral waar beide huweliksmaats ŉ voltydse beroep beoefen. Chapman (2010b:77) gee die volgende praktiese riglyne betreffende hierdie uitdaging:
Elkeen stel ŉ lys op van die take wat hul vader en moeder verrig het, vergelyk die onderskeie inligting, soek na die verskille en tree vervolgens in gesprek rondom wedersydse verwagtinge.

- ***Manlikheid en vroulikheid***

Die volgende aspek wat ŉ rol speel, is jou eie filosofie aangaande manlikheid en vroulikheid. Hierdie persepsie hang nou met jou opvoeding en religieuse siening saam. Huweliks-kategese kan egter ŉ belangrik rol vervul ten einde foutiewe persepsies rondom tipiese
rolverwagtinge te identifiseer en te korrigeer. Elkeen beskik oor verskillende vaardighede en dit is belangrik om hierdie vaardighede te onderskei en tot voordeel van die verhouding aan te wend (Chapman, 2010b:79).

- ***Kennis van mekaar se voorkeure en afkeure***

Elke huwelikspaar betree die huwelik met sekere verwagtinge en gevolglik is kennis van mekaar se voorkeure en afkeure ŉ belangrike stap in die besluit rondom die rolle binne die huwelik. Soms is dit nodig om sekere opofferings te maak en dinge te doen waarvan jy nie werklik hou nie, net omdat dit gedoen moet word (Stoop & Stoop, 2010:23; Chapman, 2010b:80).

Die volgende werklikheid waarmee huweliksmaats gekonfronteer word na die troue is die
feit dat wedersydse seksuele vervulling nie vanselfsprekend is nie.

## 5.12 SEKSUELE VERVULLING NIE 'N VANSELFSPREKENDHEID NIE

Wanneer swak kommunikasie bo aan die lys van probleme binne ŉ huwelik verskyn, is dit dikwels die geval dat seksuele probleme onderliggend mag wees (Crabb, 1992:87). Nêrens vind disharmonie tussen huweliksmaats groter uitdrukking as juis in die slaapkamer nie. Smith (2010:218) verwys daarna dat seks mense laat lag of huil, maar min huwelikmaats praat gemaklik oor hierdie tema. Chapman (2010b:96) stel voor dat huweliksmaats, vir die eerste ses maande van hulle huwelik, elke maand vir mekaar sal vra hoe elkeen kan bydra om hulle seksuele verhouding te verbeter.

Rondom hierdie tema wys Chapman (2010b:94) op die volgende belangrike aspekte:

- Mans fokus op seksuele omgang en vroue fokus op verhoudings. Vir die vrou groei seksuele omgang vanuit ŉ liefdevolle verhouding, terwyl mans dikwels voel dat seksuele omgang verhoudingsprobleme kan oplos.
- Vir die vrou is die voorspel baie belangrik want sonder voorspel voel sy dikwels onteer. Wanneer sekere seksuele dade op ŉ huweliksmaat afgedwing word, kom dit op seksuele mishandeling neer. Ware liefde soek juis daarna om jou huweliksmaat te plesier en dwing nie dinge op mekaar af wat vir die ander persoon onaanvaarbaar is nie.
- Wedersydse bevrediging beteken nie gelyktydige klimaks of orgasme nie, alhoewel dit belangrik is dat elkeen wel ŉ klimaks of orgasme sal bereik.
- Seks sluit meer in as die seksuele daad aangesien die natuurlike aard van seks samebinding is, die eenwording van man en vrou op die mees intieme wyse. Seks is die vereniging van liggaam, siel en gees.

- Buitehuwelikse seksuele omgang, net vir die plesier daarvan, kom op ŉ daad van selfsugtigheid neer (Chapman, 2010b:96).
- Die verlede bly nie altyd in die verlede nie aangesien psigologiese geheue nie maklik uitgewis word nie. Die werklikheid is dat voorhuwelikse seksuele ervarings dikwels tot psigologiese skanse lei wat seksuele eenheid binne die huwelik teëwerk.
- Egpare sukkel soms met die verwerking van mekaar se seksuele geskiedenis. Daarom is dit goed dat egpare voor die huwelik met mekaar se seksuele geskiedenis sal deel anders kan dit tot spanning lei wanneer die verlede skielik na die bruilof opduik.

Stoop en Stoop (2007:67) beklemtoon die verskil tussen *nabyheid* en *intimiteit*. Nabyheid kan wees ŉ bevredigende seksuele ervaring, ŉ gesamentlike krisis, gesamentlike rou of die deel van ŉ opwindende gebeurtenis. Intimiteit bevat daarenteen ŉ gevoel van wedersydse "*being known*". Dit is meer as om mekaar te ken en dit is om mekaar toe te laat om meer van mekaar te weet (vgl. ook Smith, 2010:220).

Die volgende werklikheid waarmee huweliksmaats gekonfronteer word na die troue is die feit dat die huwelik jou deel van ŉ uitgebreide familie maak.

## 5.13 DIE HUWELIK MAAK MY DEEL VAN 'N UITGEBREIDE FAMILIE

Binne die Westerse kultuur, word die verhoudings met skoonfamilie nie geformaliseer nie, maar tog bly dit ŉ baie konkrete werklikheid. ŉ Positiewe verhouding met die skoonfamilie dra tot ŉ beter huweliksverhouding by (Chapman, 2010b;101). Binne goeie huwelike beweeg huweliksmaats se lojaliteit na mekaar toe (Stoop & Stoop, 2007:17).

### 5.13.1 Sleutelaspekte rakende skoonfamilie

Hier kan die volgende vyf sleutelaspekte aangetoon word (Chapman, 2010b:103-106):

- ***Vakansies***

Kersfees byeenkomste is hier byvoorbeeld baie belangrik. Saam met wie word dit gevier?

- ***Tradisies***

Elke familie het sekere tradisies en onderliggend hieraan is dikwels diep emosies – daarom mag tradisieverskille nie ligtelik opgeneem word nie.

- ***Verwagtinge***

Die skoonfamilie koester sekere verwagtinge van die nuweling in die familie. Sommige van hierdie verwagtinge mag ŉ religieuse ondertoon hê, byvoorbeeld om Sondae die skoonfamilie se kerk by te woon, al is daar geloofsverskille.

- ***Gedragspatrone***

Elke familie het sy eie aanvaarbare gedragspatrone en dit mag min of baie van mekaar verskil.

- ***Religieuse oortuigings***

Religieuse oortuigings kan ook verskille oplewer, self al is almal Christene kan daar sterk onderlinge dogmatiese verskille wees.

Die eerste stap in die bou van ŉ positiewe verhouding met die skoonfamilie is empatiese luister. Dit beteken om te luister met ŉ begeerte om te verstaan en terselfdertyd die ander party met respek te behandel, al sou jy nie met alles saamstem nie. Wedersydse respek en begrip groei vanuit empatiese luister (Chapman, 2010b: 106).

Wat verhoudinge met die skoonfamilie betref stel Chapman (2010a:109) ook voor dat jy jou skoonfamilie se liefdestaal ontdek. Is dit opbouende woorde, kwaliteit tyd, geskenke, diensbaarheid of fisieke aanraking?

Die volgende werklikheid waarmee huweliksmaats gekonfronteer word na die troue is die feit dat hulle nie dieselfde dink nie.

## 5.14 WAAROM DINK ONS NIE DIESELFDE NIE?

Navorsing het getoon dat vroue en mans verskillende biologiese, psigologiese en professionele werklikhede het. Biologies het vroue ŉ sterker verbintenis tussen die twee hemisfere van die brein en ŉ neiging tot beter verbale vermoëns. Die groter hemisfere gaping by mans dra weer tot ŉ groter vermoë tot abstrakte redenasie by. Psigologies vind vroue dikwels hul sin van identiteit deur verhoudings met ander, terwyl mans hul sin van
identiteit vind deur alleen te wees (Parrott & Parrott, 2015:98).

### 5.14.1 Hoe groot is die verskille?

Die feministiese revolusie van die 1970's argumenteer dat manlike-vroulike verskille nie aangebore is nie maar slegs aangeleer is en dat dit afgeleer kan word. Al meer wetenskap-like bewyse word egter teen hierdie bewering gevind (Parrott & Parrott, 2015:99). Gottman (2011:36) verwys daarna dat adrenalien makliker by mans verhoog en die verhoging duur langer as by vroue. Die kardiovaskulêre sisteem by mans is meer reaktief as by vroue en neem langer om te herstel. Mans word makliker oorweldig deur huwelikskonflik as vroue. Navorsing het daarop gedui dat mans meer geneig tot negatiewe gedagtes is wat hulle stres laat voortduur, terwyl vroue meer kalmerende gedagtes koester.

- **Die basiese behoeftes van die vrou**

  Die basiese behoeftes van 'n vrou kan binne die volgende drie punte saamgevat word:

  - Om gekoester te word, is een van die belangrikste behoeftes van 'n vrou.
  - Om geken te word beteken vir 'n vrou dat haar gevoelens geldig en aanvaarbaar is
  - Om gerespekteer te word. Vroue wat nie gerespekteer word nie voel onseker en verloor selfvertroue (Parrott & Parrott, 2015:105-110).

- **Die basiese behoeftes van die man**

  Die basiese behoeftes van die man kan soos volg verwoord word:

  - Om bewonder te word – sonder bewondering en waardering verloor 'n man die wil om te gee.
  - Om outonomie te hê. Mans voel beter wanneer hulle 'n probleem kan oplos eerder as om die probleem te bespreek.
  - Om gesamentlike aktiwiteite te kan geniet – deur gesamentlike aktiwiteite word egpare vriende (Parrott & Parrott, 2015:110-115).

Dit sou naïef wees om die onderwerp van buite-egtelike verhouding te ignoreer in 'n literatuurstudie rakende die unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir 'n gesonde huweliksverhouding is. Hierdie is 'n subtiele slaggat waarin talle beland en vervolgens word hierop gefokus.

#### 5.14.2 Die slaggat van ’n buite-egtelike verhouding

Carder (2008:16) verwys na die profiel van die gevaarlike vriend/vriendin as tipies ’n onmiddellike aangetrokkenheid waarby hartstog betrokke is. Jou eie huweliksmaat se profiel verskil dikwels baie van hierdie tipe vriend/vriendin maar nogtans voel jy aangetrokke tot hom/haar, al weet die persoon intuïtief dat dit nie ’n langtermyn verhouding kan wees nie. Dit wil voorkom asof hierdie vriend/vriendin vir al die tekortkominge binne jou eie huwelik kan kompenseer, al druis hierdie persoon se profiel in teen jou opvoeding, kultuur, algemene kennis en waardes. Daar is dikwels geen logika in so verhouding nie en spyt kom altyd te laat.

Sekere hoë risiko familiegeskiedenis kan tot buite-egtelike verhoudings bydra. Carder (2008;42) wys in hierdie verband byvoorbeeld op die volgende faktore:

- *’n Familiegeskiedenis* van ontrouheid by ouers kan die latere volwasse kinders d tot ’n buite-egtelike verhouding beïnvloed.
- *Enkel ouerskap en saamgestelde huwelike* bied nie dieselfde sekuriteit as ’n twee-ouer kernfamilie nie en kinders wat binne sodanige milieus opgroei sou ook meer kwesbaar vir buite-egtelike verhoudings kon wees.

Carder (2008:45) wys verder ook op die volgende hoë risiko persoonlike faktore wat bydraend tot latere buite-egtelike verhoudings kan wees:

- ***Verwarde adolessente seksuele geskiedenis***

Seksueel gemolesteerde kinders is geneig om hulle toevlug tot verwarde seksuele gedrag tydens adolessensie en daarna te neem. In talle gevalle is dit vervolgens uitreageer gedrag in ’n poging om deur die onverwerkte seer en skande van die verlede te probeer werk.

- ***Leergestremdhede en aandagafleibaarheid***

Persone wat hiermee worstel, verwys99 dikwels na moeilike kinderjare omrede niemand gelukkig met hulle gedrag was nie. Hulle het gevolglik die gevoel dat hulle nie goed genoeg is nie en het ’n groot behoefte aan aanvaarding en sekerheid – daarom is hulle baie kwesbaar teenoor iemand wat aandag aan hulle skenk.

## 5.15 DIE ROL VAN VREES BINNE DIE HUWELIK

Vrees kan 'n geweldige destruktiewe faktor binne enige huwelik wees. Vrees is die teenoorgestelde emosie van liefde en dit word treffend deur 1 Johannes 4:18 verwoord:

> "*Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie*".

Daar is meer as een vrees wat 'n rol binne die huwelik kan speel, soos byvoorbeeld die vrees om beheer te word – soms is hierdie vrees baie subtiel en vind dit uitdrukking in onafhanklikheid en onttrekking. Nog 'n algemene vrees, na verwerping en vernederings in die verlede, is die vrees vir verwerping. Hierdie vrees kan so erg wees dat 'n huweliksmaat sover sal gaan om die ander maat daartoe te dryf om hom/haar te verlaat en dan te voel: dit is beter dat ek my huweliksmaat verwerp eerder as wat hy/sy my verwerp (Stoop & Stoop, 2007:61). Vrees is dikwels die uitvloeisel van onverwerkte trauma en in hierdie opsig is dit belangrik dat huweliksmaats se verhale in detail met hulle deurgewerk sal word, veral rondom aspekte soos trauma, krisisse, verwerping, vernederings, beproewings, verliese, ens.

Nadat daar op die negatiewe impak van vrees binne die huwelik gefokus is, is die volgende aspek meer positief, naamlik sielsgenote.

## 5.16 DIE INNERLIKE BESLUIT OM GELUKKIG TE WEES

Volgens Stoop en Stoop (2007:39) toon navorsing dat twee derdes van die probleme binne die gemiddelde huwelik in die algemeen nie opgelos word nie. Dit klink na 'n donker prentjie, totdat daar besef word dat die persentasie onopgeloste probleme binne gelukkige en ongelukkige huwelike basies dieselfde is – met ander woorde, alle egpare het kroniese onopgeloste probleme waarmee hulle moet deel. Die verskil kom egter in by die feit dat in gelukkige huwelike egpare geleer het hoe om probleme te hanteer. Hulle het ook geleer dat onopgeloste probleme nie die sukses van 'n huwelik bepaal nie. Hulle het gevolglik ook al
meer die regte houding probeer ontwikkel, ondanks die omstandighede waarin hulle hul bevind. Gelukkige huweliksmaats het dus 'n besluit geneem om gelukkig te wees. Gottman en Silver (2011:8) beklemtoon in hierdie verband dat gelukkige egpare die

kuns bemeester het om nie toe te laat dat hulle negatiewe gedagtes en gevoelens teenoor mekaar die positiewe sal oorweldig nie.

## 5.17 SEWE SLEUTELBEGINSELS VIR DIE HUWELIK

Vanuit wetenskaplike navorsing volg Gottman en Silver (2011) ŉ unieke benadering en het hy ŉ aantal eienskappe geïdentifiseer wat ŉ huwelik kan laat voortduur, huwelike red of jou huwelik skei-bestand maak. Hierdie beginsels is in sy boek, *The seven principles for making marriage work* (2011) vervat. Hy maak daarop aanspraak dat elk van hierdie sewe beginsels deur konkrete wetenskaplike navorsing gestaaf kan word. Daar word vervolgens op hierdie sewe beginsels gelet.

### 5.17.1 Beginsel 1: Vergroot jou liefdeskaart

Gottman en Silver (2011:48) wys op die samestelling van ŉ 'liefdeskaart'. Dit impliseer dat ŉ lys van beide se voor- en afkeure opgestel word. Indien hierdie lys deur beide huwelikmaats bestudeer word, sal hulle intiem bekend met mekaar se wêrelde wees.

Dit sal ook impliseer dat hulle vlakke van emosionele intelligensie verhoog. Sulke egpare maak ook ruim kognitiewe voorsiening vir mekaar deur aandag aan die detail van mekaar se lewens te skenk. ŉ Liefdeskaart van mekaar berei egpare ook beter vir toekomstige stresvolle gebeure en konfliksituasies voor. Stel ŉ liefdeskaart saam van die pad wat jy gestap het, beproewings en oorwinnings, en die invloed daarvan op jou lewe. Skryf neer hoe jou familie woede, hartseer, vrees en affeksie hanteer (Gottman. 2011:56).

### 5.17.2 Beginsel 2: Versorg jou voorkeure en bewondering

Geneentheid en bewondering is die twee belangrikste elemente van ŉ belowende en langtermyn romanse. Al is daar binne ŉ gelukkige huwelike ook sekere voorvalle waar persoonlikheidskomponente verskille kan bring, sal sulke egpare steeds oortuig wees dat hulle huweliksmaat werd is om gerespekteer en geëer te word. Sonder geneentheid en bewondering kan ŉ verhouding nie voortbestaan nie (Gottman & Silver, 2011:62).

Gottman en Silver (2011:62) het gevind dat in 94% van egpare met ŉ positiewe huwelikgeskiedenis gewoonlik in die hede ook gelukkig sal wees. Wanneer gelukkige

geheue vernietig is, is dit egter ŉ teken dat hulp benodig word. Parrott (2015:63) stel in hierdie verband dat geluk nie op omstandighede skarnier nie – die beste omstandighede sal nie ŉ negatiewe persoon gelukkig maak nie. Mense is egter deur die mag van die gewoonte of negatief of positief – daarom sou omstandighede kon verander maar houdings bly dieselfde. Negatiewe houdings tap huweliksgeluk en die vraag is gevolglik: Hoe kan ŉ positiewe houding gekweek word? Deur verantwoordelikheid vir persoonlike gevoelens te neem (Parrott & Parrott, 2015:64). Die bekende Joodse psigiater, Viktor Frankl (1992:4), is oortuig dat die mens altyd oor die mag beskik om sy/haar eie houding (*attitude)* te kan kies. Geneentheid, bewondering en respek is die teenmiddel teen minagting.

- **Saboteurs van huweliksgeluk**

  Die volgende saboteurs van huweliksgeluk kan uitgewys word:
  - ***Selfbejammering***

    Selfbejammering kan huweliksgeluk dreineer (Parrott & Parrott, 2015:69).
  - ***Beskuldigings***

    Sedert Adam en Eva probeer die mens verskonings bied en verantwoordelikheid ontduik. Beskuldigings is ŉ bron van ongelukkigheid binne baie huwelike wanneer een van die huweliksmaats as sondebok uitgesonder word en verantwoordelik vir die egpaar se ongelukkigheid gehou word (Parrott & Parrott, 2015:70).
  - ***Om ŉ wrok te koester***

    Hierdie is ŉ vernietigingswerk wat plaasvind wanneer ŉ persoon aan teleurstellings, seer en woede vashou. Om aan ŉ onreg vas te hou, sneller ŉ vloed van negatiewe emosies, wat seer weer voed. Al is die wrok nie teen die huweliksmaat nie, werk ŉ wrok negatief op ŉ huweliksverhouding in.

Selfbejammering, beskuldigings en wrokke vernietig die kapasiteit van vreugde (Parrott & Parrott, 2015: 73-74; Stoop & Stoop, 2007:18).

### 5.17.3 Beginsel 3: Draai na mekaar in plaas van weg van mekaar

Emosionele bande en verbintenis word versterk deur groot, maar ook klein dingetjies met mekaar te deel (Gottman. 2011:76) Clarke (2013:97) verwys na ŉ huwelik sonder ŉ

emosionele band, as getroud maar tog alleen, 'n verhouding wat vir die wêreld glimlag terwyl
die huwelikmaats se menswees sterwend is. Gottman en Silver (2011:79) verwys na hierdie tema as die egpaar se emosionele bankrekening vir swaar tye en die sleutel tot volhoubare romanse. Die saldo van die emosionele bankrekening is die somtotaal van die hoeveelheid verbintenis (*connecting*) wat daar tussen huweliksmaats is en gedurende die swaar tye kan daar onttrekkings uit hierdie rekening gemaak word sonder dat dit die huwelik sal ontspoor (Gottman & Silver, 2011:82).

Aansluitend by bogenoemde beklemtoon Parrott (2015:75) dat 'n huwelik nooit perfek kan
wees nie omdat die mens nie perfek is nie. 'n Gelukkig huwelik is egter moontlik deur 'n wilsbesluit om mekaar gelukkig te maak. Deur die regte gesindheid, ten spyte van omstandighede te handhaaf, en ook jou verstand positief te programmeer, sal jou by die ontdekking bring dat dit nie 'n mite is om vir altyd gelukkig te kan wees nie (Parrott & Parrott, 2015:75).

In die algemeen is mans meer skuldig aan die gebruik van aspekte soos kritiek, minagting, verdediging en mure bou. Baie mans toon ook nog weerstand teen magsdeling en gesamentlike besluitneming. Sommige mans doen dit bewustelik, ander doen dit onbewus-telik – in hierdie opsig is begeleiding nodig (Gottman & Silver, 2011:103).

**5.17.4 Beginsel 4: Laat jou huweliksmaat toe om jou te beïnvloed**

Navorsing het bewys dat mans tot 'n groot mate die besluitneming van vroue beïnvloed, maar mans laat in minder mate toe dat hulle deur die vrou beïnvloed word (Gottman. 2011:99). Dit is gevolglik belangrik dat mans hulle vroue sal toelaat om insette te lewer aangesien dit die positiwiteit van die verhouding verhoog en ook die vriendskapsband versterk (Gottman & Silver, 2011:105).

Gottman en Silver (2011:108) verwys na emosioneel intelligente mans as diegene wat hulle vroue eer en respekteer en ook ontvanklik is om meer van ander se wêrelde te verstaan. 'n Waardevolle les wat die nuwe generasie mans geleer het, is dat dit dikwels nodig is om toe te gee, ten einde te kan wen.

Gottman en Silver (2011:114) stel ook dat in meer as 80% van gevalle dit die vrou is wat
gesprekke rakende onaangename sake binne die huwelik ophaal, terwyl mans meer geneig is om sulke besprekings te vermy – hierdie is 'n universele verskynsel binne meeste huwelike.

Gottman en Silver (2011:133) doen die volgende riglyne aan die hand ten opsigte van probleemhantering:

- Begin die gesprek met sagte in plaas van harde woorde,
- Maak van effektiewe herstelpogings gebruik.
- Monitor die verloop van die gesprek vir enige psigologiese tekens van 'n oorweldigende 'vloed'.
- Leer om tot 'n vergelyk te kom.
- Wees meer verdraagsaam ten opsigte van elkeen se tekortkominge.

Die sleutel vir konflikhantering is goeie kommunikasie en basiese aanvaarding van jou huweliksmaat se persoonlikheidskomponente.

### 5.17.5 Beginsel 5: Fokus veral op algemene oplosbare probleme

Gottman en Silver (2011:164) beklemtoon dat dit belangrik is om 'n problematiese gesprek met sagte woorde te begin en stellings met "Ek" in plaas van "Jy" in te lei. Tydens sulke gesprekke mag jy beswaar aanteken, maar nie beskuldigings rondslinger nie. Gee verder 'n beskrywing van die situasie maar probeer om ook nie te oordeel nie. Parrott (2015:129) verwys na dieselfde beginsel, naamlik die XYZ model (soos in par. 5.9.4 bespreek). Gottman en Silver (2011:164) maak verder ook melding van herstelpogings – dit is die pogings wat egpare aanwend om spanningsvlakke tydens besprekings te verlaag om sodoende 'n vloed van emosies of 'n bose kringloop te voorkom. Dit is belangrik dat stellings duidelik geformuleer sal word ten einde die korrekte boodskappe te kommunikeer (Gottman & Silver, 2011:169).

Probeer verder om tydens 'n argument jouself en mekaar te kalmeer. Fisiese herstel na 'n argument is in die algemeen moeiliker vir 'n man as vir 'n vrou. Gottman en Silver (2011:179) stel dat wanneer jou hartklop 'n 100 slae per minuut oorskry, jy nie in staat

sal wees om na jou huweliksmaat te kan luister nie. In so geval sal dit soms nodig wees om vir ongeveer 20

minute die gesprek te onderbreek voordat dit weer hervat word.

Die beste oplossing vir huwelikskonflik is om ŉ toegewing te maak en sodoende die boodskap aan die ander persoon te kommunikeer dat jy sy/haar opinie in ag neem. Toon ook verdraagsaamheid teenoor mekaar se foute en oorkom die struikelblokke wat duidelike kommunikasie belemmer – die res van die probleemoplossingsproses verloop gewoonlik dan makliker (Gottman & Silver, 2011:184).

Gottman en Silver (2011:215) verwys na algemene oplosbare probleme wat in ŉ huwelik mag opduik en wat met die nodige wysheid suksesvol hanteer kan word. Voorbeelde in hierdie opsig is die volgende:

- Stres (vgl. 5.9)
- Skoonouers (vgl. 5.12)
- Geld (vgl. 5.8)
- Seks (vgl. 5.11)
- Huishoudelike take (vgl. 5.10)
- Ouerskap

Wat daardie probleme betref waarvoor daar oënskynlik geen onmiddellike oplossing is nie, wys Parrott (2015:66) op navorsing wat aantoon dat egpare se geluk deur die vermoë van elke huweliksmaat om by die dinge aan te pas wat buite hulle vermoë is om te beheer, bepaal word – om dus vrede te maak daarmee en ook die beste van die situasie te maak.

### 5.17.6 Beginsel 6: Oorkom ŉ verkeersknoop

Onoplosbare probleme veroorsaak in ŉ seker sin ŉ emosionele ‘verkeersknoop’ (*gridlock).* Voorbeelde in hierdie verband sou die volgende kon wees:

- Wanneer slegs een van die huweliksmaats graag kinders wil hê
- Wanneer die een baie sosiaal is en die ander een nie is nie
- Die behoefte aan kerkbywoning al dan nie.

Gottman en Silver (2011:217) stel dat die doelwit rondom sulke problematiese situasies nie is om die krisis onmiddellik op te los nie, maar eerder om vanaf ŉ 'verkeersknoop' na dialoog toe te beweeg. Dit is verder ook belangrik om te probeer vasstel of daar nie ŉ dieperliggende
oorsaak vir die probleem is nie. Dikwels is van die diepste drome in ŉ persoon se kinderdae gewortel, byvoorbeeld, die droom om elke aand saam om ŉ tafel te eet. So droom sou vanuit aangename herinneringe vanuit die ouerhuis kon spruit. In die geval van pynlike herinneringe wil persone in die algemeen dit nie dupliseer nie. Indien etenstye gedurende die jeugjare byvoorbeeld deur rusies gekenmerk was, sal saam om ŉ tafel eet ŉ negatiewe ervaring wees (Gottman & Silver, 2011:217).

Verborge drome beïnvloed kommunikasie negatief en kommunikasie geskied vervolgens sonder veel emosie en besprekings is slegs intellektueel (Gottman & Silver, 2011:221). Dit is gevolglik van besonder belang dat beide huweliksmaats hul verborge drome sal identifiseer en met mekaar deel. In talle gevalle sal fasilitering in hierdie verband nodig wees, veral indien daar reeds heelwat emosionele pyn in hul verhouding ontstaan het (Gottman & Silver, 2011:223).

### 5.17.7 Beginsel 7: Skep gedeelde betekenis (create shared meaning)

ŉ Mikro-kultuur kan tussen net twee persone geskep word. So kultuur vind plaas wanneer
huweliksmaats ŉ manier vind om mekaar se drome te eer, al deel hulle nie dieselfde drome nie. Nogtans word albei se drome geïdentifiseer en is beide se benadering teenoor mekaar plooibaar genoeg om gaandeweg te verander soos hulle emosioneel en geestelik ontwikkel en groei. Wanneer so gedeelde sin van betekenis binne ŉ huwelik teenwoordig is, is konflik minder intens en is dit onwaarskynlik dat oplosbare probleme tot 'verkeersknope' eskaleer. Die soort eerlikheid wat God se liefde reflekteer, vereis dat die regte inligting op die regte wyse gekommunikeer word, op so ŉ wyse dat dit tot eenheid sal lei (Smith, 2010:95).

## 5.18 IS JULLE SIELSGENOTE?

Vir die Christen egpaar is die spirituele dimensie van die huwelik deurslaggewend. Parrott (2015:138) wys op navorsing wat aangedui het dat die versorging van die

spirituele dimensie van ŉ huwelik die huweliksband versterk. Wanneer die siel van die huwelike vertroetel word, floreer die huwelik.

### 5.18.1 Kerkbywoning ewenaar nie spiritualiteit nie

Spiritualiteit is dikwels die laaste onderwerp wat voor die huwelik bespreek word terwyl spirituele versoenbaarheid uiters belangrik is. Uiteenlopende geloofsstandpunte en vertrek-punte kan tot groot onenigheid binne die huwelik lei. Dit hou met die feit verband dat religieuse standpunte met sterk emosies en diep gewortelde oortuigings gepaard gaan (Chapman, 2010b:121-123). In hierdie verband rig 2 Korintiërs 2:14-16 die volgende waarskuwing:

> "*Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Belial ? Hoe kan die gelowige dieselfde belange hê as die ongelowige*?".

Crabb (1992:49) verwys na die begrip van 'spirituele eenheid' as die individuele spirituele verhouding tussen die individu en God. Sou die fokus egter op die spirituele verhouding tussen huweliksmaats wees, gebruik hy die term 'sielsgenote'. Baie voornemende egpare aanvaar dat die spirituele area vanself na die troue uitgesorteer sal word. Dit is egter nie noodwendig altyd die geval nie – ander ignoreer bloot die gevaartekens wat hulle reeds voor die huwelik waarneem.

### 5.18.2 Die belangrikheid van spirituele intimiteit

Geen enkele faktor dra meer tot eenheid en ŉ sinvolle besef van die doel van die huwelik by as ŉ gesamentlike verbintenis tot spirituele ontdekking nie (Parrott & Parrott, 2015:139-141). Die spirituele dimensie bied aan die egpaar ŉ praktiese bron van geestelike voedsel wat bevorderlik vir die groei en gesondheid van die huwelik is. Navorsing toon ook aan dat religie aan egpare ŉ gedeelde sin van waarde asook ŉ gesamentlike doel en visie verskaf wat hul wedersydse verhouding asook hul verhouding met God rugsteun (Parrott & Parrott, 2015:142).

### 5.18.3 God se getrouheid en vergifnis geopenbaar

Die huwelik reflekteer God se getrouheid en vergifnis. Getrouheid is soos ŉ juweel met baie fasette wat ŉ komplekse kombinasie van onderling verwante dimensies vertoon. Hierdie dimensies sluit byvoorbeeld aspekte soos vertroue, verbintenis, waarheid, lojaliteit, waarde en sorg in. Wanneer ŉ man en ŉ vrou ŉ verbond met mekaar sluit, beloof God Sy getroue ondersteuning aan hulle – dit versterk weer hulle vertroue ten einde aan hul geloof vas te hou. 2 Timoteus 2:13 verwoord hierdie aspek soos volg:

> ”... [A]*s ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie*”.

God se verbond van getrouheid, wat in ons huwelikmaat verpersoonlik word, skep ŉ tuiste vir ons rustelose hart (Parrott & Parrott, 2015: 143-145). Baie nou verwant hieraan is ook die tema van vergifnis. Parrott (2015:146) stel dat vergifnis aan die hart van die huwelik gekoppel is.

### 5.18.4 Versorging van die ‘siel’ van die huwelik

Oppervlakkigheid kan tot ŉ rustelose huwelik lei, terwyl die siel van ŉ huwelik ŉ behoefte aan diepte het. In hierdie verband wys Parrott (2015:147) op die volgende drie spirituele dissiplines wat tot verdieping, singewing en ondersteuning van ŉ huwelik kan lei:

- Aanbidding
- Lofprysing
- Geestelike samesyn met ander medegelowiges.

Kommunikasie met God deur gebed, voed die siel van die huwelik op ŉ besondere wyse,
terwyl die geheim van ware sielsgenootskap as wedersydse gemeenskap met God beskryf kan word (Parrott & Parrott, 2015: 147-152).

## 5.19 SAMEVATTING

Hoofstuk 5 handel hoofsaaklik oor die tweede deel van die titel van hierdie studie naamlik, die unieke verwysingsraamwerk van beide die man en die vrou binne ŉ huweliksverhouding.

Vanuit pastoraal teologiese literatuur het geblyk dat om verlief te wees nie noodwendig ŉ genoegsame fondament vir ŉ suksesvolle huwelik bied nie. Daarom word voorhuwelikse kategese sterk aanbeveel ten einde latere probleme te voorkom. Verhoudingstyle verskil en dit is goed dat voornemende egpare reeds voor die huwelik van hierdie verskille bewus sal wees. Prioriteite binne die huwelik moet ook korrek gesentreerd en gebalanseerd wees. Drie bestanddele wat geblyk het essensieel te wees vir ŉ florerende huwelik, is die volgende aspekte:

- ŉ Wederkerige ingesteldheid op mekaar
- Nou interaksie en wisselwerking
- Vryheid wat aan mekaar gebied word.

Verder het geblyk dat daar dikwels sekere mites rondom die huwelik is wat geïdentifiseer en hanteer moet word. Voorbeelde in hierdie verband is dat albei persone dikwels presies dieselfde hoë verwagtinge van die huwelik het; dat alles wat na die bruilof gaan gebeur die huwelik verdere gaan verbeter; dat die huwelik die slegte uit my lewe sal laat verdwyn en dat huweliksmaats mekaar se seer sal heel. Daar is ook verwys na die twee fases van romantiese liefde naamlik, die euforiese fase en die dieper fase. In hierdie verband kan die vyf liefdestale ŉ belangrike rol vervul:

- Opbouende woorde
- Kwaliteit tyd wat aan mekaar spandeer word
- Die gee van geskenke
- Diensbaarheid aan mekaar
- Fisiese aanraking.

Binne elke huwelik het elke individu gewoonlik ŉ voorkeur vir ŉ bepaalde liefdestaal en dit moet geïdentifiseer en uitgebou word.

Die werklikheid na die bruilof is nie altyd dieselfde as die aanvanklike drome van die verliefde paartjie nie. In hierdie verband is daar gewys op die volgende gevaartekens:

- Harde woorde
- Kritiek

- Minagting
- Selfverdediging en die opbou van beskermingsmure.
- Emosionele uitbarstings (vloed van emosies) waardeur die huweliksmaat oorweldig word en wat met verkeerde lyftaal gepaard gaan en herhaalde pogings tot herstel wat telkens faal.

Verhoudingstyle asook liefdesstyle verskil en huweliksmaats moet hiervan bewus wees. In hierdie verband is daar verwys na passie, intimiteit en verbintenis as die ‘driehoek van liefde’.

Verder is daar ook gelet op die invloed van persoonlikheidskomponente op gedrag en is daar na die volgende kontrasterende voorbeelde verwys:

- Half vol of half leeg
- Netjies of slordig
- Dooie See of borrelende fontein
- Aggressief of passief
- Professor of danser
- Organiseerder of vry gees.

Elkeen van hierdie kontraste kan tot intense spanning in die huwelik lei indien dit nie vroegtydig geïdentifiseer is en die nodige strategie bepaal is om dit te hanteer nie. Die belangrikheid van sinvolle en effektiewe kommunikasie is ook beklemtoon. In hierdie verband is daar op die probleem rondom enersyds, disfunksionele kommunikasie, en andersyds, die boustene vir suksesvolle kommunikasievaardighede gefokus. Rondom kon-flikhantering is gestel dat verskille nie noodwendig altyd negatief hoef te wees nie en dat foute wat gemaak word heel dikwels ook geleenthede vir emosionele groei skep. Die volgende konflikhanteringsvaardighede het geblyk belangrik te wees:

- Dit is nodig dat ’n probleem duidelik gedefinieer moet word
- Gevoelens moet geverbaliseer kan word
- Die intensiteit van elkeen se gevoelens moet geëvalueer word
- Dit is belangrik om verskoning te vra en ook vergifnis te bied.

ʼn Verdere belangrike aspek het geblyk die feit dat wedersydse seksuele vervulling binne die huwelik nie vanselfsprekend is nie. Hierdie is ʼn terrein waaraan ook hard gewerk moet word en gepoog moet word om mekaar se ervarings te optimaliseer.

Die aangeleentheid rondom skoonfamilie is ook as van kritiese belang uitgewys. Die huwelik
maak die man sowel as die vrou deel van ʼn uitgebreide familie en gevolglik is dit belangrik dat pare wat op troue staan in hierdie opsig goeie begeleiding sal ontvang met betrekking tot alle aspekte rondom skoonfamilie wat tot spanning sou kon lei.

Navorsing toon aan dat elkeen die gewoonte kan ontwikkel om gelukkig te wees indien sekere reëls konsekwent nagekom word. In hierdie opsig is daar na die volgende aantal beginsels verwys wat bevorderlik vir ʼn gesonde huwelik is:

- Die opstel van ʼn ‘liefdeskaart’ – ʼn aanduiding van die pad wat elkeen gestap het, beproewings en oorwinnings, en die invloed daarvan op elkeen se lewe.
- Bewus te wees van mekaar se voorkeure en afkeure.
- Bewondering – deurgaans die oortuiging dat my huweliksmaat werd is om gerespekteer en geëer te word.
- Om deurgaans na mekaar te draai in plaas van weg van mekaar.
- Om toe te laat dat jy ten goede deur jou huweliksmaat beïnvloed word.
- Om oplosbare probleme op te los.
- Om emosionele ‘verkeersknope’ te voorkom – die ideaal is om vanaf ʼn emosionele verkeersknoop na dialoog toe te beweeg.
- Om gedeelde betekenis te skep – deur byvoorbeeld ʼn manier te vind om mekaar se drome te eer, al deel hulle nie dieselfde drome nie.

Ten slotte is gelet op hoedat egpare uiteindelik sielsgenote kan wees. Dit vind plaas wanneer aspekte, soos onder andere die volgende, gehandhaaf word:

- Dat beide huweliksmaats na ʼn intieme verhouding met God sal streef.
- Dat beide sal tap vanuit die geestelike bron van die spirituele dimensie.

- Dat beide deurgaans op God se verbond van getrouheid gefokus sal wees, wat in ons huwelikmaat verpersoonlik word en wat 'n tuiste vir ons rustelose hart skep.
- Dat vergifnis, wat as die hart van die huwelik beskryf kan word, deurgaans sy regmatige plek sal kry.
- Die siel van 'n huwelik het behoefte aan diepte en nie oppervlakkigheid nie. In hierdie opsig kan die volgende drie spirituele dissiplines tot verdieping, singewing

  en ondersteuning van 'n huwelik lei:

  - Aanbidding
  - Lofprysing
  - Geestelike samesyn met ander medegelowiges

## HOOFSTUK 6

# DIE FORMULERING VAN 'N STRATEGIES-TEORETIESE MODEL

## 6.1 INLEIDING

Soos reeds in die vorige hoofstukke genoem is, word daar in hierdie studie van die prakties-teologiese model van Osmer (2011:4) gebruik gemaak. Die vier stappe van Osmer (2011) se model word soos volg voorgestel:




Die onderhawige hoofstuk verteenwoordig die vierde taak van die model van Osmer, naamlik die pragmatiese taak. Die doel van die pragmatiese taak is om te bepaal hoe daar in betrokke situasies opgetree kan word? (Aansluitend by Osmer se vraag: *"Wat behoort te verander?"*) Osmer (2011:4) beskryf die pragmatiese taak soos volg:

> *"Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the 'talk back'*
> *emerging* when they re-enacted".

Die doel is om uiteindelik verandering of vernuwing tot gevolg te hê. Op hierdie punt brei Osmer soos volg uit:

> "*How might we respond in ways that are faithful and effective? The pragmatic task focusses on strategies and actions that are undertaken to shape events toward desired goals*" (2008:10).

## 6.2 DOELSTELLING

Ten einde praktyk-teoretiese riglyne te kan formuleer, is dit nodig dat integrasie van al die perspektiewe vanuit die voorafgaande drie take van Osmer se model sal plaasvind. Dit impliseer dat inligting uit die eksegetiese navorsing, teologiese literatuur asook die aanverwante wetenskappe verkry, saamgevoeg en geïnterpreteer moet word. Die pragmatiese taak is gevolglik daarop gefokus om strategieë van optrede te bepaal wat die situasie gunstig sal beïnvloed. Die uiteindelike doel volgens Osmer is vervolgens om verandering of vernuwing tot gevolg te hê.

Met betrekking tot die tema van die onderhawige studie gaan die pragmatiese taak om die formulering van ŉ strategiese-teoretiese model ter begeleiding van Christen egpare wat probleme ondervind as gevolg ŉ gebrek aan kennis en begrip ten opsigte van persoon-likheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliksverhouding is.

Volgens Heyns en Pieterse (1990:86) gaan die doelstelling van die pragmatiese taak om ŉ kritiese interaksie wat tussen teorie en praktyk moet plaasvind ten einde by ŉ praktykteorie te kom wat aan die Skrif getrou is. Binne hierdie kritiese interaksie tussen teorie en praktyk moet die teorie ook vir bystellings en verstellings oopstaan. Hierdie praktykteorie moet vervolgens ook aan die praktyk getrou wees. Eers wanneer die teorie- en praktykaspekte in die praktykteorie ingebou is, kan dit die praktyk opskerp, verbeter, ondersteun en rig.

Die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk sien soos volg daar uit:
Pastorale berading (6.3)

- Die belangrike rol van pastorale berading (6.3.1)\

- Definiëring van die pastoraat (6.3.2)
- Definiëring van pastorale berading (6.3.3)
- Onderskeidende kenmerke van pastorale berading (6.3.4)
- Die persoon van die pastorale berader (6.3.5)
- Omvang van pastorale berading (6.3.6)
- Pastorale berading as sielesorg (6.3.7)
- Pastorale berading as geestelike leiding (6.3.8)

Die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk handel oor die volgende aspekte:
- Formulering van 'n eie strategies-teoretiese model (6.4)
- Die nege stappe van die strategies-teoretiese model **(**6.4.3 tot 6.4.11).

## 6.3 PASTORALE BERADING

### 6.3.1 Die belangrike rol van pastorale berading

Wat is die hedendaagse rol van pastorale berading? Clinton, Hart en Ohlschlager (2005:4) asook Crabb (2005:15) verwys daarna dat mense van die 21^st eeu desperaat na hoop en nuwe lewe soek. Hierdie soeke beklemtoon die kritiese belangrikheid van goddelike leierskap, diensbaarheid en Christelike berading. Ripley & Worthington (2014:41) verwys na disfunksionele egpare as miserabele mense wat desperaat vir hulp is. Clinton, *et al*. (2005:4) dui daarop dat een van die redes waarom pastorale berading belangrik is, is die feit dat disfunksionele huwelike, disfunksionele kinders kweek wat tot 'n disfunksionele kringloop lei. Verder is die skokkende feit dat die egskeidingsyfers van Christen egpare, nie veel van die van ongelowige egpare verskil nie (Clinton, *et al*., 2005:4; Stoop & Stoop, 2007:7).

Vandaar die vraag, wat is die rol van pastorale berading? Volgens Collins (2008:4) is die rol van pastorale berading om persoonlike groei en ontwikkeling te stimuleer en mense te help om probleme, innerlike konflik en verlammende emosies doeltreffender te hanteer. Verder kan dit ook enkelinge, gesinslede of getroude pare help om interpersoonlike spanning uit die weg te ruim of om meer doeltreffende verhoudings te vestig terwyl dit ook kan help om selfvernietigende lewenspatrone, wat tot ongelukkigheid lei, te vervang. Pastorale berading het ook die besondere doelwit, naamlik om persone tot 'n persoonlike verhouding met Jesus

Christus te help en daardeur vergifnis en verligting van die verlammende gevolge van sonde
en skuld te vind. Clinton en Hawkins (2011:1) stel dit dat dit oor die hulp aan persone gaan om meer soos Christus te word en tot ŉ dieper en meer intieme verhouding met God en met ander te groei.

### 6.3.2 Definiëring van die pastoraat

Die woord "pastoraal" is volgens Adams (1975:5) ŉ unieke Christelike term, wat ŉ fundamentele konsep van die Christelike bediening uitbeeld. Adams (1975:65) dui daarop dat die woord "pastor" sy oorsprong in die Bybel het, en verwys na Psalm 23:1, waarin die rol van die pastor of herder in verhouding met sy skape beskryf word wat hy versorg sodat hulle aan niks gebrek sal hê nie.

Heyns en Pieterse (1990:7-8) verwys na pastoraal as die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. God het deur Sy Seun, wat mens geword het, by die mens in die wêreld kom woon. God bly deur sy Gees by die mens in hierdie wêreld, daarom vind die ontmoeting tussen God en mens altyd in hierdie wêreld plaas. In hierdie ontmoeting is daar gewoonlik ander mense betrokke, wat uiteraard ook ŉ bydrae tot die ontmoeting lewer en bemiddelend optree, veral dan ook binne die pastoraat.

Louw, (2015:61) dui daarop dat die pastoraat reflekteer op en handel met die praksis van God en die geloof wat verwant is aan die praksis, binne ŉ lewende sosiale, kulturele en kontekstuele bemiddeling tussen God en die mens. Verder beskryf Louw (2015:62) soos volg die verskil tussen bloot ŉ menslike wetenskap en die pastoraat.

> *A practical theological ontology deals with teleology (the telos or ultimate meaning, purpose and "end" of life in this sense) and theodicy (the attempt to justify faith in God within the context of the reality of evil and the void of human suffering). The dimensions of the intention of the actions of God (the will of God) and our interpretations of God through experiences of faith, which produce God-images (appropriate and inappropriate), are of paramount importance for Practical Theology in order to prevent it from merely being a general human science interested in the phenomenon of religion.*

Binne die pastoraat is daar verskillende begrippe van hulpverlening en troos wat op een of
ander wyse met mekaar in verband staan. Vervolgens word die volgende begrippe kortliks bespreek.

### 6.3.3 Definiëring van pastorale berading

Clinton en Ohlschlager (2002:16) beskryf pastorale berading soos volg:

> "*A triadic healing encounter with the living Christ, facilitated by a helper who assists this redemptive, healing process, helping another unstuck and moving forward on the path to spiritual maturity and psycho-social-emotional health".*

Kellerman (2004:24) beklemtoon dat ware pastorale berading op die Bybelse begrippe van die mens (skepping), probleme (die sondeval), en die oplossing (verlossing) gegrond moet wees. Pastorale berading fokus gevolglik op die proses van heiligmaking waardeur daar al meer na die wil, verhouding, rasionele en emosionele beeld van Christus gegroei word.

Crabb (1977:20) beskryf pastorale berading as die aksie om mense na geestelike groei te begelei en psigologiese volwassenheid in Christus te kweek. Dit impliseer dat mense al meer bevry raak ten einde God beter te dien en te aanbid en in die proses raak hulle ook meer gelykvormig aan die beeld van Christus. Sodanige effektiewe berading verg ŉ omgee-verhouding, begrip van die menslike funksionering asook insig en vaardighede gevul met Christus se liefde.

Clinton en Hawkins (2011:1) beskryf pastorale berading as ŉ bedieningsprofessie, beoefen deur professioneel kliniese beraders, pastorale beraders en ander, wat vanuit ŉ spesifieke Christelike wêreldbeskouing berading bied en verwys soos volg na pastorale berading:

- Al die eer word eksplisiet sowel as implisiet aan Jesus Christus gegee.

- In die geloof word aanvaar dat die Heilige Gees altyd teenwoordig in die beradings-verhouding tussen die berader en beradene is.

Die doelstellings van pastorale berading is veelvuldig, naamlik om mense tydens groot verliese, konfliksituasie, wanorde en verwarring te help – alles met die uitsluitlike doel om die beradene te help om meer soos Christus te word en tot ŉ dieper intiemer verhouding met God en met mekaar te groei (Clinton & Hawkins, 2011:1)

Die verskil tussen Pastorale berading en sekulêre berading is in Kol 2: 6-10 opgesluit, wat aantoon dat deur die aanneming van Christus, deur die geloof, leef die Christen in verbon-denheid met Christus en deur hierdie verbondenheid word die mens deel van Sy volheid.

Die basiese vertrekpunt van pastorale berading is vanuit die Woord asook die realiteit van God Drie-enig. Hierteenoor berus sekulêre berading op menslike tradisie en algemene sekulêre beginsels (Anderson, Zuehlke & Zuehlke. 2000:134). Pastorale berading soek volhardend na ŉ allesomvattende teorie, ŉ metateorie wat kan help om Bybelse wysheid, persoonlikheidsteorie, ontwikkelingsvorms, psigopatologie en spiritualiteit te integreer. So teoretiese perspektief dra tot beter begrip van hoe die mens groei by – nie slegs emosioneel en psigologies nie maar ook spiritueel (Jones, Clinton & Ohlschlager, 2005:51).

### 6.3.4 Onderskeidende kenmerke van pastorale berading

#### 6.3.4.1 Unieke voorveronderstellings

Geen berader is volkome sonder waardes of staan neutraal wat voorveronderstellings betref nie (Collins, 2008:5). Ongeag teologiese verskille behoort elke pastorale berader in God, die natuur van die mens, die outoriteit van die Skrif, die werklikheid van sonde, die vergifnis van God en die hoop vir die toekoms te glo (Clinton & Ohlschlager, 2002:42).

#### 6.3.4.2 Unieke waardes

Clinton, Straub en Sibey (2011:17) wys op die volgende ses unieke waardes van pastorale berading:

- **Eiewaarde**

Een van die belangrikste aspekte van berading is om van eiewaarde en die invloed van hierdie waardes op die beradingsproses bewus te wees. Waardes beïnvloed bykans elke faset van berading: inname, assessering; doelstellings; probleemhantering; terapeutiese tegnieke; uitkomste en evaluering. Navorsing het bewys dat die beradene dikwels die waardes van die berader aanneem. Verskeie navorsing dui daarop dat daar nie so iets soos neutraal ingestelde terapie bestaan nie en waarsku teen twee uiterstes naamlik, om eie waardes op kliënt af te forseer of om berading, los vanaf enige basiese waardes, te probeer doen (Clinton, *et al*., 2011:17).

- **Religieuse waardes**

Vir 'n goeie uitkoms is dit onder andere belangrik dat beide die berader en beradene, religieuse waardes en voorkeure sal hê (Clinton, *et al*., 2011:18).

- **Die belang van ooreenkoms**

Indien daar konsensus by berader en beradene ten opsigte van basiese waardes, geloof uitgangspunte en wedersydse respek is, bevorder dit gewoonlik die terapeutiese proses. Navorsing dui daarop dat Christelike kognitiewe gedragsterapie, met die eksplisiete gebruik van Christelike geloof, gebed en die Skrif, nie slegs net so effektief soos tradisionele kognitiewe gedragsterapie is nie, maar selfs meer effektief, deurdat die beradene se algemene geestelike gesondheid, wanneer dit met God verbind, 'n sin van welstand, lewenstevredenheid asook 'n lewensdoel insluit (Clinton, *et al*., 2011:18).

- **Belangrikheid van 'n veilige en gemaklike omgewing**

Die psigoterapeutiese omgewing behoort deur 'n gevoel van veiligheid en onvoorwaardelike positiewe eerbied vir die beradene se waardesisteem gekenmerk te word. Binne 'n veilige omgewing kan die beradene vrylik uiting aan sy/haar gedagtes, gevoelens en gedrag gee sonder om veroordeel te voel. 'n Professionele berader behoort ook nie sy/haar waardes op die beradene af te dwing nie, maar behoort die beradene toe te laat om te bepaal of sy/haar eie waardes tot negatiewe gedrag en verhoudingsprobleme bydra (Clinton, *et al*., 2011:18).

- **Die beradene se reg tot selfbepaling**

Die beradene se geestelike en religieuse oortuiginge behoort deur die berader gerespekteer te word, selfs al is daar verskille. Dit sou oneties wees om die beradene, op watter wyse ook al, te penaliseer indien daar wel sulke verskille sou wees (Clinton, *et al*., 2011:18).

- **Gepaste protokol in gevalle van waarde konflik**

Dit is eties korrek om ʼn beradene na ʼn ander berader te verwys indien daar ʼn botsing ten opsigte van die berader en beradene se waardes sou wees. Verwysing is ook nodig waar die behoefte van die beradene buite die berader se vermoë of ervaringsveld sou val, of wanneer daar geen vordering in die proses sou wees nie (Clinton, *et al*., 2011:19).

Anderson *et al*., (2000:36) verwoord die basiese oogmerk met hierdie proses soos volg:

> "*The very essence of religion is to adjust the mind and soul of man. Healing means bringing the person into a right relationship with the physical, mental and spiritual laws of God"*.

God se beplanning was dat die mens liggaam, siel en gees in harmonie met Hom sal funksioneer. Die mens is na die beeld van God geskape en daarom behoort die mens in harmonie met God te leef. Psigologiese probleme, wat nie organiese disfunksionering is nie, kom vanuit die mens se sondige natuur en vanuit opstand teen God (Anderson, *et al*., 2000:36). Ondanks meningsverskille rakende psigologie en pastorale berading, dui Collins (2008:12) daarop dat God sy waarheid deur die Bybel, God se geskrewe Woord aan mense, bekend maak maar dat God ook toelaat dat waarheid deur ervaring en bewyse van wetenskaplike ondersoek ontdek word. Die bydrae deur die sielkunde sou gevolglik vir die Christen berader van groot hulp kan wees. Nuwe waarhede moet egter altyd in ooreen-stemming wees en aan die norme van reeds bekende Bybelse waarhede getoets word (Collins, 2008:12).

#### 6.3.4.3 Unieke doelwitte

Net soos die sekulêre berader, strewe die pastorale berader ook daarna om die beradene tot verandering van gedrag, gemoedstoestand, waardes en persepsies te lei. Die pastorale berader gaan egter ʼn stap verder en poog om ook geestelike groei te stimuleer en om sondebelydenis en vergifnis van sonde aan te moedig. Verder poog hy/sy ook om Christelike standaarde, waardes en lewenswyse te bevorder asook die beradene tot ʼn oorgawe aan Jesus Christus aan te moedig (Clinton & Ohlschlager, 2002:42).

#### 6.3.4.4 Unieke metodes

Die pastorale berader gebruik slegs beradingsmetodes wat nie in botsing met die Bybel is nie. Gebruikmaking van die Woord en ook gebed is deel van die beradingsproses (Clinton & Ohlschlager, 2002:43).

Net soos die proses van pastorale berading unieke eienskappe toon, word daar ook sekere basiese eienskappe van die berader self verwag. Ons fokus vervolgens op hierdie besondere eienskappe.

### 6.3.5 Die persoon van die pastorale berader

#### 6.3.5.1 Karaktereienskappe

Gewenste eienskappe van ŉ berader is warmte, sensitiwiteit, begrip, empatie en ŉ gesindheid van liefde. Die beste voorbeeld en rolmodel in hierdie verband is Jesus Christus self. Die kern van pastorale berading kan verder as die betrokkenheid en werking van die Heilige Gees beskryf word (Clinton & Ohlschlager, 2002:43).

Hierdie proses sou ook as die werk van Jesus Christus in en deur die persoon van die berader beskryf kan word – daarom is dit belangrik dat die pastorale berader in die Christelike geloof gegrond sal wees en in Christus geborge is (Clinton, Ohlschlager & Centore, 2005:29). Kolossense 1:27 verwoord iets van hierdie geestelike dinamika:

> "*God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op heerlikheid".*

Aanvullend tot sekere eienskappe is dit belangrik dat die pastorale berader ook ŉ effektiewe persoonlike styl sal ontwikkel.

#### 6.3.5.2 Die ontwikkeling van ŉ persoonlike berading styl

Dit is belangrik dat die berader vir hom/haarself ŉ persoonlike model vanuit al die beskikbare teorieë en tegnieke sal ontwikkel. Die beradingsverhouding is ook belangrik omdat die berader met behulp hiervan kan bepaal watter riglyne en benadering op die betrokke individue se unieke situasie van toepassing sal wees. Onder leiding van die Heilige Gees kan daar vervolgens gepoog word om teoretiese konsepte op ŉ praktiese

wyse op die beradene se persoonlike situasie van toepassing te maak (Clinton, *et al.,* 2005:30).

**6.3.5.3 Die grondliggende basis van pastorale berading**

Verantwoordelikheid kan nie sonder outoriteit gedelegeer word nie. Die Skrif bied aan die pastorale berader die outoriteit en die Skrif is die fondament van waarheid (Clinton, *et al.,* 2005:31). 2 Timoteus 3:16-17 verwoord hierdie aspek treffend:

> ”*Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en die regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees* vir elke goeie werk.”

**6.3.5.4 Introspeksie**

Diegene wat ’n roeping het om ander te help, is aangetrokke tot die professie van berading en deur introspeksie kan hy/sy bepaal in watter mate hulle aan die vereistes van ’n pastorale berader voldoen. Die volgende vrae kan van hulp wees:

- Het ekself nog enige onopgeloste emosionele of geestelike probleme?
- Is ek geestelik volwasse genoeg om ander geestelik te kan lei ?
- Is ek tot openheid, afhanklikheid en medelye gewillig en het ek ’n gesindheid waar ek nie ander veroordeel nie?
- Is ek gewillig om myself aan die algemene stres en spanning bloot te stel wat met berading gepaard gaan?
- Is ek gewillig om ware Christelike sorg te bied, al sou ek nie van sekere beradenes hou nie ?
    - Het ek begrip vir die feit dat pastorale berading nie noodwendig die finale antwoord vir elkeen gaan wees by wie ek betrokke mag raak nie?
    - Sien ek kans vir die nodige voorbereiding, opleiding en ’n gewilligheid om onder toesig te werk?
    - Is ek tot voortgesette opleiding bereid solank as wat ek as pastorale berader praktiseer? (Clinton, *et al.,* 2005:31).

### 6.3.6 Die omvang van pastorale berading

Die hedendaagse pastorale berader vervul 'n verskeidenheid rolle, waarvan sommige of al

die volgende aspekte deel van kan uitmaak:

- ***Hulpverlening*** – dit hou met probleemhantering binne verhoudings, gedrag, spiritueel of emosioneel verband.
- ***Konsultan****t* – hulpverlening aan persone om situasies te analiseer, te evalueer en lewensbelangrike besluitnemings.
- ***Onderrig*** – deur onderrig en Bybelse waarhede lei die pastorale berader persone tot insig en fasiliteer hy/sy strategieë vir probleemhantering.
- ***Toesig*** – dit vind plaas wanneer 'n ervare berader in 'n rol van mentor (*supervisor*) met betrekking tot 'n onervare berader sal optree.
- ***Navorsing*** – hier gaan dit oor empiriese metodes om die Waarheid van God te ontdek en die werk van die berader te evalueer. Navorsing promoveer positiewe hersiening van berading ten einde die huidig veranderende behoeftes aan te spreek (Clinton, *et al.,* 2005:33).

### 6.3 7 Pastorale berading as sielesorg

Daniël Louw (2014:4-5) wys op die feit dat die woord *splanchnizomai* in die algemeen vir die sorg van Christus gereserveer word soos in die medelye van God die Vader geopenbaar. Verder ontgin sielesorg sy unieke teorie en identiteit van *ta splanchna,* naamlik die medelye van God, wat 'n pastorale antropologie en karaktereienskappe van *habitus* in die dissipline van pastorale sorg bepaal. Medelye, koinonia en die gawes van die Gees skep 'n pneumatiese praksis van hoop en diakonale uitreik na ander. In *splanchna* word die natuurlike menslike gekunsteldheid en empatie deur kenotiese liefde en Goddelike selfopoffering (*self-giving*) verfyn en getransformeer en dit word die fondament van dit wat die gees van die kerk is, naamlik nuwe lewe en hoop. Medelye in hierdie sin verteenwoordig transformasie van die mens deur die bonatuurlike daad van medelye deur God in die inkarnasie (Christologie) en die bewoning (pneumatologie).

Vine, Unger & White (1996:588) bied die volgende definisie van sielesorg: Die woord *siel* is vanuit die Griekse woord *psuche,* "die asem, asem van die lewe" en die Latynse woord vir die versorging van die siel *cura animarum* vertaal*. Cura* beteken "omgee vir" of "genesing vir" en *animarum* beteken "asem, bries, lug wind". Sielesorg in die

strengste sin van die woord behels letterlik *omgee vir en genesing van die asem wat ons lewe skenk*. Dit is die versorging van die diepste behoefte van die siel.

Voorbeelde van sielesorg in die Bybel: Eksodus 3:16; 1 Sam. 3:9; 2 Sam. 12: 7; Mat. 14:13; Mark. 1:35; Gal. 6:2. Sielesorg is oorspronklik ŉ konsep wat deur monnike beoefen is, waardeur manne mekaar die diep misteries van God leer en ook hoe om in afsondering te

gaan (Clinton, Hawkins & Carboneu, 2011:16).

Volgens Clinton *et al.* (2011:16) is die doel van sielesorg, om dieper as die oppervlak van die tipiese Christelike fasade van die mens te delf en mense tot innerlike waarheid, die senter van hul siel wat na gelykvormigheid aan Christus streef, te bring. Sielesorg behels vier primêre elemente: genesing, volharding, versoening en leiding. Die genesende deel kan liggaamlike sowel as geestelike genesing insluit, die fokus is altyd holisties, heel en heilig (Moon & Benner, 2004:11).

In sielesorg werk die drie-enige God en die Christen berader saam om die beradene tot ŉ dieper vlak van eenheid en kommunikasie met God te bring. Crabb (1999: 182) verwys na die lewe as ŉ reis na ŉ onbekende land, langs ŉ vreemde pad wat die mens soms nie vind nie. Dit is ŉ reis van die siel na sy bestemming en huis.

### 6.3.8 Pastorale berading as geestelike leiding

Louw (2014:9) bied ŉ baie volledige verduideliking van geestelike leiding wanneer hy op die volgende aspekte in hierdie verband wys:

- ***Hermeneutiese begrip****.* Daar moet hermeneutiese begrip ten opsigte van die onderlinge verhoudings van die verskillende eksistensiële sake wees sodat die groter prentjie gesien kan word, wat tot die begrip van die verband tussen lyding, geestelike behoeftes en moontlike eksistensie en geestelike patologie bydra. Genesing gaan nie soseer oor die oplossing en antwoorde nie maar meer oor houding, visie, betrokkenheid (*commitment)*, oortuiging, sinvolle interpretasie en realistiese insig.
- ***Geestelike netwerking****.* Christelike geestelikheid, met basiese teologiese beginsels, word tot die eksistensiële werklikhede en behoeftes van die lewe verbind en

sodoende word geestelikheid ŉ konkrete eksistensiële lewenssaak. Geloof word ŉ noodsaaklike element van die mens se daaglikse bestaan en Christelike geestelikheid infiltreer die
realm van angs. Geestelikheid bied ander opsies vir angs en die uiteindelike gevaar gebiede van diskriminasie en stigmatisasie. Angs verdwyn nie noodwendig nie. Die gepaste benaming, herformulering en insig in die verband tussen die verskillende eksistensiële netwerke van die lewe, help die gelowige egter om die sin van die lewe te ontdek en voorsien ŉ bron van geestelike heling.

- ***Herformulering en verandering****.* Genesing handel oor verandering, dieselfde saak, gesien vanuit ŉ ander hoek of perspektief. Geestelike krankheid en patologie tree in wanneer ŉ persoon se visie verward en eensydig raak. Die perspektief van geloof stuur ŉ boodskap van ondersteuning en vertroue wanneer die fisiese bewyse in die teenoorgestelde rigting wys.
- ***Hoop en visie*****.** Om die groter prentjie te kan raaksien is reeds ŉ eksistensiële vorm van hoop. Die geestelike dimensie voorsien stabiliteit en bestendigheid, binne die onbestendige – geestelikheid voorsien oriëntasie ondanks disoriëntasie. Hoop vanuit die Christelike perspektief is nie wensdenkery nie, dit handel oor geloof en vertroue. Christelike geloof is ook nie die alternatief van pessimisme nie, geloof val binne ŉ ontologiese kategorie, wat ŉ nuwe wese met vernuwende denke beskryf.

Wanneer daar met pastorale versorging besig is, gaan dit ook om geestelike leiding wat aan die beradene gebied word. Moon en Benner (2004:11) dui aan dat die Engelse frase "*care of souls*" van die Latyn *cura animarum* afgelei is*. Cura* word algemeen as sorg vertaal, tog bevat dit ook die element van genesing: sorg en genesing. Sorg verwys na die optrede om die welsyn van ŉ persoon te ondersteun en genesing verwys na die herstel van die welsyn wat verlore is. Die Christelike kerk het histories albei hierdie fasette van *cura* aanvaar en daarom verwys geestelike leiding na beide versorging en genesing.

Benner (2002:188) beskryf geestelike begeleiding as ŉ proses waar die berader in gesprek tree en ook saam met ŉ beradene bid by wie daar ŉ soeke na ŉ dieper persoonlike verhouding met God is. So gesamentlike sessie is gerig op ŉ dieper bewuswording van God in die beradene se lewe asook die fasilitering van ŉ oorgawe aan God se wil.

Moon en Benner (2004:97) verwoord iets van hierdie proses soos volg:

> *"Spirituality is the human capacity for a relationship with God as revealed in Jesus Christ through the Spirit."*

Clinton (2011:16) beskryf geestelike formasie as die dinamiese proses waardeur die Woord van God deur die Heilige Gees van God op die hart en verstand van die kind van God toegepas word sodat hy/sy meer soos die Seun van God kan word.

Die rigting van beide berading en geestelike leiding beweeg op dieselfde pad, die pad na geestelike transformasie, wanneer die berader en die beradene volle verwagting het dat die Heilige Gees tussenbeide sal tree en bonatuurlike verandering in die lewe van die beradene sal bewerkstellig. Hierdie proses kan verstaan word as die "transformasie van die gees" (Clinton, 2011:16; Clinton & Ohlschlager, 2002:52). Die gevolge van hierdie proses in mense se lewens word onder andere deur Paulus in 2 Korintiërs 1: 3-4 verwoord. Mense se lewens word sodanig deur die lewe van Jesus Christus beïnvloed dat hulle al meer die beeld van God kan reflekteer. Hierdie reflektering vind veral ook plaas wanneer daar na ander uitgereik word wat vervolgens, te midde van moeilike omstandighede, getroos en bemoedig word met die vertroosting en bemoediging waarmee ons self deur God getroos word (Clinton& Hawkins, 2011:17).

## 6.4 FORMULERING VAN 'N EIE STRATEGIES-TEORETIESE MODEL

Soos reeds vermeld in hoofstuk 1 (1.4.2) verkeer die huwelik as sodanig in Suid Afrika in nood en daarom is die navorsing daarop gefokus om te bepaal of ŉ vroegtydige bewusmaking by huwelikspare, ten opsigte van verskille in persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk, positief tot gesonde huweliksverhoudings sou kon bydra sodat minder huwelike in die egskeidingshof eindig en minder gesinne dus verbrokkel (1.4.2).

Bogenoemde motivering bied rede vir die formulering van ŉ strategies-teoretiese Skrifgefundeerde beradingsmodel vir die pastorale begeleiding van Christen egpare. Misverstande in hierdie verband gee aanleiding tot wrywing, emosionele seer en verwerping aangesien die optrede van persone verkeerdelik geïnterpreteer en hanteer word (1.4.2)

Begeleiding aan die hand van die voorgestelde model sal meer kennis by egpare tuisbring en dit sal weer tot 'n beter begrip lei van waarom ander nie dinge sien en beleef soos jyself nie. Hierdie kennis sal ook help om nie eie gawes of leefstyl op ander af te dwing nie, maar God se individuele roeping vir elke mens te respekteer. Individuele verskille is deel van God se plan aangesien die verskillende gawes mekaar komplementeer (1.4.2).

Ten einde uitvoering aan die voorgestelde doelwitte van hierdie studie te gee, word die resultate van al die voorafgaande hoofstukke vervolgens in ŉ oorkoepelende strategies-teoretiese model ingetrek.

### 6.4.1 Inleiding

In Hoofstuk 2, is ŉ literatuurstudie vanuit die Psigologie en die Sosiologie met betrekking tot perspektiewe aangaande persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huwelik is gedoen. Op hierdie wyse is gepoog om vanuit ŉ metateoretiese invalshoek die tema van hierdie studie te verken (2.1). Die versameling van gegewens vanuit die aanverwante wetenskappe met betrekking tot ŉ spesifieke tema hou volgens Osmer met die interpreterende taak verband en dit is gevolglik ook die terrein waarop die fokus in hoofstuk 2 (2.2) gerig is.

Osmer (2011:170) beklemtoon dat geen enkele perspektief die volle betekenis bevat nie en daarom is multidissiplinêre perspektiewe nodig vir beter begrip van die onderskeie verskyn-sels (2.2). Om die fenomeen te ondersoek, te probeer verstaan en te verklaar word die inligting wat in Hoofstuk 2 versamel is gevolglik ook binne die formulering van ŉ strategiese model ingetrek.
Binne die sosiologie val die klem op die bestudering van individuele gedrag, wat sosiaal van aard is en faktore wat sosiale gedrag en sosiale lewe beïnvloed (2.3.1). ŉ Snit vanuit die sosiologie dui daarop dat individue se behoeftes ten opsigte van interpersoonlike aange-trokkenheid en hegte verhoudings verskil (2.3.1).

ŉ Sosiologiese studie deur Terman en Buttenwieser, reeds in 1930, het die volgende uitkomste gelewer:

- Egpare, gelukkig of ongelukkig getroud, neig om met iemand waarmee daar gemeenskaplike ooreenkomste is, te trou. Dit blyk vanuit die antwoorde op die 500 vrae wat aan hulle gestel is.
- Geluk word deur die graad van ooreenstemming of verskille beïnvloed. Hoe meer ooreenkomste daar is, byvoorbeeld oor aspekte soos konflikhantering, belewing van ander mense en bydraes tot welsyn van ander, hoe gelukkiger is die verhouding.
- Dit mag wees dat hoe langer egpare getroud is, hoe meer stem hulle ooreen en dat ooreenstemming die resultaat, eerder as die rede van geluk kan wees.
- Baron *et al.* (2009:261) toon aan dat meer onlangse navorsing dieselfde uitkomste toon as in die studie deur Terman en Buttenwieser 1930 (2.3.1.2).

In 2.3.1.3 is na faktore verwys wat ʼn rol in huweliksgeluk speel en in hierdie verband het dit
geblyk dat die huwelik ʼn hegte verhouding impliseer wat deur wedersydse afhanklikheid gekenmerk word – binne hierdie hegte verhouding beïnvloed die twee individue mekaar se lewens, hulle deel gedagtes en emosies en neem aan gesamentlike aktiwiteite deel. Dit het ook geblyk, dat sedert die antieke Griekse tye, mense aanvaar het dat persoonlikheids-eienskappe ʼn effek op hegte verhoudings het (2.3.2).

### 6.4.2 Samestelling van ʼn model

In ʼn metodologiese model gaan dit oor ʼn werkswyse waardeur die verkeer tussen teorie en praksis vergemaklik kan word. Dit sou ook met ʼn pad vergelyk kan word wat die roete tussen teorie en praksis aandui (Heyns en Pieterse, 1999:38). Die strategies-teoretiese model wat aan die orde gestel word, word uit nege stappe saamgestel (6.5.2 tot 6.5.10).

In hoofstuk 1 (1.4.2) is daar reeds op die volgende breë kontoere van so tentatiewe model gewys:

- Stap 1: Die identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes.
- Stap 2: Ontdekking van elke individu se tipe persoonlikheid.
- Stap 3: Die identifisering van die eie Godgegewe persoonlike styl en vermoëns.
- Stap 4: Identifisering van ʼn eie dryf en passie.

- Stap 5: Identifisering van elke huweliksmaat se liefdesfaktor (met 'n skaal waarvolgens elke individu gemeet kan word aan riglyne gebaseer op 1 Kor 13).
- Stap 6: Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes.
- Stap 7: Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees.
- Stap 8: Identifisering van 'n aantal deurslaggewende elemente betreffende elke individu se unieke verwysingsraamwerk.
- Stap 9: Praktiese riglyne vanuit die Woord rakende verhoudings.

Vanuit die onderskeie hoofstukke van hierdie studie het geblyk dat bovermelde nege komponente van kritiese belang is en inderdaad deel van 'n finale model behoort te wees.

Die navorser se lewens- en wêreldbeskouing is op die vertrekpunte van die Gereformeerde tradisie (die *Sola Scriptura*-benadering) gebaseer wat bely dat die Skrif outoriteit as die ewige en altyd geldende geïnspireerde Woord van God het waardeur God sy betrokkenheid in die wêreld tot openbaring bring (1.9).

Die implementering van hierdie model in die beradingspraktyk sal met gebed gepaard gaan en geskied onder leiding van die Heilige Gees.

Vervolgens gaan elk van bovermelde stappe in meer detail bespreek word:

### 6.4.3 Stap 1: Identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes

Die eerste stap van die strategies-teoretiese model hou met die identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes verband. Romeine 12:6 stel dit duidelik dat gelowiges genadegawes besit wat volgens die genade wat aan hulle gegee is, verskil. Dit is hieruit dus duidelik dat individue in terme van genadegawes sal verskil en daarom is die belangrike vraag wat hieruit voortspruit die volgende: "*Wat is my Godgegewe genadegawes?"*

Bugbee (2009:15) verwys na, wat volgens sy mening, die twee belangrike aspekte van elke mens se lewe is, naamlik enersyds self-identifikasie as unieke persoon deur God geskape; en andersyds die ontdekking hoe om vervuld en vrugbaar binne 'n sinvolle

plek van diens te lewe (3.4.1.1). Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord sal van egpare verwag word om ŉ vraelys in te vul wat spesifiek op hierdie aspek fokus. Die vraelyste wat in hierdie verband oorweeg is met betrekking tot hierdie eerste stap, is die volgende:

- *Vraelys deur Bugbee***,** Bylaag 1 (3.7). Daar word in 3.4.1.1, in tabelvorm, ŉ oorsig van Bugbee se beskrywing van die onderskeie geestelike gawes gebied.
- *Vraelys deur Rees*, Bylaag 6 (3.7). Rees dui daarop dat die Heilige Gees ŉ bedieningsveld vir elke spesifieke gawe beplan en daarom is elke gawe belangrik. Geestelike gawes is gevolglik die sleutels tot die vervulling van elke mens se Koninkryksdoel op aarde (3.4.1.1). Rees definieer ŉ geestelike gawe soos volg:

  > *"A God-given special ability, given to every believer at conversion by the Holy Spirit, to share his love and strengthen the body of Christ."(*3.4.2.1).

  Rees stel ŉ tabel van 20 gawes saam en beskryf die twintig gawes, elk met ŉ verduideliking wat die persoon kan help om sy/haar geestelike gawes te herken (3.4.2.1).
- *Die Houts vraelys,* soos deur Wagner verwerk, Bylaag 11 (3.7). Wat die inhoud betref het die Houts vraelys uiteindelik geblyk die mees ideale met betrekking tot hierdie studie te wees – veral omrede die benadering van hierdie betrokke vraelys goed binne die Gereformeerde tradisie figureer, wat die basiese vertrekpunt van hierdie studie as geheel is (3.4.3.1)

Na voltooiing van die vraelys deur die huwelikspaar sal die resultate met elkeen en ook met mekaar bespreek word.

### 6.4.4 Stap 2: Identifisering van die individu se tipe persoonlikheid

Die tweede stap in die strategies-teoretiese model is die identifisering van die egpaar se individuele persoonlikheidstipes. Die twee modelle wat hiervoor gebruik gaan word, is dié van Rees, Bylaag 9 (3.7) asook die DISC profiel ontleder, Bylaag 13 (3.7).

In Hoofstuk 3, (3.4.3.2) is ŉ volledige beskrywing van die model van Rees gegee. Die DISC profiel ontleder, Bylaag 13 (3.7), is die tweede model wat as deel van die onderhawige model gebruik word. Die DISC profiel ontleder leen sigself ideaal tot die identifisering van individue se besondere persoonlikheidskomponente, veral ook binne die huwelik. ŉ Volledige beskrywing van die DISC profielontleder is in Hoofstuk 3 (3.4.3.2) gegee.

ŉ Verdere bron wat lig op die onderwerp van persoonlikheidstipes werp, is die boek van Les en Leslie Parrott, "*Saving your marriage before it starts"* (2006). Hulle beklemtoon dat God elke persoon uniek geskape het en vandaar die verskille – om hierdie uniekheid te ontken, lei tot toneelspel (*pretence*) en nie tot vennootskap (*partnership)* nie (Parrott & Parrott, 2006:138).(3.4.3.2).

Die SYMBIS (*Save your marriage before it starts*) evaluering wat deur die Parrotts saamgestel is, dui op die volgende agt persoonlikheidstipes (Parrott, 2006:178-180):

- Presterende eggenoot: Feitelik, effektief en logies.
- Baanbreker eggenoot: Resultaatgeoriënteerde, onbeskroomde en innoverende.
- Besielende eggenoot: Oortuigend, uitgaande en entoesiasties.
- Verklarende eggenoot: Optimisties, bemoedigend en verbaal.
- Meewerkende eggenoot: Diensgeoriënteerd, vredemaker en geduldig.
- Standvastige eggenoot: Lojaal. ernstig en ywerig.
- Bedagsame eggenoot: Toegewyd, akkuraat en gedissiplineerd.
- Beredeneerde eggenoot: Ordelik, konsensieus en versigtig.

Hierdie evaluering kan tesame met die bogenoemde twee vraelyste deur die egpaar voltooi word. Daar sal saam met die egpaar ten opsigte van die bovermelde agt persoonlik-heidstipes besin word ten einde vas te stel waar elkeen se persoonlikheid inpas. Wat belangrik betreffende persoonlikheidstipes is, is dat een tipe persoonlikheid nie beter of slegter as die ander is nie – elkeen het sy sterkpunte en binne die huwelik kan die egpaar mekaar, deur middel van hul sterkpunte, aanvul en ondersteun (3.4.3.2).

Aansluitend by laasgemelde kategorieë van die Parrotts sal daar saam met die egpaar ook op die volgende ses teenoorstaande persoonlikheidskomponente gelet word, soos deur Chapman (2010b:129-142) geformuleer, en wat in hoofstuk 5.7 meer in detail hanteer is. Ook in hierdie geval moet gepoog word om vas te stel watter van hierdie ses komponente van toepassing mag wees. Insigte wat hieruit mag voortspruit kan alles tot beter begrip vir mekaar se persoonlikhede bydra.

- **Half vol of half leeg**

  Die pessimis en die optimis is dikwels tot mekaar aangetrokke. Die optimis sien die glas as half vol en die pessimis sien dit as half leeg (Chapman, 2010b:129).

- **Netjies of slordig**

  Almal is nie ewe netjies nie en dit is nie altyd vir die ander persoon maklik om te verstaan waarom hulle so verskil nie. Dit is wel moontlik om oor ŉ oplossing te onderhandel (Chapman, 2010b:132).

- **Die Dooie See of die borrelende fontein**

  Sommige persone kan maklik en spontaan gesels terwyl ander dinge meer oordink en

  nie maklik hulle gevoelens deel nie. Chapman (2010b:134) verwys metafories na die spontane persoon as die "borrelende fontein" en die stil nadenkende persoon as die "Dooie See".

- **Aggressief en passief**

  Die aggressiewe persoon is geneig om tot uiterstes te gaan en alles menslik moontlik te doen ten einde hulle doelwitte te bereik. Hierteenoor sal die passiewe persoon tyd spandeer om dinge te oordink, daaroor te wonder en dinge te ontleed. Indien hierdie twee persoonlikhede egter kan leer hoe om mekaar te komplimenteer, kan hulle saam baie bereik (Chapman, 2010b:138).

- **Die Professor en die danser**
  Sommige persone is uiters logies in hul denke en redenasies. Hulle werk deur rasionele stappe tot ŉ logiese gevolgtrekking. Ander volg geen stappe nie en neem intuïtiewe besluite (Chapman, 2010b:138).

- **Die organiseerder en die vry gees**
  Die 'organiseerder' is op detail gesteld, terwyl dit geensins van belang vir die 'vry gees' is nie. Die 'organiseerder' doen deeglike beplanning van alles, terwyl die 'vry gees' alles impulsief doen.

### 6.4.5 Stap 3: Identifisering van die eie persoonlike styl en vermoëns

Die derde stap van die voorgestelde strategies-teoretiese model is die identifisering van die egpaar se individuele persoonlike styl en vermoëns. Soos reeds vermeld, het Rees (2006) en Bugbee (2009) besondere bydraes gelewer wat vervolgens slegs kortliks weer aan die orde gestel word.

- ***Verhelderende insigte vanuit Rees se navorsing***

Rees (2006:73) dui daarop dat natuurlike vermoëns (*abilities*) aan die hand van die volgende drie vrae geïdentifiseer kan word (3.4.3.3):

- Wat is dit wat ek graag wil doen?
- Wat is dit waarvan ek hou om te doen?
- Wat is die dinge waarsonder ek kan lewe?

Rees (2006:74-75) formuleer vervolgens ŉ lys van vyftig gespesialiseerde vermoëns wat as Bylaag 8 aangeheg is en deel van die *S.H.A.P.E. for life profile* vorm (vgl**.** 3.7). Aan die hand van hierdie lys kan individue gehelp word om hulle besondere vermoëns te herken, en sodoende meer in besonder op die dinge wat hulle graag doen, te fokus. Dit is goed indien egpare hierdie vraelys saam deurwerk om sodoende van mekaar se sterkpunte asook van mekaar se verskille kennis te neem. Aansluitend hierby kan daar saam met die egpaar ook deur Bylaag 9, wat ook deel van die S.H.A.P.E*. for life profile* vorm*,* gewerk word Volgens hierdie riglyne kan individuele persoonlikhede geïdentifiseer kan word. Die S.H.A.P.E. *for life profile* word deur die voltooiing van Bylaag 6, 8 en 9 saamgestel en die resultate van hierdie drie vraelyste word saam in Bylaag 7 verwerk, en vorm vervolgens die S.H.A.P.E. *for life profile* van Rees (2006).

- ***Insigte vanuit Bugbee se navorsing***

Bugbee (2009:62) verwys na persoonlike styl as die wyse waarop elke persoon met die wêreld rondom hom/haar in verband staan. Elke individu het sekere voorkeure en keuses wat tydens interaksie en in verhouding met ander uitgeoefen word. Verhoudings wat nie jou voorkeur styl toelaat nie, verg gewoonlik meer tyd, energie en sensitiwiteit. In hierdie verband is ŉ baie toepaslike vraag die volgende: *"Wat verskaf aan my energie en wat dreineer my energie?*

Ten einde hierdie vraag te beantwoord het Bugbee die *Persoonlike styl vraelys* saamgestel soos in Bylaag 2 weergee (3.7).

Mense verskil in die opsig dat een persoon energie deur betrokkenheid by ander mense sal ontvang terwyl ŉ ander persoon eerder take sal voltooi – so is die een persoon meer gestruktureerd as die ander persoon. Die gestruktureerde persoon verkies ŉ lys van prioriteite terwyl die ongestruktureerde persoon eerder verskillende opsies verkies.

Die klem is hier op die individu se persoonlike styl en die vrae is op daardie aspekte gefokus wat aan die individu energie verskaf en ook vasstelling van die mate van geordendheid en organisasie by die betrokke persoon. Die antwoorde word volgens ŉ kontinuum ingevul met die genoemde eienskappe aan die teenoorgestelde pole, byvoorbeeld gestruktureerd en
ongestruktureerd. Dit is belangrik dat elke persoon sy/haar posisie op so ŉ kontinuum sal bepaal aangesien elke persoon gemaklik binne ŉ bepaalde area funksioneer. Voortdurende beweging buite die gemaksone van persoonlike styl en voorkeur het verveling of uitbranding tot gevolg (Bugbee, 2009:65) (3.4.3.3).

Die aantal vrae soos in Bylaag 2 (3.7), word meer volledig in Hoofstuk 3 (3.4.3.3) van hierdie studie bespreek en dit dien as handige hulpmiddel om persoonlike styl te identifiseer. Bugbee (2009:72) beklemtoon dat kennis van jou persoonlike styl jou sal help om ook jou persoonlike verhoudingstyl te verstaan en daarom is hierdie tipe insig so belangrik ook vir die huweliksverhouding.

### 6.4.6 Stap 4: Identifisering van ʼn eie dryf en passie

Die vierde stap van die strategies-teoreties model is die identifisering van die egpaar se individuele God-gegewe persoonlike dryf en passie. Eie dryf en passie is meer volledig in Hoofstuk 3 bespreek (3.4.3.4). Bugbee (2009:81) beskryf passie as die God-gegewe begeerte wat jou dwing om op ʼn bepaalde gebied ʼn verskil te maak. Rees (2006:56) stel dat elke egpaar hul individuele dryfkrag en passie deur riglyne soos die volgende kan ontdek (vgl. 3.4.3.4):

- Weet wat is jou dryfveer.
- Weet vir wie jy omgee.
- Weet in watter behoefte jy wil voorsien.
- Ken die saak wat jy wil oorwin.
- Ken jou uitsluitlike droom vir die Koninkryk van God.

Bugbee (2009: 82-85) verwys na die volgende aantal passie-aanduiders (vgl. 3.4.3.4):

- Wat is dit wat jou opgewonde maak om oor te gesels?
- Waaroor droom en visualiseer jy?
- Maak ʼn lys van jou prestasies, slegs dit wat jy baie geniet het.
- Wat is dit wat jy graag doen?
- Waar maak jy ʼn sinvolle verskil?
- Wat is dit wat aan jou energie verskaf?
- Onderwerp jou passie aan die volgende twee vrae:
  - Word God daardeur vereer?
  - Bou of voed dit ander mense op?

Binne die voorgestelde model gaan ʼn kombinasie van die vrae met betrekking tot passie deur Rees en Bugbee soos volg gebruik word (vgl. 3.4.3.4):

- Wat motiveer jou? Dit wat jou hart aanraak en waarin jy graag deur jou bydrae ʼn verskil wil maak. Daardie diepe begeerte wat aan jou emosionele en fisiese energie verskaf.
- Wat is die saak of behoefte wat jy wil aanspreek? Dit wat vir jou instinktief belangrik is – die doelwitte wat jy graag in daardie bepaalde saak wil bereik. Die saak of behoefte bepaal in ʼn groot mate die teikengroep.

- Wat is die struikelblokke in die uitleef van jou passie? Dit kan byvoorbeeld met die dominante waardes van diegene rondom jou verband hou, byvoorbeeld gebrek aan goedkeuring asook gedrag deur persone wat verwerping ervaar.

Passie kan volgens Bugbee in die volgende ses kategorieë verdeel word en dit word as Bylaag 3 aangeheg (vgl. 3.7):

- Verheerliking en viering (*celebration ministries*)
- Kontakbediening *(connecting ministries*)
- Uitreikbediening
- Toerustingbediening
- Omgeebediening
- Ondersteuningsbediening

### 6.4.7 Stap 5: Identifisering van huweliksmaats se liefdesfaktor

Die vyfde stap van die strategies-teoretiese model fokus op die identifisering van huweliks-maats se liefdesfaktor. ʼn Meer vollediger bespreking van hierdie liefdesfaktor is in Hoofstuk 3 vervat (3.4.3.5). Die klem val hier op die motivering ten opsigte van jou daaglikse optredes

teenoor God, jou medemens en in besonder jou huweliksmaat. Bugbee het op grond van die eienskappe van die liefde, in Korintiërs 13, ʼn vraelys saamgestel wat deur huweliks-maats beantwoord kan word. Hierdie vraelys word as Bylaag 4 aangeheg en dit help egpare om mekaar se harte en emosies op ʼn dieper vlak te leer ken (vgl. 3.4.3.5). Bugbee maak

van die vergelyking tussen slaafse onderdanigheid, wat uit plig dien, teenoor ʼn dienaar wat uit vreugdevolle gehoorsaamheid dien, gebruik (3.4.3.5). Die *Liefdesskaal vraelys* deur Bugbee, as Bylaag 4 aangeheg, sal hier gebruik word.

Aansluitend hierby kan die *Liefdestale vraelys* van Gary Chapman, soos in Bylaag 17 weergee (3.7), ook deur die egpaar voltooi word ten einde mekaar se liefdestaal beter te leer ken. Chapman (2010a:25) verwys na vyf liefdestale en elke individu toon in die algemeen ʼn bepaalde voorkeur vir een van hierdie vyf tale. Hierdie vyf liefdestale is kortliks die volgende:

- ***Opbouende woorde*** – *e*en manier om liefde emosioneel uit te druk, is deur middel van opbouende woorde. Verbale komplimente of woorde van waardering is kragtige kommunikeerders van liefde (Chapman, 2010a:25).
- ***Kwaliteit tyd* –** dit impliseer om aan die ander persoon jaou onverdeelde aandag te gee. Kwaliteittyd laat mense geliefd voel (Chapman, 2010a:27).
- ***Geskenke*** – die ontvang of gee van ŉ geskenk kommunikeer aan talle persone die uitdrukking van liefde (Chapman, 2010a:26).
- ***Diensbaarheid*** – vir die persoon by wie hierdie liefdestaal prominent is, spreek dade duideliker as woorde (Chapman, 2010a:26).
- ***Fisieke aanraking*** – hierdeur kan emosionele aangetrokkenheid en huweliksliefde gekommunikeer word (Chapman, 2010a:27).

Dit verg inspanning om ŉ liefdestaal, anders as jou eie, aan te leer. Om romantiese liefde binne die huwelik lewend te hou, is dit nodig om ŉ suksesvolle oorgang van fase een, euforiese liefde, na fase twee, ŉ dieper romantiese liefde, te maak (Chapman, 2010a:29).

Die faktor van diensbaarheid sluit baie nou aan by die liefdesfaktor en in hierdie verband sal daar tydens hierdie vyfde stap van die voorgestelde model ook aandag aan Bugbee se vraelys rondom diensbaarheid geskenk word. Hiervolgens kan die egpaar hul individuele motivering tot diensbaarheid aan God en aan mekaar bepaal – hierdie vraelys word in Bylaag 5, *Diensbaarheidskaal* vervat (vgl. ook 3.7).

### 6.4.8 Stap 6: Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes

Die sesde stap van die strategies-teoretiese model is die identifisering van huweliksmaats se emosionele behoeftes. Wat hierdie aspek betref gaan daar van die volgende bronne en hulpmiddels gebruik gemaak word:

- Eerstens word hier van die *Emosionele vraelys* van Dr. F. Harley, stigter van die organisasie "*Marriage Builders*", gebruik gemaak soos in sy boek "*His needs, her needs, building an affair proof marriage"* (2011:213-229) weergee. Hierdie vraelys word as Bylaag 15 (3.7) aangeheg. In sy boek verduidelik Harley sy soeke na die regte antwoorde vir persone met huweliksprobleme. Hy het gevolglik begin vra en luister na talle huwelikspare en een van die belangrikste aspekte wat hy

geïdentifiseer het, was die behoefte aan vervulling van mekaar se emosionele behoeftes – hy verwys hierna as die herstel van romantiese liefde vir mekaar (Harley, 2011:13-15; vgl. 3.4.3.6)

- Die tweede hulpmiddel wat in hierdie stap gebruik word, is die *Welstandsprofiel van julle verhouding,* Bylaag 16 (3.7). Die Welstandsprofiel is 'n breë spektrum vraelys, wat die welstand van 'n huweliksverhouding toets. Hierdie vraelys kan waardevol wees mits dit eerlik en spontaan voltooi word (Anon, 2017)

Na voltooiing van bovermelde twee vraelyste sal die resultate saam met die egpaar deurgewerk word.

### 6.4.9 Stap 7: Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees

In hierdie stap word daar as't ware "emosionele argeologiese opgrawings" met betrekking
tot die egpaar se persoonlike lewens gedoen – al die stukke van die legkaart van die verlede moet uitgepak word en dit impliseer onder andere dat alle insidente van pyn, verlies en trauma geïdentifiseer moet word.

Enersyds moet in hierdie punt saam met die egpaar op enige onverwerkte emosies uit die
verlede waarmee hulle steeds mag worstel en wat 'n negatiewe impak op hul verhouding mag hê, gefokus word. Andersyds gaan daar ook op emosionele en geestelike groei asook belangrike lewenslesse gelet word wat uit sulke ervarings sou kon voortspruit en wat in die toekoms binne hul huweliksverhouding toegepas kan word – sulke lewenslesse sou ook van waarde kon wees in hul betrokkenheid by ander persone wat met dieselfde tipe emosionele krisisse mag worstel.

- **Rees se *S.H.A.P.E. for life profile***

Hierdie profiel is reeds in stap 3 gebruik en aangesien dit so volledig is, en ook na belangrike faktore van die verlede verwys, word dit ook weer hier gebruik. Dit gaan dus oor die inhoud van Bylaag 7 waarby Bylae 6.8 en 6.9 ook ingetrek word (vgl. 3.7). Slegs bruikbare gegewens vanuit hierdie vraelyste (wat reeds deur die egpaar ingevul is by

stap 3) wat verband met persoonlike ervarings vanuit die verlede mag hou, sal by hierdie stap sewe ter sprake wees.

- ***Meier Klinieke se vraelys***

Aanvullend tot die inligting bekom deur die *S.H.A.P.E for life profile* (Rees, 2006) word ook van die Meier Klinieke (2017) se omvattende agtergrondinventaris, Bylaag 12 (3.7), gebruik gemaak – egpare sal gevra word om ook hierdie vraelys te voltooi. Hierdie vraelys is deur Dr. Paul Meier saamgestel wat aan die hoof van die bekende Meier Klinieke in die VSA staan. Hierdie klinieke bied reeds vanaf 1976 Christelike berading aan families en individue (vgl. meierclinics.com, 2017). Hierdie agtergrondinventaris help om beter selfkennis te bekom en tegelykertyd ŉ volledige agtergrondgeskiedenis te verkry. Sou daar byvoorbeeld by enige van die huweliksmaats onverwerkte trauma of emosionele verwonding wees, sal dit deur middel van hierdie vraelys geïdentifiseer kan word. Sodanige emosionele bagasie sal vervolgens ook deur die berader met die betrokke persoon deurgewerk moet word.

- ***Collins en Collins (2017) se vraelys***

ŉ Verdere hulpmiddel tot identifisering van onverwerkte pyn en moontlike emosionele verwonding asook groot lewenslesse van die verlede, is die vraelys van Collins en Collins (2017). Hierdie webtuiste is deel van die *Nehemiah Family Ministries* wat beradings-toerusting aan egpare voorsien wat begeer om hul huweliksverbond te verstewig. Hierdie
vraelys bestaan uit 25 vrae en sluit onder andere aspekte soos egskeiding en seksualiteit in. Hierdie vraelys word in Bylaag 14 (3.7), *Huwelikaanpasbaarheidstoets, bespreek*. Die antwoorde van hierdie vraelys bevat soms ŉ versteekte boodskap en in die geval van egpare kan dit byvoorbeeld ŉ duidelike aanduiding van onverwerkte emosionele pyn weergee.

Vanuit die inligting van die gemelde vraelyste onder hierdie sewende stap moet ook op die kwaliteit van alle verhoudinge gefokus word wat elk van die huweliksmaats reeds sedert kinderjare gehad het (*Inventaris van verhoudings*). Hier is dit belangrik om te let op die feit dat verskillende persone op verskillende tye ŉ emosionele invloed op die persoon se lewe uitgeoefen het.

Daar sal vervolgens saam met die egpaar deur die resultate van die vermelde vraelyste gewerk word ten einde alle verwysings na trauma, pyn, verliese, verhoudings, ens., te identifiseer.

### 6.4.10 Stap 8: Identifisering van ’n aantal deurslaggewende elemente betreffende ’n unieke verwysingsraamwerk

Alles wat reeds in die voorafgaande stappe bespreek en uitgelig is, is basies op die eerste belangrike komponent binne die titel van hierdie studie, naamlik *persoonlikheidskom-ponente,* van toepassing. Op hierdie punt verskuif die fokus egter nou na die tweede belangrike komponent, naamlik *deurslaggewende elemente betreffende elke individu se unieke verwysingsraamwerk* met betrekking tot gesonde huweliksverhouding.

Hierdie stap spruit direk voort vanuit die bevindinge in stap 7 aangesien daar ook vanuit die resultate van die vraelyste in stap 7 tegelykertyd vasgestel kan word wat die deurslag-gewende elemente betreffende ’n unieke verwysingsraamwerk ten opsigte van elk van die huweliksmaats is. Elkeen se unieke verwysingsraamwerk kan vervolgens ook meer korrek gedefinieer word.

Aansluitend by die vermelde resultate vanuit die vraelyste van stap 7, sal die belangrikste riglyne wat in Hoofstuk 5 na vore gekom het ook met die egpaar deurgewerk word. In
Hoofstuk 5 het dit gehandel oor belangrike perspektiewe vanuit teologiese literatuur ten opsigte van die unieke verwysingsraamwerk, wat bevorderlik vir ’n gesonde huwelik is. Die belangrikste aspekte in hierdie verband het geblyk die volgende te wees – Les en Leslie Parrott (2006) se sewe belangrike vrae ten einde die mees algemene huweliksproblematiek te ondervang:

- Mites rakende die huwelik. (5.4)
- Kan jy jou liefdesstyl identifiseer? (5.3.3)
- Het jy die gewoonte aangeleer om gelukkig te wees? (5.16)
- Kan jy sê wat jy bedoel en verstaan wat jy hoor? (5.8)
- Het jy die *gender* gaping oorbrug? (5.11).
- Kan jy ’n goeie geveg veg? (5.10.1)

- Is julle sielsgenote? (5.18)

Chapman (2010b) se 12 riglyne wat deurslaggewend met betrekking tot ŉ goeie huwelik kan wees:

- Verlief wees bied nie ŉ genoegsame fondament vir ŉ suksesvolle huwelik nie. (5.3.2)
- Romantiese liefde het twee fases. (5.5)
- Die gesegde, die dogter is soos die ma en die seun soos die pa, is nie ŉ mite nie. (5.11).
- Konflikhantering sonder argumente. (5.8; 5.10.1)
- Apologie impliseer sterkte. (5.10.8)
- Vergifnis nie ŉ gevoel nie. (5.10.9)
- Toilette maak hulle nie self skoon nie. (5.11)
- Finansies moet bestuur word. (5.9)
- Wedersydse seksuele vervulling is nie van selfsprekend nie. (5.12)
- Huwelik maak my deel van ŉ uitgebreide familie .(5.13)
- Kerkbywoning ewenaar nie spiritualiteit nie. (5.18.1)
- Persoonlikheid beïnvloed gedrag. (5.7)

Stoop en Stoop (2007) se sewe deurslaggewende beginsels met betrekking tot ŉ gesonde huwelik is die volgende:

- Maak vriende met die vyand – konflikhantering. (5.10)
- Die situasie blyk hopeloos maar nie fataal nie – kommunikasie. (5.8)
- Geen vrees nie. (5.15)
- Daar is niks om te vrees as net vrees self nie – nabyheid versus intimiteit. (5.15)
- Erken liefde, liefde is passie, intimiteit en toewyding. (5.6.2)
- Vanaf ŉ gevoel van liefde na ware liefde. (5.3.2)
- Leierskap. (5.11)

Hawkins (2005) se nege slaggate waarin talle huwelikspare beland en riglyne om hulle daaruit pastoraal te begelei is die volgende:

- Vermy emosionele uitbarsting. (5.10)

- Vermy probleme wat skade aan die huwelik kan doen. (5.10.7)
- Kommunikasie. (5.8)
- Daar is geen plek vir arrogansie binne die huwelik nie. (5.10.11)
- Belangrikheid van vergifnis. (5.10.10)
- Leer om jou huweliksmaat te komplimenteer. (5.17.1; 5.17.2)
- Stel gesonde grense. (5.11)
- Bêre kwaai woorde. (5.8)
- Waag dit om naby mekaar te kom. (5.18)

Gottman en Silver (2011) se sewe kritiese beginsels ten opsigte van ŉ gesonde huweliks-verhouding is die volgende:

- Vergroot jou liefdeskaart. (5.17.1)
- Versorg jou voorkeure en bewondering. (5.17.2)
- Draai na mekaar toe in plaas van weg van mekaar. (5.17.3)
- Laat jou huweliksmaat toe om jou te beïnvloed. (5.17.4)
- Fokus veral op algemene oplosbare probleme. (5.17.5)
- Oorkom ŉ verkeersknoop. (5.17.6)
- Skep gedeelde betekenis. (5.17.7)

▪ **Samevattende riglyne vir eie model**

Vanuit die bovermelde aantal praktiese riglyne soos deur die onderskeie navorsers verwoord, word die volgende seleksie gemaak om as deel van die navorser se eie voorge-stelde model toegepas te word:

- Verlief wees bied nie ŉ genoegsame fondament vir ŉ suksesvolle huwelik nie.
    - Romantiese liefde het twee fases (5.5).
    - Gee erkenning aan liefde as ŉ passie, intimiteit en toewyding (5.6.2).
    - Beweeg vanaf ŉ gevoel van liefde, na ware liefde (5.3.2).
    - Waag dit om naby mekaar te kom (5.18).
    - Draai na mekaar toe in plaas van weg van mekaar (5.17.2).
- Kommunikasievaardighede is fundamenteel binne die huwelik.
    - Sê wat jy bedoel en verstaan wat jy hoor (5.8).
    - Gee aandag aan die negatiewe rol van vrees binne die huwelik (5.15).
    - Oorkom ‘verkeersknope’ (5.17.6).

- Konflikhantering is ook fundamenteel binne die huwelik.
    - Kan jy ŉ 'goeie' geveg veg? (5.10.1).
    - Konflikhantering sonder argumente (5.10.1; 5.10).
    - Fokus op algemene oplosbare probleme (5.17.5).
    - Vermy emosionele uitbarsting (5.10).
    - Daar is geen plek vir arrogansie binne die huwelik nie (5.10.11).
- Persoonlikheid beïnvloed gedrag.
    - Jou persoonlikheid lei gewoonlik tot spesifieke gedrag (5.7).
    - Leer om jou huweliksmaat te komplimenteer (5.17.1).
    - Vergroot jou liefdeskaart (5.17.1).
    - Identifiseer jou liefdesstyl (5.3.3).
- Rolverdeling binne die huwelik is belangrik.
    - Toilette maak hulle nie self skoon nie (5.11).
    - Skep gedeelde betekenis (5.17.7).
    - Laat jou huweliksmaat toe om jou te beïnvloed (5.17.4).
    - Stel gesonde grense (5.11).
    - Oorkom die '*gender*' gaping (5.11).

- Finansiële bestuur binne die huwelik.
    - Finansies het bestuur nodig (5.9).
- Vergifnis hou ŉ huwelik heel.
    - Belangrikheid van vergifnis (5.10.10).
    - Leer die gewoonte aan om gelukkig te wees (5.16).
    - Apologie impliseer sterkte (5.10.8).
    - Vergifnis is nie ŉ gevoel nie (5.10.9).
- Seksuele vervulling
    - Wedersydse seksuele vervulling is nie vanselfsprekend nie (5.12).
- Skoonfamilie is ŉ werklikheid.
    - Die huwelik maak jou deel van ŉ uitgebreide familie (5.13).
- Geestelike waardetoevoeging
    - Is julle sielsgenote? (5.18).
    - Kerkbywoning ewenaar nie noodwendig spiritualiteit nie (5.18.1).

Hierdie aantal riglyne sal met die huwelikspaar deurgewerk word en dit gaan noodwendig tot nuwe ervarings aanleiding gee. Nuwe besluite oor byvoorbeeld die selfpersepsie moet vervolgens in die praktyk realiseer. Daar moet aangeleer word om mekaar en God te vertrou.

By sommige egpare sal ŉ pertinente keuse gemaak moet word om lief te hê of nie. As deel van hierdie proses sal daar geleer moet word om op God te vertrou en dat Hy veilig en die moeite werd is. Hierdie proses behels klein treetjies en is ŉ aaneenlopende proses en nie ŉ verbygaande fase nie. Fokus op God se bystand en versorging is hier ook van kardinale belang. Gereelde verstellings en aanpassings sal ook nodig wees om die vrugte van die herstelproses ten volle oor die langtermyn te kan geniet.

### 6.4.11 Stap 9: Algemene praktiese riglyne vanuit die Skrif rakende verhoudings

In Hoofstuk 4 is daar ŉ aantal Skriftuurlike perspektiewe met betrekking tot die hantering van verskille in persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk binne die huwelik geïdentifiseer. As deel van die voorgestelde strategies-teoretiese model sal die volgende riglyne en perspektiewe as deel van die negende stap met egpare gedeel word (vgl. 4.2).

- **God se skeppingsplan**

Genesis 2:18-24: God het die mens as man en vrou geskape.
Psalm 139:13-18: God skape elke mens uniek.

- **Enkele Skrifgedeeltes met verwysing na verhoudings**

Romeine12:3-8: Verskille maak eenheid nie ongedaan nie.
1 Petrus3:1-7: Om binne die eenheid verstandig met mekaar saam te leef.
Filippense 2:1-5: Die klem is op eensgesindheid waar die een die ander hoër as hom/ haarself ag, na mekaar se belange omsien en dieselfde gesindheid as Christus Jesus openbaar.

- **Die uitkoms van ŉ Skrifgefundeerde verhouding**

Spreuke 12:4: Die bekwame vrou (man) stel haar man (sy vrou) in staat om haar/sy volle potensiaal te bereik.

- **God se Skeppingsplan**

Genesis 2:18-24: God skep die vrou uit ŉ deel van die man om daarmee aan te dui dat sy nie anders as die man is nie, maar van dieselfde bloed is. God het die huwelik as geskenk aan Adam en Eva gegee en hulle huwelik (Gen 2:23-25) word as die paradigma vir alle toekomstige huwelike geneem (4.3.1.1).

Die huwelik het nie uit enige kultuur ontstaan het nie, maar is deur God ingestel. Die "een word" in die huwelik is allereers ŉ geestelike eenwording terwyl die seksuele intiemiteit as ŉ versterking van die eenheid tussen man en vrou dien. ŉ Huwelik waarin daar gebrekkige
geestelike, emosionele en intellektuele intimiteit is, loop gewoonlik ook op liggaamlike ver-vreemding uit. Arnold (2009: 61) stel dat dit in die huwelik nie slegs oor romanse of oor die opvoeding van ŉ gesin gaan nie, maar die goddelike samevoeging van twee dele van ŉ seksuele eenheid. (4.3.1.1). Gemeenskap sluit veel meer as net seksuele gemeenskap in – dit sluit die geestelike, intellektuele en emosionele dimensies ook in.

- **God skape elke mens uniek**

Psalm 139:13-18: Volgens Ps 139:13-18 skape God elke mens uniek. Aansluitend by die
beskrywing van die wonderbare wyse waarop die mens in die moederskoot geweef is, is uiteraard die persoonlike en unieke situasie van elke ander mens. Op hierdie selfde wyse word elke mens reeds in die moederskoot met sekere persoonlikheidskomponente, as deel van die weefstuk, aanmekaargeweef. Soos wat God die mens van die begin af as man en vrou geskape het, so skep Hy ook elke mens as ŉ unieke wese, elkeen met sy/haar eie unieke verwysingsraamwerk (3.4.2.1).

- **Skrifgedeeltes met verwysing na verhoudings**

Romeine 12:3-8: Dit is so dat verskille nie noodwendig die eenheid binne die huwelik ongedaan maak nie en dit is gevolglik moontlik om met verstandigheid in die huwelik saam te kan leef en die eenheid, ondanks verskille, te kan handhaaf. Eensgesindheid binne verhoudings openbaar die gesindheid van Jesus Christus. Die toepassing van hierdie riglyne, sou onder andere daartoe kan bydra dat beide die man en vrou tot hul volle potensiaal ontwikkel.

Verder is dit belangrik om te besef dat jou gawes deel van 'n liggaam van gawes vorm en dat dit net effektief kan funksioneer indien elkeen sy/haar gawes ken, ontwikkel en gebruik. Binne die huwelik is hierdie beginsel uiteraard van kardinale belang. Wanneer die denke van die mens deur die Heilige Gees vernuwe is, sal die persoon nie 'n oordrewe selfbeeld toon nie, maar in nederigheid die genadegawes wat hy/sy ontvang het aanwend om medegelowiges te dien (4.3.3.1)

1 Petrus 3:1-7: Die sentrale gedagte van die perikoop is dat God se opdrag aan huweliksmaats om mekaar te respekteer en dien, steeds geld, ook in 'n samelewing waar

dit mode en aanvaarbaar geword het om in die huwelik teen die vrou te diskrimineer. Gedrag binne 'n verhouding wat nie God se goedkeuring wegdra nie, affekteer die mens se verhouding met God (Michaels, 1988:171). Die perikoop sluit met 'n opdrag aan die mans af om verstandig met hul vroue saam te leef en om aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer te bewys, omdat hulle mede-erfgename van die genade van die lewe is – dit sal ook die verhoring van die mans se gebede bevorder (4.3.3.2).

Filippense 2:1-5: Die aanhef van die perikoop is die oproep tot eengesindheid binne die gemeente. Barclay (2003:38) verwys daarna dat onenigheid 'n bedreiging vir elke gemeente inhou. Volgens Barclay (2003:38) bespreek Filippense 2:3-4 die drie grootste redes vir onenigheid binne die kerk. Hierdie drie redes sou ook op ander verhoudings, soos die huwelik, van toepassing gemaak kan word:

- Selfambisie
- Eie aansien
- Eiebelang

Paulus pleit gevolglik by die gemeentelede van Filippense om in harmonie saam te lewe, verskille eenkant te plaas, persoonlike ambisie prys te gee en om met nederige harte 'n onselfsugtige begeerte om te dien, soos Jesus Christus, uit te lewe.

Dieselfde basiese vereistes geld uiteraard ook ten opsigte van die verhouding binne die huwelik, naamlik om nie eiebelang voorop te plaas nie maar dat die een die ander se belange sal respekteer en mekaar in nederigheid sal dien (4.3.3.3).

- **Die uitkoms van ’n Skrifgefundeerde verhouding**

Spreuke 12:4: Die hoofgedagte hier is dat ’n knap vrou haar man hoë aansien gee. Een wat egter haar man in die skande steek, is vir hom soos ’n vretende kanker. Die bekwame vrou (man) stel haar man (sy vrou) in staat om haar/sy volle potensiaal te bereik (4.3.4.1).

As deel van die strategies-teoretiese model sal die bovermelde Skrifgedeeltes met elke egpaar deurgewerk word. Daar sal meer in besonder op spesifieke gedeeltes gefokus word wat moontlik op ’n spesifieke egpaar se situasie besondere toepassing mag hê.
Op hierdie wyse sal egpare vervolgens ook geestelik begelei word om volgens die wil van God, soos in die Skrif verwoord, te lewe.

## 6.5 SAMEVATTING

Met behulp van die resultate vanuit al die voorafgaande hoofstukke is daar in hierdie hoofstuk ’n strategies teoretiese model geformuleer vir die hantering van persoonlikheids komponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ’n gesonde huwelik is. Aspekte wat deurslaggewend met betrekking tot hierdie model was, is die volgende:

- Die resultate van die literatuurstudie in hoofstuk 2 waar dit oor Osmer se *interpreterende taak* gegaan het.
- Die beskrywende taak soos in hoofstuk 3 verwoord – Osmer se *deskriptiewe taak*.
- Alle tersaaklike aspekte vanuit die eksegese in hoofstuk 4 – Osmer se *normatiewe taak.*
- Belangrike perspektiewe vanuit die pastoraal-teologiese literatuur in hoofstuk 5 (as ’n onderafdeling van *die normatiewe taak).*

> *The success of a marriage comes not in finding the “right “ person, but in the ability of both partners to adjust to the real person they inevitably realize they married* (Parrott & Parrott, 2006:30.)

## HOOFSTUK 7

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 7.1 INLEIDING

In hierdie studie is die tema: Persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliksverhouding is: ŉ pastorale studie. Die oogmerk is die uiteindelike formulering van ŉ strategies-teoretiese model wat riglyne vir die pastorale begeleiding van egpare, wat probleme ondervind as gevolg van persoonlikheids-kompo-nente en unieke verwysingsraamwerk, te kan begelei tot ŉ dieper geestelike verhouding met God asook beter begrip vir mekaar se verskille.

In hierdie hoofstuk word ŉ samevatting ten opsigte van elke individuele hoofstuk gegee, terwyl voorstelle vir verdere navorsing voortspruitend vanuit die onderhawige tema gemaak word.

### 7.2 DIE INTERPRETERENDE TAAK – ‘N LITERATUURSTUDIE

In Hoofstuk 2 val die klem op Osmer se interpreterende taak wat op die ondersoek na waarom sekere fenomene in die praktyk bestaan gerig is. Om hierdie taak te kon uitvoer is daar op `ŉ literatuurstudie, ten opsigte van bydraes vanuit aanverwante wetenskappe met betrekking tot die tema van hierdie studie, gefokus.

Die mees effektiewe pastorale begeleiding aan egpare wat probleme met betrekking tot persoonlikheidskomponente en unieke verwysings raamwerk ondervind, het geblyk op ŉ eklektiese benadering gebaseer te wees. Dit impliseer dat daar enersyds kennis van tersaaklike praktyke en benaderings vanuit aangrensende wetenskappe soos die sosiologie en die psigologie geneem word en andersyds word sulke bydraes uiteindelik met ŉ Pastorale benadering, gebaseer op die uitkomste van eksegese van tersaaklike hoofstukke vanuit die Woord asook ŉ literatuurstudie met betrekking tot Pastorale literatuur rakende die onderhawige onderwerp, geïntegreer. Verder word ook besonder klem op die rol van die

Heilige Gees en gebed gelê. Hierdie benadering is op ŉ holistiese beskouing geskoei waardeur daar aandag aan die fisiese emosionele en geestelike dimensies van die mens gegee word.

Die sosiologie is ŉ wetenskap wat op die verstaan van die hoe en die waarom van individuele gedrag, denke en gevoelens binne sosiale konteks, insluitende verhoudings fokus. Binne hierdie konteks is daar gevolglik onder andere op sosiologiese perspektiewe rakende persoonlikheidskomponente en unieke verwysingraamwerk binne sosiale verband gefokus. Volgens hierdie vakgebied het die mens, ondanks verskeie individuele verskille, tog ŉ universele behoefte aan verbintenis.

Hiermee saam is daar ook op perspektiewe vanuit die psigologie gelet. Vanuit hierdie dissipline is daar heelwat navorsing met betrekking tot individue se persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk gedoen. Spesifieke navorsing ten opsigte van menslike temperament het geblyk reeds so ver terug as Hippokrates (370 v.C.) te dateer. Twee aspekte van die antieke formulerings wat behoue gebly het in die huidige temperamentteorie is die volgende:

- Biologiese faktore is onderliggend aan waarneembare karaktereienskappe.
- Emosies is die sentrale en bepalende eienskap van temperament.

Wat die meer moderne tydsfase betref, is daar op bydraes soos die volgende gelet:

- Freud (1856-1939) se psigoanalitiese benadering.
- Carl Jung (1875 – 1961) se benadering tot die mens as ŉ komplekse dinamiese wese.
- Alfred Adler (1887-1937) se holistiese siening van die mens.
- Karen Horney (1885 – 1952) se onderskeid met betrekking tot die geïdealiseerde self, die aktuele self en die werklike self.
- James Hillman (1992) se klem op terapie as ŉ aksie wat verder as bloot net die spreekkamer geneem moet word en uiteindelik deel van die werklike lewe gemaak moet word.

Verder het geblyk dat daar mettertyd verskillende temperamentmodelle, soos die volgende, saamgestel is:

- Die Groot Vyf Kenmerke van Allport en Odbert (1936).
- Eysenck (1992) se Groot Drie model.
- Die Strukturele model (Thomas & Chess, 1977).
- Die Proses model (Simpson, *et al.*, 2006).

Vanuit hierdie onderskeie teorieë en benaderings is daar oor die jare verskeie persoonlikheidsprofielmodelle ontwikkel. In hierdie verband is daar veral op vier van die bekendste modelle, naamlik die volgende, gefokus:

- Die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI).
- Die DISC Classic meetinstrument.
- Die Life-Style vraelys.
- Die Keirsey Model.

Die waarde van sodanige persoonlikheidsprofielmodelle, veral ook met betrekking tot die verhouding binne 'n huwelik, het sterk na vore gekom. Die kerk in die algemeen sou in die toekoms inderdaad veel meer van sulke uiters bruikbare insigte en perspektiewe ter ondersteuning van bestaande huwelike, asook die begeleiding van jong voornemende huwelikspaartjies gebruik kan maak.

## 7.3 BESKRYWENDE TAAK – VOORLOPIGE MODEL

Hoofstuk 3 het op Osmer se beskrywende taak gefokus en dit is daarop gerig om 'n antwoord op die vraag: *"Wat is besig om hier te gebeur?"* te verkry. Wat die deskriptiewe taak van prakties-teologiese interpretasie betref, stel Osmer (2011:5-6,12) voor dat dit oor die insameling van inligting gaan wat kan help om spesifieke episodes, situasies en kontekste beter binne byvoorbeeld 'n gemeentelike of kerklike milieu te verstaan. Daar word gevolglik in hierdie hoofstuk tot 'n voorlopige formulering van 'n model met betrekking tot persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir 'n gesonde huweliksverhouding is, oorgegaan. Met die inligting wat reeds in die voorafgaande

hoofstukke versamel is, is sodanige konsepmodel geformuleer.
Twee hoofbronne het geblyk die volgende te wees:

- Die boek van Bruce Bugbee, *What you do best in the body of Christ* (2009).
- Die boek van Erik Rees, *S.H.A.P.E. Finding and fulfilling your unique purpose for life* (2006).

Die belangrikste winspunte vanuit hierdie twee bronne is tesame met verdere toepaslike insette vanaf ander outeurs gekombineer. Die voorlopige model sien soos volg daaruit:

- Stap 1: Die identifisering van die egpaar se onderskeie geestelike gawes.
- Stap 2: Ontdekking van elke individu se tipe persoonlikheid.
- Stap 3: Die identifisering van die eie Godgegewe persoonlike styl en vermoëns.
- Stap 4: Identifisering van ŉ eie dryf en passie.
- Stap 5: Identifisering van elkeen se liefdesfaktor.
- Stap 6: Identifisering van elkeen se emosionele behoeftes.
- Stap 7: Identifisering van ervarings vanuit die verlede wat in die toekoms toepaslik mag wees.
- Stap 8: Identifisering van ŉ aantal deurslaggewende aspekte vanuit elke individu se unieke verwysingsraamwerk.
- Stap 9: Algemene praktiese riglyne vanuit die Skrif, rakende verhoudings.

## 7.4 NORMATIEWE TAAK – EKSEGESE

Hoofstuk 4 het oor die evaluering van ŉ aantal Skriftuurplase met betrekking tot die tema van hierdie studie gehandel. ŉ Aantal toepaslike passasies uit die Woord is in hierdie verband geïdentifiseer: God het die mens na Sy beeld geskape en vanaf die Skepping was die huwelik deel van God se Skeppingsplan. God het die man geskape en vanuit die man die vrou. Uit Genesis 2:18-24 blyk dat hierdie volmaakte eenheid tussen man en vrou deur die ongehoorsaamheid van die mens verbreek is, wat tot die sondeval gelei het.

Verder het geblyk dat elke mens is ŉ unieke skepping van God en daarom ontvang mense ook verskillende persoonlikheidskomponente van God (vgl. Psalm 139:13-18). Binne

verhoudings en veral ook binne die huwelik kan ’n gebrek aan begrip vir die uniekheid waarmee elke mens toegerus is, tot verskille en misverstande lei.

Hoewel Romeine 12:3-8 na verskillende ledemate van een liggaam verwys, is dit egter so dat verskille nie eenheid ongedaan maak nie. Wedersydse goeie begrip en samewerking lei inteendeel tot versterking en ’n hegter eenheid.

Vanuit 1 Petrus 3:7 het ’n belangrike praktiese riglyn na vore gekom, naamlik om, ondanks verskille, verstandig met mekaar binne die eenheid van die huwelik saam te lewe. Faktore wat tot die verbetering, opbouing en versterking van verhoudings kan bydra het geblyk beter begrip ten opsigte van die verskillende persoonlikheidskomponente en unieke verwysings-raamwerk te wees.

Uit Filippense 2:1-5 het geblyk dat aspekte soos die volgende ’n belangrike rol ten opsigte van die erkenning en uitbouing van verskillende persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk kan vervul. Hierdie aspekte is die volgende:

- Eensgesindheid.
- Wedersydse agting.
- Wedersydse omsien na mekaar se belange.
- Dieselfde gesindheid as dié van Jesus Christus binne verhoudings.

Vanuit Spreuke 12:4 het die belangrike aspek na vore gekom dat ’n bekwame vrou (man) haar man (vrou) bemagtig om hul volle potensiaal te bereik. Dit het verder ook geblyk dat vroue in die algemeen meer bewus gemaak moet word ten opsigte van die belangrike rol wat God aan hulle binne die huwelik toevertrou het.

## 7.5 NORMATIEWE TAAK – PASTORAAL TEOLOGIESE LITERATUUR

Hoofstuk 5 is steeds deel van die normatiewe taak en hier het ŉ aantal belangrike perspektiewe vanuit pastoraal teologiese literatuur met betrekking tot die tema van hierdie studie aan die orde gekom. Daar is ook in besonder op die tweede deel van die titel van
hierdie studie gefokus naamlik, die unieke verwysingsraamwerk van beide die man en die

vrou binne ŉ huweliksverhouding.

Drie bestanddele wat geblyk essensieel vir ŉ florerende huwelik te wees, is die volgende aspekte:

- ŉ Wederkerige ingesteldheid op mekaar.
- Nou interaksie en wisselwerking.
- Vryheid wat aan mekaar gebied word.

Daar is verder ook op sekere mites rondom die huwelik gelet. Voorbeelde in hierdie verband is die volgende:

- Dat albei persone dikwels presies dieselfde hoë verwagtinge van die huwelik het.
- Dat alles wat na die bruilof gaan gebeur die huwelik verdere gaan verbeter.
- Dat die huwelik die slegte sal laat verdwyn en dat huweliksmaats mekaar se seer sal heel.
- Dat wedersydse seksuele vervulling binne die huwelik ŉ gegewe sal wees.

Die werklikheid na die bruilof is nie altyd dieselfde as die aanvanklike drome van die verliefde paartjie nie. Daar is ook na die twee fases van romantiese liefde verwys naamlik, die euforiese fase en die dieper fase – in hierdie verband het die vyf liefdestale geblyk ŉ belangrike rol te vervul.

Verder is die 'driehoek van liefde' as passie, intimiteit en verbintenis aangetoon. Hiermee saam is op die invloed van persoonlikheidskomponente op gedrag gewys en in hierdie verband is ŉ aantal kontrasterende voorbeeld uitgelig.

Die aangeleentheid rondom skoonfamilie is ook as van kritiese belang uitgewys. Die huwelik maak die man sowel as die vrou deel van ŉ uitgebreide familie. Daar is op navorsing gewys wat toon dat elkeen die gewoonte kan ontwikkel om gelukkig te wees indien sekere reëls konsekwent nagekom word.

Ten slotte is op die moontlikheid gefokus dat egpare uiteindelik sielsgenote kan wees. Dit word moontlik wanneer die mens in ŉ verbondsverhouding met God staan – Hy skenk dan vergifnis, genesing en vernuwing aan die mens. Hierdie belofte sluit ook in dat verskille oorbrug kan word en verhoudings herstel kan word. As deel van hierdie proses skep gebed ŉ kanaal tot genesing.

## 7.6 PRAGMATIESE TAAK – STRATEGIES-TEORETIESE MODEL

Met behulp van die resultate vanuit al die voorafgaande hoofstukke is daar in hoofstuk 6 ŉ strategies-teoretiese model saamgestel met betrekking tot persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk wat bevorderlik vir ŉ gesonde huweliksverhouding is.

Aspekte wat deurslaggewend met betrekking tot hierdie model was, is die volgende:

- Die resultate van die literatuurstudie in Hoofstuk 2 waar dit oor Osmer se *interpreterende taak* gegaan het.
- Die *beskrywende taak* soos in hoofstuk 3 verwoord – Osmer se *deskriptiewe taak*.
- Alle tersaaklike aspekte vanuit die eksegese soos in hoofstuk 4 verwoord – Osmer se *normatiewe taak.*
- Belangrike perspektiewe vanuit die pastoraal-teologiese literatuur in hoofstuk 5 (as ŉ onderafdeling van *die normatiewe taak).*

Die voorlopige model soos in hoofstuk 3 verwoord, is daarna met verdiepende aspekte vanuit die eksegese van hoofstuk 4, asook perspektiewe en riglyne vanuit die pastoraal-teologiese literatuur aangevul en uitgebrei.

Daar is ook in hierdie studie van verskeie vraelyste gebruik gemaak ten einde sekere belangrike momente binne die onderskeie hoofstukke duideliker te kon omlyn. Al die

tersaaklike vraelyste is by wyse van Bylaes aangeheg. Die resultate van die invul van hierdie vraelyste deur egpare het geblyk ŉ groot bydrae ten opsigte van die identifisering en hantering van verskille rondom persoonlikheidskomponente en unieke verwysingsraamwerk te lewer.

Die rol van gebed het ook geblyk van besondere belang in die begeleiding van egpare te wees. Deur gebed bring die berader die egpaar na Jesus Christus vir begrip en herstel van gebroke en verwonde verhoudings. Herstel van die mens se verhouding met God lei dikwels ook tot herstel van interpersoonlike verhoudings. Wanneer die berader die egpaar in gebed na Jesus Christus bring, fasiliteer die berader eintlik net die proses waardeur Jesus Christus self die genesing bewerkstellig.

## 7.7 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING RAKENDE AANVERWANTE TEMAS

- Die mate waarin pastorale begeleiding met huwelikspare tot wysiging/aanpassing van hul persoonlikheidsprofiel kan bydra.
- In watter mate is daar ooreenkomste tussen Skriftuurlike beginsels en persoonlikheidsprofiele – ŉ Pastorale studie.
- ŉ Skriftuurlike model rondom konflikhantering binne die huwelik – ŉ Pastorale studie.

## BYLAE

**Bylaag 1: Geestelike gawes vraelys (Bugbee)**

**Bylaag 2: Persoonlike styl vraelys (Bugbee)**

**Bylaag 3: Persoonlike passie vraelys (Bugbee)**

**Bylaag 4: Liefdesskaal (Bugbee)**

**Bylaag 5: Diensbaarheidskaal (Bugbee)**

**Bylaag 6: Identifiseer jou geestelike gawes (Rees)**

**Bylaag 7: S.H.A.P.E. for life profile (Rees)**

**Bylaag 8: Vyftig gespesialiseerde vermoëns (Rees)**

**Bylaag 9: Identifiseer persoonlikheid (Rees)**

**Bylaag 10: Ervaringe van die verlede (Rees)**

**Bylaag 11: Verwerkte Houts vraelys (Wagner)**

**Bylaag 12: Agtergrondinventaris van beradenes (Meier & Wise)**

**Bylaag 13: DISC vraelys (Clark)**

**Bylaag 14: Huwelikaanpasbaarheidstoets (Collins & Collins)**

**Bylaag 15: Marriage Builders – Emosionele behoeftes (Harley)**

**Bylaag 16: Welstandprofiel van jul verhouding (Anon)**

**Bylaag 17: Liefdestale vraelys (Chapman)**

## BYLAAG 1

## GEESTELIKE GAWES VRAELYS

***Bugbee, 2009:145 – 155***

Plaas die totaal van jou reaksie op elk van die stellings in die blokkie met ooreenstemmende nommer van die antwoordblad. Maak van die volgende skaal gebruik:

| **Telling** | | **Betekenis** |
|---|---|---|
| 3 | = | Altyd/beslis waar |
| 2 | = | Meeste van die tyd/gewoonlik waar |
| 1 | = | Soms/nou en dan |
| 0 | = | Nooit/baie selde |

**Belangrik: Antwoord volgens wie jy is en nie volgens wie jy graag wil wees of dink jy behoort te wees nie..**

- Hoe waar is die stelling van jou?
- Wat was jou ervaring?
- Tot watter mate reflekteer die stelling jou neiging?

**Na voltooiing van die lys van vrae wat volg (van toepassing op die ontleding van die geestelike gawes), tel elke kolom op en skryf die totaal bo elke letter**.

1. Ek kan mense, take en gebeurtenisse doelgerig koördineer .
2. Ek geniet kreatiewe werk met hout, materiaal, verf, metaal, glas of ander materiaal.
3. Ek geniet dit om my kunstalent aan te wend en te ontwikkel (kuns, drama, musiek, fotografie, ens.).
4. Wanneer ek opmerk dat iemand die houding van geestelik selfvoldoening het, is dit vir my ’n uitdaging.
5. Ek weet verseker dat God nie alleen kan nie, maar dat Hy ook wil.
6. Ek gee vryelik en met vreugde aan mense in finansiële nood asook ook aan gemeenskapsprojekte wat ondersteuning benodig.
7. Ek geniet dit om agter die skerms te werk ten einde die werk van ander te bevorder.

8. My huis bied vir my ŉ veilige hawe waar ek ander kan bedien.
9. Wanneer dit onder my aandag kom, is dit vir my ŉ voorreg om gereeld vir iemand of ŉ saak te bid waar daar krisisse of behoeftes mag wees.
10. Ek is gemotiveerd om doelwitte te stel en ander te beïnvloed om ŉ visie, vir die uitbreiding van God se koninkryk op aarde, te verwesenlik.
11. Ek het empatie met gebroke mense en ŉ begeerte om hulle ten opsigte van ŉ herstelproses te help.
12. Ek voel aangetrokke tot diens in ander lande of etniese gemeenskappe.
13. Ek het al ŉ tydige en belangrike woord tot ander gespreek, wat ek gevoel het direk van God tydens gebed aan my gegee is.
14. Ek beskik oor die vermoë om die Evangelie duidelik en oortuigend te kommunikeer.
15. Ek bou vertroue deur langtermyn verhoudings op.
16. Ek is in staat om God se Woord effektief te kommunikeer.
17. Ek kan geredelik tussen geestelike waarhede en foute, goed en kwaad onderskei.
18. Ek ondersoek en is volhardend in my soeke na die waarheid.
19. Ander nader my dikwels vir raad oor persoonlike en geestelike sake.
20. Ek is versigtig, deeglik en in staat om op die fyn detail te fokus.
21. Ek is bedrewe om met verskillende tipes gereedskap te kan werk.
22. Ek kan mense help om hulself, hul verhoudings en God, deur middel van artistiese metodes en vermoëns, beter te verstaan.
23. Ek geniet dit om diegene wat ontmoedig is te bemoedig en te versterk.
24. Ek het vertroue in God se voortdurende voorsiening en hulp, selfs in swaar tye.
25. Ek gee meer as ŉ tiende van my inkomste om die Koninkryk van God uit te brei.
26. Ek hou daarvan om roetine take binne die gemeente te verrig.
27. Ek hou daarvan om nuwe mense te ontmoet en hulle welkom te laat voel.
28. Ek hou van lang tye van gebed en om vervolgens ook leiding van God te ontvang ten opsigte waarvoor ek moet bid.
29. Ek is gemaklik om die leiding te neem – dit is vir my makliker om te lei as om te volg.
30. 30.Ek kan diegene wat ŉ pynlike ondervinding deurgaan met geduld ondersteun tydens hul soeke na stabiliteit in hul lewens.
31. Ek sal graag ŉ aktiewe rol in die stig van nuwe kerke wil vervul.
32. Die Here gebruik my om deur Sy kennis dikwels lig op huidige werklikhede in persone

se lewens te kan werp, wat hulle vervolgens help om God se begeerte vir hulle toekoms te kan sien.

33. Wanneer ek die Evangelie met mense deel, is hulle heel dikwels ook bereid om saam met my vir hul verlossing te bid.
34. Ek kan getroue langtermyn emosionele en geestelike ondersteuning en sorg aan ander bied.
35. Ek verduidelik gewoonlik op 'n maklike, praktiese en verstaanbare wyse die Woord van God aan diegene wat verward is of bloot net nie verstaan nie.
36. Ek beskik oor 'n fyn waarneming en kan dikwels 'n persoon se karakter met eerste indrukke evalueer.
37. Ek ontvang soms insigte vanaf die Heilige Gees wat ek nie op 'n natuurlike wyse sou gehad het nie.
38. Ek kan dikwels 'n eenvoudige, praktiese oplossing tydens konflik of verwarring bied.
39. Ek kan doelwitte stel en ook strategieë of planne beraam om daardie doelwitte te bereik.
40. Ek kan visualiseer hoe iets gekonstrueer moet word voordat ek dit begin bou.
41. Ek hou daarvan om vars en nuwe maniere te vind om God se waarhede te verkondig.
42. Ek verskaf hoop aan ander deur hulle op die beloftes van God te wys.
43. Ek beskik oor 'n besondere vermoë om God vir buitengewone behoeftes te vertrou.
44. Ek bestuur my geldsake versigtig om sodoende meer te kan gee.
45. Ek verrig gewilliglik verskeie take by die kerk ten einde die behoeftes van ander te verlig.
46. Ek glo opreg dat God dikwels vreemdelinge na my verwys wat 'n behoefte aan vriendskap het.
47. Tydens tye van gebed raak ek dikwels van ander se behoeftes en nood bewus.
48. Ek word gewoonlik as die spreekbuis tydens groepsbesprekings aangewys.
49. Ek het 'n passie om by persone betrokke te raak wat gewoonlik deur die gemeenskap as haglik en hopeloos getipeer word.
50. Ek kan op 'n kulturele sensitiewe wyse met ander kommunikeer.
51. Ek verkondig Bybelse waarhede op 'n tydige en kultureel sensitiewe wyse om ander te versterk, te bemoedig en te vertroos.
52. Ek bevind myself eerder tussen nie-Christene as Christene, om sodoende verhoudings te bou.

53. Ek geniet dit om praktiese hulp, versorging en geestelike leiding aan groepe mense te verleen.
54. Wanneer ek onderrig aan mense bied, reageer hulle dikwels positief deur daarna aksie te neem.
55. Ek kan gewoonlik deur bedrog en verraad sien voordat ander dit opmerk.
56. Ek is altyd na sekerheid en waarheid op soek om sodoende bygeloof en spekulasies te kan weerlê en te vermy.
57. Ek is verbaas oor hoeveel mense nie probleme, as gevolg van ŉ gebrek aan algemene kennis, kan oplos nie.
58. Ek kan die bronne en middele wat nodig is om ŉ taak te voltooi, maklik identifiseer en gebruik.
59. Ek is vaardig met my hande en hou gevolglik daarvan om met my hande te werk.
60. Ek het nodig om myself gereeld af te sonder om te kan reflekteer en terselfdertyd ook my verbeelding te ontwikkel.
61. Ek kan gewoonlik diegene begelei wat ŉ herbevestiging van hul geloof ten opsigte van hul families en hul lewens benodig.
62. Ek het volle geloofsvertroue dat God absoluut sal werk in omstandighede waar menslike pogings alleen nie suksesvol kan wees nie.
63. Ek verkies om my eie lewensstyl te beperk om sodoende ŉ groter persentasie van my inkomste aan ander te kan gee.
64. Ek sien geestelike voordeel in die uitvoering van praktiese take.
65. Ek ontmoet selde mense waarvan ek nie hou nie en wie ek nie as deel van die kerk sal wil betrek nie.
66. Ek bid in geloof omdat ek weet God werk in reaksie op gebed.
67. Ek stel doelwitte en lei mense om daardie doelwitte effektief te bereik.
68. Ek het groot medelye met mense wat seergekry het.
69. Ek sien gewoonlik die geheelbeeld en word nie maklik deur kleiner probleme langs die pad ontmoedig nie.
70. Ek het met mense oor toekomsgebeure en situasies gepraat wat God aan my openbaar het en dit het dikwels gebeur soos ek gesê het.
71. Ek praat reguit oor verlossing deur Jesus Christus en ontvang in die algemeen ŉ positiewe reaksie van die hoorders.
72. Ek kan afgedwaalde persone sagkens na geloof en geestelike gemeenskap teruglei.
73. Ek raak gefrustreerd wanneer ek gebrek aan Bybelse kennis by mense sien.

74. God gee dikwels aan my die onderskeiding van demoniese invloede, geestelike dwalings en valshede.
75. Wanneer ek die Woord bestudeer, sien ek dikwels belangrike Bybelse waarhede en temas raak wat ander in die gemeente kan bevoordeel.
76. Ek kan die waarskynlike gevolge van die optrede van individue en groepe voorsien.
77. Ek hou daarvan om groepe te help om meer effektief te wees.
78. Ek dien en werk gewoonlik meer agter die skerms wat aktiwiteite in die gemeente betref.
79. Die wyse waarop ek dinge sê lei dikwels tot insig by ander en tipiese reaksies soos: *"Ek het nooit so daaraan gedink nie".*
80. Ek put groot vreugde daaruit om ander se waarde te bevestig.
81. Wanneer ek God se werking identifiseer, trek dit my gewoonlik tot betrokkenheid ondanks teenkanting of 'n gebrek aan ondersteuning.
82. Ek dra graag mildelik tot projekte en veldtogte by sodat ander daardeur inspirasie mag vind om ook by te dra.
83. Ek hou daarvan om dinge raak te sien wat gedoen moet word en doen dit vervolgens sonder dat iemand my vra.
84. Die kerk en die sosiale interaksie daarmee saam is vir my die aangenaamste tye.
85. Wanneer ek van 'n noodsituasie verneem, voel ek belas om daarvoor te bid.
86. Ek beïnvloed ander om tot die beste van hulle vermoë te presteer.
87. Ek kyk verder as 'n persoon se beperkinge of probleme en sien 'n lewe raak wat vir God belangrik is en 'n geleentheid om betrokke te raak.
88. Ek is kultureel sensitief en gemaklik met verskillende etniese groepe.
89. Ek voel verplig om die Woord wat ek van God ontvang het om ander te versterk, te bemoedig en te vertroos, oor te dra.
90. Ek vertel openlik aan ander dat ek 'n Christen is en wil graag hulle vrae in verband met my geloof beantwoord.
91. Daar is 'n paar persone in my lewe wat ek persoonlik met waarhede, bemoediging, sorg en wysheid begelei.
92. Ek kommunikeer die Skrif op so wyse dat ander lering en motivering tot geestelike groei vind.
93. Ek ontvang in die algemeen gereeld bevestiging van die betroubaarheid van my insig, asook die persepsies wat ek van ander het.

94. Ek ervaar soms innerlike insig met betrekking tot die situasies van ander persone alhoewel ek hulle heel dikwels nie persoonlik ken nie.
95. Ek gee gewoonlik praktiese raad om ander tydens gekompliseerde situasies te help.
96. Ek kan opkomende gebeure visualiseer, potensiële probleme voorsien en strategieë uitwerk om die probleme te oorkom.
97. Ek is vindingryk en in staat om materiaal en gereedskap te vind wat nodig is om iets te bou.
98. Ek maak van ŉ verskeidenheid kunsvorms gebruik om mense nader aan God en Sy waarhede te bring.
99. Ek hou daarvan om stappe te neem om ander tot geestelike groei te motiveer.
100. Ek daag mense gereeld uit om God te vertrou.
101. Ek bestuur my geldsake op so wyse dat ek aan goed georganiseerde geestelike bedienings ŉ bydrae kan maak.
102. Ek bewys my liefde aan ander meer deur dade as woorde.
103. Ek gaan uit my pad uit om besoekers meer as welkom te laat voel.
104. God gee aan my vrede en vertroue dat my gebede beantwoord sal word, al sien ek nie die resultate nie.
105. Ek is in staat om ŉ visie vir ŉ bediening te bedink wat ander graag navolg en deel van wil wees.
106. Ek geniet dit om hoop, vreugde en troos aan persone te bied wat ŉ krisis of kroniese situasies in hulle lewens ondervind.
107. Ek het dikwels interaksie met leiers wat my in nuwe bedieningsmoontlikhede volg.
108. God openbaar soms dinge aan my wat meeste ander nie kan sien nie – wanneer ek dit met hulle deel, verstaan hulle gewoonlik Sy werk in hulle lewens.
109. Ek is lief vir kerklose mense ongeag waar hulle hulself op hul geestelike reis bevind.
110. Ek neem verantwoordelikheid om die totale mens in sy/haar wandel met God te versorg.
111. Ek kan inligting en vaardighede aan mense op so wyse oordra dat hulle dit maklik verstaan en in hulle lewens toepas.
112. God gee soms aan my besondere insig met betrekking tot die geestelike en onsigbare wêreld.

113. Die waarhede wat ek leer en die kennis wat ek verkry, belas my omdat ek verantwoordelik voel om die inligting met wysheid te hanteer.
114. Wanneer ek gekonfronteer word om Bybelse waarhede in moeilike en komplekse situasies op ŉ praktiese wyse toe te pas, openbaar God heel dikwels oplossings aan my.
115. Ek wil orde in organisasies skep waar daar wanorde is.
116. Ek het goeie hand-oog koördinasie asook goeie handvaardigheid.
117. Ek kan ŉ geheelbeeld sien en op ŉ kreatiewe wyse dinge saamvoeg om deur ŉ harmonieuse vloei, kunstig Bybelse waarhede te kommunikeer.
118. Ek daag of berispe ander versigtig, met die veronderstelling om hulle tot geestelike groei te help.
119. Ek vind dit natuurlik om in God te glo vir dinge wat ander as onmoontlik beskou.
120. Die Here het my met oorvloedige bronne geseën sodat ek meer vir Sy werk kan gee.
121. 121. Wanneer daar ŉ taak is wat gedoen moet word, vind ek dit moeilik om nee te sê.
122. Ek kan mense, selfs in ŉ onbekende omgewing, gemaklik laat voel.
123. Ek sien spesifieke resultante in direkte reaksie op my gebede.
124. Ek ontrafel gewoonlik waarheen ons behoort te gaan en help ander om daar te kom.
125. Ek word deur medelye en motivering gedryf ten einde te poog om die bron van ander se lyding te verwyder.
126. God se outoriteit en krag word in die nuwe kerke en bedienings wat ek geplant en geïnisieer het gemanifesteer.
127. Ek voel verplig om sonde te openbaar waar ek dit ook al sien en vervolgens die betrokke persone tot belydenis uit te daag.
128. Ek dink voortdurend aan nuwe wyses om geestelike onderwerpe met persone wat God nie ken nie, te bespreek.
129. Ek voel verantwoordelik om gelowiges te beskerm met betrekking tot die dinge wat hulle van ŉ verhouding met God en ander weerhou.
130. Ek worstel met die kwessie van hoe om dit wat ek geleer het oor te dra en te kommunikeer – ook om spesifiek dit te kommunikeer wat ander gelowiges spesifiek op daardie oomblik nodig het.

131. Ek kan aanvoel wanneer demoniese magte ŉ rol speel met betrekking tot sekere situasies of persone.
132. Ek is lief daarvoor om dinge te deel en diegene wat wil leer, te onderrig.
133. Ek hou daarvan om die boek Spreuke te lees en te bestudeer aangesien dit eenvoudige en kragtige waarhede bevat wat duidelik en prakties toegepas word.

**Indien u op ŉ gereelde basis een van die volgende ervaar het, dui dit aan deur ŉ regmerk by die gepaste letter op die antwoordblad te maak.**

**T –** Ek het soms ŉ onmiddellike genesing gesien wanneer ek my hande op iemand gelê het en vir hom/haar gebid het.
**U –** Wanneer ek soms iemand in ŉ geestelike taal hoor praat, voel ek dat die Heilige Gees die inhoud daarvan aan my openbaar – ek interpreteer dit gewoonlik vir ander.
**V –** Ek het die krag en kennis van God ontvang om outoriteit te kan neem oor demoniese magte – soms het sekere liggaamlike kwale ook opgeklaar.
**W –** Ek het in ŉ taal gepraat wat ek nie verstaan nie en iemand anders het dit, wat ek gesê het, geïnterpreteer nie.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | | | | |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 44 | 35 | 36 | 37 | 38 | | | | |
| 39 | 40 | 1 | 42 | 43 | 44 | 45 | 46 | 47 | 48 | 49 | 50 | 51 | 52 | 53 | 54 | 55 | 56 | 57 | | | | |
| 58 | 59 | 60 | 61 | 62 | 63 | 64 | 65 | 66 | 67 | 68 | 69 | 70 | 71 | 72 | 73 | 74 | 75 | 76 | | | | |
| 77 | 78 | 79 | 80 | 81 | 82 | 83 | 84 | 85 | 86 | 87 | 88 | 89 | 90 | 91 | 92 | 93 | 94 | 95 | | | | |
| 96 | 97 | 98 | 99 | 100 | 101 | 102 | 103 | 104 | 105 | 106 | 107 | 108 | 109 | 110 | 111 | 112 | 113 | 114 | | | | |
| 115 | 116 | 117 | 118 | 119 | 120 | 121 | 122 | 123 | 124 | 125 | 126 | 127 | 128 | 129 | 130 | 131 | 132 | 133 | 134 | 135 | 136 | 137 |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | TOTALE | | | |
| **A** | **B** | **C** | **D** | **E** | **F** | **G** | **H** | **I** | **J** | **K** | **L** | **M** | **N** | **O** | **P** | **Q** | **R** | **S** | **T** | **U** | **V** | **W** |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

Die telling en betekenis: 3 = bestendig/werklik waar

2 = meeste van die tyd/gewoonlik waar

1 = soms/nou en dan

0 = nooit

Bepaal nou die drie gawes met die hoogste telling.

## BYLAAG 2

# PERSOONLIKE STYL VRAELYS

***Bugbee, 2009:65-67***

Voltooi elke stelling deur na die woord te kyk wat jy voel die beste beskrywing van jou natuurlike optrede binne die bepaalde situasie bied. Omkring die nommer wat jou posisie op die kontinuum aandui. Byvoorbeeld: indien jy verkies om spontaan tydens vakansies te wees, omkring een of twee. Omkring slegs drie wanneer jy nie weet wat jy verkies nie. Die totaal sal uiteindelik óf meer in die rigting van energie óf meer in die rigting van organisasie dui.

### HOE ONTVANG EK ENERGIE?

1. Ek is meer gemaklik . . . . . . . .

Om dinge vir mense te doen 1 2 3 4 5 om saam met mense te wees.

2. Wanneer ek ŉ taak verrig, neig ek. . . . . .

Om op die doel te fokus 1 2 3 4 5 om op verhoudings te fokus.

3. Ek raak meer opgewonde om. . . . . . .

ŉ Doel te bevorder 1 2 3 4 5 interaksie en gemeenskap te bewerkstellig.

4. Ek voel dat ek iets bereik het wanneer . . . . . . . .

Ek ŉ taak afgehandel het 1 2 3 4 5 ŉ verhouding gebou het.

5. Dit is belangriker om ŉ vergadering te begin. . . . . .

Betyds 1 2 3 4 5 wanneer almal teenwoordig is.

6. Ek is meer besorg om . . . . . . . . . .

ŉ Spertyd te haal 1 2 3 4 5 die span te behou.

7. Ek heg meer waarde aan

Aksie 1 2 3 4 5 kommunikasie.

Energiewaarde E = [ ]

**HOE IS EK GEORGANISEERD?**

1. Wanneer ek met vakansie is, verkies ek . . . . . .

Om spontaan te wees 1 2 3 4 5 'n stel reëls te volg.

2. Ek verkies riglyne wat . . . . . .

Algemeen is 1 2 3 4 5 spesifieks is.

3. Ek verkies om. . . . . . . . . .

My opsies oop te hou 1 2 3 4 5 dinge af te handel.

4. Ek verkies projekte wat. . . . . . . . .

Varieer 1 2 3 4 5 roetine is.

5. Ek verkies om. . . . . . .

Buigbaar te wees 1 2 3 4 5 volgens 'n plan te werk.

6. Ek vind roetine. . . . . . . .

Vervelig 1 2 3 4 5 rustig.

7. Ek voltooi take die beste deur . . . . . .

Te beplan soos ek vorder 1 2 3 4 5 volgens 'n plan te werk van die begin af.

Organisasie totaal O = ☐

**ONTLEDING**

Indien die **E** Totaal: 7-20 is, ontvang jy energie deur *take.*

22-35 is, ontvang jy energie deur *mense.*

Indien die **O** Totaal: 7-20 is, raak jy innerlik georganiseer deur *nie struktureel* te wees nie.

22-35 is, word jy deur *struktuur* georganiseer.

**Die intensiteit van jou persoonlike styl word aangedui deur 'n telling van:**

- 7-10: Sterk toegespits/gekonsentreerd.
- 11-14: Gemiddeld
- 15-18: Matig
- 19-23: Nie gedefinieerd nie

- 24-27: Matig
- 28-31: Gemiddeld
- 32-35: Sterk toegespits/gekonsentreerd

## BYLAAG 3

# PERSOONLIKE PASSIE VRAELYS

***Bugbee, 2009:87***

Watter van die volgende bedieningspassiekategorieë reflekteer jou area van belangstelling en passie die beste? Vra jouself die vraag: *"Waar sal ek graag betrokke wil wees?"*

**PASSIE KATEGORIEË**

| Merk af | Passiekategorie | Beskrywing |
|---|---|---|
| | **Verheerliking en viering bediening** (***Celebration ministries***) | Die hart van hierdie bediening is op God gerig en dit vind plaas deur die kerk by die Woord, lofsange, kuns ens., betrokke te maak. |
| | **Uitreikbediening** | Die hart van die bediening is op verhoudings, uitreik en die begeleiding van ongelowiges en kerklose mense tot 'n verhouding met Christus en Sy kerk gerig. |
| | **Kontakbedieninge** (***Connecting ministries***) | Die hart van hierdie bediening is om besoekers en lidmate in kontak met Christus te bring deur gasvryheid, gemeenskap, bemoediging en 'n sin van behoort aan. |
| | **Toerustingbediening** | Die hart van hierdie bediening is die toerusting van gelowiges op die gebied van gawes, passie, talente en leierskap. Dit sluit 'n verskeidenheid ouderdomsgroepe en verwantskapsgroepe met die oog op verantwoordbaarheid en diensbaar-heid in. |
| | **Omgeebediening** | Die hart van hierdie bediening is om mense in die kerk en gemeenskap met betrekking tot fisiese, emosionele, verhoudings- en geestelike gesondheid by te staan. |
| | **Ondersteunings-bediening** | Die hart van hierdie bediening is om veral diegene in leierskap van praktiese laste los te maak sodat hulle op hul bedieningsdoelwitte gefokus kan bly. Dit behels gewoonlik 'n herstruk-turering van die sisteem en prosedures om ander te dien en in die bediening te ondersteun. |

Jou passie dui die rigting of fokus van jou bediening aan, dit wat jy goed kan doen – dit is waarom God geestelike gawes aan jou geskenk het (Bugbee, 2009:89).

**BYLAAG 4**

## LIEFDESSKAAL

***Bugbee, 2009:105-107***

Fokus vir ’n rukkie op die toepassing van 1 Korintiërs 13: 4-8 op jou persoonlike bediening. Om dit meer persoonlik te maak, skryf jou naam in plaas van ‘liefde’ in die spasie by elke vraag. Beoordeel jouself dan telkens volgens ’n skaal van 1 tot 5.

1. ___________________(jou naam) is geduldig.

Selde Soms Altyd

1 2 3 4 5

2. ___________________(jou naam) is goedhartig.

Selde Soms Altyd

1 2 3 4 5

3. ___________________(jou naam) is nie jaloers nie.

Selde Soms Altyd

1 2 3 4 5

4. ___________________(jou naam) praat nie groot nie.

Selde Soms Altyd

1 2 3 4 5

5. ___________________(jou naam) is nie trots nie.

Selde Soms Altyd

1 2 3 4 5

6. ___________________(jou naam) is nie onbeleefd nie.

Selde Soms Altyd

1 2 3 4 5

7. ___________________(jou naam) soek nie eie belang nie.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

8. ___________________(jou naam) word nie maklik kwaad nie.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

9. ___________________(jou naam) hou nie boek van die kwaad nie.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

10. ___________________(jou naam) hou nie van die kwaad, verbly my in die waarheid.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

11. ___________________(jou naam) beskerm altyd.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

12. ___________________(jou naam) vertrou altyd.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

13. ___________________(jou naam) hoop altyd.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

14. ___________________(jou naam) volhard altyd.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

15. ____________________(jou naam) misluk nooit.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

## BYLAAG 5

# DIENSBAARHEIDSKAAL

***Bugbee, 2009:110***

*Wat is die motivering van jou bediening?* Staan 'n oomblik by die volgende ses stellings stil en beantwoord elkeen so eerlik as moontlik, deur die gepaste nommer te omkring. Bepaal sodoende of jy in onderworpenheid deur plig dien en of jy uit dankbaarheid dien.

1. Ek dien uit gehoorsaamheid eerder as onder verpligting.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

2. Wat God sien is vir my belangrik, nie dit wat mense sien nie.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

*3.* My gesindheid is: *"Ek sal doen wat ook al gevra word."*

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

4. My agenda is: die Vader is eerste, nie ek nie.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

5. Ek het 'n nederige gees, nie trots en hoogmoed nie.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

6. Ek begeer uitkomste wat God vereer, nie eie eer nie.

| Selde | | Soms | | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

## BYLAAG 6

# IDENTIFISEER JOU GEESTELIKE GAWES

***Rees, 2006:38-45***

Rees het vanuit die Skrif twintig geestelike gawes geïdentifiseer. Hierdie twintig gawes word elk afsonderlik in die onderstaande gedeelte bespreek. Elke gawes word kortliks beskryf, asook die eienskappe waaroor individue met die gawe beskik. Aan die einde van elke gawe is daar drie keuses waar jy persoonlik kan aandui tot watter mate jy oor die betrokke eienskappe beskik.

**Administrasie (*Administration*)**

Die Godgegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk, deur die effektiewe organisasie van persone en bronne, sodat bedieningsdoelwitte bereik kan word.

Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe.

- Is effektiewe organiseerders van mense en projekte om bedieningsdoelwitte te bereik.
- Is bekend vir spesifieke planne om duidelik gedefinieerde doelwitte te bereik.
- Natuurlike vermoë om take te delegeer sodat dit moontlik is om meer vir die Koninkryk van God te vermag.
- Op soek na besluitneminggeleenthede.
- Verstaan wat gedoen moet word om drome te bewaarheid.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Apostelskap**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur nuwe bedieningsmoontlikhede van stapel te stuur en die leiding tot uitbreiding van die Koninkryk van God te neem. Die oorpronklike Griekse betekenis van die woord is "gestuurde."

Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Gedrewe om nuwe geleenthede, veral betreffende kerke, te skep.

- Aanvaar dikwels riskante uitdagings.
- Geniet dit om ŉ verskil in die lewens van gelowiges en ongelowiges te maak.
- Wil graag as ambassadeurs vir Christus bekend staan.
- Gewillig om hard te werk sodat ŉ kerk sy volle potensiaal vir God bereik.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Onderskeiding (*discernment*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur onderskeiding van waarhede en onwaarhede met betrekking tot uitsprake, persone en gebeure. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- "Lees" mense maklik en is gewoonlik reg.
- Herken die geestelike bron van ŉ uitspraak, of dit van God, Satan of die mens is.
- Herken teenstrydighede in mense.
- Identifiseer mense se motiewe en agendas maklik.
- Kan waarneem indien die waarheid verdraai of verkeerd gekommunikeer word.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Bemoediging (*encouragement*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur ander te help om God-gesentreerd deur inspirasie, bemoediging, berading en bemagtiging te lewe. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Gedrewe om ŉ positiewe inpak vir Christus op die lewens van ander te hê .
- Is verheug saam met diegene wat God vertrou om moeilike situasie te oorkom.
- Soek na geleenthede om ander te help om tot hulle volle potensiaal in Christus te ontwikkel.
- Bemoediging is vir hulle natuurlik, hetsy deur woorde of deur dade.
- Verbly hulle in die sukses van ander.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Evangelisasie (*evangelism*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur die liefde van Christus met ander te deel op so wyse dat hulle God se vrye genade van ŉ ewige lewe aanvaar. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Soek na geleenthede om brûe met ongelowiges te bou.

- Voel aan wanneer ’n persoon ontvanklik vir die boodskap van Christus is.
- Het gewoonlik dikwels die ervaring gehad dat ander vir Christus aangeneem het.
- Help mense om ’n geloofskeuse te maak deur liefde eerder as logika te gebruik.
- Is diep met diegene belas wat Christus nie ken nie.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Geloof (*Faith*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur in geloof op te tree om God se doel te volbring en God te vertrou om enige struikelbokke te hanteer. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Verwelkom uitdagings ter wille van die Koninkryk.
- Word deur veranderlikes geïnspireer.
- Word deur idees uitgedaag wat ander as onmoontlik beskou.
- Word dikwels aan ’n aktiewe gebedslewe geken.
- Het groot vertroue in God vir hulle ondernemings.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Gawe van gee (*giving*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur vreug-devolle ondersteuning en befondsing van verskeie Koninkryksinisiatiewe deur materiële bydraes van meer as net ’n tiende van hul inkomste. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Beplan en gee meer as ’n tiende om God se Koninkryk uit te brei.
- Verkies gewoonlik dat hulle bydrae anoniem sal bly.
- Doen strategiese beplanning om hulle inkomste aan te vul om sodoende meer vir die werk van God te kan gee.
- Sien hulle bronne as instrumente vir God se gebruik.
- Erken God se uitsluitlike eienaarskap van alles.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Genesing (*Healing*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur genesing op bonatuurlike wyses aan diegene wat siek, seergemaak is en lyding ervaar.

Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Glo vas dat mense bonatuurlik genees kan word.
- Bid spesifiek om deur God gebruik te word om ander te genees.
- Besef ten volle dat genesing slegs deur die goddelike toestemming van God geskied.
- Sien medikasie as ŉ middel wat God mag verkies vir genesing.
- Omhels die gawe as vanuit die hand van God en sien dit as ŉ bepaalde manier om eer aan God te bring.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Hulpverlening (*helping*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur hulp aan ander te bied om spesifieke doelwitte te bereik en God te eer. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Geniet dit om maniere te vind om agter die skerms te help.
- Vind vreugde in die sukses van ander.
- Is dikwels besonder op detail gefokus.
- Soek na geleenthede om ander by te staan.
- Soek nie na erkenning vir hulle bydraes nie.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Gasvryheid (*hospitality*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur ander van ŉ warm, verwelkomende omgewing en ook gemeenskap te voorsien. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Is bekend daarvoor om versorgend op te tree en diegene om hulle gewaardeerd te laat voel.
- Hulle neig om op diegene in ŉ groep te fokus wat effens alleen is (onopgemerk).
- Hulle begeer dat mense welkom en geliefd sal voel.

- Hulle beskou hul huise as God se eiendom, aan hulle toevertrou, om ander welkom te laat voel.
- Bevorder gemeenskap tussen mense waar moontlik.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Interpretasie (*interpretation*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur op ŉ bepaalde tyd die boodskap van God wat deur ŉ persoon gebring word in ŉ taal onbekend aan die ander, te kan uitlê of te interpreteer. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Het ŉ duidelike idee van wat God sê, al is die taal van die spreker op daardie tydstip aan hulle onbekend.
- In staat om woorde en boodskappe van God te 'vertaal' en te kommunikeer op so wyse dat dit stig, troos en opbou.
- Hulle dra die betekenis van geluide, woorde en uitinge wat God verheerlik, aan ander oor.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Kennis (*knowledge*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur waarhede aan ander op so wyse te kommunikeer dat geregtigheid, eerlikheid en begrip verkry word. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Spandeer baie tyd om die Skrif te lees.
- Hou daarvan om Bybelse insig te deel.
- Geniet dit om ander te help om begrip van God se Woord te verkry.
- Trek voordeel uit studies en navorsing van die Skrif.
- Hou daarvan om moeilike vrae rondom die Woord van God te beantwoord.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Leierskap (*leadership*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur visie, stimulering van geestelike groei, aanwending van strategieë en die behaal van

suksesse waar God se oogmerke van belang is. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Toon ŉ neiging tot groot visie vir God en die vermoë om ander te inspireer om daardie visie, tot Sy eer en tot seën vir ander, te realiseer.
- Word natuurlikerwys gewoonlik by leierskaprolle betrek.
- Vind dit maklik om individue en groepe, te motiveer om saam te werk om doelwitte vir God se koninkryk te bereik.
- Snap maklik die "groter prentjie"
- Kan verantwoordelikhede oorgee en delegeer na ander wat gekwalifiseerd is.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Genade (*mercy*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur bediening aan diegene wat fisies, emosioneel, geestelik en binne verhouding ly. Hierdie persone se dade word deur liefde, omgee, medelye en goedheid teenoor ander gekenmerk. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Word tot geleenthede aangetrek waar die behoeftes van ander op ŉ praktiese wyse aangespreek word.
- Spandeer beduidende tyd in gebed vir die nood van ander.
- Is geneig om die nood van ander bo hulle eie nood te plaas.
- Rou saam met die wat rou.
- Vind vervulling in besoeke aan mense in nood, byvoorbeeld in hospitale, ouetehuise, gevangenisse, en waar God hulle ook al stuur.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Wonderwerke (*miracles*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur bonatuurlike dade wat as bevestiging van God en sy mag dien. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Erken gebed as ŉ bonatuurlike middel waardeur God in die lewens van mense op aarde werk.
- Gee die erkenning en dank aan God alleen vir die bonatuurlike dade.
- Is deeglik daarvan bewus dat wonderwerke slegs geskied wanneer God dit toelaat.

- Sien hulle self as instrumente wat deur God gebruik word.
- Bid en soek na bonatuurlike resultate wanneer hulle onmoontlike situasies teëkom.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Leraar (*pastoring*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur geestelike verantwoordelikheid vir ŉ groep mense (wat gelowiges en nie-gelowiges kan insluit) te neem en hulle toe te rus om Christus-gesentreerd te lewe. Daar word ook na hierdie gawe as herderlike bediening verwys. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Is gedrewe om ander te help om hulle volle potensiaal in Christus te bereik.
- Geniet dit om ander te bedien en soek na geleenthede om dit te kan doen.
- Hulle slaag gewoonlik daarin om ŉ persoonlike en vertroue-gebaseerde verhouding met ŉ klein groepie mense te ontwikkel.
- Het ŉ voorliefde om in die behoeftes van ander te voorsien, spandeer vrywillig tyd om mense met geestelike vraagstukke te help.
- Glo dat mense voorrang bo projekte geniet.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Profesie (*prophecy*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur vertroostende, bemoedigende, leidende en waarskuwende boodskappe vanaf God, wat gewoonlik tot skuldbelydenis en geestelike groei lei, oor te dra. Die betekenis van die woord in die oorspronklike taal is "*to speak forth the truth*". Die gawe van profesie sluit beide prediking (*preaching)* en openbaring (*revelation)* in. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Is bekend vir openbare verkondiging van God se Woord deur van ŉ verskeidenheid van wyses en hulpmiddels gebruik te maak.
- Hou daarvan om sterk Bybelse oortuigings met ander te deel.
- Beskou hulself as ŉ instrument van God, gereed om gebruik te word om lewens te verander.

- Vind dit maklik om ander se motiewe te konfronteer indien hulle nie aan God se standaard voldoen nie.
- Ontvang en deel dikwels direkte boodskappe van God vir vertroosting, uitdaging en konfrontering van Sy kinders.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Lering (*teaching*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur grondige geestelike leerstellings op gepaste wyse oor te dra en so mense tot groei na geestelike volwassenheid te bemagtig. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Ure se studie van die Woord, om daardeur die beste toepassing van beginsels en waarhede te kan doen.
- Hou daarvan om die Bybel aan ander te verduidelik en verstaanbaar te maak.
- Soek na geleenthede om Bybelse insig in alledaagse situasies te kan toepas en te verduidelik.
- Hulle kan op ŉ effektiewe wyse ander met Bybelstudie help.
- Hulle beskik gewoonlik oor ŉ verskeidenheid van effektiewe wyses om die Woord van God met ander te kommunikeer.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Tale (*tongues*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur God se boodskap in ŉ spesiale taal, onbekend aan die spreker, oor te dra. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Glo dat dit ŉ ingewing van God is en dat die Heilige Gees hulle in staat stel om ŉ boodskap op hierdie wyse aan God se kerk deur te gee.
- Deur gebed doen hulle voorbidding vir ander deur onbekende woorde, geluide en uitinge te gebruik.
- Hulle begeer geleenthede om te kan bid en vervolgens ŉ onbekende taal tot die eer van God te kan gebruik.

- Deel met ander boodskappe en woorde, in ŉ onbekende taal, wat God aan hulle gee.
- Vertroos en bemoedig ander deur onbekende en deur God-geïnspireerde taal.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

**Wysheid (*wisdom*)**

Die God-gegewe vermoë om die liggaam van Christus te dien en te versterk deur wyse besluite, raad en advies, in ooreenstemming met God se wil, aan ander te gee. Individue met die gawe beskik oor die volgende eienskappe:

- Hou daarvan om binne praktiese lewenssituasies, Bybelse insig te spreek.
- Gesog by ander vir advies en wysheid.
- Geniet dit om ander te beraad.
- Is bekend daarvoor om die regte besluite en oordele te maak.
- Erken God as die primêre bron van wysheid en rigting.

☐ Ja ☐ Miskien ☐ Nee

Na voltooiing van die lys van gawes moet jy aandui watter hiervan (almal waar jy 'ja' geantwoord het) jy na jou persoonlike *S.H.A.P.E. for Life Profile,* **Bylaag 7**, wil oordra. **Bylaag 7** bied ŉ samevatting van die afsonderlike vraelyste ten einde aan die persoon ŉ volledige persoonlike profiel te bied. Jou geestelike gawes word in **Bylaag 7**, **no. 1** ingevul.

## BYLAAG 7

# S.H.A.P.E. FOR LIFE PROFILE

***Rees, 2006: 221-223***

Bylaag 7 dien as die samevatting van die persoon se "*S.H.A.P.E. for Life Profile".* Bylae 6, 8 en 9 is in interaksie met hierdie Bylaag deurdat die uitkomste van Bylae 6, 8 en 9 hier ingetrek word. Dit bied aan die persoon 'n geheeloorsig van sy/haar "*S.H.A.P.E. for Life Profile.*"

**1. Geestelike Gawes: Wat is ek begaafd om te doen?**

(Antwoorde vanaf **Bylaag 6**)

Die uitkoms van **Bylaag 6**, Ontvou jou Geestelike Gawes, word hier ingetrek. Persone dui dus hier die geestelike gawes aan wat hulle met behulp van die vrae in **Bylaag 6** geïdentifiseer het. Na voltooiing bied **Bylaag 7** aan die persoon 'n geheelbeeld van sy/haar Geestelike gawes, gespesialiseerde vermoëns en persoonlikheid.

- Die geestelike gawes wat ek glo God aan my gegee het:
- Ek voel dat ek my gawes op die volgende wyses kan gebruik om ander te dien.

**2. Waarvoor het ek 'n passie?**

(vgl. die inhoud van Bylaag 3 asook die bespreking onder Stap 3 van die voorlopige model soos in hoofstuk 3 weergee).

- Wat dryf my lewe:
- Vir wie gee ek die meeste om:
- Wat is die behoefte in ander se lewe wat ek graag wil aanspreek:
- Wat is die saak wat God wil hê waarby ek vir Hom betrokke moet raak:
- My grootste droom vir God se Koninkryk is:

**3. Vermoëns: Waarin blink ek natuurlik uit?**

(Antwoorde vanaf **Bylaag 8**).

Rees (2006:74) bied 'n lys van Vyftig Gespesialiseerde Vermoëns aan soos in Bylaag 8 weergee. Nadat jy deur hierdie lys gewerk het, vul vervolgens jou persoonlike vermoëns

hier in. Indien jou bepaalde vermoë nie in die lys voorkom nie, dui dit hier aan.

- My hoogste natuurlike vermoëns is:

**4. Persoonlikheid: Hoe het God my saamgeweef?**

(Antwoorde vanaf **Bylaag 9**).

Rees (2006:87-89) bied 'n verduideliking van persoonlikheid aan met verwysing na die volgende twee aspekte:

Met betrekking tot verhoudings is een persoon spontaan terwyl die ander persoon meer gereserveerd is. Die een is nie beter as die ander nie, dit is slegs twee verskillende reaksies (Rees, 2006:85). Onderstaande tabel dui op sommige van die verskille soos in **Bylaag 9** bespreek met betrekking tot hoe jy in verhouding tot ander staan. Dit wat jy hier gaan invul, is die antwoorde wat jy in **Bylaag 9** gemerk het. Indien jou persoonlikheid telkens oor albei die eienskappe beskik, merk die X.

| **4.1 Ek neig om maklik in kontak en in verhoudings met ander te staan.** | | |
|---|---|---|
| Spontaan | X | Gereserveerd |
| Druk my self uit | X | Pas selfbeheersing toe |
| Samewerkend | X | Kompeterend |
| **4.2 Ek is geneig om op geleenthede te reageer wat. . .**<br>Met betrekking tot geleenthede is een persoon bereid om hoë risiko's te neem terwyl die ander persoon veilig met lae risiko voel. | | |
| Hoë risiko | X | Lae risiko |
| Mense | X | Prosesse/Projekte |
| Volg | X | Lei |
| Spanwerk | X | Alleen |
| Roetine | X | Verskeidenheid |

## BYLAAG 8

# VYFTIG SPESIALE EN NATUURLIKE VERMOËNS

***Rees, 2006:74-75***

Hierdie lys van spesiale en natuurlike vermoëns is deur Rees (2006:74-75) saamgestel. Lees daardeur en merk die vermoëns wat op jou persoonlik van toepassing is. Na voltooiing word die antwoorde na die gepaste spasie in die *S.H.A.P.E for Life Profile*, **Bylaag 7, no3.** oorgedra. Indien jou persoonlike vermoëns nie genoem is nie, voeg dit in **Bylaag 7** by.

| | |
|---|---|
| | **Aanpassing:** Die vermoë om aan te pas, te verander of te kan wysig. |
| | **Administrasie:** Die vermoë om te bestuur, te beheer en te bewerk. |
| | **Ontleding:** Die vermoë om te eksamineer, te ondersoek, te evalueer en te peil. |
| | **Opbou:** Die vermoë om op te bou, te konstrueer en te monteer. |
| | **Lewensafrigting:** Die vermoë om ander voor te berei, te onderrig, toe te rus en te ontwikkel. |
| | **Kommunikasie:** Die vermoë om inligting te deel, oor te dra en sinvol te kommunikeer. |
| | **Mee te ding**: Die vermoë om mee te ding, 'n stryd te stry en uiteindelik die stryd te kan wen. |
| | **Berekening:** Die vermoë om by mekaar te tel, te skat, te verreken en te bepaal. |
| | **Koppeling/verbinding:** Die vermoë om saam te bring, betrokke te raak en te verbind. |
| | **Konsulteer:** Die vermoë om te adviseer, te bespreek en te beraadslaag. |
| | **Kookkuns:** Die vermoë om voedsel voor te berei, te bedien, te voed en te onthaal. |
| | **Koördineer:** Die vermoë om te organiseer, te harmoniseer en aan te pas. |
| | **Berading:** Die vermoë om te adviseer, te ondersteun en te luister. |
| | **Versiering:** Die vermoë om te verfraai, te verhoog en te versier. |
| | **Ontwerp:** Die vermoë om te teken, te skep, te visualiseer en te skets. |
| | **Ontwikkeling**: Die vermoë om ui te brei, te groei, vooruit te gaan en te |

| | |
|---|---|
| | vermeerder. |
| | **Rigting aanduiding** (*directing*)**:** Die vermoë om te oorsien, te reël, doelgerig toesig te hou. |
| | **Redigeer:** Die vermoë om te korrigeer, saam te stel, te verander en te verbeter. |
| | **Bemoedig**: Die vermoë om te inspireer, aan te moedig en te ondersteun. |
| | **'*Engineering'*:** Die vermoë om saam te stel, te ontwerp en te beplan. |
| | **Fasilitering:** Die vermoë om te help, by te staan en te bemiddel. |
| | **Voorspelling:** Die vermoë om te bereken, neigings waar te neem, herhalende patrone en temas te herken. |
| | **Implementering**: Die vermoë om toe te pas, uit te voer en dinge te laat gebeur. |
| | **Verbetering:** Die vermoë om te verbeter, te verhoog, te verryk en te bevorder. |
| | **Beïnvloed:** Die vermoë om te affekteer, te beheer, te vorm en te verander. |
| | **Tuinier:** Die vermoë om tuin te maak, te plant en te verbeter. |
| | **Leierskap:** Die vermoë om die pad voor te berei, rigting aan te dui en voor te loop. |
| | **Student:** Die vermoë om te studeer, te verstaan, te verbeter en uit te brei. |
| | **Bestuur:** Die vermoë om dinge te laat gebeur, te hanteer en om te sien na. |
| | **Mentor:** Die vermoë om raad te gee, leiding te neem en te onderrig. |
| | **Motivering:** Die vermoë om uit te daag, te beweeg en aan te spoor. |
| | **Onderhandeling:** Die vermoë om te bespreek, te onderhandel en uiteindelik in orde bring. |
| | **'*Operating*':** Die vermoë om meganiese en tegniese dinge te laat werk. |
| | **Organiseer**: Die vermoë om te vereenvoudig, te rangskik, te herstel en te koördineer. |
| | **Opvoer**: Die vermoë om te sing, te dans, toneel te speel en te praat. |
| | **Baanbreker:** Die vermoë om nuwe en oorspronklike dinge tot stand te bring. |
| | **Beplanning:** Die vermoë om te orden, 'n kaart/skedule saam te stel en voor te berei. |
| | **'*Promoting'*:** Die vermoë om iets te verkoop, te borg, te onderskryf, te begelei. |
| | **Werwing:** Die vermoë om te formuleer, in diens te neem en betrokke te maak. |
| | **Herstel:** Die vermoë om te herstel, heel te maak, op te bou en reg te maak. |
| | **Navorsing:** Die vermoë om te soek, saam te stel, te bestudeer en te studeer. |

| | |
|---|---|
| | **Hulpbron:** Die vermoë om toe te rus, te voorsien en te lewer. |
| | **Diensbaarheid:** Die vermoë om te help, by te staan en te lewer. |
| | **Strategie:** Die vermoë om vooruit te dink, te bereken en ŉ skema/skedule saam te stel. |
| | **Onderrig:** Die vermoë om te verduidelik, te demonstreer en as '*tutor*' op te tree. |
| | **Vertaal:** Die vermoë om te interpreteer, te ontsyfer en te verduidelik. |
| | **Reis:** Die vermoë om te reis, te verken en te besoek. |
| | **Visualiseer:** Die vermoë om iets voor te stel, in die geestesoog te kan sien en te konseptualiseer. |
| | **Verwelkom:** Die vermoë om te vermaak, te omhels, gemaklik te laat voel. |
| | **Skryf:** Die vermoë om saam te stel, te skep en weer te gee. |

**Beste vermoëns:** Indien jy na voltooiing vind dat jy meer as vyf van die 50 vermoëns gemerk het, lees net weer deur die wat jy wel gemerk het en besluit watter die beste by jou persoonlik pas. Verminder die getal na slegs vyf of minder vermoëns. Skryf dus net jou vyf of minder beste vermoëns vanuit die lys hier neer. Slegs die vyf of minder word dan ook in **Bylaag 7**, wat as opsomming dien, aangeteken.

1. ____________________________________________
2. ____________________________________________
3. ____________________________________________
4. ____________________________________________
5. ____________________________________________

## BYLAAG 9

# IDENTIFISEER INDIVIDUELE PERSOONLIKHEID

***Rees, 2006:85-89***

Bylaag 9 maak deel van die *S.H.A.P.E. for LIFE profile* in **Bylaag 7 uit**. Dit wat jy hier gemerk het, sal in **Bylaag 7**, **nommer 4.1** ingevul word, wat ʼn samevatting van jou persoonlike profiel bied.

**1. Lees deur die volgende kategorieë om die maniere waarop jy in verhouding tot ander staan beter te verstaan** (vul die resultate vervolgens by **Bylaag 7, nommer 4.1** in).

- **Spontaan of gereserveerd**

Spontane persone geniet interaksie met baie mense, terwyl gereserveerde persone klein groepies of net een persoon, verkies.

**Watter van die volgende stellings beskryf jou die beste? Ek is geneig om...**

- Soek geleenthede om deel van ʼn skare te wees.
- Bou verhoudings met slegs ʼn paar individue.
- Begin spontaan gesprekke met vreemdelinge.
- Deins terug vir groot groepe mense.

- **Uitgesproke of selfbeheers?**

Uitgesproke persone kan maklik hul gedagtes en opinies verbaal met ander deel. Daarteenoor is diegene wat meer selfbeheers is en wat nie hul gedagtes en opinies met ander deel nie.

**Watter van die volgende stelling beskryf jou die beste? Ek is geneig om...**

- My gevoelens vrylik met mense wat ek pas ontmoet het te deel.
- Weerhou sekere tye my gedagtes en gevoelens van ander.
- Soek na geleenthede om my lewe met ander te deel.
- Ek raak bevriend met slegs ʼn klein groepie mense.

- **Samewerkend of kompeterend**

Aanvaar jy gewoonlik die keuses van ander sonder enige konflik? Vermy jy konflik? Indien wel, is jy iemand wat maklik in verhoudings met ander saamwerk. Indien jy dit geniet om te wen, om struikelblokke te oorkom en uitdagings te aanvaar is jy meer kompeterend in verhoudings met ander.

**Watter van die volgende stellings beskryf jou die beste? Ek is geneig om...**

- Fokus op die welstand van mense om my.
- Prestasies laat my belangrik voel.
- Hou van konflik en geniet dit om te wen.
- Soek na geleenthede om ander gelukkig te maak.

**Uitkoms**

Merk die woorde in die bovermelde drie kategorieë wat jou verhouding tot ander die beste beskryf en vul dit by die tabel in **Bylaag 7** in wat oor: *My persoonlikheid: Hoe God my saamgeweef het* handel*.*

**2. Hoe jy op geleenthede reageer** (vgl. **Bylaag 7, no. 4.2**).

Indien jy ŉ keuse sou hê om die ideale situasie te kies om ŉ verskil vir God te maak, wat sal jou keuse wees? Kyk na die volgende keuses ten einde die wyses waarop jy op geleenthede reageer te verstaan.

- **Hoë risiko of lae risiko**

Sommige mense hou van geleenthede waarby risiko betrokke is en ander vermy risiko ten alle tye

**Oorweeg jou eie gemaksone. Ek is geneig tot...**

- Vermy te veel verandering.
- Geniet ŉ chaotiese omgewing.
- Floreer wanneer risiko laag is.
- Word deur geleenthede gemotiveer waar struikelblokke oorkom moet word ten einde sukses te kan behaal.

- **Mense of projekte**

Word jy opgewonde oor projekte wat mense insluit, of verkies jy om eerder agter die skerms aan projekte te werk?

**Oorweeg jou eie gemaksone. Ek is geneig tot...**

- Verkies geleenthede waar ek direk met mense werk.
- Kyk na maniere om projekte te voltooi.
- Geniet organisering en koördinering van verskeie projekte.
- Voel gemaklik wanneer ek binne ŉ een tot een situasie, of in klein groepies werk.

- **Volgeling of leierskap**

Jy kan die leierskap van ander geniet of jy kan verkies om eerder self die leiding te neem.

**Oorweeg jou eie gemaksone. Ek is geneig tot...**

- Myself binne ŉ leierskapsposisie te bevind.
- Voel nie gemaklik wanneer ek iemand anders moet volg nie.
- Ander deur my lewe beïnvloed.
- Vind vervulling deur ander te help om sukses te behaal.

- **Spanwerk of alleen**

Voel jy gemakliker as deel van ŉ span of eerder alleen?

**Oorweeg jou eie gemaksone. Ek is geneig tot...**

- Geniet dit om as deel van ŉ span te werk.
- Soek na geleenthede om op my eie te werk.
- Voel geïnspireerd deur tussen ander mense te wees.
- Is mees effektief wanneer ek alleen is.

- **Roetine of verskeidenheid**.

Indien jy duidelik gedefinieerde projekte verkies, is jy meer gemaklik met ŉ geroetineerde benadering teenoor die persoon wat verkies om met ŉ verskeidenheid projekte te deel.

**Oorweeg jou eie gemaksone. Ek is geneig tot...**

- Begin 'n verskeidenheid projekte.

- Verkies om een projek op 'n keer te voltooi.
- Beskik oor 'n groot kapasiteit en geniet baie projekte .
- Word deur konstante veranderings oorweldig.

**Uitkoms**

Merk die woorde wat jou verhouding tot ander die beste beskryf en dra dit na die tabel in **Bylaag 7, no. 4.2** met die opskrif: *Ek is geneig om te reageer op geleenthede wat...,* omdat....

## BYLAAG 10

# ERVARINGS VANUIT DIE VERLEDE

***Rees, 2006:99***

Rees (2006:96) stel dat daar ŉ doel in elke individu se lewe is en dat daar by elkeen ook pynlike sowel as vreugdevolle ervarings is. Om hierdie Bylaag te voltooi, is dit nodig om ŉ in diepte evaluering van jou lewe te maak en al die belangrike hoogtepunte/prestasies van jou lewensverhaal te herroep. Rees dui die onderstaande vyf indelings aan waar-binne prestasies normaalweg afgespeel.

Maak van kort sinne gebruik om ten minste drie belangrike gebeure by elk van die indelings te noem.

**Persoonlike prestasies** (byvoorbeeld enige prys of toekenning wat jy ontvang het).

**1.** ________________________________________

**2.** ________________________________________

**3.** ________________________________________

**Beroepsprestasies** (enige prestasie met betrekking tot produksie, verkope of leierskap)

**1.** ________________________________________

**2.** ________________________________________

**3.** ________________________________________

**Verhoudingsprestasies** (Hoogtepunte in jou huwelik of hegte vriendskappe).

**1.** ________________________________________

**2.** ________________________________________

**3.** ________________________________________

**Opvoedkundige prestasies** (Enige akademiese prestasie wat jy behaal het, dalk bevorder jy ontwikkeling)

1. ______________________________________________
2. ______________________________________________
3. ______________________________________________

**Geestelike prestasies** (getuienis teenoor ander, leierskap, geestelike groei).

1. ______________________________________________
2. ______________________________________________
3. ______________________________________________

Na die voltooiing van hierdie vyf vrae gaan daar 15 antwoorde wees. Bestudeer die 15 antwoorde en maak ŉ keuse van die drie (3) beste antwoorde. Beskryf vervolgens in ŉ paar woorde elk van hierdie drie gebeurtenisse. Langs elk van die drie beste prestasies, beskryf een moontlike wyse waarop jy hierdie prestasie vanuit jou verlede kan gebruik om iemand anders te help. Afgesien van prestasie/hoogtepunte ervaar persone ook emosionele verwonding. Om die volgende gedeelte van die Bylaag te voltooi, is dit nodig om ŉ in diepte evaluering van jou lewe te maak en die pynlike insette vanuit jou lewensverhaal te herroep. Rees dui op die onderstaande vyf indelings waarbinne emosionele pyn in die algemeen voorkom:

**Persoonlike seerkry**

1. ______________________________________________
2. ______________________________________________
3. ______________________________________________

**Beroep seerkry**

1. ______________________________________________
2. ______________________________________________
3. ______________________________________________

**Verhoudings seerkry**

1. ______________________________________________
2. ______________________________________________
3. ______________________________________________

**Seerkry binne opvoedkundige situasies**

1. ____________________________________________

2. ____________________________________________

3. ____________________________________________

**Geestelike seerkry**

1. ____________________________________________

2. ____________________________________________

3. ____________________________________________

Na die voltooiing van hierdie vyf vrae gaan daar vyftien antwoorde wees. Bestudeer die vyftien antwoorde en maak ŉ keuse van die drie (3) pynlikste ervarings. Beskryf in ŉ paar woorde elk van hierdie drie gebeurtenisse. Langs elk van die drie pynlike ervarings, beskryf een moontlike wyse waarop jy hierdie prestasie vanuit jou verlede kan gebruik om iemand anders te help.

# BYLAAG 11

## VERWERKTE HOUTS VRAELYS

***Wagner, 2017***

**Vertaling van Peter Wagner se inleidende opmerkings tot die Houts vraelys**

Is u gereed om by ŉ opwindende geestelike oefening betrokke te raak. God skenk aan Christene een of meer geestelike gawes en die ontdekking hiervan kan ŉ opwindende ervaring wees.

U word gevra om die 90 vrae, soos in die Wagner “Modified Houts” vraelys weergee, te beantwoord. Hierdie vraelys is oorspronklik deur Dr. Richard F. Houts, ŉ Professor aan die Noord Amerikaanse Baptiste Teologiese Seminaar, in 1976 saamgestel. Later is dit deur Peter Wagner, verbonde aan die Fuller Instituut vir Evangelisasie en Kerkgroei, aangepas en in sy boek, *Your spiritual gifts can help your church grow,* ingesluit.

## VERWERKTE HOUTS VRAELYS OOR GEESTELIKE GAWES

Dui aan tot watter mate elke stelling in u lewe van toepassing is.
Gebeur dit: *dikwels, soms, min* of *nooit nie.*

| **STELLING** | **DIKWELS 3** | **SOMS 2** | **MIN 1** | **NOOIT 0** |
|---|---|---|---|---|
| 1. Ek het genot daaruit geput om die verantwoordelikheid vir ŉ groep Christene te kon dra. | | | | |
| 2. Ek kon deur my woorde die wankelmoedige, mismoedige of bekommerde persoon help. | | | | |
| 3. Ek kon geestelike leiers bystaan het sodat hulle vry kon wees om te doen waarvoor hulle werklik geroep is. | | | | |
| 4. Ek kon onderskei wanneer ek belangrikeverantwoordelikhede kon delegeer en aan wie ek dit kon delegeer. | | | | |
| 5. Ek het die begeerte om met fisiese- of geestelikgestremdes te werk om hulle lyding te versag. | | | | |
| 6. Ek voel dat ek lering kan gee om Bybelse waarhede te verduidelik. | | | | |
| 7. Ek begeer om my geldsake so te bestuur dat ek oorvloedig aan die werk van die Here kan gee. | | | | |
| 8. Ek het Bybelwaarhede op so manier verkondig dat tradisionele godsdienstiges geïrriteerd was. | | | | |
| 9. Ek kan op ŉ gasvrye wyse voedsel en verblyf aan behoeftiges voorsien. | | | | |
| 10. Ek het persone gelei om Christus as Saligmaker aan te neem. | | | | |
| 11. Ek ervaar ŉ mate van gesag in my verhouding teenoor ander Christene. | | | | |
| 12. Ek is gebruik om bonatuurlike veranderinge in omstandighede in die Naam van Jesus, tot Sy verheerliking, te bewerkstellig. | | | | |
| 13. Ek herken gewoonlik verskillende behoeftes en nood voordat ander persone daarvan bewus is. | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14. Ek kan maklik in 'n vreemde kultuur aanpas. | | | | |
| 15. Ek begeer om ander te oorreed om Bybelse doelwitte te bereik. | | | | |
| 16. Die Here het my gebruik om siekes te genees. | | | | |
| 17. Ek geniet dit om los werkies in en om die kerk te doen. | | | | |
| 18. Ten spyte van omstandighede kon ek God vertrou om Sy beloftes na te kom. | | | | |
| 19. Ek geniet dit om oor 'n lang tydperk in die wel en weë van dieselfde groep te deel. | | | | |
| 20. Ek voel ek kan 'n instrument wees om geestelik passiewe persone te aktiveer en om weerstandige persone in geestelike waarhede te begelei. | | | | |
| 21. Ek het bewus geword van die behoefte om ander by te staan om meer doeltreffend in hul bedieninge te word. | | | | |
| 22. Ek kan voorstelle, persone, hulpbronne en tyd tot meer effektiewe bediening organiseer. | | | | |
| 23. Ek het 'n buitengewone meegevoel vir persone met fisiese en geestelike behoeftes. | | | | |
| 24. Ek voel dat ek duidelike lering kan gee met betrekking tot die Nuwe Testamentiese benadering in verband met die welsyn en versorging van die liggaam van Christus. | | | | |
| 25. Ek het geld en ander besittings blymoedig aan die werk van God gegee. | | | | |
| 26. Die Here openbaar toekomstige gebeure aan my. | | | | |
| 27. Ek het gaste mildelik tuis ontvang en bedien sonder dat dit inbreuk op my gesinslewe maak. | | | | |
| 28. Ek kon al die vreugde oor my bekering op so wyse kommunikeer dat ongelowiges daarby gebaat het. | | | | |
| 29. Ek het al die evangelie in nuwe areas gedeel met die resultaat dat nuwe groepe van gelowiges gestig kon word. | | | | |
| 30. Ek het al in die naam van Jesus Christus outoriteit oor demoniese magte geneem. | | | | |
| 31. Gebedsversoeke is vir my 'n ernstiger saak as vir ander. | | | | |
| 32. Ek dink dat ek maklik 'n ander taal sal kan aanleer om 'n ander kultuur te bedien. | | | | |
| 33. Ek weet wat ek wil bereik en het gesien dat ander Christene my volg. | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 34. Christus kon al emosioneel verwonde mense deur my as instrument genees. | | | | |
| 35. Ek kon met sukses verantwoordelikheid vir los werkies by die kerk neem. | | | | |
| 36. Ek het van God buitengewone versekering ontvang dat Hy die onmoontlike sal doen ten einde ŉ spesiale taak te volbring. | | | | |
| 37. Ek is geneig om die persone wat ek bedien intiem te leer ken en ook deur hulle geken te word. | | | | |
| 38. Ek het ander bemoedig om ŉ Bybelse oplossing vir hul probleme of lyding te soek. | | | | |
| 39. Ek het dit geniet om roetine werkies te verrig wat ander in staat gestel het om hul bediening beter te kon vervul. | | | | |
| 40. Ek het al doeltreffende planne beraam om die doelwitte van ŉ groep te bevorder. | | | | |
| 41. Ek hou van hospitaalbesoek en ook om bejaardes te bedien. | | | | |
| 42. Ek staan baie tyd af om nuwe Bybelwaarhede te bestudeer om aan ander oor te dra. | | | | |
| 43. Ek voel diep geraak wanneer ŉ beroep gemaak word vir finansiële bydraes vir God se werk. | | | | |
| 44. Ek het al dringende en tydige boodskappe, wat ek glo van God gekom het, aan ander oorgedra. | | | | |
| 45. Ek weet hoe om vreemdelinge tuis te laat voel. | | | | |
| 46. Ek het al aan verskillende persone verduidelik dat Jesus die Verlosser is en het positiewe resultate by die hoorders gemerk. | | | | |
| 47. Ander Christene is in die algemeen gewillig om my opdragte te volg sonder om baie vrae te vra. | | | | |
| 48. God het al ingegryp en onmiddellik dinge deur my lewe bewerkstellig. | | | | |
| 49. Gebed is een van my geliefkoosde geestelike dissiplines. | | | | |
| 50. Ek is in staat om goed met Christene van ander rasse, kultuur of taal te kan verkeer. | | | | |
| 51. Ek sal daarvan hou om ander aan te spoor om in God se werk betrokke te raak. | | | | |
| 52. Ek het, in die Naam van Jesus Christus, al geestelike | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| siekes gehelp. | | | | |
| 53. Ek is tevrede om roetine take vir die kerk, tot eer van die Here, te verrig. | | | | |
| 54. Ek kan op God se teenwoordigheid en krag vir die onmoontlike vertrou. | | | | |
| 55. Ek het Christene in nood bygestaan deur toepaslike Skrifgedeeltes aan hulle te gee en om saam met hulle te bid. | | | | |
| 56. Ek het die begeerte om verdruktes, verslaafdes of skuldbelaaide persone te bedien. | | | | |
| 57. Ek is gelukkig wanneer ander die eer kry vir iets wat ek gedoen het. | | | | |
| 58. Ek is in staat om vir ander rigting te gee en die regte besluite te laat neem, sonder om hulle oor te haal om te dink soos wat ek dink. | | | | |
| 59. Ek sal daarvan hou om mense wat nêrens kan kom nie, vir ʼn rit te neem ten einde een of ander behoefte aan te spreek of in ander opsigte prakties te kan help. | | | | |
| 60. Ek voel dat ek Bybelse waarhede aan ander kan oordra sodat daar verandering t.o.v. kennis, houding, waardes en gedrag sal volg. | | | | |
| 61. Ek is seker dat God in al my behoeftes sal voorsien sodat ek voortdurend en opofferend vir Sy werk sal kan gee. | | | | |
| 62. Ek begeer om direkte boodskappe van die Here aan ander tot bemoediging, opbouing of vermaning oor te dra. | | | | |
| 63. Ek ervaar ʼn egte bevalligheid en gasvryheid jeens gaste wat na my huis toekom. | | | | |
| 64. Ek het ʼn begeerte om boodskappe te spreek wat primêr met die evangelie van verlossing te doen het. | | | | |
| 65. Ek het die begeerte om deur ʼn kerk gestuur te word om nuwe gemeentes te plant/stig. | | | | |
| 66. Ek was God se instrument vir bonatuurlike verandering in persone se lewens en omstandighede. | | | | |
| 67. God beantwoord my gebede op tasbare en merkwaardige wyses. | | | | |
| 68. Ek voel ek sal daarvan hou om in ʼn vreemde land te gaan woon. | | | | |
| 69. Ek kon al ander persone beïnvloed om ʼn spesifieke | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| geestelike taak te verrig of Bybelse doel te bereik. | | | | |
| 70. Ek het vir ander gebid en hulle is genees. | | | | |
| 71. Ek kan onderskei wat om en by die kerk gedoen moet word en het aangebied om te help. | | | | |
| 72. Ek was al oortuig daarvan dat ek die wil van God aangaande die groei van Sy werk ken, al was ander twyfelagtig. | | | | |
| 73. Ek voel dat ek afgedwaaldes in die gemeenskap van die gelowiges sal kan herstel. | | | | |
| 74. Ek het al Christene in hulle probleme en lyding op so manier bygestaan dat hulle daardeur gehelp en genees was. | | | | |
| 75. Ek sal daarvan hou om 'n Bybelklasonderwyser se hulp te wees. | | | | |
| 76. Ek het daarvan gehou om die verantwoordelikheid vir die sukses van 'n groep of organisasie te kon dra. | | | | |
| 77. Ek sal daarvan hou om met eensames, verstote mense of gevangenes te gesels om hulle op te beur. | | | | |
| 78. Ek het ander Christene geleer hoe om meer gehoorsame dissipels van Jesus te wees. | | | | |
| 79. Ek is gewillig om 'n laer lewenstandaard te handhaaf sodat God se werk finansieel bevorder kan word. | | | | |
| 80. Ek het boodskappe van waarskuwing, oordeel of leiding, soos van die Here ontvang, aan andere oorgedra. | | | | |
| 81. Ek het al begeer om my huis vir diegene beskikbaar te stel wat vir die Here werk. | | | | |
| 82. Ek het 'n las om ongelowiges na Jesus Christus te lei. | | | | |
| 83. Ek het 'n opdrag van Christene ontvang om Godgegewe gesag ten opsigte van gelowiges en ongelowiges uit te oefen. | | | | |
| 84. God het my al gebruik om blindes te laat sien. | | | | |
| 85. Ek het 'n begeerte om vir geestelike werkers te bid omdat ek besef dat hulle doeltreffendheid daarvan afhang. | | | | |
| 86. Ek begeer meer as ander, om mense in ander lande na die Here te lei. | | | | |
| 87. Ander volg my omdat ek 'n goeie kennis het wat tot die opbouing van geestelike werk en projekte bydra. | | | | |
| 88. Mense het al bonatuurlike genesing ontvang as ek vir hulle gebid het. | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 89. Ek reageer blymoedig as ek gevra word om takies, wat minder belangrik voorkom, te doen. | | | | |
| 90. Wanneer alles hopeloos lyk, kan ek steeds op God se betroubaarheid vertrou. | | | | |

**Interpretering van die verwerkte Houts vraelys**

In die spasie in die tabel hieronder, skryf die numeriese waarde van elkeen van jou antwoorde onder die ooreenstemmende stelling (volgens nommers) soos op die voorafgaande bladsye.

**DIKWELS = 3 SOMS = 2 MIN = 1 NOOIT = 0**

Tel vervolgens die syfers wat jy in die vyf numeriese kolomme (waardes van jou antwoorde) in onderstaande tabel ingeskryf het horisontaal bymekaar en plaas in die TOTAAL kolom.

| STELLINGS | WAARDE VAN ANTWOORDE | | | | | TOTAAL | BEDIENINGE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | 1 | 18 | 37 | 55 | 73 | | **PASTORAAL** |
| B | 2 | 20 | 38 | 56 | 74 | | **AANMOEDIGER** |
| C | 3 | 21 | 39 | 57 | 75 | | **HELPER** |
| D | 4 | 22 | 40 | 58 | 76 | | **ADMINISTRASIE** |
| E | 5 | 23 | 41 | 59 | 77 | | **BARMHARTIGHEID** |
| F | 6 | 24 | 42 | 60 | 78 | | **LERING** |
| G | 7 | 25 | 43 | 61 | 79 | | **UITDEEL** |
| H | 8 | 26 | 44 | 62 | 80 | | **PROFETIES** |
| I | 9 | 27 | 45 | 63 | 81 | | **GASVRYHEID** |
| J | 10 | 28 | 46 | 64 | 82 | | **EVANGELIESASIE** |
| K | 11 | 29 | 47 | 65 | 83 | | **APOSTEL** |
| L | 12 | 30 | 48 | 66 | 84 | | **WONDERWERKE** |
| M | 13 | 31 | 49 | 67 | 85 | | **VOORBIDDING** |
| N | 14 | 32 | 50 | 68 | 86 | | **SENDELING** |
| O | 15 | 33 | 51 | 69 | 87 | | **LEIERSKAP** |
| P | 16 | 34 | 52 | 70 | 88 | | **GENESING** |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Q | 17 | 35 | 53 | 71 | 89 | | **DIENSBAARHEID** |
| R | 18 | 36 | 54 | 72 | 90 | | **GELOOF** |

**VERDUIDELIKING VAN DIE VERSKILLENDE GAWES**

**A. PASTORAAL:** Versorg mense en begelei hulle tot Geestelike volwassenheid. Herderskap. Ondersteunend. Maak navolgers, verhoudingsgerig, versorgend.

**B. AANMOEDIGEND:** (Beraders/bemoediging). Versterk, vertroos en oorreed mense om tot aksie oor te gaan.

**C. HELPER:** Verlig ander se las.

**D. ADMINISTRASIE:** Hanteer administratiewe take.

**E. BARMHARTIGHEID:** Staan mense in nood/krisisse met kos, klere, geld, ens., by.

**F. LERING:** Onderrig die Woord verstaanbaar. Sondagskool/kategese, prediker, groepleier

**G. UITDEEL:** (Vrygewig) Deel goedere en geld met ander, kies soms vrywillig 'n eenvoudiger leefstyl.

**H. PROFETIES:** Openbaar en verklaar God se plan in waarheid.

**I. GASVRYHEID:** Om vreemdes lief te hê en te versorg – ook in jou huis in te bring.

**J. EVANGELISASIE:** Verkondig die Blye Boodskap

**K. APOSTEL:** Gestuur met 'n boodskap. Plant/stig nuwe kerke of bedieningstrukture. Avontuurlustig, entrepreneur, volhardende, aanpasbaar, kultureel sensitief.

**L. WONDERWERKE:** God doen kragtige en buitengewone werke deur hierdie persoon.

**M. VOORBIDDING:** Pleit en tree namens iemand anders by God in.

**N. SENDELING:** Bereid om na ander lande te gaan om die Evangelie Boodskap uit te dra.

**O. LEIERSKAP:** Neem leiding, formuleer visies en motiveer mense om God se doel te bereik.

**P. GENESING:** God gebruik jou as instrument om ander te genees.

**Q. DIENSBAARHEID:** Help ander ongesiens in hul werk. Werk agter die skerms.

**R. GELOOF:** Om selfs in slegte tye steeds in God te vertrou. Vaste vertroue.

## BYLAAG 12

# AGTERGRONDINVENTARIS VAN BERADENES

***Meier & Wise, 2003:134***

In die Meier klinieke word daar van die volgende lys opdragte en vrae gebruik gemaak ten einde beradenes te help om beter self-kennis te bekom en tegelykertyd 'n volledige agtergrondgeskiedenis van die betrokke persoon te verkry.

**Ontmoet die innerlike jy**

- Beskryf waar jy woon en of jy getroud, enkellopend of geskei is.
- Beskryf jou huweliksmaat/verloofde en sy/haar werk. Wat is jou gevoelens omtrent jou maat in hierdie stadium?
- Beskryf jouself. Wanneer en waar is jy gebore?
- Beskryf jou pa en sy beroep.
- Beskryf hoe jou pa jou gedurende die eerste ses jaar van jou lewe hanteer het.
- Beskryf enige situasies waar jou pa moontlik emosioneel, fisies of seksueel jou misbruik of op onvanpaste wyse teenoor jou opgetree het – ook wat sy optrede teenoor jou broers/susters, jou ma en enigiemand anders betref.
- Gee 'n beskrywing van die dinge wat jy betreffende jou pa van hou.
- Gee 'n beskrywing van enigiets wat jy graag met betrekking tot die wyse waarop jou pa jou behandel het, sou wou verander.
- Kyk na jouself deur jou pa se oë – wat sien jy?
- Beskryf hoedat die werklike jy van die persepsie verskil wat jou pa van jou het of gehad het.
- Beskryf die emosies wat jy gewoonlik teenoor jou pa, tydens jou grootword jare, beleef het.
- Lewe jou pa steeds? Indien nie – wanneer en hoe is hy oorlede?
- Beskryf enige fantasieë aangaande sy toekomstige verhouding met jou wat vernietig is toe hy gesterf het.
- Wanneer jy ook al mansvriende gekies het gedurende jou lewe tot dusvêr, was jy geneig om persone te kies wat soos jou pa was? Waarom dink jy het jy sulke keuses gemaak?

- Sou hierdie keuses moontlik ’n manier wees om ’n vakuum in jou binneste te vul omdat jy emosioneel nooit so ná aan jou pa was as wat jy gewens het julle kon wees nie? Of sou hierdie keuses van mansvriende onbewustelik met ’n poging om jou pa te ‘*fix*’ verband kon hou? Beskryf enige van die maniere wat jy dink jy moontlik ook poog om hierdie mansvriende van jou te ‘*fix*’.
- Het jy ooit onbewustelik probeer om wraak op jou pa te neem deur in wraaksugtige verhoudings met hierdie ‘vader-plaasvervanger’ betrokke te raak? Indien wel, brei hierop uit.
- Beskryf die negatiewe dinge wat jy vir jouself sê wanneer jy ’n fout gemaak het.
- Sal jy hierdie selfde negatiewe dinge aan jou beste vriende sê? Waarom of waarom nie?
- Waarom sê jy hierdie dinge vir jouself? Is enige van hierdie stellings op boodskappe vanaf jou pa gebaseer wat hy teenoor jou of van jou gemaak het?

Dink baie mooi na oor bovermelde stellings en vrae en neem dan jou Bybel en skryf heel voor in, die verklaring dat jy vandag besluit het om jou eie beste vriend/vriendin te word en teken vandag se datum daarby aan – teken dan ook daarby. Jy gaan ook poog om voortaan nooit weer die tipe negatiewe dinge aan jouself te sê wat jy nie eens vir jou beste vriend/vriendin sal sê nie.

**Kom ons let vervolgens op ’n klompie verdere negatiewe uitsprake wat verwonde persone soms met hul saamdra:**

- Het jou pa enige negatiewe boodskappe soms aan jou gekommunikeer sonder om dit noodwendig in woorde uit te spel? Moontlik het hy nieverbale boodskappe aan jou gegee, soos byvoorbeeld dat jy hom nie moet pla nie aangesien hy besig is. Het hy miskien by geleentheid ’n sportberig in die koerant gelees terwyl jy gevoel het dat hy eintlik daardeur nie kans gesien het vir die emosionele krisis waarin jy jouself op daardie oomblik bevind het nie? Wat onthou jy hiervan?
- Watter ander soortgelyke boodskappe – wat geïmpliseer het dat hy nie beskikbaar is nie – het hy ook aan jou verbaal of nie-verbaal gegee?
- As jy terugdink aan hierdie dinge uit die verlede, voel dit vir jou asof jy maar net kan doodgaan? Indien jou antwoord ‘ja’ is, haal diep asem en ontspan terwyl jy oor hierdie moeilike kwessie nadink. Dit is belangrik dat jy moeilike aspekte soos hierdie

teen ’n pas, waarmee jy gemaklik is, sal hanteer.

- Is dit miskien moontlik dat elke keer tydens jou jong volwasse (of volwasse) lewe toe jy gewens het dat jy sommer net kon doodgaan, dit die gevolg van soortgelyke gevoelens tydens jou kinderjare kon wees? Beskryf enige gebeure tydens jou kinderjare toe jy maar net na ’n oorlas gevoel het en van mening was dat andere beter af sou wees indien jy nie meer daar sou wees nie.
- Het jy dit beleef dat jou pa onvoorwaardelik lief  vir jou is, of het jy gevoel dat jy sy
- liefde moes verdien? Beskryf dit.
- Baseer jy jou eiewaarde steeds daarop wat jou pa van jou in die verlede gedink het
- of wat hy steeds vandag van jou dink?
- Aangesien daar ses biljoen mense op hierdie planeet is en jou pa slegs een van hulle is, kan jy nou sien hoe vrugteloos dit is om jou opinie op een enkele ander persoon se opinie te baseer?

Teen hierdie tyd besef jy seker dat jou pa sy eie klomp probleme gehad het wat niks met jou te doen gehad het nie. Sommige van jou pyn in jou verhouding met jou pa kon die gevolg gewees het van jou pa se eie innerlike worsteling en soeke na antwoorde. Die waarheid is dat dit nie jou skuld was dat jou pa nie nader aan jou was as wat die geval was nie.

Terwyl jy bovermelde vrae beantwoord het, het jy moontlik ook besef dat die eintlike kwessie nie soseer met jou pa was nie maar eerder met jou ma – of jy kon verwerping en pyn met betrekking tot beide ouers beleef het. Sou jou ma die eintlike bron van al jou probleme gewees het, moet jy teruggaan en bovermelde vrae weer deurgaan maar hierdie keer haar naam oral invul. Moenie voel dat dit abnormaal is wanneer jy selfs bewoë raak soos wat jy deur hierdie vrae werk nie.

Talle van die probleme wat ons in ons verhoudings met moeilike persone ervaar hou verband met die tipe verhouding wat ons met ons ouers gehad het. Aangesien 85% van jou volwasse persoonlikheid reeds gedurende die eerste ses jaar van jou lewe gevorm is, is dit so dat die verwagtinge wat ons het van hoe ander persone teenoor ons sal reageer en optree, heel dikwels met kondisionering tydens ons kinderjare verband hou.

Soos wat jy deur hierdie vrae en stellings werk, gaan jy heel waarskynlik belangrike

ontdekkings oor jou eie lewe maak.

**Wat van die ander kinders?**

Noudat ons na jou ouers gekyk het, kom ons verskuif die fokus na die res van die gesin.

- Hoeveel broers en susters was julle?
- Beskryf jou rol in jou gesin van oorsprong. Is jy die oudste van die kinders, die middel-kind of die jongste? Hoe was jou interaksie met die res van die gesin vanuit jou rol wat jy moes vervul?
- Moes jy by tye as plaasvervanger-ouer optree, wat meegebring het dat jy eintlik van jou kinderjare beroof is? Dink terug aan alles wat gebeur het en oorweeg jou antwoord sorgvuldig.
- Was jy ooit die swartskaap?
- Was jy ooit soos ’n plaasvervanger-maat vir jou ouer van die teenoorgestelde geslag behandel of hanteer?
- Het jy ooit besef dat die frase '*emosionele bloedskande*’ op kinders van toepassing is wat plaasvervanger-ouers moet wees, en dat dit ingrypende negatiewe gevolge op jou kon hê?

Baie persone is net so sterk deur hul broers en susters as deur hul ouers beïnvloed. Talle van jou huidige verwagtinge kan die gevolg van die optrede of woorde van een van hierdie persone wees en jy is steeds besig om daarop te reageer, of jy is besig om die oorspronklike konflikte en moeilike situasies uit te reageer. Spandeer heelwat tyd deur na te dink wat jou ervaring van hierdie moeilike situasies was. Indien daar ’n spesifieke moeilike situasie gekoppel aan ’n spesifieke broer of suster was, gaan weer deur die vorige lys vrae en vul hierdie betrokke persoon se naam daar in.

Kom ons let vervolgens op ’n ander tipe situasie.

**Wat van God?**

- Het jy ’n persoonlike verhouding met God?
- Beskryf hoe dit begin het en hoe jy dit tans beleef.
- Hoe sou jy God beskryf?
- Wat sou Hy moontlik op hierdie oomblik van jou dink?
- Is daar enige sterk ooreenkoms tussen jou beskrywing van God en dit wat jy van jou

pa of ma of broer of suster gesê het? (jou antwoord kan moontlik vir jouself 'n openbaring wees). Is dit moontlik dat jy die liefdevolle God van die Bybel met jou eie projeksies van jou pa of ma verwar het? Dink 'n bietjie hieroor na.

- Is dit moontlik dat jy as kind onbewustelik eintlik iets soos die volgende kon gedink het wanneer jy saans gebid het voordat jy in die bed geklim het: *Liewe hemelse weergawe van my aardse pa (of ma of broer/suster)?* Indien dit wel die geval was, moet jy, voordat jy jou antwoord neerskryf, eers stop en 'n ander gebed bid. Is jy gewillig om te bid: *"Liewe God, wie U ook al in werklikheid is, sal U asseblief Uself aan my bekend maak en my deur hierdie fase van my lewe help?"*

Vra jouself af of hierdie presies dit is wat jy nou moet bid. Indien jy vrede daaroor het, plaas hierdie klomp vrae eers eenkant en praat met God en vra Hom om Homself aan jou bekend te maak soos wat Hy werklik is. Spandeer 'n paar minute in gebed terwyl jy vir God vra om voortaan 'n belangrike deel van jou lewe te wees.

Kom ons let vervolgens op enkele ander destruktiewe wyses waarop jou lewe in die verlede beïnvloed kon gewees het.

**Wat van die negatiewe situasies in jou verlede?**

- Was jy ooit emosioneel, fisies of seksueel deur enigiemand in jou lewe misbruik?
- Indien wel, gee 'n kort agtergrond van elke situasie en persoon wat jou ooit op enige wyse misbruik het (Beskryf dit hardop sommer nou, indien moontlik. Laat jouself toe om jou eie woorde te hoor terwyl jy die detail van wat met jou in die verlede gebeur het beskryf).
- Indien jy een of meer soortgelyke slegte ervarings gehad het, het jy toe gevoel dat daar 'n ouer of enigiemand anders of God was wat jou nie tydens daardie krisisse beskerm het nie?
- Besef jy dat die ouer wat kennis gehad het van die gebeure en nogtans toegelaat het dat jy misbruik word, eintlik presies dieselfde skade aan jou gedoen het as die misbruiker self (*just as abusive as the person who hurt you*). Hoe laat 'n gedagte soos hierdie jou op hierdie oomblik voel? (Beskryf jou gevoelens hardop indien moontlik).

Jy hoef nie al die leuens te glo wat deur verwonding op jou geprojekteer is nie. *"You are of infinite worth and deserve to be loved. You deserve to be loved by people who know all of your secrets."* Dit sal goed wees om nou ook na Psalm 139 te blaai en te lees hoedat God reeds in jou moederskoot met jou besig was en dat Hy elke dag en elke oomblik aan jou dink. Indien daar enige wraakgedagtes in jou binneste betreffende enige persoon en selfs ook teenoor God is omdat jy mag voel dat Hy jou nie beskerm of ingegryp het nie, dan het dit nou tyd geword om al daardie emosies en gedagtes vir Hom te gee.

Kom ons let nou weer op ’n ander area.

**Jou emosionele geskiedenis**

- Het jy tydens jou jeugjare dikwels meer depressief as jou vriende gevoel?
- Was daar depressie by sommige van jou ander gesinslede? Indien wel, gee ’n beskrywing van die persoon of persone wat daarmee geworstel het en ook die tipe depressie wat hulle gehad het.
- Is of was daar ander familielede wat ’n probleem met depressie, angs of ander emosionele probleme gehad het? Indien wel, gee ’n beskrywing daarvan.
- Sou jou depressie moontlik geneties kan wees? Sou dit die gevolg van omstandighede of beide kan wees?
- Het jy ooit so depressief gevoel dat jy eerder wou doodgaan?
- Het jy ooit selfmoord probeer pleeg of baie naby daaraan gekom?
- Wat was die kragbronne waaruit jy kon put wat vir jou deur sulke moeilike tye gedra het?

Die feit dat jy nie selfmoord gepleeg het nie getuig onder andere van innerlike moed, krag, sterkte en hoop by jou. Jy was heldhaftig genoeg om jouself, te midde van ontsettende pyn, aan die lewe te hou. Dit getuig ook van die Here se genade. Jy kan jouself verheug oor hierdie sterkpunte waaroor jy beskik sowel as oor God se genade wat groot was.

Kom ons let vervolgens vêrder op depressie – daar kon ook ander faktore gewees het wat ’n rol gespeel het.

- Hoeveel keer in jou lewe het jy ’n intense depressie ervaar wat langer as ’n maand geduur het en waartydens jy moontlik ook op so laagtepunt was dat jy net wou doodgaan?
- Het sulke depressies sommer uit die bloute op jou toegesak en uiteindelik ’n patroon in jou lewe geword, of het dit gebeur nadat jy verwerping ervaar het of deur ’n krisis-fase geworstel het? Beskryf die omstandighede.
- Sou dit aan die ander kant moontlik wees dat jy ’n fisiese probleem soos oorerwing van lae serotonienvlakke of lae skildklier hormoonvlakke gehad het – beide hierdie faktore kon so intense depressie veroorsaak het dat jy met selfmoordgedagtes kon worstel?
- Wanneer was die laaste keer dat jy innerlike vrede en vreugde vir ’n paar maande aaneen beleef het?
- Beleef jy dit ooit dat jy oormatig gelukkig vir twee of meer dae na mekaar voel, terwyl jy vervolgens geneig is om vinniger te praat en gesprekke te domineer? Slaap jy tydens sulke fases minder, met woelende gedagtes deur jou kop terwyl jy soms ook geneig is om ’n groot klomp geld met jou kredietkaart te spandeer? Raak jy in flirtasies betrokke, vol van nuwe kreatiewe idees, oorweldig deur grandiose gevoelens of ervaar jy probleme om stil te sit en daarom is jy altyd aan die beweeg?
- Talle persone het bipolêre versteurings oorgeëerf wat verantwoordelik vir die tipiese simptome, soos in die vorige punt beskryf, kan wees. Indien bovermelde beskrywing op jou van toepassing is, is dit waarskynlik nodig dat jy ’n psigiater moet besoek om gemoedstabiliserende medikasie sowel as ’n antidepressant te kry (indien jy slegs ’n antidepressant ontvang, kan dit selfs die bipolêre simptome laat versleg – beide hierdie tipe medikasies is vir persone met bipolêre gemoedswisselinge nodig).
- Het jy ooit die bekommernis sonder enige goeie rede ervaar dat jou telefoon getap word of dat iemand jou dalk wou vergiftig? Het jy ooit die neiging gehad om paranoïes te raak – heeltyd die gevoel dat vreemdelinge negatiewe dinge van jou sê of dat jy in ’n winkel tussen die rakke deur agtervolg word?

Die vrese soos in bovermelde vrae aangedui, sou daarop kon dui dat jy by ’n psigiater medikasie moet ontvang wat die dopamienbalans kan herstel en gevolglik die paranoia laat opklaar – dit geskied gewoonlik binne ’n paar dae. Hoe langer ’n persoon egter paranoïes bly en nie medikasie ontvang nie, hoe moeiliker raak dit in die langtermyn om volkome te herstel.

- Het jy ooit lewenslange patrone ontwikkel om dinge te begin tel sodra jy ’n vertrek binnestap? Maak jy saans drie keer na mekaar seker  dat die deure gesluit is? Was jy was jou hande 20 of 30 keer per dag? Honger jy jouself uit tot by ’n onveilige gewigsgrens of braak jy kompulsief ten einde jou gewig onder beheer te probeer hou?

Kompulsiewe aktiwiteite is moontlik ’n aanduiding dat jy met obsessief-kompulsiewe patrone worstel in ’n poging om kontak met jou eie emosies te probeer vermy. Hierdie tipe gedrag is behandelbaar en jy sal net die stap moet neem om by ’n professionele persoon uit te kom. Medikasie wat veral op die serotonienvlakke gefokus is, kan gedrag en gewoontes soos hierdie binne ’n maand of twee laat verdwyn. Sommige persone met obsessiewe-kompulsiewe versteuring (OCD) kan slegs deur middel van terapie herstel, terwyl andere nie sonder ’n hoë dosis van serotonienmedikasie sal kan herstel nie.

Ons het hierbo ’n verskeidenheid van areas gedek ten einde jou te help om in kontak met jouself te kom. Jy behoort na dese ook jouself heelwat beter te verstaan. Jy sou moontlik ook meer begrip betreffende sekere gebeure in die verlede verkry het. Indien daardie moeilike persoon in jou lewe oop vir hierdie tipe vraelys sou wees, moet jy hom/haar aanmoedig om ook daardeur te gaan.

## BYLAAG 13

# DISC PERSOONLIKHEID VRAELYS

## *DISC 2017*

Hier is geen regte of verkeerde antwoorde nie. Omkring die een wat die beste by jou pas, behou deurgaans dieselfde fokus.

| # | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 1 | terughoudend | kragdadig | versigtig | ekspressief |
| 2 | ondernemend | korrek | opwindend | tevrede |
| 3 | gewillig | opgewek | vasberade | presies |
| 4 | argumenterend | twyfelagtig | besluiteloos | onvoorspelbaar |
| 5 | gerespekteer | uitbundig | geduldig | waaghalsig |
| 6 | oorredend | selfstandig | logies | saggeaard |
| 7 | versigtig | gelykmatig | beslis | opgeruimd |
| 8 | gewild | verwaand | perfeksionisties | vrygewig |
| 9 | kleurvol | beskeie | gemaklik | ontoegeeflik |
| 10 | sistematies | optimisties | volhardend | akkommoderende |
| 11 | genadeloos | nederig | medemenslik | praterig |
| 12 | vriendelik | waarnemend | speels | sterk wil |
| 13 | sjarmant | avontuurlustig | gedissiplineerd | aspris |
| 14 | beheers | standvastig | aggressief | aantreklik |
| 15 | entoesiasties | analities | simpatiek | gedetermineerd |
| 16 | oorheersend | impulsief | langsamerhand | krities |
| 17 | gelykmatig | kragdadig | lewendig | rustig |
| 18 | invloedryk | goedhartig | onafhanklik | geordend |
| 19 | idealisties | populêr | aangenaam | uitgesproke |
| 20 | ongeduldig | ernstig | uitsteller | emosioneel |
| 21 | kompeterend | spontaan | lojaal | bedagsaam |
| 22 | selfopofferend | konsidererend | oortuigend | dapper |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23 | afhanklik | ongelykmatig | onderdanig | opdringerig |
| 24 | geduldig | konvensioneel | stimulerend | direk |

**INTERPRETERING VAN DISC PERSOONLIKHEIDS-TIPES**
**(Vgl. DISC, 2017)**

Omkring die antwoorde in ooreenstemming met die vraelys

| # | D | I | S | C |
|---|---|---|---|---|
| 1 | B | D | A | C |
| 2 | A | C | D | B |
| 3 | C | B | A | D |
| 4 | A | D | C | B |
| 5 | D | B | C | A |
| 6 | B | A | D | C |
| 7 | C | D | B | A |
| 8 | B | A | D | C |
| 9 | D | A | C | B |
| 10 | C | B | D | A |
| 11 | A | D | C | B |
| 12 | D | C | A | B |
| 13 | B | A | D | C |
| 14 | C | D | B | A |
| 15 | D | A | C | B |
| 16 | A | B | C | D |
| 17 | B | C | D | A |
| 18 | C | A | B | D |
| 19 | D | B | C | A |
| 20 | A | D | C | B |
| 21 | A | B | C | D |
| 22 | D | C | B | A |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **23** | **D** | **B** | **A** | **C** |
| **24** | **D** | **C** | **A** | **B** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **TOTALE** | | | | |

**DISC – PERSOONLIKHEIDSOPSOMMING**

Vervolgens word ŉ uiteensetting van die betekenisse van elk van die letters van die woord, DISC, gegee.

**Die letter D**

Die letter D (ekstrovert [*outgoing*] en taakgeoriënteerd) staan vir dominansie (*dominant*), gedrewe (*driving*), stel eise (*demanding*), gedetermineerd (*determined*) en ŉ vasbeslote doener (*decisive doer*). Hierdie is die "Laat-dit-nou-gebeur-persoonlikhied" (Rohm, 1998:22)

| | |
|---|---|
| Basiese motivering | Uitdagings en resultate |
| Ideale omgewing | Vol nuwe uitdagings |
| Aanvaar:<br>Verwerp: | Die moeilike<br>Ledigheid |
| Sterkpunte | Kry dinge gedoen<br>Beslis en gefokus<br>Doelgerig |
| Swakpunte | Onsensitief<br>Ongeduldig<br>Onbuigsaam |
| Gedrag onder spanning | Outokraties |
| Sou baat deur meer te: | Luister |

## Die letter I

Die letter **I** hou verband met die kenmerke van 'n ekstrovert (*outgoing)*, mens-georiënteerd (*people-oriented*), inspirerend (*inspirational*), invloedryk (*influencing)*, oorredend (*inducing)*, imponerend (*impressive*), interaktief *(interactive*), interessant (*interesting*) en geïnteresseerd te wees (*interested)*. Hierdie is die prettige persoonlikheid: "*make it fun*" (Rohm, 1998:22

| | |
|---|---|
| Basiese motivering | Erkenning en gewildheid |
| Ideale omgewing | Vriendelike atmosfeer waar ander beïnvloed kan word |
| Aanvaar:<br>Verwerp: | Ander mense<br>Afsondering |
| Sterkpunte | Optimisties<br>Mensgerig<br>Entoesiasties |
| Swakpunte | Oorgretig<br>Manipulerend<br>Gebrek aan deurvoering |
| Gedrag onder spanning | Aanvallend |
| Sou baat deur meer te: | Wag en dink voor daar opgetree word |

**Die letter S**

Die letter **S** hou verband met die eienskappe van gereserveerdheid (*reserved)*, mens-georiënteerd *(people orientated*), ondersteunend (*supportive)*, nederig (*submissive*), stabiel (*stable),* standvastig (*steady*), sentimenteel *(sentimental*) skaam (*shy*), waardig (*status-quo*), spesialis *(specialist*). Hierdie is die "Ek sal jou ondersteun persoonlikheid": "*I'll go along with you*" (Rohm, 1998:23.

| | |
|---|---|
| Basiese motivering | Verhoudings, waardering |
| Ideale omgewing | Stabiele omgewing |
| Aanvaar:<br>Verwerp: | Vriendskap<br>Konflik |

| | |
|---|---|
| Sterkpunte | Ondersteunend<br>Stem maklik saam<br>Lojaal |
| Swakpunte | Konformering<br>Te toegeeflik |
| Gedrag onder spanning | Retireer (blaas die aftog) |
| Sou baat deur meer te: | Sterk standpunt in te neem |

**Die letter C**

Hierdie kategorie hou verband met die eienskappe van gereserveerdheid *(reserved*), taak georiënteerd *(task orientated*), versigtig (*cautious*), bevoeg (*competent)*, berekend (*calculating)*, begaan (*concerned*), versigtig (*careful)* en oordenkend (*contemplative).* Hierdie is die persoonlikheid wat die vraag vra: "*Maak dit sin?"*

| | |
|---|---|
| Basiese motivering | Om reg te wees<br>Kwaliteit |
| Ideale omgewing | Duidelik, voorspelbaar en noukeurig |
| Aanvaar:<br>Verwerp: | Metodes<br>Swak kwaliteit |
| Sterkpunte | Netheid<br>Deeglikheid<br>Analities |
| Swakpunte | Te perfeksionisties<br>Te gedetailleerd<br>Oorversigtig |
| Gedrag onder spanning | Onttrek/vermy |
| Sou baat deur meer te: | Gevoel te wys |

**TIPIESE KARAKTEREIENSKAPPE VAN DIE VIER VERSKILLENDE PERSOONLIKHEDE VAN DIE DISC MODEL**

Die inhoud van die volgende tabelle moet teen die agtergrond van die voorafgaande beskrywings van die onderskeie kategorieë van die DISC model gelees word.

| | Fokus op | "Blinde kol" | Oormaat |
|---|---|---|---|
| **D** | Geld, Wins, Essensie | Om ander se gevoelens in ag te neem | Beheer te veel |
| **I** | Pret, reis, status | Disorganisasie (chaotiese orde) | Praat te veel |
| **S** | Mense, verhoudings, hulp | Besitlikheid | Stem te veel in |
| **C** | Produk, waarde, uitnemendheid | Kritiese ingesteldheid | Vra te veel vrae |

| | Leidrade | Wanneer bedreig | Verkies |
|---|---|---|---|
| **D** | Groot lessenaar, ruim kantoor | Veg offensief (aanvallend) | Die vinnige manier |
